



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# GESINSRITUELE AS MOONTLIKE BATE TYDENS BETEKENISGEWING DEUR KINDERS

Skripsie voorgelê deur

EMMIE ARCHER

Ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS  
(OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE)

in die

DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Mnr. Carl S. du Preez  
Mede-studieleier: Dr. Ronél Ferreira

Julie 2007



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DANKBETUIGING

My opregte dank en waardering word hiermee uitgespreek teenoor:

- Mnr. Carl du Preez, wat opgetree het as studieleier, vir sy leiding en die entoesiasme waarmee hy my met die verloop van die proses ondersteun het.
- Dr. Ronél Ferreira, wat opgetree het as mede-studieleier, vir haar waardevolle insette.
- Dr. Lorraine du Toit, vir die taalversorging van hierdie skripsie.
- My eggenoot Edward, vir sy liefde, volgehoue ondersteuning en begrip.
- Die deelnemers aan my studie wat my toegelaat het om van hulle te leer.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## VERKLARING VAN OUTENTIEKHEID

Studentenommer: 99022550

Ek verklaar hiermee dat

### GESINSRITUELE AS MOONTLIKE BATE TYDENS BETEKENISGEWING DEUR KINDERS

my eie werk is en dat ek alle literatuurverwysings wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui of erken het.

---

EMMIE ARCHER

---

Julie 2007

DATUM



## INHOUDSOPGAWE

### HOOFSTUK 1

#### OORSIG EN RASIONAAL

<b>1.1 OORKOEPELENDE DOELSTELLING .....</b>	<b>1</b>
<b>1.2 INLEIDING EN AGTERGROND .....</b>	<b>1</b>
<b>1.3 RASIONAAL .....</b>	<b>3</b>
<b>1.4 PROBLEEMSTELLING .....</b>	<b>5</b>
<b>1.5 KONSEPTUALISERING .....</b>	<b>5</b>
1.5.1 Gesin .....	5
1.5.2 Ritueel, roetine en gesinsritueel .....	6
1.5.3 Bate .....	7
1.5.4 Betekenisgewing .....	7
1.5.5 Kinders .....	8
<b>1.6 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF .....</b>	<b>8</b>
<b>1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE .....</b>	<b>9</b>
1.7.1 Navorsingsontwerp .....	10
1.7.2 Eenheid van navorsing .....	10
1.7.3 Data-insameling en -vaslegging .....	10
1.7.4 Data-analise en interpretasie .....	11
<b>1.8 WETENSKAPLIKHEID .....</b>	<b>11</b>
<b>1.9 BASIESE AANNAMES .....</b>	<b>12</b>
<b>1.10 ETIESE OORWEGINGS .....</b>	<b>12</b>
<b>1.11 UITEENSETTING VAN OPVOLGENDE HOOFSTUKKE .....</b>	<b>13</b>
<b>1.12 SAMEVATTING .....</b>	<b>15</b>



## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

<b>2.1 INLEIDING .....</b>	<b>16</b>
<b>2.2 WAT IS GESINSRITUELE? .....</b>	<b>17</b>
2.2.1 Wat is roetine/gesinsroetine? .....	17
2.2.2 Die aard van gesinsrituele: Wat maak gesinsrituele anders as gesinsroetine? .....	18
2.2.3 Watter dimensies kan in gesinsrituele aangetref word? .....	20
2.2.3.1 Vyf dimensies van gesinsrituele .....	21
2.2.3.2 Die McMaster model van gesinsfunksionering .....	22
<b>2.3 MOONTLIKE POSITIEWE UITKOMSTE VAN GESINSRITUELE EN GESINSROETINE .....</b>	<b>25</b>
2.3.1 Positiewe uitkomste vir individuele gesinslede .....	25
2.3.2 Positiewe uitkomste vir die gesin .....	26
2.3.3 Positiewe uitkomste buite die gesinskonteks .....	27
<b>2.4 DIE NEGATIEWE SY VAN GESINSRITUELE .....</b>	<b>28</b>
2.4.1 Problematiek rondom gesinsrituele .....	28
2.4.2 Redes waarom gesinsrituele soms nie werk nie .....	29
<b>2.5 GESINSRITUELE EN ONTWIKKELINGSFASES .....</b>	<b>30</b>
<b>2.6 GESINSRITUELE AS INTERVENSIEMOONTLIKHEID .....</b>	<b>32</b>
2.6.1 Gesinsrituele as intervensiemoontlikheid vanuit die sisteemteoretiese perspektief .....	32
2.6.2 Voorkoming en behandeling van emosionele labiliteit en geestesongesondheid .....	34
<b>2.7 TEORETIESE BEGRONDING .....</b>	<b>36</b>
2.7.1 Die opvoedkundige sielkundige teorie van betekenisgewing .....	36
2.7.2 Die bategebaseerde benadering .....	37
2.7.2.1 Stap 1: Word bewus van die bategebaseerde benadering	37
2.7.2.2 Stap 2: Leer om te fokus op bates en kapasiteite .....	38
2.7.2.3 Stap 3: Identifiseer bates en stel 'n batekaart op .....	38



2.7.2.4	<i>Stap 4: Identifiseer die toeganklikheid van bates, verhoudinge en magsverhoudinge .....</i>	38
2.7.2.5	<i>Stap 8: Hersien, reflekteer en heroorweeg voortdurend</i>	39
2.7.2.6	<i>Stappe 5, 6 en 7: Stappe wat buite direkte bestek van my studie val .....</i>	39
2.7.3	Die Positiewe Sielkunde .....	40
<b>2.8</b>	<b>KONSEPTUELE RAAMWERK .....</b>	<b>42</b>
<b>2.9</b>	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>44</b>



## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSVERLOOP

<b>3.1 ALGEMENE ORIËTERING .....</b>	<b>45</b>
<b>3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF .....</b>	<b>46</b>
3.2.1 Metodologiese paradigma .....	46
3.2.2 Meta-teoretiese paradigma .....	47
<b>3.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN –STRATEGIEË .....</b>	<b>49</b>
3.3.1 Navorsingsontwerp .....	49
3.3.1.1 Gevallestudie as navorsingsontwerp .....	49
3.3.1.2 Eenheid van navorsing .....	50
3.3.1.3 Voordele van 'n gevallestudie as navorsingsontwerp . ....	52
3.3.1.4 Uitdagings van 'n gevallestudie as navorsingsontwerp ...	54
3.3.2 Data-insameling .....	54
3.3.2.1 Data-insamelings- en - vasleggingstegnieke .....	55
3.3.2.2 Navorsingsgesitueerdheid .....	61
3.3.2.3 Moontlike uitdagings van die data-insamelingsproses .....	62
3.3.3 Data-analise en interpretasie .....	63
<b>3.4 MY ROL AS NAVORSER .....</b>	<b>65</b>
<b>3.5 WETENSKAPLIKHEID VAN MY STUDIE .....</b>	<b>67</b>
3.5.1 Kredietwaardigheid .....	67
3.5.2 Oordraagbaarheid .....	68
3.5.3 Afhanklikheid .....	69
3.5.4 Bevestigbaarheid .....	69
3.5.5 Outentiekheid .....	70
<b>3.6 ETIESE OORWEGINGS .....</b>	<b>71</b>
3.6.1 Outonomie .....	72
3.6.2 Onskadelikheid .....	72
3.6.3 Voordeel .....	73
<b>3.7 SAMEVATTING .....</b>	<b>73</b>



## HOOFSTUK 4

### RESULTATE EN BEVINDINGE

<b>4.1 ALGEMENE ORIËTERING .....</b>	<b>74</b>
<b>4.2 BESKRYWING VAN GEDOKUMENTEERDE GESINSRITUELE .....</b>	<b>74</b>
4.2.1 Storielees .....	75
4.2.2 Fietsry, swem en stap .....	75
4.2.3 Vuurmaak en '7de Laan' .....	75
4.2.4 Bad en slaap .....	76
<b>4.3 RESULTATE VAN MY STUDIE .....</b>	<b>76</b>
4.3.1 Bategebaseerde uitkomst .....	78
4.3.1.1 <i>Bategebaseerde uitkomst wat verband hou met die interaksie tussen gesinslede</i> .....	78
4.3.1.2 <i>Opvoedkundige bategebaseerde uitkomst</i> .....	80
4.3.1.3 <i>Bategebaseerde uitkomst wat verband hou met die gesinslede se algemene welstand</i> .....	83
4.3.2 Betekenisgewing .....	83
4.3.2.1 <i>Kinders se betekenisgewing aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid</i> .....	84
4.3.2.2 <i>Kinders se betekenisgewing aan gesinsrituele</i> .....	85
4.3.2.3 <i>Kinders se betekenisgewing aan hulself</i> .....	86
4.3.2.4 <i>Negatiewe betekenisgewing</i> .....	88
4.3.3 Die uitwerking van gesinsrituele op gesinsverhoudinge .....	90
4.3.4 Faktore wat die beoefening van gesinsrituele beïnvloed .....	91
4.3.5 Dimensies van gesinsrituele .....	93
4.3.5.1 <i>Bestaande dimensies van gesinsrituele</i> .....	93
4.3.5.2 <i>Alternatiewe dimensies van gesinsrituele</i> .....	95
<b>4.4 BEVINDINGE .....</b>	<b>97</b>
4.4.1 Sekondêre navorsingsvraag 1: Watter tipiese dimensies is in die gesinsrituele van kerngesinne teenwoordig? .....	97
4.4.2 Sekondêre navorsingsvraag 2: Hoe kan die beoefening van	





gesinsrituele kinders se betekenisgewing beïnvloed? .....	99
4.4.2.1 <i>Watter moontlike betekenis se gee kinders aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid?</i> .....	99
4.4.2.2 <i>Watter moontlike betekenis se gee kinders aan gesinsrituele?</i> .....	100
4.4.2.3 <i>Hoe kan die beoefening van gesinsrituele kinders se betekenis se aan hulself beïnvloed?</i> .....	101
4.4.2.4 <i>Negatiewe betekenisgewing wat met die beoefening van gesinsrituele geassosieer kan word</i> .....	103
4.4.3 Sekondêre navorsingsvraag 3: Watter bategebaseerde uitkomst, indien enige, kan die beoefening van gesinsrituele oplewer? .....	103
<b>4.5 BEANTWOORDING VAN DIE PRIMÊRE NAVORSINGSVRAAG</b> .....	<b>106</b>
<b>4.6 SAMEVATTING</b> .....	<b>107</b>



## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKINGS, UITDAGINGS EN AANBEVELINGS

<b>5.1 INLEIDING .....</b>	<b>109</b>
<b>5.2 OORSIG OOR VORIGE HOOFSTUKKE .....</b>	<b>109</b>
<b>5.3 OPSOMMING VAN DIE HOOFBEVINDINGE .....</b>	<b>112</b>
<b>5.4 GEVOLGTREKKINGS .....</b>	<b>115</b>
<b>5.5 MOONTLIKE BYDRAE VAN MY STUDIE .....</b>	<b>117</b>
<b>5.6 BEPERKINGE VAN MY STUDIE .....</b>	<b>119</b>
<b>5.7 AANBEVELINGS .....</b>	<b>120</b>
5.7.1 Aanbevelings vir opleiding .....	120
5.7.2 Aanbevelings vir praktyk .....	121
5.7.3 Aanbevelings vir verdere navorsing .....	121
<b>5.8 SLOTOPMERKING .....</b>	<b>122</b>



## LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1: Omskrywing van gesinsrituele en gesinsroetine in terme van kommunikasie, toewyding en stabiliteit .....	6
Figuur 2.1: Konseptuele raamwerk .....	43
Figuur 3.1: Aanvanklike skedule van die data-insamelingsproses .....	60
Figuur 4.1: Uiteensetting van temas en sub-temas wat uit rou data voortgespruit het .....	77



## LYS VAN BYLAE

Bylaag A:	Dokumentasie: Toestemming tot die navorsing .....	A
Bylaag B:	Semi-gestruktureerde onderhoude .....	B
Bylaag C:	Bandopnames van gesinsrituele .....	C
Bylaag D:	Refleksiejoernale .....	D
Bylaag E:	Veldnotas .....	E
Bylaag F:	Postmoderne assessering .....	F
Bylaag G:	Visuele data (foto's) .....	G
Bylaag H:	Teoretiese Begroning .....	H



## SUMMARY

# FAMILY RITUALS AS POTENTIAL ASSET IN CHILDREN'S PROCESSES OF MEANING GIVING

by

EMMIE ARCHER

**SUPERVISOR** : MR C S DU PREEZ  
**CO-SUPERVISOR** : DR R FERREIRA  
**DEPARTMENT** : EDUCATIONAL PSYCHOLOGY  
**DEGREE** : MEd (EDUCATIONAL PSYCHOLOGY)

The aim of my study was to explore and describe the possible effects of family rituals as an asset during the process through which children give meaning to their experiences. I undertook an empirical study of limited extent. My study was qualitative by nature and conducted from the interpretivist paradigm. I used an instrumental case study as research design and employed educational psychological assessment, semi-structured interviews, informal conversations, reflective journals by the participants and myself, visual data (photographs), observation and field notes as data collection and documentation methods. I selected two Afrikaans-speaking primary school children and their parents from a nuclear family as participants in the study.

The findings of my empirical study are supported by relevant literature with regard to the main concepts guiding the study, namely family, ritual, routine and family ritual, asset, meaning giving and children. The main findings were that the five dimensions of family rituals (structure, meaning, persistence and commitment, adaptability and gender relations), as identified in existing literature, were present in the family's rituals with the possibility of adding other dimensions to these mentioned, such as task completion, communication, roles, affective management, affective involvement and behaviour management. Furthermore I found that the family's rituals, with some exceptions, positively impacted on the children's giving of meaning to themselves and the family



rituals. Asset-based outcomes were also evident in the meaning the children gave to their experiences following the practicing of family rituals. Lastly I found that the family's rituals served as an asset within the family.

## OPSOMMING

### GESINSRITUELE AS MOONTLIKE BATE TYDENS BETEKENISGEWING DEUR KINDERS

deur

EMMIE ARCHER

**STUDIELEIER** : MNR C S DU PREEZ  
**MEDE-STUDIELEIER** : DR R FERREIRA  
**DEPARTEMENT** : OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE  
**GRAAD** : MEd (OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE)

Die doel van my studie was om die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders te eksploreer en te beskryf. Ek het 'n empiriese studie van beperkte omvang onderneem. My studie was kwalitatief van aard en ek het dit onderneem vanuit die interpretivistiese paradigma. 'n Instrumentele gevallestudie het gedien as navorsingsontwerp. Ek het opvoedkundige sielkundige assessering, semi-gestruktureerde onderhoude, informele gesprekvoering, reflektiewe joernale deur myself en die deelnemers, visuele data (foto's), observasie en veldnotas as data-insamelings- en -vasleggingstegnieke aangewend. Ek het twee Afrikaanssprekende laerskoolkinders (en hulle ouers) vanuit 'n kerngesin geselekteer as deelnemers aan my studie.

Relevante literatuur ten aansien van die hoofkonsepte waardeur my studie gerig is, naamlik gesin, ritueel, roetine en gesinsritueel, bate, betekenisgewing en kinders, ondersteun die bevindinge van my empiriese studie. Die hoof bevindinge was dat die vyf dimensies van gesinsrituele (struktuur, betekenis, volharding en toewyding,



aanpasbaarheid en geslagsverhoudinge), soos dit vanuit bestaande literatuur geïdentifiseer is, teenwoordig was in die gesin se rituele met die moontlikheid dat addisionele dimensies tot bogenoemde gevoeg kan word, soos taakvoltooiing, kommunikasie, rolle, affektiewe bestuur, affektiewe betrokkenheid en gedragsbeheer. Ek het verder bevind dat gesinsrituele, met sommige uitsonderings, kinders se betekenisgewing ten aansien van gesinsrituele en hulself positief beïnvloed. Verder was bategebaseerde uitkomst sigbaar in die kinders se betekenisgewing na aanleiding van die beoefening van gesinsrituele. Laastens het ek bevind dat gesinsrituele dien as 'n bate binne die gesin.



## KERNKONSEPTE / KEY CONCEPTS

- Bate
- Betekenisgewing
- Gesin
- Gesinsritueel
- Gevallestudie
- Interpretivisme
- Kinders
- Kwalitatiewe navorsing
- Ritueel
- Roetine
- Asset
- Giving of meaning
- Family
- Family ritual
- Case study
- Interpretivism
- Children
- Qualitative research
- Ritual
- Routine





## HOOFSTUK 1

### OORSIG EN RASIONAAL

In hierdie hoofstuk stel ek die doel van my studie bekend. Daarna bied ek 'n uiteensetting van die inleidende agtergrond en rasionaal. Vervolgens hou ek die probleemstelling voor en verduidelik relevante kernkonsepte, ten einde te verseker dat die leser bekend is met die terme wat ek deur die verloop van my studie gebruik. Ek sluit die hoofstuk af met 'n oorsigtelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie, –strategieë en hoofstukinhoud.

#### 1.1 OORKOEPELENDE DOELSTELLING

Die doel van my studie was om die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders te eksplorieer en te beskryf. Bevindinge kan moontlik terapieë waardevolle elemente ontbloot wat dikwels gepaard gaan met die beoefening van gesinsrituele. Sodoende kan ek die moontlike aanwending van gesinsrituele as terapeutiese middel in opvoedkundige sielkundige praktyk uitlig en/of aanbeveel.

#### 1.2 INLEIDING EN AGTERGROND

Die gesin is een van die oudste sosiale konstrakte. Dit is ook 'n universele verskynsel wat regoor die wêreld aangetref word (Popenoe, Cunningham & Boulton, 1998). Vanuit 'n funksionalistiese perspektief het gesinne onder andere ten doel om kinders te sosialiseer en 'n bron van liefde en kameraadskap te wees. Gesinsfunksionering het egter drasties verander oor die afgelope dertig jaar. Volgens Calvert, Jordan en Cocking (2002) asook Popenoe *et al.* (1998) verteenwoordig die gesin nie noodwendig meer die primêre bron van sosialisering van kinders nie, maar word hierdie funksie dikwels verskuif na die alomteenwoordige media en ander sosialiseringagents. Ek is



van mening dat, indien Calvert *et al.* (2002) en Popenoe *et al.* (1998) se bewerings waar is, daadwerklik opgetree behoort te word om die rolle en funksies van gesinne te herstel. Sodoende kan die kinders die voordele daarvan, soos gesonde sosialisering, liefde en kameraadskap, geniet. Die vraag is nou hoe 'n mens hierdie doelwit kan bereik?

Die bategebaseerde perspektief fokus daarop om die beste in gesinne uit te bring ten einde effektiewe funksionering en welstand te bevorder (Nichols & Schwartz, 2000). Hierdie perspektief herbalanseer die oorbeklemtoning van patologie in die Sielkunde wat reeds vir baie jare tot 'n groot mate deur die mediese model en psigoanalitiese benaderings beïnvloed is (Wenar & Kerig, 2005; St. Clair, 2004; Seligman, 2002; Miller & Crabtree, 2000<sup>1</sup>). Die terapeutiese verhouding word al meer gekenmerk deur samewerking, bemagtiging van die kliënt in terme van potensiaal en 'n ontginning van die gesin se hulpbronne. Die fokus op moontlike oorsake van probleme is nie meer so prominent nie, maar word vervang deur 'n fokus op oplossings wat gegenereer kan word deur bestaande en potensiele vaardighede te identifiseer en te mobiliseer (Ebersöhn & Eloff, 2006; Eloff, 2003; Nichols & Schwartz, 2000). Die veld van Positiewe Sielkunde<sup>2</sup> het ontstaan deurdat besef is dat Sielkunde nie net die bestudering van abnormaliteit, siekte, swakheid en trauma behels nie, maar ook die bestudering van sterk punte en talente. Tydens my studies aan die Universiteit van Pretoria, wat sterk gesteun het op die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde, het vrae by my ontstaan oor die moontlikheid of gesinsrituele as bate dalk in gesinne kan bydra tot die opheffing en voorkoming van gesinsdisfunksie.

Gesinsrituele word beskryf as interaksie tussen gesinslede wat 'n simboliese vorm van kommunikasie insluit. Dit is herhalend van aard en versterk die gesin se identiteit (Fiese & Marjinsky, 1999; Schuck & Bucy, 1997; Baxter & Clark, 1996; Mackey & Greif, 1994). Volgens Fiese en Marjinsky (1999) sluit gesinsrituele die beoefening van roetine in. Schuck en Bucy (1997) tref egter duidelike onderskeid tussen 'n ritueel en 'n roetine. Roetines is ook waarneembare en herhalende gesinsgedrag wat die gesin se lewe

---

<sup>1</sup> Verwysings word aangebied in volgorde vanaf die mees resente na die minder resente bronne.

<sup>2</sup> Raadpleeg afdeling 2.7.3 vir 'n bespreking van die veld van Positiewe Sielkunde.

struktureer, maar die simboliese en gebiedende, antisiperende aard wat kenmerkend is van gesinsrituele, ontbreek. Volgens Mackey en Greif (1994) bied gesinsrituele 'n nie-bedreigende wyse waarop probleme in gesinne aangespreek kan word.

Selvini Palazzoli (in Mackey & Greif, 1994) het die idee om rituele in sistemiese gesinsterapie te gebruik, bekendgestel. Die terapeut het die opsie om die rituele aan die gesin voor te skryf of om die rituele in samewerking met die gesin te genereer. Volgens Mackey en Greif (1994) is die doel van gesinsterapie waarin gesinsrituele as terapeutiese middel aangewend word, om gesinsrituele te laat herleef as 'n positiewe invloed wat gesinslede hechter aan mekaar bind. Dit kan aan die gesin 'n gevoel van beheer bied in 'n onvoorspelbare en onbeheerbare wêreld.

Die beoefening van rituele word uitgelig as een van die gesinseienskappe wat geassosieer word met weerstand teen geestesongesondheid en emosionele disfunksie (Howe, 2002; Mackey & Greif, 1994). Hawley (2000) stel dit dat gesonde en goed funksionerende gesinne, ten spyte van krisissituasies, hul bates benut in respons tot die uitdagings wat die lewe bied. Dickstein (2002) voer egter aan dat meer navorsing nodig is ten einde die effek van gesinsrituele op belangrike uitkomst te verstaan. Dit bring my by die rasionaal van my studie.

### **1.3 RASIONAAL**

Ek wil graag 'n positiewe bydrae maak in die gemeenskap waar ek woonagtig is en werk. Ek is tans 'n opvoedkundige sielkundige in opleiding en het my internskap aan onderskeidelik twee skole in Tswane voltooi gedurende 2006. My studie sal moontlik 'n bydrae kan lewer aangesien die resultate waarskynlik sal lei tot die uitbreiding van kennis jeens die benutting van gesinsrituele as terapeutiese middel. Ek is terdeë bewus, weens my persoonlike agtergrond, asook my opleiding tot dusver, van die potensiële rol wat die gesin in die samelewing speel. Ek skaar my dus by Becvar en Becvar (2003), asook Pretorius (1998) se beskrywing van die noodsaaklikheid van die gesin in die opvoeding en sosialisering van kinders. Salomo vat dit volgens my effektief

saam in Spreuke 11 vers 29 (Die Bybel, nuwe vertaling, 1990): 'Wie sy huishouding verwaarloos, sal naderhand net wind oor hê...'.

In 'n era van uitdagings soos toenemende armoede, individualisme, isolasie, wantroue en materialisme, voel baie gesinne dikwels oorweldig deur 'n tekort aan persoonlike hulpbronne en energie wat hulle as bates kan benut. Van Rensburg en Simpson (2003) beklemtoon dat die samelewing nie sonder gesinne kan funksioneer nie. Hulle is van mening dat die funksionering binne 'n gesin die beste manier is om kinders en volwassenes emosioneel in stand te hou en te versorg. September (2004) noem dat harder gewerk behoort te word om gesinne en gemeenskappe te versterk, ten einde kinders te beskerm. In hierdie verband verwys verskeie outeurs na die moontlike positiewe uitkomst van gesinsrituele (McGraw, 2005; Dubas & Gerris, 2002; Brock, 2000; Dengel, 2000; Lang, 1999), soos die bevordering van stresmanagement (Dengel, 2000; Schuck & Bucy, 1997; Mackey & Greif, 1994) en die versterking van gesinslede se selfkonsep (Dengel, 2000). Verder lê Imber-Black (2002) klem daarop dat gesinsrituele as 'n noodsaaklike hulpbron vir gesinne en terapeute beskou kan word.

Tog blyk daar volgens Snyder en Lopez (2002) steeds 'n leemte te bestaan in terme van navorsing ten aansien van die invloed van gesinsrituele op gesinslede, gesinne en gemeenskappe. Hierdie outeurs voer aan dat meer navorsing nodig is rakende die tipiese eienskappe van gesinne met gelukkige en goedaangepaste kinders. Hulle stel onder andere ondersoek na die rol van gesinsrituele voor. Buiten die behoefte aan bogenoemde navorsing binne die veld van die Positiewe Sielkunde, blyk daar 'n leemte te bestaan in navorsing oor gesinsrituele binne die Suid-Afrikaanse konteks in die algemeen. Met uitsondering van die bydraes deur Van Rensburg en Simpson (2003), word die meeste publikasies wat verband hou met dié onderwerp in die Verenigde State van Amerika gepubliseer in joernale soos die *Journal of Family Psychology*, *Family Relations* en *Family Process* (Haugland, 2005; Leon & Jacobvitz, 2003; Dickstein, 2002).



Die bevordering van gesinsrituele as toeganklike hulpbron kan eerstens 'n moontlike bydrae lewer tot gesonder gesinne en samelewings. Tweedens kan dit die opvoedkundige sielkundige praktyk (spesifiek in die Positiewe Sielkunde) uitbrei ten opsigte van die potensiële waarde van gesinsrituele as terapeutiese middel. Laastens kan 'n studie in hierdie veld die basis lê vir verdere navorsing.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

In die lig van die voorafgaande bespreking en leemte aan navorsing binne die veld van die Positiewe Sielkunde kan ek die primêre navorsingsvraag van my studie soos volg formuleer: ***Wat is die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders?***

Ten einde die primêre navorsingsvraag te kan beantwoord word my studie gerig deur die volgende kritiese, sekondêre vrae:

- Watter tipiese dimensies is in die gesinsrituele van kerngesinne teenwoordig?
- Hoe kan die beoefening van gesinsrituele kinders se betekenisgewing beïnvloed?
- Watter bategebaseerde uitkomst, indien enige, kan die beoefening van gesinsrituele oplewer?

## 1.5 KONSEPTUALISERING

Ten einde te verseker dat daar duidelikheid oor die betekenis en omvang van relevante konsepte in my studie bestaan, omskryf ek vervolgens bepaalde kernkonsepte in die volgorde waarin dit in die titel voorkom.

### 1.5.1 Gesin

Die gesin verteenwoordig die primêre sosiale groepering in die samelewing wat bestaan uit ouer(s), kind(ers) en in sommige gevalle ander familieledede (uitgebreide gesin) wat deel vorm van 'n huishouding (Colman, 2003). Binne die konteks van my studie beskou

ek die gesin as 'n eenheid wat bestaan uit 'n moeder, vader en een of meer kinders wat 'n tuiste deel. Le Roux (1992) benoem hierdie tipe gesinsamestelling as die kerngesin. Die kerngesin wat aan my studie deelgeneem het, bestaan uit 'n vader, moeder, dogter en seun. Wanneer ek dus vervolgens na die 'gesin' verwys, sluit dit al vier hierdie gesinslede in.

### 1.5.2 Ritueel, roetine en gesinsritueel

Wolin en Bennett (1984) definieer rituele as herhalende interaksiepatrone wat plaasvind in 'n verskeidenheid kontekste. Dit varieer vanaf daaglikse, roetine-aktiwiteite tot meer gestileerde praktyke wat godsdienstig van aard kan wees. Schuck en Bucy (1997) tref 'n duidelike onderskeid tussen 'n ritueel en 'n roetine. Alhoewel roetine waarneembare en herhalende gedrag is wat 'n groep se lewe struktureer, ontbreek die simboliese en antisiperende aard wat kenmerkend is van rituele. Fiese, Tomcho, Douglas, Josephs, Poltrock en Baker (2002) definieer gesinsrituele en -roetine deur 'n vergelyking te tref in terme van kommunikasie, toewyding en stabiliteit. Ek sit hierdie vergelyking uiteen in Figuur 1.1.

**Figuur 1.1: Omskrywing van gesinsrituele en gesinsroetine in terme van kommunikasie, toewyding en stabiliteit (Fiese *et al.*, 2002).**

<i>Eienskap</i>	<i>Roetine</i>	<i>Gesinsritueel</i>
<b>Kommunikasie</b>	Is instrumenteel – 'n middel tot 'n doel.	Is simbolies en dui op die gesin se identiteit.
<b>Toewyding</b>	Tyd word onmiddellik afgestaan aan 'n roetine-aktiwiteit en min of geen nadenke vind later daarvoor plaas nie.	Gesin is op 'n affektiewe vlak toegewy aan die aktiwiteit. Dit voel "reg" en laat gesinslede deel van die gesin voel. Individue sal dit na afloop van die aktiwiteit weer in die geheue herroep ten einde die emosionele ervaring te herleef.
<b>Stabiliteit</b>	Word herhaal oor tyd en gekenmerk deur kontinuïteit in gedrag. Verstoring van roetine lei tot ongerief.	Voorsien kontinuïteit in betekenis oor generasies heen. Herhaling word geantisipeer. Verstoring van 'n gesinsritueel lei tot die bedreiging van groepskohesie binne die gesin.

Vir die doel van my studie fokus ek op rituele wat binne die gesin beoefen word (dit wil sê gesinsrituele), eerder as roetines. Ek beskou gesinsrituele<sup>3</sup> as herhalende, simboliese interaksies tussen gesinslede waarin gesinslede emosioneel belê.

### 1.5.3 Bate

Ebersöhn en Eloff (2006) asook Kretzmann en McKnight (1993) beskryf bates as vaardighede, talente, gawes, hulpbronne, kapasiteite en sterk punte wat gedeel word deur individue, instansies, verenigings, die gemeenskap en organisasies. Wanneer bates in gesinne geïdentifiseer word, word daar erkenning gegee aan die dinamiese en doelgerigte aard van gesinne, ten einde genoeg ruimte te laat vir nuwe bates om te ontwikkel en dormante bates om te herleef. Daar word na die positiewe uitkomst wat met die mobilisering en aanwending van bates geassosieer word, verwys as bategebaseerde uitkomst (Ebersöhn & Eloff, 2006; Kretzmann & McKnight, 1993). Weens die verskeidenheid moontlike positiewe uitkomst van gesinsrituele wat reeds deur navorsing geïdentifiseer is, beskou ek gesinsrituele vir die doel van my studie as 'n bate.

### 1.5.4 Betekenisgewing

Reeds vanaf geboorte gee 'n kind sin en betekenis aan dit wat ervaar word (Ferreira, 1992). Betekenisgewing verwys na die manier waarop kinders sin maak van hulle omringende lewenswerklikheid. Betekenisgewing vind plaas op affektiewe, kognitiewe en normatiewe wyses. Die gedrag van kinders is 'n uitvloeisel van die betekenis wat hulle aan die wêreld gee (Van Niekerk, 1986). Volgens Ferreira (1992) vorm dit 'n vaste grondslag vir veral die kind se affektiewe funksionering.

---

<sup>3</sup> Gewoontes, maniere, rituele en roetine is daarin eenders dat dit per definisie al drie herhalende gedragsaksies impliseer. Geen verdere ooreenkomste is egter duidelik nie. 'Gewoontes' is gevestigde neigings tot 'n handeling, aangekweek deur herhaling van die handeling (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen, 1994). 'Maniere' kan omskryf word as 'n wyse van handel en kan beskou word as 'n sinoniem vir gewoonte (Odendal *et al.*, 1994). Aangesien die beskrywing van gesinsrituele veel meer insluit as blote gedrag wat deur herhaling gevestig word, word gewoontes en maniere beskou as entiteite wat buite die bestek van my studie val.



### 1.5.5 Kinders

Ferreira (1994) en Van Niekerk (1986) beskou die kind as mens en persoon. Die kind as mens is gelykwaardig. Vanuit die Antropologie word die kind beskou as openheid, moontlikheid, intensionaliteit, *dasein* (kinders tree buite hulself en styg bo hulself uit) en 'n eksisterende en betekenisgewende wese. As persoon gee die kind eie persoonlike betekenis op affektiewe, kognitiewe en normatiewe vlakke van funksionering (Ferreira, 1994; Van Niekerk, 1986). Vanuit 'n ontwikkelings-perspektief verwys Louw, Van Ede en Louw (1998) na kinders se psige-teorie as kinders se kennis van hulle eie geestestoestand, die geestestoestand van ander en hoe hierdie geestestoestand gedrag beïnvloed. Vir die doeleindes van my studie, is laerskoolkinders betrek wat deel vorm van 'n kerngesin en binne hulle gesinskonteks betekenis gee aan dit wat hulle ervaar op affektiewe, kognitiewe en normatiewe vlakke. Laerskoolkinders beskik oor meer ontwikkelde metakognitiewe vermoëns, metageheue en vermoëns om oor hulle eie psigiese lewe na te dink as jonger kinders (Louw *et al.*, 1998). Ek aanvaar dus dat die kinders in my studie (op grond van hulle ouderdomme) oor die nodige kennis van die psige en hoe dit werk, kennis van hulle eie psigiese toestande en ook dié van ander, asook hoe hierdie psigiese toestande gedrag beïnvloed, beskik.

### 1.6. PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Ek het my navorsing onderneem binne 'n kwalitatiewe benadering vanuit 'n interpretivistiese paradigma. Schwandt (2000) beskryf drie oorkoepelende eien-skappe van die interpretivistiese paradigma. Eerstens word menslike gedrag (in my studie die beoefening van gesinsrituele) beskou as betekenisvol. Tweedens word klem gelê op die etiese beginsels van respek en betroubaarheid teenoor die wêreld en derdens word die bydrae van menslike subjektiwiteit tot kennis beklemtoon, sonder dat die objektiewe aard van kennis ontken word.

Volgens Terre Blanche en Durrheim (2002), Denzin en Lincoln (2000) asook Leedy, Newby en Ertmer (1997) bestaan 'n paradigma uit 'n epistemologie (*Hoe ken ek die wêreld en wat is die verhouding tussen my en die deelnemers?*), ontologie (*Wat is die*





aard en inhoud van die realiteit wat bestudeer word?) en metodologie (*Op watter wyse verkry ek kennis van die wêreld?*). 'n Interpretivistiese epistemologie berus op empatie en observeerder intersubjektiviteit met 'n ontologie wat bemoeid is met die interne realiteit van mense se subjektiewe ervaringe. Interpretivistiese metodologie is interaksioneel en kwalitatief van aard (Terre Blanche & Durrheim, 2002).

Die interpretivistiese paradigma het my gelei om die fenomeen (die invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders) binne 'n bepaalde konteks (die konteks waar gesinsrituele binne gesinne beoefen word) te verstaan en te begryp. Weens die feit dat bepaalde betekenisgewing in bepaalde omstandighede geskied, kan gedrag, gevoelens en ervaringe nie apart van die konteks geïnterpreteer word nie (Terre Blanche & Durrheim, 2002). Die gesinslede se eie betekenis, persepsies en definisies is op die voorgrond geplaas en ek het gepoog om dit ten beste weer te gee deur gebruik te maak van kwalitatiewe navorsings-metodologiese strategieë.

## **1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE**

Ek het 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering in my studie gevolg, om 'n fenomeen (gesinsrituele as moontlike bate tydens betekenisgewing deur kinders) te probeer verstaan en te begryp, eerder as om dit te verduidelik of te voorspel (Babbie & Mouton, 2001; Neuman, 2000). In kwalitatiewe navorsing word konsepte hanteer in die vorm van temas, veralgemenings en kategorieë. Ek het die data-insamelings- en vasleggings-tegnieke spesifiek aangepas vir die individuele aard van my studie. Die kwalitatiewe data wat ek ingesamel het, bestaan uit woorde, visuele materiaal, observasies en interpretasie van transkripte. Ek het die data ontleed deur temas of veralgemenings daaruit te genereer en dit vervolgens georganiseer tot 'n koherente en konstante beeld (Cresswell, 2005; Neuman, 2000). Ek het binne hierdie kwalitatiewe benadering gefokus op die siening van kinders. Ek het uitgebreide vraagstelling gebruik, data ingesamel wat grootliks uit woorde (teks) en observasies bestaan, en data geanaliseer en gekategoriseer in temas.

Vervolgens verskaf ek 'n oorkoepelende oorsig van my gekose navorsings-metodologie en –strategieë, met verwysing na die navorsingsontwerp, die eenheid van my navorsing, data-insameling- en vaslegging, asook data-analise en -interpretasie. Ek voorsien 'n meer gedetailleerde bespreking in Hoofstuk 3, afdeling 3.3.

### **1.7.1 Navorsingsontwerp**

Vir die doeleindes van my studie het ek 'n instrumentele gevallestudie as navorsingsontwerp gebruik. Ek beskou die gebruik van die instrumentele gevallestudie as gepas aangesien ek tot beter begrip van 'n sekere kwessie wou kom (in hierdie geval gesinsrituele en die gepaardgaande betekenisgewing deur kinders) deur in diepte ondersoek in te stel na 'n enkele geval. Ek het my bemoei met ryk en duidelike beskrywings van gebeure wat relevant is tot die geval (Hitchcock & Hughes, 1995), eerder as om veralgemeenbare bevindinge te verkry. Die geval was vir my van sekondêre belang en het bloot begrip gefasiliteer van dit wat ek nagevors het (McMillan & Schumacher, 2001; Stake, 2000).

### **1.7.2 Eenheid van navorsing**

Die eenheid van navorsing is twee kinders en hulle ouers binne 'n gesin wat gesinsrituele beoefen. 'n Geskikte gesin is tydens voltooiing van my internskap op doelgerigte wyse geïdentifiseer en genader om aan my navorsing deel te neem.

### **1.7.3 Data-insameling en -vaslegging**

Kwalitatiewe data-insamelingsmetodes het my in staat gestel om direk van die deelnemers data-inligting te bekom. Ek het inligting versamel in die vorm van protokolle en oop vrae gevra ten einde die deelnemers te bemagtig om hulle eie response te formuleer (Cresswell, 2005). Die data-insamelings- en -vasleggings-tegnieke was deurgaans daarop gerig om 'n ryk hoeveelheid inligting in te win, ten einde die sekondêre navorsingsvrae en uiteindelik die primêre navorsingsvraag te kon

beantwoord. Ek het opvoedkundige sielkundige assesserings, semi-gestruktureerde onderhoude, gesprekvoering, refleksies, reflektiewe joernale, visuele data, observasie en veldnotas aangewend as data-insamelings- en –vasleggingstegnieke.

Die tipe gesinsrituele wat die gesin beoefen het asook die frekwensie waarmee die gesin dit beoefen het ten tye van my veldwerk, het die hoeveelheid kontak-geleenthede met elke deelnemer in die gesin bepaal.

#### **1.7.4 Data-analise en interpretasie**

Ek het Cresswell (2005) se beskrywing van die kwalitatiewe proses van data-analise in my navorsing toegepas. Nadat ek die data ingesamel het, het ek dit voorberei vir ontleding. Ek het deur al die data gelees ten einde 'n algemene gevoel vir die inhoud te ontwikkel. Daarna het ek die data gekodeer en temas geïdentifiseer wat in kategorieë gesorteer is. Laastens het ek die data in verband gebring met bestaande literatuur en die resultate en bevindinge skriftelik uiteengesit.

### **1.8 WETENSKAPLIKHEID**

Alle navorsing behoort daarna te streef om aan die kriteria van wetenskaplikheid te voldoen. Met wetenskaplikheid in kwalitatiewe navorsing word verwys na (Shenton, 2004; Patton, 2002a; Durrheim & Wassenaar, 1999):

- Kredietwaardigheid: Navorsing is kredietwaardig wanneer die navorsingsbevindinge 'n akkurate weerspieëling van die werklikheid is.
- Oordraagbaarheid: Navorsing is oordraagbaar wanneer die navorsingsbevindinge veralgemeen kan word na die wyer samelewing.
- Afhanklikheid: Navorsing is afhanklik indien dit dieselfde resultate oplewer sou die studie herhaal word.



- Bevestigbaarheid: Navorsing is bevestigbaar wanneer die navorser voldoende maatreëls nagevolg het om te verseker dat hy/sy objektief bly tydens bestudering van die onderwerp.
- Outentiekheid: Outentiekheid verwys na die navorser se bewustheid van sy/haar eie perspektief, waardering vir die perspektiewe van ander en regverdigde uitbeelding van die konstruksies en waardes wat dit onderlê.

Ek het verskeie maatreëls getref om die wetenskaplikheid van my studie te verhoog. Ek het voortdurend in my reflektiewe joernaal gereflekteer oor die navorsingsproses en myself deurlopend bevra in terme van moontlike foute begaan of enige ander faktore ter verduideliking van die resultate wat ek geantisipeer het. Noukeurige uitvoering van data-insamelings- en -vasleggingstegnieke, data-analise en -interpre-tasie, asook vergelyking van die verskillende bronne van data, het die wetenskap-likheid van my studie waarskynlik verder verhoog. Ek bespreek die wetenskaplikheid van my studie meer volledig in Hoofstuk 3, afdeling 3.5.

## **1.9 BASIESE AANNAMES**

Vanuit bestaande literatuur het ek uitgelig dat gesinsrituele algemeen deur gesinne beoefen word en dat dit sekere moontlike positiewe uitkomst inhou vir die betrokke gesinslede (Brock, 2000; Dengel, 2000; Lang, 1999). In my studie het ek die aanname gemaak dat bogenoemde uitspraak moontlik van toepassing kan wees op die gesin wat deelgeneem het aan my navorsing. Ek het verder aangeneem dat daar 'n verband bestaan tussen die kinders se betekenisgewing en die beoefening van gesinsrituele binne dieselfde gesin.

## **1.10 ETIESE OORWEGINGS**

Tydens die verloop van my studie het ek deurgaans gepoog om getrou te bly aan drie etiese navorsingsbeginsels (Terre Blanche & Durrheim, 2002), naamlik outonomie (wat verwys na respek vir die deelnemers se selfstandigheid), onskadelikheid (die etiese beginsel wat stel dat die navorsing die deelnemers geen skade sal berokken nie) en



voordeel (die aanwending van die navorsing tot voordeel van die gemeenskap). Ek het hierdie beginsels nagestreef deur vrywillige deelname, ingeligte toestemming en konfidensialiteit te respekteer. Ek het my ook laat lei deur en onderwerp aan die etiese kode van die Raad vir Gesondheidsberoepes in Suid-Afrika. Verder het ek goedkeuring van die Etiese Komitee van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria verkry alvorens ek my studie onderneem het. Ek bespreek die etiese oorwegings in meer besonderhede in afdeling 3.6.

## **1.11 UITEENSETTING VAN OPVOLGENDE HOOFSTUKKE**

Die hoofstukindeling en -samestelling van my navorsing is soos volg:

### **Hoofstuk 1: Oorsig en rasionaal**

In die eerste hoofstuk het ek die agtergrond en rasionaal van my studie uiteengesit. Ek het die doel van my studie asook die probleemstelling bekend gestel en relevante kernkonsepte verduidelik ten einde te verseker dat die leser bekend is met die terme wat deur die verloop van my studie gebruik word. Ek het 'n oorsigtelike uiteensetting van die navorsingsmetodologie en -strategieë voorsien ter inleiding tot 'n meer omvattende bespreking daarvan in afdeling 3.3. Laastens het ek die wetenskaplikheid van my studie, basiese aannames en etiese oorwegings in hierdie hoofstuk bespreek.

### **Hoofstuk 2: Literatuuroorsig**

In Hoofstuk 2 sal ek relevante literatuur eksploreer wat voortvloei uit die agtergrond en rasionaal soos bespreek in Hoofstuk 1. Ek sal onder meer aandag skenk aan die aard en dimensies van gesinsrituele asook die positiewe uitkomst wat dikwels met gesinsrituele geassosieer word. Ek sal ook 'n uiteensetting van die konseptuele raamwerk waardeur my studie gerig is, in hierdie hoofstuk uitlig.



### **Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en navorsingsverloop**

Hoofstuk 3 is bemoed met die proses waardeur ek data versamel, geanaliseer en geïnterpreteer het. Ek sal onder meer aandag skenk aan die gekose paradigmatische perspektief, die instrumentele gevallestudie as navorsingsontwerp, die eenheid van studie, kwalitatiewe data-insamelings- en -vasleggingstegnieke, asook kwalitatiewe ontleding en interpretasie van data. Verder sal ek die kwaliteit van die versamelde data met verwysing na die tekortkominge en beperkinge daarvan, my rol as navorser en die navorsingsgesitueerdheid uitlig. Ek sal die hoofstuk afsluit deur aandag te skenk aan die wetenskaplikheid van my studie en etiese oorwegings.

### **Hoofstuk 4: Resultate en bevindinge**

Ten einde die aard van die bevindinge beter te kan verstaan sal ek die relevante gesinsrituele wat deur die deelnemende gesin beoefen is ten tye van my veldwerk, kortliks in Hoofstuk 4 bespreek. Ek sal die resultate bespreek aan die hand van die temas en sub-temas wat vanuit die data-analise geblyk het, naamlik die dimensies wat in gesinsrituele aangetref word, die invloed van gesinsrituele op die betekenisgewing deur kinders en die bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele tot gevolg het. Ek sal dan die bevindinge bespreek aan die hand van die primêre en sekondêre navorsingsvrae en dit in verband bring met relevante literatuur.

### **Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings, uitdagings en aanbevelings**

In die slothoofstuk sal ek die hoofbevindinge van my studie opsom en temas wat in die data ontbloot is, bespreek in terme van die primêre en sekondêre navorsingsvrae. Ek sal gevolgtrekkings, beperkings en die moontlike waarde van my studie uitlig. Ten slotte sal ek aanbevelings maak vir toekomstige navorsing en implementering van die bevindinge.



## 1.12 SAMEVATTING

Hoofstuk 1 dien as inleiding en oriëntering tot my studie. Dit bied ook 'n oorsig van wat die leser te wagte kan wees in Hoofstuk 2 tot 5. Ek het die doelstelling, inleidende agtergrond, rasionaal en navorsingsvrae van my studie hier uiteengesit. Ek het verder sekere kernkonsepte beskryf ten einde begrip van die betekenis daarvan by die leser te fasiliteer soos wat ek dit binne die konteks van my studie verstaan. Ek het ook kortliks 'n oorsig van die navorsingsmetodologie weergegee. Vervolgens vervat ek die literatuuroorsig in Hoofstuk 2.

-oOo-



## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

In hierdie hoofstuk bied ek 'n uiteensetting van relevante literatuur aan wat voortvloei uit die agtergrond en rasionaal van my studie, soos bespreek in Hoofstuk 1. Ek skenk onder meer aandag aan die aard en dimensies van gesinsrituele asook die positiewe uitkomst wat met gesinsrituele geassosieer word. Ek vervat die teoretiese begroning van my studie asook die konseptuele raamwerk waardeur my studie gerig is.

*Every family and every culture throughout time create, enact, alter, and preserve rituals. From daily rituals, such as meals or bedtime, to traditions like birthdays or anniversaries, to holiday celebrations, both religious and secular, to life cycle rituals marking transitions from the beginning to the end of life, human beings are ritual makers.*  
(Imber-Black, 2002:445)

#### 2.1 INLEIDING

Bogenoemde stelling deur Imber-Black (2002:445) benadruk die omvangrykheid van gesinsrituele. Dit is my persoonlike belewing dat gesinne aksies uitvoer sonder dat hulle besef dat dit waarmee hulle besig is, gesinsrituele genoem word. Nog minder besef gesinne soms die omvang en implikasies van hulle aksies. Indien Imber-Black (2002) se oortuiging dat die beoefening van rituele inherent deel is van die mens waar is, volg die volgende vrae logies: Waarom beoefen gesinne gesinsrituele? Wat is die waarde van gesinsrituele vir gesinslede? Wat beteken die beoefening van gesinsrituele vir kinders?

Hierdie hoofstuk vervat 'n literaturoorsig en dien as teoretiese basis vir my studie. In die hoofstuk skenk ek aandag aan die aard en definisies van gesinsrituele en tref ek onderskeid tussen gesinsrituele en -roetines. Ek brei verder uit ten aansien van die



dimensies van gesinsrituele wat in gesinne aangetref word en bespreek die moontlike positiewe uitkomst van gesinsrituele en -roetine, asook die problematiek wat soms met die beoefening daarvan geassosieer word. Daarna bespreek ek die verband tussen gesinsrituele en menslike ontwikkeling asook gesinsrituele as intervensiemoontlikheid. Laastens verskaf ek 'n uiteensetting van die teoretiese begroning en konseptuele raamwerk wat my studie gerig het.

## 2.2 WAT IS GESINSRITUELE?

Voordat ek aspekte soos die uitkomst van gesinsrituele of die verband tussen die beoefening van gesinsrituele en ontwikkelingsaspekte kan aanspreek, behoort eers duidelik begryp te word wat gesinsrituele behels. In my studie verwys ek na 'rituele' en 'roetines' as stamwoorde van 'gesinsrituele' en 'gesinsroetine'. Sodra die eienskappe wat met rituele en roetine vereenselwig word, na die gesinskonteks veralgemeen word, verwys ek daarna as gesinsroetines en gesinsrituele. Ek beskou dus roetine en gesinsroetine as 'n komponent van rituele en gesinsrituele. Ten einde beter begrip te fasiliteer skenk ek vervolgens aandag aan die aard en definisies van onderskeidelik die begrippe 'roetine'/'gesinsroetine' en 'rituele'/'gesinsrituele'. Ek sluit die bespreking van gesinsrituele af met 'n uiteensetting van die dimensies van gesinsrituele.

### 2.2.1 Wat is roetine/gesinsroetine?

Wanneer die verskillende definisies van gesinsrituele bestudeer word, blyk duidelik dat navorsers verskil in hulle definisie van gesinsrituele (Fiese *et al.*, 2002). Sommiges tref onderskeid tussen gesinsrituele en gesinsroetine, terwyl ander die twee konsepte wederkerig gebruik (Fiese *et al.*, 2002). Wolin en Bennett (1984) het roetine aanvanklik gedefinieer as patroonryke interaksie<sup>4</sup> wat herhaal word oor tyd. Ek ondersteun egter Howe (2002) se uitspraak dat hierdie definisie nie spesifiek genoeg is om te onderskei tussen roetine en rituele nie.

---

<sup>4</sup> Patrone is die voorafbeplande wyse van optrede (Odendal *et al.*, 1994). 'Patroonryke interaksie' vorm deel van die definisie van roetine (en gevolglik dan ook van gesinsroetine, rituele en gesinsrituele). Vir die doeleindes van my studie word patroonryke gedrag beskou as 'n aspek van gesinsrituele aangesien gesinsrituele per definisie telkens om en by dieselfde of soortgelyke patrone behels. Patrone hou nou verband met die konsep van struktuur.



Fiese *et al.* (2002) en Serpell, Sonnenschein, Baker en Ganapathy (2002) het 'n paar elemente tot Wolin en Bennett (1984) se oorspronklike definisie van roetine gevoeg wat dit vir my makliker gemaak het om tydens my veldwerk tussen roetine en ander konsepte te differensieer. Fiese *et al.* (2002) sien roetine as interaksies wat beskrywend is van alledaagse werks- en lewensaktiwiteite. Hierdie interaksie kom gereeld voor en word herhaal op 'n daaglikse of weeklikse basis. Roetine aktiwiteite is episodies van aard en het dus 'n duidelike begin en einde. Dit kan soms siklies manifesteer met gereelde tydperke van herhaling. Roetine beskik oor interne regulering - dit wil sê interaksies tydens roetine volg dieselfde of soortgelyke patrone wanneer die roetine uitgevoer word. Dit is ook belangrik dat roetine gemeenskaplike, doelgerigte aktiwiteite reflekteer wat van mekaar onderskei word deur die konkrete doel wat dit dien (Fiese *et al.*, 2002).

Deur die voorbeeld van tafeldekkery te gebruik, illustreer Fiese *et al.* (2002) bogenoemde definisie van roetine, asook die veralgemening van die begrip 'roetine' tot die gesinskonteks, sodat dit beskrywend is van 'n gesinsroetine soos volg: Tafeldekkery is 'n alledaagse aktiwiteit wat nie juis uniek is aan enige besondere gesin nie. Daar word gewoonlik daaglik tafeldekkery gedek, aangesien die gesin daaglik maaltye nuttig. Die roetine begin gewoonlik wanneer aangedui word dat die maaltyd amper gereed is en eindig wanneer die gesin aansit om te eet. Dieselfde patrone word dikwels gevolg wanneer daar tafeldekkery gedek word, byvoorbeeld eers die tafeldoek, dan die borde, messe, vurke, glase en laastens die disse. Tafeldekkery is 'n doelgerigte aktiwiteit aangesien dit ten doel het om 'n maaltyd by 'n tafel te nuttig.

### **2.2.2 Die aard van gesinsrituele: Wat maak gesinsrituele anders as gesinsroetine?**

Ek ondersteun Imber-Black (2002) se uitspraak dat meer navorsing benodig word ten einde lig te werp op die definisie van 'n gesinsritueel. Verskeie navorsers huldig verskillende opinies rondom hierdie definisie. Dit wissel vanaf 'n fokus op die betekenis en die belangrikheid van simbole in rituele (Haugland, 2005; Fiese *et al.*, 2002) na 'n fokus op bloot herhalende gedrag in gesinne (Kiser, Bennett, Heston & Paavola, 2005;



Eaker & Walters, 2002). Die aard van gesinsrituele verwys na daardie eienskappe wat dit onderskei van ander aktiwiteite wat deur die gesin beoefen word. Ek skenk vervolgens aandag aan 'n paar van die mees prominente eienskappe wat my met die aanvang van my veldwerk gelei het om die deelnemende gesin se gesinsrituele te identifiseer.

Ek het tydens my navorsing, in ooreenstemming met McGraw (2005), Fiese en Marjinsky (1999) asook Wolin en Bennett (1984), gesinsrituele (net soos roetine en gesinsroetine, sien afdeling 2.2.1), beskou as gebeurtenisse wat herhalend van aard is en interaksie tussen gesinslede behels (Fiese & Marjinsky, 1999; Schuck & Bucy, 1997; Bossard & Boll, 1949<sup>5</sup>). Deur die deelnemende gesin se gesinsrituele te bestudeer, kon ek 'n beeld verkry van die wyse waarop gesinslede in interaksie met mekaar verkeer. Baxter en Clark (1996) spesifiseer dat hierdie interaksie gelokaliseer is rondom die gesinslewe en gekenmerk word deur voorskriftelikheid, herhaling en 'n sin van korrektheid wat spruit vanuit die geskiedenis van die proses.

Met nadere ondersoek het dit egter vir my duidelik geword dat gesinsrituele van gesinsroetines verskil deurdat dit verskillende betekenis aan die deelnemers oordra – betekenis wat meer is as net die spesifieke taak wat op daardie oomblik afgehandel word (McGraw, 2005; Howe, 2002; Imber-Black, 2002). Fiese *et al.* (2002) is van mening dat hierdie betekenis veral verband hou met identiteit, byvoorbeeld wie ons is as 'n groep. 'n Persoon se identiteit behels die wete van wat sy/haar eienskappe is, wat vir hom/haar belangrik is en watter rigting hy/sy in die lewe wil inslaan (Louw *et al.*, 1998). Navorsing dui daarop (sien afdeling 2.3) dat gesinsrituele kan bydra tot identiteitsontwikkeling. Fiese en Kline (1993) meld byvoorbeeld dat die beoefening van gesinsrituele identiteit as 'n positiewe uitkoms het, alhoewel identiteit nie deel vorm van die definisie van gesinsrituele nie. In die lig van hierdie stelling moes ek in my studie bewus wees van die moontlike invloed van gesinsrituele op die gesinslede se identiteitsontwikkeling as potensiële bategebaseerde uitkoms.

---

<sup>5</sup> Alhoewel dit nie gebruiklik is om ou bronne soos dié van Bossard en Boll (1949/1950) te gebruik nie, word daar met vrymoedigheid in die bespreking na hierdie outeurs verwys aangesien hulle grondslag werk verrig het waarna verskeie hedendaagse outeurs, soos Dickstein (2002) en Fiese *et al.* (2002) terugverwys.

Ek kan gevolglik opsom dat, alhoewel gesinsrituele eienskappe van gesinsroetine insluit, gesinsrituele oor 'n simboliese waarde beskik wat by gesinsroetines ontbreek (Haugland, 2005; Fiese *et al.*, 2002; Wolin & Bennett, 1984; Bossard & Boll, 1950). Die volgende voorbeeld deur Fiese *et al.* (2002:383) illustreer hoe gesinsrituele kan dien as 'n simboliese vorm van kommunikasie:

*The mealtime ritual involves conversation as a group that may include inside jokes, symbolic objects, and acts meaningful only to the family and not easily detected by the outside observer. Once the family is gathered for the meal, there is an affective reaction that may be as simple as a sigh signifying that time has been set aside for the group and other demands are temporarily put on hold. Any routine has the potential to become a ritual once it moves from an instrumental to a symbolic act.*

Vanuit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die begrippe 'rituele' en 'gesinsrituele' meer omvattend is as 'roetine' en 'gesinsroetine'. Tydens bestudering van die deelnemende gesin se gesinsrituele, het ek in gedagte gehou dat rituele en gesinsrituele per definisie die beoefening van roetines en gesinsroetines insluit (Fiese *et al.*, 2002). Ek was egter daarvan bewus dat 'n verwysing na roetine en gesinsroetine nie impliseer dat daar ook verwys word na rituele en gesinsrituele nie aangesien rituele en gesinsrituele oor 'n simboliese komponent beskik (Fiese *et al.*, 2002; Wolin & Bennett, 1984) wat by roetine en gesinsroetine ontbreek.

### **2.2.3 Watter dimensies kan in gesinsrituele aangetref word?**

Bestaande literatuur dui op verskeie dimensies van gesinsrituele waarvan ek die deelnemende gesin se gesinsrituele kon bestudeer (Dubas & Gerris, 2002; Schuck & Bucy, 1997; Roberts, 1988; Wolin & Bennett, 1984). Vervolgens bespreek ek kortliks vyf van hierdie dimensies, waarna ek afsonderlik aandag gee aan die ses dimensies van gesinsfunksionering, soos vervat in die McMaster-model van gesinsfunksionering (Dickstein, 2002; Miller, Ryan, Keitner, Bishop & Epstein, 2000).



### 2.2.3.1 Vyf dimensies van gesinsrituele

Vanuit bestaande literatuur het ek struktuur, betekenis, volharding en toewyding, aanpasbaarheid asook geslagsverhoudinge as dimensies van gesinsrituele geïdentifiseer. Elke dimensie behels in kort die volgende:

- Struktuur verwys na die samestelling van enige besonderheid (Odendal *et al.*, 1994). Hierop volg dat die **struktuur** van 'n gesinsritueel verwys na die fundamentele komponente daarvan, met ander woorde wat dit is, wanneer en waar dit plaasvind en wie teenwoordig is (Schuck & Bucy, 1997).
- Soos ek reeds in afdeling 2.2.2 uitgelig het, is die **betekenis** wat gesinslede aan gesinsrituele heg en die simboliek wat daaraan gekoppel word, 'n belangrike eienskap wat dit van 'n gesinsroetine onderskei. Hierdie betekenis word egter ook as 'n dimensie van gesinsrituele beskou waaruit gesinsrituele bestudeer kan word. Die betekenis wat die gesin aan die ritueel heg, hou verband met die graad van simboliek, emosie en affektiewe betekenis wat met die gesinsritueel geassosieer word (Schuck & Bucy, 1997; Roberts, 1988).
- **Volharding** behels die mate waarin 'n gesin getrou 'n gesinsritueel oor tyd beoefen (Schuck & Bucy, 1997). Volgens Sprunger, Boyce en Gaines (1985) is volharding 'n belangrike dimensie wat teenwoordig behoort te wees ten einde gesinsrituele 'n beskermende faktor vir gesinne te maak. In sommige gesinne word rituele onderbreek of beperk deur skielike veranderinge of trauma in die gesin. In aansluiting hierby identifiseer Wolin en Bennett (1984) 'n gesin se **toewyding** as 'n dimensie van gesinsrituele. Dit verwys na die mate waarin gesinslede die beoefening van 'n gesinsritueel hul eie maak en dit aanmoedig.
- **Aanpasbaarheid** is daardie dimensie van 'n gesinsritueel wat dui op 'n gesin se vermoë om 'n ritueel aan te pas by die veranderende behoeftes van die gesin. Indien dit nie gedoen word nie verloor die gesinsritueel dikwels sy betekenis en simboliek (Schuck & Bucy, 1997; Roberts, 1988; Wolin & Bennett, 1984). Soos ek uiteengesit het in afdeling 2.3, word aanpasbaarheid beskou as 'n moontlike



positiewe uitkoms van gesinsrituele. In afdeling 2.5 bied ek 'n bespreking van ontwikkelingsfases, aanpasbaarheid en die verandering van gesinsrituele oor tyd.

- Die **geslag** van gesinslede kan beskou word as 'n verdere dimensie van gesinsrituele. Volgens Dubas en Gerris (2002) het verskeie navorsers reeds in die verlede gepostuleer dat adolessent-ouerverhoudinge gekenmerk word deur vier afsonderlike geslagsdiades, naamlik moeder-seun, moeder-dogter, vader-seun en vader-dogter. Daar is bevind (Dubas & Gerris, 2002) dat moeders meer tyd saam met adolessente spandeer as vaders. Indien die geslagsdiades verskil ten opsigte van die tyd wat saam spandeer word, behoort dit te weerspieël dat moeders meer tyd saam met dogters spandeer relatief tot seuns. Vaders spandeer weer meer tyd saam met hul seuns relatief tot hul dogters.

### ***2.2.3.2 Die McMaster model van gesinsfunksionering***

Die McMaster model van gesinsfunksionering het ontwikkel oor 'n tydperk van dertig jaar (Miller *et al.*, 2000). Dit het 'n raamwerk voorsien waarvolgens ek vrae wat verwant was aan gesinsrituele en wat betrekking gehad het op individuele en gesinsuitkomste, tydens my studie konseptueel kon begrond (Dickstein, 2002). Die McMaster model is 'n skaal wat bestaan uit sewe items wat ontwerp is om voltooi te word na 'n in-diepte onderhoud met 'n gesin (Miller, Kabacoff, Epstein, Bishop, Keitner, Baldwin & Van der Spuy, 1994). Die model het my tydens my navorsing gelei om te fokus op die prosesse in die deelnemers se gesinsisteme wat ontwrigtende gedrag ten opsigte van alledaagse funksionering van die gesin kon genereer, asook die moontlike bates wat die gesin na hierdie situasie kon bring (Keitner, Miller & Ryan, 1993; Keitner & Miller, 1990).

Die McMaster model het my begrip van gesinsfunksionering bevorder en dien gevolglik ter ondersteuning van die wyse waarop ek my navorsing onderneem het. Die dimensies van gesinsfunksionering soos wat dit in die McMaster model omskryf word, het ook die moontlikheid geskep dat my navorsing addisionele dimensies van gesinsrituele kon onthul tot dié wat ek in die vorige afdeling beskryf het. Die McMaster model onderskei tussen ses dimensies van gesinsfunksionering wat ek noodsaaklik gevind het vir 'n



omvattende begrip van die komplekse maniere waarop die deelnemende gesin kon funksioneer. Aangesien ek tydens uitvoering van my navorsing ten doel gehad het om tot begrip te kom van 'n geselekteerde gesin se funksionering in die vorm van gesinsrituele, skenk ek kortliks aandag aan elk van hierdie dimensies (Dickstein, 2002):

- **Taakvoltooiing** word gedefinieer as die vloeï waarmee take afgehandel word. Dit sluit die wyse waarop die taak gestruktureer is asook die proses waardeur steuringe op 'n buigsame en aanpasbare manier opgelos word, in.
- **Kommunikasie** behels die uitruiling van inligting tussen gesinslede. Die kwaliteit van die kommunikasie kan op twee kontinuuums geplaas word, naamlik duidelikheid en direktheid. 'n Boodskap is duidelik wanneer dit op die punt af en relevant is, wanneer dit strook met ander inligting en kongruent is met nie-verbale boodskappe. Kommunikasie is direk wanneer 'n boodskap gerig word tot die persoon vir wie dit bedoel is, die bedoelde ontvanger die boodskap ontvang en erkenning daaraan gee en die boodskap op 'n ouderdomsgepaste wyse oorgedra word. Onderbrekings wat lei tot 'n blokkering in kommunikasie word beskou as tekens van gemaskeerde kommunikasie, dit wil sê selfs wanneer gesinslede mekaar vermy, kan boodskappe steeds gekommunikeer word.
- **Rolle** is die gedragspatrone waardeur gesinslede gesinsfunksies uitvoer. Dit behels die bestudering van take en bepaling van verantwoordelikhede om eerstens te bepaal of take en verantwoordelikhede regverdig verdeel word soos wat dit na vore kom met verbale en/of nie-verbale uitinge van klagtes of blyke van oorweldiging; tweedens, of dit ouderdomsgepas is en laastens, of dit eksplisiet aangewys word te oordeel aan kommunikasie en samewerking tydens spesifieke take. Aanduidings van verantwoordbaarheid en toekenning van verantwoordelikheid is ook hier ter sprake.
- **Affektiewe bestuur** behels die relevansie en gepastheid van emosies wat uitgedruk word. Klem word gelê op die produsering van affek (gepastheid, intensiteit, kontekstuele relevansie) en die response tot affek deur gesinslede (sensitiwiteit, dringendheid en kongruensie).



- **Affektiewe betrokkenheid/interpersoonlike betrokkenheid** verwys na die mate waarin gesinslede belangstel in en waarde heg aan mekaar se aktiwiteite en belange. Dit manifesteer in die direkte bespreking van gebeure of kwessies van persoonlike belang vir elke gesinslid. Gesinslede sal mekaar byvoorbeeld uitdra oor gevoelens, gedagtes of opinies oor 'n sekere onderwerp. Nie-verbale aanwysers van interpersoonlike betrokkenheid sluit oogkontak, gemak met fisiese nabyheid en uitdrukking van affek in.
- **Gedragbeheer** dui op die wyse waarop 'n gesin standarde vir die gedrag van gesinslede onderhou en uitdruk. Dit hou verband met kwessies rondom fisieke gevaar (byvoorbeeld ons mag nie aan warm voorwerpe vat nie), psigobiologiese behoeftes (byvoorbeeld etenstydreëls) en sosiale gedrag (byvoorbeeld goeie maniere en betoon van respek). Die kontrole wat ten opsigte van gedragbeheer uitgeoefen word, kan in terme van vier style beskryf word, naamlik chaoties (lukrake verwisseling van kontrolestyle kom voor sodat daar verwarring ontstaan oor die verwagte standarde vir gedrag), laissez-faire (geen standarde word gestel nie en algehele vryheid word aan gesinslede gegee), rigied (daar bestaan min ruimte vir onderhandeling van standarde) en buigsam (redelike standarde word gestel met ruimte vir onderhandeling afhangende van die omstandighede).

Na bestudering van bestaande literatuur kon ek tot beter begrip kom van wat roetine, gesinsroetine, rituele en gesinsrituele behels. Ek het hierdie inligting besonder waardevol gevind tydens die identifisering van die deelnemende gesin se gesinsrituele. Danksy die dimensies van gesinsrituele wat verder vanuit die bestaande literatuur geblyk het, het ek oor 'n raamwerk beskik wat my kon rig tydens bestudering van die deelnemende gesin se gesinsrituele. Ek wou egter ondersoek instel na gesinsrituele as moontlike bate tydens betekenisgewing deur kinders. Daarom het ek bestaande literatuur geraadpleeg vir moontlike positiewe uitkomst van gesinsrituele en gesinsroetine. Ek bespreek vervolgens die moontlike positiewe uitkomst van gesinsrituele en gesinsroetine wat my literatuurstudie opgelewer het.





## **2.3 MOONTLIKE POSITIEWE UITKOMSTE VAN GESINSRITUELE EN GESINSROETINE**

Vanuit die literatuur (McGraw, 2005; Howe, 2002; Oswald, 2002; Dengel, 2000) blyk dat die beoefening van gesinsrituele verskeie moontlike positiewe uitkomst inhou. My studie kan moontlik 'n bydrae lewer in hierdie bestaande kennisbasis, aangesien ek ondersoek ingestel het na die moontlike positiewe uitkomst vir die deelnemende gesin asook die individuele gesinslede wat die beoefening van gesinsrituele kon oplewer. Vervolgens bespreek ek die moontlike positiewe uitkomst wat my literatuurstudie opgelewer het ten opsigte van die individuele gesinslede, die gesin as geheel en elemente wat verband hou met faktore buite die gesinskonteks.

### **2.3.1 Positiewe uitkomst vir individuele gesinslede**

Die persepsie dat 'n persoon aan 'n gesin behoort en deur die gesin ingesluit word is volgens Oswald (2002) waarskynlik 'n belangrike faktor wat geassosieer word met die impak van gesinsrituele op individuele ontwikkeling en welstand. Konstante, gesonde patrone van gesinsinteraksie is dikwels belangrik vir die optimale ontwikkeling van individue (Dickstein, 2002). Fiese en Kline (1993) is van mening dat ouderdomsgepaste en nie-rigiede gesinsrituele adolessente se identiteitsontwikkeling kan fasiliteer. Identiteit word algemeen beskou as die persepsie dat, ten spyte van die verloop van tyd en gepaardgaande verandering, die persoon dieselfde bly (Ebersöhn in Ebersöhn & Eloff, 2006). In verband met identiteit meld Ebersöhn (in Ebersöhn & Eloff, 2006) dat die manier waarop persone aan hulself dink en oor hulself voel, aanpassing in nuwe situasies en optrede teenoor ander kan beïnvloed. Hierdie wyse waarop persone aan hulself dink en oor hulself voel kan geïnterpreteer word as hulle selfbeeld. Dengel (2000) asook Fiese en Kline (1993) bevestig die moontlike positiewe impak van gesinsrituele op adolessente en kinders se selfbeeldontwikkeling.

Bennett, Wolin en McAvity (1988) sluit aan by Ebersöhn (in Ebersöhn & Eloff, 2006) se stelling wat betref aanpassing in nuwe situasies. Die outeurs voer aan dat gesinsrituele



moontlik die gevoel kan skep dat die individu aan 'n groep behoort en dat hierdie faktor kinders kan help om suksesvol in nuwe omstandighede aan te pas. Dubas en Gerris (2002) bevestig hierdie uitspraak met hulle bevinding dat tyd wat saam in gesinne spandeer word en die aktiwiteite wat gesinslede saam beoefen, adolessente se aanpassingsvermoë kan bevorder om sodoende toekomstige risiko's te verminder.

Fisieke gesondheid en geletterdheid is verdere moontlike positiewe uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele vir individuele gesinslede inhou (Brock, 2000). Ten aansien van fisieke gesondheid is bevind dat gesinsrituele aanleiding kan gee tot verkorte duur van respiratoriese infeksie by kinders (Sprunger *et al.*, 1985; Boyce, Jensen, Cassel, Collier, Smith & Ramey, 1977), 'n sterker immuniteit, laer streshormoonvlakke en verlaagde bloeddruk (McGraw, 2005). Navorsing deur Serpell *et al.* (2002) rakende geletterdheid dui daarop dat die vestiging van gesinsroetines wat lees-aktiwiteite, soos die lees van slaapydstories insluit, belangrike uitkomst op die ontwikkeling van geletterdheid kan hê. Daar is verder bevind dat gesinsrituele 'n positiewe uitwerking op gesinslede se akademiese rekords kan hê (Brock, 2000). Duncan, Duncan en Strycker (2002) het byvoorbeeld bevind dat adolessente wat meer tyd saam met hulle gesinne deurbring, hoër toetspunte behaal. Duncan *et al.* (2002) se studie het in die konteks van gesinsrituele ook moontlike toepassingswaarde, aangesien die beoefening van gesinsrituele impliseer dat die gesinslede tyd saam deurbring.

### **2.3.2 Positiewe uitkomst vir die gesin**

Die beoefening van gesinsrituele kan betekenis gee aan die gesinslede (Bossard & Boll, 1950). Howe (2002) is van mening dat gesinsrituele insiggewende gebeure is wat 'n kragtige en blywende uitwerking op gesinsinteraksie kan hê. Dit bied moontlik geleentheid vir die versterking van verwagtinge wat betref die verhoudinge tussen gesinslede of vir die bekendmaking van nuwe verwagtinge vir gesinsverhoudinge. Dubas en Gerris (2002) het bevind dat die hoeveelheid tyd wat ouers en kinders tydens vroeë adolessensie saam spandeer die kwaliteit van verhoudinge in die latere adolessente jare kan bepaal. Hierdie bevinding is relevant vir gesinsrituele, aangesien

die beoefening van sodanige rituele kan impliseer dat gesinslede tyd saam spandeer. Fiese *et al.* (2002) het bevind dat rituele<sup>6</sup> gesinsverhoudinge, intergenerasieverhoudinge en kohesie in die huwelik kan versterk. Die handhawing van roetine in die gesin kan ook lei tot verhoogde tevredenheid met die ouerskaprol in jong moeders (Sprunger *et al.*, 1985; Boyce *et al.*, 1977).

### 2.3.3 Positiewe uitkomst buite die gesinskonteks

Moontlike positiewe uitkomst wat met die beoefening van gesinsrituele geassosieer word, is nie beperk tot gesinsverhoudinge of individuele gesinslede nie, maar kan ook uitkring na faktore buite die gesin. Die beoefening van gesinsrituele kan aan gesinslede die boodskap oordra dat hulle aan die gesin behoort en dat die gesin vir hulle 'n bron van ondersteuning is. Hierdie wete versterk gewoonlik gesinslede se vermoë om weerstand te bied teen stresvolle gebeure soos byvoorbeeld werksverandering of verhuising (Oswald, 2002; Cohen & Wills, 1985).

Serpell *et al.* (2002) en Brock (2000) voer aan dat gesinsroetines 'n belangrike rol kan speel in die sosialiseringgedrag en motivering van kinders tydens die kinderjare. Op dié wyse kan gesinsrituele dien as sosialiseringshulpmiddel aangesien die gesin se sosiale waardes en oortuigings deur gesinsrituele oorgedra kan word (Schuck & Bucy, 1997). Kinders wat sosiaal goed aangepas is, toon dikwels minder probleemgedrag. In hierdie verband stel McGraw (2005) dat die beoefening van gesinsrituele waarskynlik die ontwikkeling van gedragsprobleme in kinders beperk. Duncan *et al.* (2002) het bevind dat kinders tussen die ouderdom van elf en sewentien jaar wat meer tyd saam met hulle gesinne spandeer, gewoonlik minder probleemgedrag toon as kinders wat nie soveel tyd saam met hulle gesinne bestee nie.

---

<sup>6</sup> Vanuit die konseptualisering van gesinsroetine en gesinsrituele blyk dit dat alle gesinsroetine nie kwalifiseer as gesinsrituele nie. Die beoefening van gesinsrituele impliseer wel per definisie die teenwoordigheid van roetine en daarom word daar in die bespreking aandag gegee aan die positiewe uitkomst van beide gesinsroetine en gesinsrituele.

Dit is duidelik dat die beoefening van gesinsrituele moontlike positiewe uitkomst vir gesinne en gesinslede kan inhou. Die vraag het gevolglik by my ontstaan of gesinsrituele enige negatiewe uitkomst kan meebring, aangesien dit relevant sou wees in my bestudering van die betekenisgewing deur kinders as uitkomst van gesinsrituele. Deur bestudering van bestaande literatuur kon ek hierdie vraag, wat ek vervolgens bespreek, beantwoord.

## **2.4 DIE NEGATIEWE SY VAN GESINSRITUELE**

Tot dusver blyk dit dat die moontlike voordele wat die beoefening van gesinsrituele vir gesinne inhou, verrykend kan wees. Dit is egter nie altyd die geval nie. In die volgende bespreking skenk ek aandag aan potensiële probleme wat gesinne tydens die beoefening van gesinsrituele kan ondervind en redes waarom sekere gesinsrituele soms onsuksesvol is.

### **2.4.1 Problematiek rondom gesinsrituele**

Volgens Imber-Black (2002) veroorsaak gesinsrituele soms probleme vir gesinne. Dié outeur beskryf die volgende situasies as voorbeeld:

- 'n Dogter se afwesige vader dring daarop aan om haar by die kerk in te bring op haar troudag.
- 'n Bikulturele paartjie sukkel om genoeg ruimte te maak vir die rituele wat elkeen van sy/haar gesin van oorsprong af bring. 'n Eggenoot van Joodse afkoms mag dalk beledig voel deur haar Christen-skoonfamilie tydens Paasfeesvieringe.
- 'n Lank-onderdrukte geheim van mishandeling word ontbloot by die begrafnis van 'n familie patriarg.
- 'n Uitnodiging na 'n gesinsviering word weerhou of afgewys.

Vanuit hierdie voorbeelde blyk dit dat gesinsrituele 'n kragtige lens kan wees wat ons bemagtig om emosionele bande en verhoudinge duidelik te sien. Die probleem-

situasies wat deur die voorbeelde geïllustreer word, toon hoe reeds bestaande problematiese gesinsverhoudinge inderwaarheid deur die beoefening van gesinsrituele onder die vergrootglas geplaas en geïntensiveer kan word (Imber-Black, 2002). My studie kan moontlik 'n bydrae lewer in hierdie bestaande kennisbasis, aangesien ek tydens my navorsing ontvanklik was vir die moontlikheid dat die beoefende gesinsrituele ook negatiewe uitkomst kon oplewer.

#### **2.4.2 Redes waarom gesinsrituele soms nie werk nie**

Tydens my veldwerk was ek daarvan bewus dat die keuse om tyd saam te spandeer dikwels afhanklik is van die bereidwilligheid van gesinslede. Die deelnemers aan my studie kon moontlik kompeterende belange hê wat aanspraak kon maak op mekaar se tyd (Dubas & Gerris, 2002). Ek is van mening, in ooreenstemming met Larson, Richards, Sims en Dworkin (2001), dat die teenwoordigheid van verskeie vorme van media (naamlik televisie, rekenaars en radio) in die slaapkamer en eise van aktiwiteite buite die huis (soos werk of tydsbesteding aan besittings wat onderhoud vereis) geassosieer kan word met minder tyd wat saam in gesinsverband spandeer word. Dubas en Gerris (2002) is dit eens dat televisie dalk die tyd oorneem wat gesinslede saam kan spandeer om sodoende gesinsverhoudinge op te bou.

Dubas en Gerris (2002) het verder bevind dat die hoeveelheid tyd wat gesinslede saam spandeer, beïnvloed kan word deur die tipe aktiwiteit wat beoefen word. Dié outeurs beklemtoon die belangrikheid van kultuur en die fisiese omgewing in die huis wanneer gepoog word om geleenthede vir interaksie tussen adolessente en hul ouers te verstaan – verskille kan voorkom oor kulture heen en wanneer hierdie verskille nie in ag geneem word nie, veroorsaak dit dikwels wanbegrip. In die lig van hierdie stelling moes ek in my studie daarteen waak om blind te wees vir kultuuraspekte en die fisiese omgewing in die huis wat moontlik 'n invloed op my bevindinge kon hê.

Aangesien beide ouers wat aan my studie deelgeneem het 'n beroep beklee, was Dubas en Gerris (2002) se bevinding dat die tyd wat vaders by die werk spandeer en die



werkstres wat hulle ervaar, moontlik negatief kan impakteer op die tyd wat hulle beskikbaar het om saam met hulle kinders te spandeer, relevant tot my studie. Ek moes dus in gedagte hou dat werkstres ouers se gedrag op twee maniere kan affekteer. (Repetti & Wood, 1997). Dit kan eerstens lei tot emosionele- en gedragsonttrekking van hul kinders en verminderde pogings om effektiewe ouerskapspraktyke vol te hou. Tweedens bestaan die moontlikheid dat dwang- en bestraffende praktyke kan toeneem. Stres word dikwels ook geassosieer met 'n toename in ouer-kind spanning en 'n afname in aanvaarding van kinders deur hul ouers (Dubas & Gerris, 2002).

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat verskeie faktore die beoefening van gesinsrituele kan beïnvloed. Dit het my laat wonder of die gesinsrituele wat die deelnemende gesin beoefen, moontlik beïnvloed kon word deur die ontwikkelingsfases waarin die kinders hulle bevind het. Vervolgens bespreek ek die verband tussen gesinsrituele en ontwikkelingsfases.

## **2.5 GESINSRITUELE EN ONTWIKKELINGSFASES**

Gesinsrituele kan enersyds kinders se ontwikkeling beïnvloed (Schuck & Bucy, 1997) en andersyds sensitief wees vir die ontwikkelingsfases waardeur die gesin gaan (Baxter & Clark, 1996). In die gesin wat aan my studie deelgeneem het, vind prosesse van verandering en ontwikkeling voortdurend plaas. Ek moes daarvan bewus wees dat die gesin ontwikkelingsveranderinge oor tyd ervaar en dat die tipe gesinsrituele wat die gesin beoefen, sodoende ook beïnvloed kon word. Die aard van die gesinsritueel verander dikwels saam met die ontwikkelingsouderdom van die kind (Dubas & Gerris, 2002). Volgens Imber-Black (2002) behoort gesinsrituele te verander ten einde individuele ontwikkeling te stimuleer en gesinsverhoudinge te laat gedy. Gesinsrituele kan die mens se beweging deur die lewensfases aankondig en moontlik maak.

Gesinsrituele impliseer dat gesinslede tyd saam spandeer. Oor kulture heen waar kinders skoolgaan, word dikwels gevind dat die hoeveelheid tyd wat kinders saam met hulle gesinne spandeer, afneem met skooltoetrede (Ellis, Rogoff & Cromer, 1981). Ek

was dus tydens die aanvang van my veldwerk bekommerd dat ek moontlik nie genoegsame data sou kon insamel nie, aangesien beide die kinders wat aan my studie deelgeneem het, reeds skoolgaande ouderdom bereik het. Ellis, Rogoff en Cromer (1981) het egter bevind dat die verandering in die tyd wat gesinslede saam spandeer soos wat kinders deur adolessensie beweeg, van kultuur tot kultuur verskil. Sommige adolessente bring minder tyd saam met hul gesinne deur as vroeër in hulle lewens, ander weer meer en sommige adolessente se tyd wat saam met hul gesinne deurgebring word, bly stabiel en onveranderd. Larson *et al.* (2001) maak die afleiding dat adolessente en ouers doelbewus sekere tipes aktiwiteite kies sodat die verhouding tussen hulle onderhou of selfs versterk kan word. Ek was daarvan bewus dat hierdie stelling moontlik ook waar kon wees vir die gesinslede wat aan my studie deelgeneem het.

Aangesien die deelnemende gesin sekere lewensveranderinge, soos verhuising na en terug van die buiteland deurgegaan het, het ek die relevansie besef van Imber-Black (2002) se stelling dat gesinsrituele tyd en geleentheid bied om lewensveranderinge en transformasies te ervaar en daaroor te reflekteer – of dit nou klein veranderinge is soos die verwisseling van omgewing in tuiskoms na skool, of meer drastiese veranderinge soos om weer iemand spesiaal te ontmoet na 'n lang tydperk van enkelopendheid.

In aansluiting hierby noem Oswald (2002) dat 'n aansienlike hoeveelheid gesinsrituele geleenthede kan skep waartydens lewensveranderinge vir een of meer gesinslede gevier word. Dit sluit normatiewe viering van veranderinge in, soos troues, begrafnisse en gradeplegtighede, maar kan ook opkomende rituele behels, soos verhuising na 'n nuwe huis, gesondheidskrisisse of werksuksesse. Sulke statusveranderinge word dikwels gekenmerk deur veranderinge in interpersoonlike verwagtinge van rolle, verantwoordelikhede en vermoë om by die gesinslede betrokke te wees. Ek moes egter tydens my studie in gedagte hou dat dit nog nie duidelik is of hierdie vieringe die gevolg is van veranderde verwagtinge wat reeds plaasgevind het, en of die aard van die viering self 'n direkte impak op die wysiging van sulke interpersoonlike verwagtinge het nie.

Indien die beoefening van gesinsrituele, soos vanuit die voorafgaande bespreking blyk, gesinslede kan help om om suksesvol by ontwikkelingsveranderinge aan te pas, volg die aanwending van gesinsrituele as intervensiemoontlikheid in gesinne wat ontwikkelingsveranderinge problematies vind, logies. Vervolgens bespreek ek gesinsrituele as intervensiemoontlikheid.

## **2.6 GESINSRITUELE AS INTERVENSIEMOONTLIKHEID**

Imber-Black (2002) noem dat hy gesinsrituele as 'n kragtige terapeutiese intervensie in sy praktyk aanwend. Hy glo dat gesinsrituele 'n kritiese hulpbron kan wees vir gesinne en terapeute wat graag die gegewe gesinsprosesse wil verstaan en help om die nodige transformasie (byvoorbeeld van een lewensfase na 'n ander, van konflik tot versoening of van een gesin na 'n ander) te bemeester. In die rasionaal van my studie (sien afdeling 1.3) oorweeg ek die moontlikheid dat my studie die opvoedkundige sielkundige praktyk kan uitbrei ten opsigte van die potensiële waarde van gesinsrituele as terapeutiese middel. Tydens my studie was ek dus bewus daarvan dat die deelnemende gesin se beoefening van gesinsrituele moontlik terapeuties waardevolle elemente kon ontbloot. Vir die doel van my navorsing was ek egter nie in 'n terapeutiese hoedanigheid by die gesin betrokke nie. Daarom was ek bewus van die elemente wat in hierdie bespreking volg, maar het ek dit as sulks nie toegepas tydens my navorsing nie. Vervolgens skenk ek aandag aan gesinsrituele as intervensiemoontlikheid vanuit die sisteemteoretiese perspektief asook as wyse van voorkoming en behandeling van moontlike emosionele labiliteit by kinders.

### **2.6.1 Gesinsrituele as intervensiemoontlikheid vanuit die sisteemteoretiese perspektief**

Selvini Palazzoli (in Mackey & Greif, 1994) was die eerste om die gebruik van gesinsrituele in sistemiese gesinsterapie bekend te stel in 1974. Sy het bevind dat verbale konfrontasie van disfunksionele patrone en reëls, dikwels gesinslede se weerstand teen die terapeutiese proses verhoog. Gevolglik het sy geritualiseerde voorskrifte ontwikkel wat daarop gerig is om die reëls wat disfunksie ondersteun, te



verbreek. Terapeutiese rituele word deur die terapeut voorgeskryf of in samewerking met die gesin gegeneer.

Die sisteemteoretiese benadering tot gesinsterapie (Becvar & Becvar, 2003) vestig die aandag op die verhoudinge tussen individue. Interaksie word beskou as wederkerig en klem word gelê op gedeelde verantwoordelikheid. Met verloop van tyd ontstaan patrone wat kenmerkend is van verhoudinge tussen die gesinslede. Die vraag is dan nie hoekom iets gebeur nie, maar wat besig is om te gebeur. Die sisteemteoretiese benadering is holisties en fokus op die prosesse en kontekste wat betekenis gee aan gebeure, asook op individue of op die gebeure in isolasie. Die hier-en-nou word ondersoek, eerder as die geskiedenis of oorsake van gebeure. Die deelnemers aan gesinsrituele staan dus in 'n verhouding tot mekaar en elk dra aktief by tot die ontstaan en instandhouding van die gesinsrituele, wat wederkerige interaksie impliseer en plaasvind in die hier-en-nou binne 'n bepaalde konteks.

Volgens MacKinnon (in Becvar & Becvar, 2003) is die Milan-benadering tot gesinsterapie een van die sisteemteoretiese benaderings wat gebruik maak van voorskriftelike rituele. Die voorskryf van 'n ritueel vir 'n gesin word baie sorgvuldig en presies gedoen. Dit beskryf wat deur wie gedoen behoort te word, waar, wanneer en in watter volgorde. Die ritueel word nie 'n permanente deel van die gesinslede se lewens nie, maar word eerder benader as 'n eksperiment. Die ritueel word ontwerp om belangrike verhoudinge in die gesin uit te klaar en om grense tussen generasies te beklemtoon. Voorgeskrewe rituele kan op gedrag, proses of struktuur fokus sonder gespesifiseerde inhoud. Ander voorgeskrewe rituele fokus weer meer op inhoudsboodskappe. Hierdie boodskappe kan probleme wat 'n gesin se gesonde funksionering inhibeer, onthul (Becvar & Becvar, 2003).



## 2.6.2 Voorkoming en behandeling van emosionele labiliteit en geestesongesondheid

Volgens Wenar en Kerig (2005) kan gesinsverhoudinge 'n belangrike rol speel in die etiologie en instandhouding van individuele geestesongesondheid en disfunksionering van die gesin as geheel. Segrin (2006) asook Wenar en Kerig (2005) voer aan dat die gesinskonteks kan bydra tot die ontstaan van versteurings soos onder andere depressie, skisofrenie en eetversteurings. Ek lei af dat, indien gesinsverhoudinge 'n rol speel in die etiologie en instandhouding van individuele geestesongesondheid en disfunksionering van die gesin as geheel, dit moontlik ook 'n bydrae kan lewer tot die emosionele en geestelike welstand van gesinslede en die gesin in totaliteit. In die geval van genoemde versteurings word terapie in die gesinskonteks aangevoer as 'n effektiewe intervensiemoontlikheid ter teenkamping en hantering van sodanige versteurings (Wenar & Kerig, 2000).

Walsh (2002) beskryf hoe 'n bategebaseerde benadering tot gesinsintervensie aangewend kan word om gesinne te help om problematiese omstandighede, soos egskeiding, siekte, dood, werkskrisisse en trauma te hanteer. Schuck en Bucy (1997:482) illustreer die gebruik van gesinsrituele as intervensiemoontlikheid soos volg:

*A single mother described bedtime as a nightmare with her twin 2-year-olds. The boys fought her efforts to get them to bed, and she frequently gave up in frustration, allowing the boys to fall asleep in front of the television. This caused her stress because she was unable to complete many of the household chores that could not be done when the boys were awake. Early interventionists were able to help her create a bedtime ritual that included songs she remembered her own mother singing to her as a child. Developing a bedtime ritual was successful in reducing her nightly stress, and the ritual also became a treasured family activity.*

Gesinsrituele as intervensiemoontlikheid kan voorgestel word tydens groepwerk met ouers of tydens gesinsterapie. Dit kan moontlik ook bydra tot skoolgebaseerde voorkomingsprogramme. Mackey en Greif (1994) beklemtoon die belangrikheid daarvan om gesinskrisisse te antisipeer voor dit plaasvind en te bou op voorkomende



gesinsrituele. Gesinsroetines (as komponent van gesinsrituele – sien afdeling 2.2.1) kan belangrike implikasies tot gevolg hê vir die voorkoming van fisieke of sielkundige probleme, of die behandeling daarvan (Howe, 2002). Begrip vir die wyse waarop suksesvolle gesinsroetines tot stand kom, stabiliseer of herorganiseer tydens periodes van verandering, kan lei tot die identifisering van beskermende faktore wat geteiken kan word in die volgende generasie gesinsgesentreerde voorkomingsproewe. 'n Beter begrip van gesinsroetines kan ook die grondslag lê vir vooruitgang in die behandeling van bestaande nood of versteurings.

Gesinsrituele kan verder die hantering van stres bevorder (Schuck & Bucy, 1997). Gesinne kan gehelp word om lewenstressors te hanteer deur gesinsverwante intervensies te formuleer wat onsekerheid aanspreek en stabiliteit verleen deur middel van gesinsrituele (Dengel, 2000; Schuck & Bucy, 1997; Mackey & Greif, 1994). Gesinne wat hulle roetines in stand hou ten spyte van stressors, sal hierdie stressors waarskynlik meer suksesvol hanteer. Gesinsroetines kan beskou word as wyses waarop gesinne stressors hanteer, veral as daardie roetines verander in respons tot nuwe omstandighede ten einde aan nuwe eise te voldoen (Fiese *et al.*, 2002).

Hierbenewens kan gesinsrituele bydra tot stabiliteit binne die gesinsisteem (McGraw, 2005; Leon & Jacobvitz, 2003; Schuck & Bucy, 1997). Schuck en Bucy (1997) beskryf die gebruik van die ABCX model, wat beskou word as die oorspronklike teoretiese formulering van gesinstres: (A) verwys na die stresvolle gebeurtenis; (B) verwys na die gesin se hulpbronne wat stres teëwerk; (C) verwys na die gesin se definiëring van die stresvolle gebeurtenis; en die gesin se aanpassing by die stresvolle gebeurtenis is (X). Volgens hierdie model word gesinsrituele beskryf as 'n relatief betroubare indeks van gesinsintegrasie wat effektiewe probleemoplossing en krisishantering insluit. Gesinsrituele kan dus gekonseptualiseer word as moontlike stabiliserende faktor in die gesin (Schuck & Bucy, 1997).

Gesinsrituele kan moontlik sekere gedrag in gesinne onderhou of sekere gedragsveranderinge kataliseer. Dit is dus 'n waardevolle potensiële terapeutiese

middel en dien as 'n kragtige lens waardeur gesinsdinamiek ondersoek kan word (Roberts, 1988). Tot dusver het ek meer te wete gekom van verskeie elemente van gesinsrituele wat ek tydens my studie in gedagte moes hou asook areas waar my studie moontlik 'n bydrae kon lewer. Vervolgens bied ek 'n bespreking van die teorieë wat die lense gekleur het waardeur ek sodanige elemente, areas en my studie as geheel, beskou het.

## **2.7 TEORETIESE BEGRONDING**

Navorsing wat verband hou met gesinsrituele is teoreties begrond in verskeie dissiplines, onder andere die Tradisionele Sielkunde, Positiewe Sielkunde, Maatskaplike Werk, Geskiedenis, Mediese Wetenskap, Teologie, Antropologie en Sosiologie (Bylaag H: Teoretiese begronding). Vanuit bestaande literatuur steun my navorsing grootliks op werke vanuit die Tradisionele Sielkunde, Teologie en Antropologie. Alhoewel ek verbandhoudende literatuur oor die gehegtheidsteorie en objekrelasies bestudeer het, het ek besluit om dit nie by hierdie hoofstuk in te sluit nie, aangesien dit buite die onmiddellike bestek van my studie val. My navorsing steun wel veral op die opvoedkundige sielkundige teorie van betekenisgewing, die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde. Ek bespreek elk vervolgens afsonderlik.

### **2.7.1 Die opvoedkundige sielkundige teorie van betekenisgewing**

Ek het 'n definisie van betekenisgewing en 'n omskrywing van die manier waarop ek kinders vir die doel van my navorsing verstaan (Van Niekerk, 1986), bespreek in afdeling 1.5.4 en 1.5.5. Aanvullend stel Ferreira (1994) en Van Niekerk (1986) dat kinders ervarende wesens is, met ander woorde dat hulle gewaar, ondervind en ken. Kinders is ook wilswesens. Hulle het 'n strewe en begeerte om iets te doen wat die verband met die mens se gevoelslewe beklemtoon.

In ooreenstemming met Ferreira (1994) se beskrywing van kinders, het ek die kinders wat aan my studie deelgeneem het beskou as kinders wat beleef. Dit impliseer dat hulle



self sin en betekenis gee aan hulle ervaringe. Hierbenewens het ek die kinders beskou as kennend, wat verwys na die handeling waardeur kennis, insig en begrip verwerf word. Die kinders wat aan my studie deelgeneem het is ook gedragswesens deurdat hulle op verskillende wyses tot ekspressie kom. Hierdie eienskappe stel hulle in staat en maak hulle gewillig om deel te neem aan situasies soos die beoefening van gesinsrituele, dit te ervaar, te beleef en te ken, alvorens dit tot uiting kom in gedrag.

## **2.7.2 Die bategebaseerde benadering**

Binne die opvoedkundige sielkundige benadering, steun ek veral op die bategebaseerde benadering as onderliggende teorie vir my studie. Eloff (in Ebersöhn & Eloff, 2006b) identifiseer agt stappe van die bategebaseerde benadering tot intervensie. Weens die beperkte omvang van my studie het ek tydens my navorsing slegs op die eerste vier en die laaste stappe van die bategebaseerde benadering gefokus. Ek rig vervolgens my bespreking van die bategebaseerde benadering aan die hand van die relevante stappe. Ter afsluiting van hierdie afdeling sit ek die redes waarom ek sommige stappe uitsluit, uiteen.

### ***2.7.2.1. Stap 1: Word bewus van die bategebaseerde benadering***

My begrip van die bategebaseerde benadering kan saamgevat word in die beskrywing daarvan as 'n "halfvol" eerder as 'n "halfleeg" benadering wat soms ook as 'n "bottom-up approach" bestempel word (Eloff & Ebersöhn, 2001). Die "halfvol" benadering impliseer dat identifisering van beide die kliënt se vaardighede en probleme wat ervaar word, plaasvind (Ammerman & Parks, 1998; Mokwena, 1997). Probleme word dus aangespreek deur te fokus op die versterking van die inherente bates binne 'n sisteem (Eloff & Ebersöhn, 2001). Die bategebaseerde benadering as "bottom-up approach" verskuif die klem vanaf die verskaffing van dienste na 'n fokus op die bemagtiging van individue en gemeenskappe. Die bategebaseerde benadering begin met dit wat reeds teenwoordig is, met ander woorde met die bates, sterkpunte en kapasiteite van individue (Eloff & Ebersöhn, 2001).



### ***2.7.2.2 Stap 2: Leer om te fokus op bates en kapasiteite***

Met hierdie studie wou ek meer weet van die rol wat gesinsrituele as moontlike bate tydens die betekenisgewing deur kinders speel. Ek was dus genoodsaak om te fokus op gesinsrituele as moontlike bate binne die gesin wat ek bestudeer het. Bates is die vaardighede, talente, gawes, hulpbronne, kapasiteite en sterk punte wat gedeel word met individue, instansies, verenigings, die gemeenskap en organisasies (Eloff in Ebersöhn & Eloff, 2006a). Ek het reeds bates as kernkonsep van my studie omskryf in afdeling 1.5.3.

### ***2.7.2.3 Stap 3: Identifiseer bates en stel 'n batekaart op***

Tydens my navorsing wou ek nie bloot bates in die gesin oor die algemeen identifiseer nie, maar wou ek spesifiek die moontlikheid dat gesinsrituele as bate in die gesin kon dien, ondersoek. Volgens Eloff (in Ebersöhn & Eloff, 2006b) kan gesinne 'n omvattende sisteem vorm waarbinne die bategebaseerde benadering toegepas kan word. Ondersteuning van die gesin sal tipies begin deur die bates van die individue in die gesin te identifiseer waarna die interpersoonlike bates, fisieke bates en enige ander hulpbronne wat binne die gesin beskikbaar is, geïdentifiseer word. Aangesien die bategebaseerde benadering intern gefokus is, word bates soos die gesin se belangstellings, uitdagings, prioriteite, kreatiwiteit, sterk punte, hoop en mag, deur die deelnemers self geïdentifiseer (Eloff in Ebersöhn & Eloff, 2006a; Bouwer in Landsberg, Kruger & Nel, 2005). Tydens my studie was dit vir my belangrik dat die deelnemende gesinslede self gesinsrituele as moontlike bate sou beoordeel en ook self die moontlike positiewe uitkomst daarvan sou uitlig.

### ***2.7.2.4 Stap 4: Identifiseer die toeganklikheid van bates, verhoudinge en magsverhoudinge***

Ek het gesinsrituele as moontlike bate binne die deelnemende gesin as toeganklik beskou, aangesien die gesin reeds gesinsrituele beoefen het en toestemming verleen



het dat hulle gesinsrituele vir die doel van my navorsing aangewend word. 'n Uiteraars belangrike element binne die bategebaseerde benadering is verhoudingstigting tussen individue, plaaslike verenigings en instansies (Kretzmann & McKnight, 1993). Eloff (in Ebersöhn & Eloff, 2006a) definieer verhoudinge as die basis van die bategebaseerde benadering wat wedersydse uitruiling van vaardighede, gawes, bates en talente, asook wedersydse ondersteuning insluit. Die taak van die professionele persoon behels merendeels om verhoudinge tussen individue, plaaslike verenigings en instansies te stig en indien nodig, weer te herstel deur middel van die proses van fasilitering (Kretzmann & McKnight, 1993). Aangesien my navorsing nie ten doel gehad het om terapeuties met die gesin te werk nie, het ek nie gepoog om verhoudinge tussen die deelnemers te stig nie, maar wou ek die dimensies van die gesinsverhoudinge eerder bestudeer as 'n moontlike uitkoms wat die beoefening van gesinsrituele kon oplewer.

#### ***2.7.2.5 Stap 8: Hersien, reflekteer en heroorweeg voortdurend***

In afdeling 3.3.2.1 bespreek ek reflektiewe joernale as een van my data-insamelings- en -vasleggingstegnieke. Die gebruik van reflektiewe joernale het my en die deelnemers in staat gestel om oor die navorsingsproses en beoefening van die gesinsrituele as moontlike bate, te reflekteer. Sodoende kon ek en die deelnemers die geleentheid kry om tydens verloop van my navorsing sekere gebeure te hersien en te heroorweeg.

#### ***2.7.2.6 Stappe 5, 6 en 7: Stappe wat buite direkte bestek van my studie val***

Die vyfde en sesde stappe van die bategebaseerde benadering het te make met die mobilisering van bates deur sterk, wedersyds voordelige verhoudinge binne en buite die onmiddellike sisteem (Eloff in Ebersöhn & Eloff, 2006b). Die sewende stap behels instandhouding. Die bategebaseerde benadering het ten doel om individue, gesinne en gemeenskappe te bemagtig deur bates te mobiliseer. Blote identifisering van bates is onvoldoende. Tydens die identifisering van bates binne 'n gesin behoort erkenning gegee te word aan die dinamiese en doelgerigte aard van gesinne. Ruimte word gelaat vir die ontwikkeling van nuwe bates en die herlewing van latente bates. Die langtermyn

effek hiervan kan wees dat die gesin bemagtig word om self bates binne die gesin te identifiseer (Eloff in Ebersöhn & Eloff, 2006b). Die vrugte van die geïdentifiseerde bates word nie gepluk alvorens die bates in werking gestel en aangewend word nie. Wanneer dit gebeur is individue, gesinne en gemeenskappe gewoonlik in staat om hulself te onderhou, sonder ingryping deur eksterne diensleweraars, self bates te identifiseer en tot hul voordeel te gebruik.

Met die aanvang van my veldwerk was gesinsrituele reeds teenwoordig binne die gesin wat aan my navorsing deelgeneem het. Aangesien ek weens die spesifieke aard en omvang van my studie nie ten doel gehad het om terapieutes met die gesin te werk nie, het ek slegs gepoog om gesinsrituele as moontlike bate te identifiseer en nie te mobiliseer nie. Ek was egter bewus daarvan dat die gesinsrituele moontlik deur middel van my navorsing wel verder gemobiliseer kon word. Verder het ek nie ten doel gehad om gesinsrituele as moontlike bate in die gesin te onderhou nie, alhoewel die gesin se toewyding en volharding in terme van die beoefening van die gesinsrituele wel 'n rol in my navorsing gespeel het.

### **2.7.3 Die Positiewe Sielkunde**

Die bategebaseerde benadering toon raakpunte met die Positiewe Sielkunde, wat deel vorm van die teoretiese raamwerk waarvolgens ek my navorsing onderneem het. Volgens Sheldon en King (2001) is die Positiewe Sielkunde die wetenskaplike bestudering van gewone menslike sterk punte en goeie eienskappe. Dit fokus op die dinge wat mense reg doen en hoe hulle dit doen (Compton, 2005). Ek vind persoonlike aanklank by Sheldon, Frederickson, Rathunde, Csikszentmihalyi en Haidt (2000) se beskrywing van die Positiewe Sielkunde as die wetenskaplike bestudering van optimale menslike funksionering. Vanuit hierdie beskouing het ek tydens my navorsing ondersoek ingestel na die deelnemende gesin se gesinsrituele as moontlike bate en die moontlikheid dat die gesin se funksionering daardeur geoptimaliseer kon word (waarskynlik deur die moontlike positiewe uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele kan oplewer).





Seligman (2002) asook Seligman en Csikszentmihalyi (2000) beskryf drie vlakke van menslike ervaring waarop die Positiewe Sielkunde fokus, naamlik die subjektiewe vlak, die individuele vlak en die gemeenskapsvlak. Hierdie vlakke definieer die omvang en oriëntasie van die Positiewe Sielkundige perspektief (Compton, 2005). Die veld van die Positiewe Sielkunde op die subjektiewe vlak het te make met positiewe, subjektiewe ervaringe, soos welstand en bevrediging (verlede), vloei, vreugde, liggaamlike plesier en geluk (hede) asook konstruktiewe denke oor die toekoms, soos optimisme, hoop en geloof (Seligman, 2002; Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). Tydens my navorsing was ek geïnteresseerd in die invloed van gesinsrituele op die gesinslede se subjektiewe vlakke van ervaring, wat ek geformuleer het as betekenisgewing.

Die individuele vlak het te make met positiewe persoonlike eienskappe, soos liefde en arbeidsaamheid, moed, interpersoonlike vaardighede, kunstigheid, uithouvermoë, vergifnis, oorspronklikheid, talente en wysheid (Seligman, 2002; Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). Die gemeenskapsvlak handel oor positiewe publieke eienskappe en instansies wat individue aanspoor om beter burgers te wees, soos verantwoordelikheid, versorging, altruïsme, matigheid, toleransie en werksetiek (Seligman, 2002; Seligman & Csikszentmihalyi, 2000). My navorsing het my ook gelei om ondersoek in te stel na die positiewe persoonlike en publieke eienskappe wat die beoefening van gesinsrituele moontlik as bategebaseerde uitkomst kon oplewer.

Verskeie aannames wat gemaak word binne die Positiewe Sielkunde het die lense gekleur waardeur ek die deelnemers beskou het (Compton, 2005). Eerstens het ek die deelnemers beskou as hoogs aanpasbare mense wat positiewe sosiale verhoudinge begeer. Hierdie beskouing het waarskynlik bygedra tot die sukses van my studie aangesien die deelnemers ywerig was om hulle gesinsomstandighede aan te pas ter wille van my navorsing. Hulle gemotiveerdheid om verhoudinge in die gesin te verbeter het hulle tot deelname aan my navorsing aangespoor. Tweedens het ek die deelnemers beskou as mense wat kan floreer en gedy. Tydens my navorsing was dit 'n belangrike aspek in die identifisering van positiewe uitkomst van betekenisgewing weens die beoefening van gesinsrituele. Ek het die deelnemers derdens beskou as mense wat



bestaan binne 'n sosiale konteks (in die geval van my studie het ek gefokus op die huisgesin as sosiale konteks) en vierdens het ek die deelnemers se sterk punte en talente beskou as sentraal tot hulle welstand. Hierdie punt vorm deel van die motivering waarom ek gekies het om te fokus op gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders. Indien ek die waarde van gesinsrituele kon begryp as 'n moontlike bydraende faktor tot positiewe uitkomst binne gesinsverband, kon gesinsrituele waarskynlik aangewend word om die welstand van andere te bevorder.

Vanuit die raamwerk wat die Positiewe Sielkunde bied, was dit vir my moontlik om my navorsing te rig ten einde die deelnemende gesin se geluk en subjektiewe welstand te verstaan en te fasiliteer. Verder kan my navorsing, in ooreenstemming met die doel van die Positiewe Sielkunde, moontlik positiewe voorkoming en positiewe intervensie na die veld van sielkunde te bring (Seligman, 2002). Teen die teoretiese agtergrond van die Positiewe Sielkunde kon ek die gesin dus bestudeer in terme van hulle sterk punte en voortreflikheid. Ek het nie probeer identifiseer wat verkeerd is nie, maar wou fokus op wat reg is, sodat daarop voortgebou kon word (Seligman, 2002).

## **2.8 KONSEPTUELE RAAMWERK**


Tydens konseptualisering van my navorsing het ek betekenisgewende kinders as sentraal tot my studie beskou. Ek wou eerstens tot begrip kom van kinders se betekenisgewing soos dit deur die beoefening van gesinsrituele beïnvloed word. Vir die doeleindes van my studie het ek gesinsrituele as 'n element van my studie beskou wat die betekenisgewende kind omsluit en inderwaarheid die nodige konteks skep waarbinne ek die betekenisgewende kind kon bestudeer. Hierbenewens het ek gesinsrituele beskou as 'n belangrike element wat die betekenisgewing van kinders kan beïnvloed.

My beskouing van die betekenisgewende kind en gesinsrituele berus op die bategebaseerde benadering en die veld van die Positiewe Sielkunde. Die beginsels van

die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde het die lense gekleur waardeur ek betekenisgewende kinders en gesinsrituele beskou het.

Die laaste element van my konseptuele raamwerk is die onbeperkte positiewe uitkomst wat ek geantisipeer het tydens uitvoering van my navorsing. Die positiewe uitkomst omsluit nie net betekenisgewende kinders, gesinsrituele en die benaderings waarop dit steun nie, maar word van binne daardeur gevoed. 'n Skematiese voorstelling van my konseptuele raamwerk word in Figuur 2.1 voorgestel.

**Figuur 2.1: Konseptuele raamwerk.**





## 2.9 SAMEVATTING

Vanuit die voorafgaande literatuurstudie kan ek duidelik onderskeid tref tussen rituele/gesinsrituele en roetine/gesinsroetine. Gesinsrituele hou spesiale simboliese betekenis vir gesinslede in wat by roetine ontbreek. In my bespreking het ek die interaktiewe, herhalende, stabiliserende, kommunikatiewe en betekenisgewende aard van gesinsrituele uitgelig. My bespreking van die verskillende dimensies van gesinsrituele wat in gesinne aangetref kan word, bied 'n raamwerk waarvolgens ek gesinsrituele kon bestudeer en verstaan binne die konteks van my studie. Dit is verder duidelik dat, alhoewel die beoefening van gesinsrituele soms problematies kan wees, dit vele potensiële positiewe uitkomst inhou vir die individu en die gesin as geheel. Ek het die belangrikheid van die aanpassing van gesinsrituele na gelang van gesinne se ontwikkelingsfases en lewensveranderinge geïllustreer. Ek het gesinsrituele as intervensiemoontlikheid op die voorgrond gestel en die moontlike voorkomende gebruik daarvan uitgelig. Laastens het ek die opvoedkundige sielkundige teorie van betekenisgewing, die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde voorgelê as onderliggende teoretiese benaderings waarop my navorsing gesteun het en het ek die kernaspekte in die vorm van 'n konseptuele raamwerk uiteengesit.

Vervolgens skenk ek in Hoofstuk 3 aandag aan die proses waardeur ek data versamel, geanaliseer en geïnterpreteer het. Punte van bespreking sluit die instrumentele gevallestudie as navorsingsontwerp, kwalitatiewe data-insamelings- en -vasleggingstegnieke, kwalitatiewe ontleding en interpretasie van data asook die eenheid van studie in. Ek identifiseer ook die beperkinge van die versamelde data aan die einde van die hoofstuk.

-oOo-



## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSVERLOOP

In hierdie hoofstuk sit ek die navorsingsmetodologie, met verwysing na die paradigmatiese perspektief en die navorsingsontwerp uiteen. Daarna bespreek ek die data-insamelings- en -vasleggingstegnieke asook my data-analise en interpretasie. Laastens bespreek ek die wetenskaplikheid van my studie en die etiese oorwegings waaraan ek aandag geskenk het.

#### 3.1 ALGEMENE ORIËTERING

In Hoofstuk 1 het ek die rasionaal van my studie uiteengesit. Dit stel dat die bevordering van gesinsrituele as toeganklike hulpbron enersyds 'n moontlike bydrae kan lewer tot gesonder gesinne en samelewings; en andersyds tot uitbreiding van die veld van opvoedkundige sielkundige praktyk in terme van die potensiële waarde van gesinsrituele as terapeutiese middel. 'n Studie in hierdie veld kan ook moontlik die basis lê vir verdere navorsing.

Ten einde die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders te eksploreer en te beskryf, het ek 'n gesin bestaande uit twee kinders en hulle ouers betrek. My studie is gerig deur die volgende primêre navorsingsvraag: **“Wat is die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders?”**, asook verwante sekondêre vrae, naamlik: Watter tipiese dimensies is in die gesinsrituele van kerngesinne teenwoordig? Hoe kan die beoefening van gesinsrituele kinders se betekenisgewing beïnvloed en watter bategebaseerde uitkomst, indien enige, kan die beoefening van gesinsrituele oplewer? In Hoofstuk 3 bied ek 'n bespreking van die ontwerp en verloop van my studie aan, waarna ek in Hoofstuk 4 'n uiteensetting verskaf van die data wat ingesamel, geanaliseer en geïnterpreteer is.



## **3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF**

My navorsing berus op 'n kwalitatiewe benadering gefundeer in die interpretivistiese paradigma. Ek bespreek vervolgens my gekose paradigmatiese perspektief deur aandag te skenk aan onderskeidelik die metodologiese paradigma en die meta-teoretiese paradigma.

### **3.2.1 Metodologiese paradigma**

My studie is gerig deur kwalitatiewe navorsingsmetodiek. Denzin en Lincoln (2003) stel dat die kwalitatiewe benadering tot navorsing moeilik definieerbaar is aangesien dit nie 'n eiesoortige teorie of paradigma impliseer nie. Veelvuldige meta-teoretiese paradigmas (soos die interpretivistiese paradigma, bespreek in afdeling 3.2.2) maak gebruik van kwalitatiewe navorsingsmetodes.

Babbie en Mouton (2004) verwys na die kwalitatiewe navorsingsparadigma in sosiale navorsing as navorsing wat 'n ingeligte perspektief op sosiale aksie gebruik as vertrekpunt. Die doel van my navorsing sentreer rondom die beskrywing en begryping, eerder as die verduideliking en voorspelling van menslike gedrag. Kwalitatiewe tegnieke het aan my die geleentheid gebied om in die siening van ander te deel en die betekenisgewing deur kinders aan hulle leefwêreld, hulself en andere te verstaan (Patton, 2002a; Denzin & Lincoln, 2000). My keuse om my studie vanuit 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma te benader, is dus gerig deur die aard van my studie in terme van die navorsingsvrae en doelstellings.

Ek het in my navorsing die deelnemers se persoonlike betekenis, persepsies en definisies op die voorgrond geplaas en gepoog om dit ten beste weer te gee deur gebruik te maak van kwalitatiewe navorsingsmetodologiese strategieë. Volgens Babbie en Mouton (2004) is die klem in kwalitatiewe navorsing op metodes van observasie en analise wat naverwant is aan die navorsingsonderwerp. Dit sluit metodes soos ongestruktureerde onderhoude, deelnemende observasie en die gebruik van persoonlike dokumente in. Denzin en Lincoln (2003) noem dat kwalitatiewe navorsing

geen enkele metodologiese praktyk bo 'n ander verkies nie. Kwalitatiewe navorsing beskik ook nie oor 'n duidelike stel metodes of praktyke wat eie daaraan is nie. Tydens my navorsing het ek onder andere gebruik gemaak van data-vasleggingstegnieke soos joernaalinskrywings, getranskribeerde onderhoude en bandopnames asook visuele materiaal soos foto's en tekeninge. Tydens die analise van my kwalitatiewe data het ek klem gelê op induktiewe analitiese strategieë (Babbie & Mouton, 2004).

### 3.2.2 Meta-teoretiese paradigma

Volgens Denzin en Lincoln (2003), Terre Blanche en Durrheim (2002) asook Leedy *et al.* (1997) bestaan 'n paradigma uit drie konsepte, naamlik epistemologie, ontologie en metodologie:

- **Epistemologie** vra: “Hoe ken ek die wêreld en wat is die verhouding tussen my en die deelnemers?” Volgens die interpretivistiese epistemologie het my studie berus op empatie en observeerder intersubjektiviteit. Ek het deurgaans gepoog om die situasie te begryp waarbinne die deelnemers se beoefening van gesinsrituele betekenis kon genereer, voor ek die gesinsrituele of die betekenisgewing as sulks kon verstaan.
- **Ontologie** verwys na die aard en inhoud van die realiteit wat bestudeer word. Die interpretivistiese ontologie het my gelei om te fokus op die interne realiteit van die deelnemers se subjektiewe ervarings. Denzin en Lincoln (2003) asook Schwandt (2000) beskou die bydrae van menslike subjektiviteit tot kennis, sonder dat die objektiewe aard van kennis ontken word, as een van die oorkoepelende eienskappe van die interpretivistiese benadering.
- **Metodologie** is bemoeid met die wyse waarop kennis van die wêreld verkry word. Die interpretivistiese metodologie wat ek in my studie nagevolg het, was interaksioneel, interpretatief en kwalitatief van aard.

Denzin en Lincoln (2003) voer aan dat etiek (ook genoem **Aksiologie**) as verdere basiese konsep van 'n paradigma ingesluit behoort te word. Etiek is bemoeid met die



vraag: “*Hoe is ek ‘n morele persoon in die wêreld?*” Denzin en Lincoln (2003) asook Schwandt (2000) beklemtoon die etiese beginsels van respek en betroubaarheid teenoor die wêreld as basiese eienskappe van die interpretivistiese paradigma. In afdeling 3.6 bespreek ek die riglyne wat ek nagevolg het ten einde etiese uitvoering van my navorsing te verseker.

Die kwalitatiewe, interpretivistiese benadering stel onder andere dat mense doelgerig en kreatief in hulle aksies is. Mense tree intensioneel op en skep betekenis in en deur hulle aktiwiteite (Blumer in Cohen, Manion & Morrison, 2000). Denzin en Lincoln (2003) asook Schwandt (2000) voer aan dat die beskouing van menslike gedrag as betekenisvol (in hierdie geval die beoefening van gesinsrituele), een van die belangrikste beginsels binne die interpretivistiese paradigma is. Mense is voortdurend aktief besig om hul sosiale wêreld te konstrueer (Becker in Cohen *et al.*, 2000), aangesien sosiale situasies verander, oor tyd ontwikkel en ryklik deur verskillende kontekste beïnvloed word. Gebeure en individue is dus uniek en grootliks nie-veralgemeenbaar. Gevolglik is daar veelvuldige interpretasies van, en perspektiewe op enkele gebeure en situasies (Cohen *et al.*, 2000).

Die doel van my studie het my gelei in die keuse van die interpretivistiese paradigma as onderliggende beskouing tot realiteit. Ek het gepoog om in diepte begrip te bekom van die subjektiewe ervarings en sienings van die gesinslede wat aan my studie deelgeneem het. Die interpretivistiese paradigma stel dat ‘n fenomeen binne ‘n bepaalde konteks verstaan en begryp behoort te word. Binne die raamwerk van my studie het ek dan ook gepoog om betekenisgewing deur kinders (en hulle ouers), in die konteks waar gesinsrituele binne die gesin beoefen word, te verken en te begryp. Gedrag, gevoelens en ervarings kan, weens die feit dat bepaalde betekenisgewing in bepaalde omstandighede geskied, nie apart van die konteks geïnterpreteer word nie (Terre Blanche & Kelly in Terre Blanche & Durrheim, 2002). Die interpretivistiese benadering het my dus instaat gestel om die deelnemers in hulle natuurlike omgewing (binne die huisgesin) te verken en hulle persoonlike ervarings, perspektiewe en



persepsies van die beoefening van gesinsrituele binne hulle unieke gesinskonteks te probeer begryp.

My gekose metodologiese- en meta-teoretiese paradigma, naamlik die kwalitatiewe, interpretivistiese benadering, het my gelei om gebruik te maak van 'n spesifieke navorsingsmetodologie en –strategieë. Ek skenk vervolgens aandag aan relevante konsepte wat hiermee verband hou.

### **3.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -STRATEGIEË**

In hierdie afdeling verwys ek na my navorsingsontwerp, die eenheid van my studie, die proses van data-insameling en -vaslegging asook die proses van data-analise en interpretasie wat ek nagevolg het tydens my studie.

#### **3.3.1 Navorsingsontwerp**

Volgens Terre Blanche en Durrheim (2002) is 'n navorsingsontwerp 'n strategiese aksie-raamwerk wat die navorsingsvrae en die implementering van die navorsing met mekaar in verband bring. Vir die doeleindes van my studie het ek 'n instrumentele gevallestudie as navorsingsontwerp gekies.

Vervolgens bespreek ek die gevallestudie as navorsingsontwerp met besondere verwysing na die instrumentele gevallestudie. Ek skenk ook aandag aan die eenheid van navorsing. Ter afsluiting van die bespreking hou ek die voordele van 'n gevallestudie as navorsingsontwerp asook die uitdagings wat daarmee geassosieer word voor.

##### **3.3.1.1 *Gevallestudie as navorsingsontwerp***

Babbie en Mouton (2004) identifiseer die gevallestudie as 'n moontlike kwalitatiewe navorsingsontwerp. Nisbet en Watt (1984) verwys na die gevallestudie as 'n geval wat

'n algemene beginsel illustreer. Dit is die studie van 'n geval in aksie. Die gevallestudie voorsien 'n unieke voorbeeld van mense in werklike situasies wat lesers in staat stel om idees beter te verstaan as wanneer dit bloot in abstrakte teorieë of beginsels aangebied word (Nisbet & Watt, 1984).

Hitchcock en Hughes (1995) meld dat 'n gevallestudie eerstens bemoeid is met ryk en duidelike beskrywings van gebeure wat relevant is tot die geval. Tweedens voorsien 'n gevallestudie 'n kronologiese narratief van gebeure en laastens fokus dit op individue of groepe deelnemers. Cresswell (2005) sluit hierby aan deur te noem dat die geval gewoonlik voorkom in 'n gebonde sisteem, soos byvoorbeeld 'n kind in 'n klas, 'n gesin of 'n gemeenskap. 'Gebonde' beteken dat die geval uitgesonder word vir navorsing in terme van tyd, plek of fisieke grense. In gevallestudies word gepoog om deelnemers se persepsies van gebeure te verstaan. Dit lig spesifieke gebeure uit wat relevant is tot die geval. Die navorser vorm 'n integrale deel van die geval en 'n poging word aangewend om die rykheid van die geval uit te beeld deur dit in verslagvorm weer te gee (Hitchcock & Hughes, 1995).

In my studie het ek gebruik gemaak van 'n instrumentele gevallestudie as navorsingsontwerp. Dit verskil van ander tipes gevallestudies deurdat dit gebruik kan word om tot beter begrip van 'n sekere kwessie te kom (Stake, 2000). Die geval was vir my van sekondêre belang en het bloot begrip van dit wat ek nagevors het, gefasiliteer. Ek beskou die gebruik van 'n instrumentele gevallestudie as navorsingsontwerp as gepas vir my studie aangesien gesinsrituele en die betekenisgewende kind binne die gesin, van belang was. Die gesin wat ek geïdentifiseer het as deelnemer, het bloot as instrument gedien in die eksplorering van die navorsingsonderwerp. Ek het gepoog om relevante, diepliggende inligting van die spesifieke geval te versamel, eerder as om veralgemeenbare bevindinge te verkry.

### **3.3.1.2 Eenheid van navorsing**

Stake (2000) meld dat, wanneer instrumentele gevallestudies gebruik word, die geval dikwels geïdentifiseer word nadat die onderwerp van die studie bepaal is. Identifisering



van 'n geval geskied doelbewus ten einde begrip van die onderwerp te fasiliteer. Dit was dan ook hier die geval aangesien ek 'n geskikte gesin vir my studie geselekteer het eers na identifisering van die tema vir my navorsing. Hierdie wyse van seleksie staan bekend as doelgerigte seleksie (Henning, Van Rensburg & Smit, 2004; Patton, 2002a; Silverman, 2000; Stake, 2000). Die eienskappe van 'n geval word in ag geneem wanneer dit vir die doel van navorsing oorweeg word. Die geleentheid wat die geval bied om meer van die onderwerp te leer, is egter die belangrikste aspek wat in ag geneem behoort te word wanneer 'n geval vir navorsing geselekteer word.

Die eenheid van navorsing in my studie is kinders, asook tot 'n mindere mate hulle ouers, binne 'n gesin wat gesinsrituele beoefen. Gedurende 2005 en 2006 het ek, tydens praktiese opleiding en voltooiing van my internskap, die geleentheid gekry om met verskeie kinders en hulle gesinne in aanraking te kom. Twee geskikte kinders ('n broer en 'n suster wat ten tye van my navorsing onderskeidelik 9 en 11 jaar oud was) is as eenheid van my studie geïdentifiseer. Toeganklikheid was 'n belangrike komponent wat ek tydens die selektering van 'n geskikte gesin in ag geneem het. Die teoretiese kennis wat ek verkry het vanuit bestudering van die bestaande literatuur oor gesinsrituele het my gerig om kriteria vir die seleksie van geskikte deelnemers te identifiseer (Henning *et al*, 2004). My seleksie-kriteria vir die keuse van 'n gesin was die volgende:

- Dat die gesin ten minste uit een kind met albei ouers bestaan. Ek het geantisipeer dat die gebruik van 'n kerngesin as deelnemers aan my studie moontlik die waarskynlikheid sou beperk dat die resultate toegeskryf kon word aan ander faktore as die gesinsrituele wat die gesin beoefen. Egskeiding of die kompleksiteit van gesinsrituele in hersaamgestelde gesinne waar elke gesin sy afsonderlike gesinsrituele na die hersaamgestelde gesin bring, is 'n voorbeeld van bogenoemde faktore.
- Dat die gesin Afrikaanssprekend is. Ek het hierdie aspek by die kriteria ingesluit ten einde my begrip van die verbale data te versterk, die rol van kultuuraspekte in my

navorsing te beperk en gevolglik ook die wetenskaplikheid van my navorsing te verhoog.

- Dat die gesin in Pretoria woonagtig is. Ek het hierdie kriterium ingesluit ten einde die verloop van die navorsingsproses te vergemaklik en die deelnemers so min moontlik te verontrief. My navorsing is nie gesubsidieer nie en reisonkoste sou waarskynlik my studie kon kelder. Hierdie kriterium het verder geïmpliseer dat ek deelnemers in weekstyd kon sien en dat afsprake met gemak geskuif kon word indien dit nodig sou wees.
- Dat gesinsrituele in die gesin beoefen word. My studie het nie ten doel gehad om op 'n terapeutiese wyse gesinsrituele in die gesin te skep nie, maar wou eerder die invloed van bestaande gesinsrituele ondersoek. Gevolglik het ek vereis dat gesinsrituele reeds in die geselekteerde gesin beoefen was by die aanvang van my studie.

Doelgerigte seleksie het my instaat gestel om deelnemers te identifiseer wat aan die bogenoemde kriteria voldoen. Dit het die voordeel ingehou dat ek relatief seker kon wees dat die deelnemers data sou voorsien wat verband hou met my primêre en sekondêre navorsingsvrae.

### ***3.3.1.3 Voordele van 'n gevallestudie as navorsingsontwerp***

Volgens Mouton (2001) beskik gevallestudies oor hoë konstruktiewaardigheid. Ek verkies in hierdie verband die term kredietwaardigheid wat volgens Durrheim en Wassenaar (1999) verwys na die mate waarin die navorsingsbevindinge 'n akkurate weerspieëling van die werklikheid is. Aangesien gevallestudiedata 'n mens se aandag aangryp en in harmonie met die leser se eie ervaring is (Stake, 2000), is dit gewoonlik relatief getrou aan die realiteit (Hitchcock & Hughes, 1995).

Gevallestudies erken die kompleksiteit van sosiale waarhede. Deur sorgvuldig aandag te skenk aan sosiale situasies, kan gevallestudies iets van die teenstrydige sieninge van deelnemers verteenwoordig (Hitchcock & Hughes, 1995). My navorsing het nie ten doel



gehad om te bewys dat gesinsrituele positiewe uitkomst tot gevolg kan hê wat betref kinders se betekenisgewing nie; ek wou eerder die invloed van die beoefening van gesinsrituele op kinders se betekenisgewing verstaan. 'n Gevallestudie as navorsingsontwerp het dit vir my moontlik gemaak om moontlike positiewe asook negatiewe uitkomst op die betekenisgewing van kinders te onthul (Hitchcock & Hughes, 1995).

Gevallestudies verleen in diepte begrip van dit wat bestudeer word (Mouton, 2001) en spreek van unieke eienskappe wat andersins verlore kan gaan in grootskaalse data. Hierdie unieke eienskappe kan die sleutel bied tot begrip van die situasie (Hitchcock & Hughes, 1995). Ook Stake (2000) beklemtoon die waarde van gevallestudies in die bestudering van unieke besonderhede van 'n spesifieke geval. Tydens verloop van die data-insamelingsproses kon ek met vrymoedigheid onvoorsiene gebeure en onbeheerde veranderlikes, wat deur die uniekheid van die geval geïmpliseer is, verwelkom en daarop voortbou (Hitchcock & Hughes, 1995).

Gevallestudies verteenwoordig navorsing in 'n meer publiek-toeganklike vorm as ander tipes navorsingsverslae – alhoewel hierdie verslae baie lank kan wees (Hitchcock & Hughes, 1995). Die taal en die formaat waarin die navorsing voorgestel word, is minder verborge en minder afhanklik van gespesialiseerde interpretasie as konvensionele navorsingsverslae. Dit verminder die leser se afhanklikheid van ongenoemde, implisiete aannames en maak die navorsingsproses as sulks toeganklik.

Stake (2000) verwys in hierdie verband na naturalistiese ervaringskennis. Gevallestudies se inhoude loop tot 'n sekere mate parallel met ware ervarings van die leser en bevorder sodoende die leser se bewustheid en begrip vir die inhoude. Die leser beleef die inhoude asof hy of sy dit self ervaar het. Danksy my besluit om 'n gevallestudie as navorsingsontwerp te gebruik, kan my studie bydra tot die demokratisering van besluitneming en kan ek lesers toelaat om die implikasies van my studie self te beoordeel (Hitchcock & Hughes, 1995).

Gevallestudiedata kan 'n argief van beskrywende materiaal vorm wat ryk genoeg is om daaropvolgende herinterpretasie toe te laat. My studie kan 'n bron van data bied vir gebruik deur navorsers wat ander doelwitte het as wat ek tydens my navorsing gehad het. My argief van beskrywende materiaal kan dus insig in ander, soortgelyke gevalle en situasies voorsien, en steun sodoende die interpretasie daarvan (Hitchcock & Hughes, 1995).

#### **3.3.1.4 Uitdagings van 'n gevallestudie as navorsingsontwerp**

'n Moontlike uitdaging van gevallestudies is dat die resultate dikwels nie veralgemeen kan word na nader populasies nie (Mouton, 2001; Cohen *et al.*, 2000). Alhoewel Hitchcock en Hughes (1995) hierdie potensiële uitdaging erken, meld hulle dat uitsonderings soms toelaat vir gevalle waar ander lesers/navorsers die moontlike toepassing van gevallestudies in soortgelyke kontekste identifiseer. Aangesien my navorsing interpretivisties van aard is, het ek egter nie gepoog om die resultate te veralgemeen nie. Ek het die navorsingsdata bloot in diepte beskryf.

Tweedens leen gevallestudies dit nie tot kruisvalidasie nie en kan daarom selektief, bevooroordeeld, persoonlik en subjektief wees (Cohen *et al.*, 2000; Hitchcock & Hughes, 1995). My vooroordele kon moontlik die resultate van my navorsing beïnvloed het. Ek het dus tydens die uitvoering van my navorsing gepoog om te alle tye bewus te wees van my vooroordele en subjektiwiteit ten einde die impak daarvan op die resultate te verminder. Reflektiewe joernale het ook 'n positiewe bydrae gelewer in hierdie verband.

#### **3.3.2 Data-insameling**

Ten einde die primêre navorsingsvraag asook die sekondêre vrae te kon beantwoord, het ek data deur middel van 'n verskeidenheid interafhanklike data-insamelings-aktiwiteite bekom en vasgelê. Vervolgens sit ek die data-insamelings- en -vasleggings-

tegnieke, die navorsingsgesitueerdheid en moontlike uitdagings van die data-insamelingsproses uiteen.

### **3.3.2.1 Data-insamelings- en -vasleggingstegnieke**

Die proses van data-insameling en –vaslegging het 'n aanvang geneem op 3 Junie 2006 en is afgesluit op 9 Augustus 2006. Ek was dus vir ongeveer twee maande betrokke by die deelnemende gesin en het op verskeie data-insamelings- en –vasleggingstegnieke gesteun. Ek het in totaal vier besoeke aan die gesin afgelê. Twee besoeke was gewy aan semi-gestruktureerde onderhoude wat ek met die gesinslede gevoer het, terwyl ek die ander twee besoeke benut het om data te bekom deur middel van opvoedkundige sielkundige assesserings. Tydens hierdie twee maande het die gesinslede voorafbepaalde gesinsrituele beoefen en, op eie diskresie, twee gesinsrituele op band geneem onderwyl hulle dit beoefen het. Die gesinslede het verder inskrywings in refleksiejoernale gemaak en per geleentheid foto's van die gesinsrituele geneem. Hierbenewens het die gesin foto's aan my verskaf van gesinsrituele wat plaasgevind het voor die aanvang van my veldwerk. Ek het reeds in April 2006 begin veldnotas maak, wat voortgeduur het tot Augustus 2006. Vervolgens bespreek ek elk van die data-insamelings- en -vasleggingstegnieke wat ek vir die doeleindes van my studie gebruik het.

Ek het **opvoedkundige sielkundige assesserings** (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 1-11) vroeg in die proses van data-insameling ingeskakel sodat ek myself kon oriënteer in terme van die betekenisgewing en konteks van die geselekteerde kinders en hulle ouers. Dit het die basis van my rou data gevorm, van waaruit ek verdere aspekte verken het. Tydens die assesserings het ek spesifieke gesinsrituele geïdentifiseer, wat die basis gevorm het waarop die res van my navorsing voortgebou is. Ek het ook die dimensies van gesinsrituele en gepaardgaande betekenis deur die kinders tydens die assesserings geëksploreer. In ooreenstemming met die kwalitatiewe, interpretivistiese paradigma wat ek nagevolg het, het ek slegs



postmoderne assesserings<sup>7</sup> onderneem, ten einde optimale geleentheid te skep vir die deelnemers om outentieke response te lewer. Ek het klem gelê op kwalitatiewe tegnieke en metodes, soos beskrywings en vertellings, asook bategebaseerde assesseringswyses wat ten doel gehad het om bates in die deelnemers en hulle omgewings te identifiseer (Lubbe, 2004). Die kinders en hul ouers het deelgeneem aan die assesseringsproses. Collages is 'n voorbeeld van informele media wat ek tydens die assesserings ingeskakel het. Ek het die resultate van die assesserings kwalitatief geïnterpreteer. Ek het voortdurend die opsie om verdere opvoedkundige sielkundige assesserings deur die loop van my navorsing voort te sit, in gedagte gehou. Die doel sou wees om leemtes in inligting aan te vul. Bylaag F (Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 10-11) kan geraadpleeg word vir 'n uiteensetting van die verloop van die postmoderne assesserings wat ingeskakel is.

Tweedens het **semi-gestruktureerde onderhoude** deel gevorm van die data-insamelingsproses, ten einde die persepsies van die gesinslede, soos die ouers, in te sluit. Onderhoudvoering is meedeelsame gebeure wat daarop gerig is om uit te vind wat deelnemers dink, weet en voel (Henning *et al.*, 2004). Ek is van mening dat die onderhoude my data aansienlik verryk het, aangesien dit die ouers se belewinge en waarnemings van die kinders se betekenis, soos dit tot uiting gekom het in hulle gedrag, blootgelê het. Vanweë die feit dat die kinders weens hulle jeugdige ouderdom by tye van my veldwerk dit relatief moeilik gevind het om hulle eie betekenisgewing verbaal uit te druk, het ek die ouers se persepsies besonder waardevol gevind. Ek het twee geleenthede vir onderhoudvoering geskep – tydens die aanvang van die data-insamelingsproses en weer aan die einde van die proses. Die semi-gestruktureerde aard van die onderhoude het geïmpliseer dat ek temas in gedagte gehad het wat ek met die deelnemers wou bespreek, maar dat geen voorafopgestelde vrae rigied nagevolg is tydens die onderhoudvoering nie (Henning *et al.*, 2004; Terre Blanche & Kelly, 2002). Ek het die onderhoude op band geneem en my vraagstelling deurgaans daarop gerig om beter begrip te bekom van die gesinsrituele wat die gesin beoefen, die dimensies daarvan en betekenisgewing deur die kinders. Na afloop van elke onderhoud het ek self

---

<sup>7</sup> Volgens Lubbe (2004) behels postmoderne assessering die gebruik van kwalitatiewe tegnieke en metodes soos beskrywings en narratiewe. Die kind en gesin neem deel aan die assesseringsproses.





die bandopnames so spoedig moontlik verbatim getranskribeer (Bylaag B: Semi-gestruktureerde onderhoude – 5 Junie & 9 Augustus 2006, bl 1-30). Ek het gevind dat latere analise van die data op dié wyse vergemaklik is (Henning *et al.*, 2004).

Verder het geleenthede opgeduik waartydens ek toevallig met die deelnemers kontak gemaak het buite geskeduleerde ontmoetingstye. Hierdie **informele gesprekvoering** het ook 'n integrale deel van die data-insamelingsproses gevorm. Gesprekvoering het die vorm aangeneem van informele gespreksonderhoude (Cohen *et al.*, 2000), wat verwys na situasies waar vraagstelling spruit uit die onmiddellike konteks en natuurlike vloei van die interaksie. Interaksie tussen my en die deelnemers was daarop gerig om inligting in te win wat moontlik kon bydra tot beantwoording van die sekondêre navorsingsvrae. Gesprekvoering het nie net 'n belangrike rol in goeie verhoudingstigting met die gesin gespeel nie, maar was ook 'n ryk bron vir rou data, deurdat dit deurlopend en op 'n kontinue wyse plaasgevind het. Aangesien die informele gesprekvoering tussen my en die deelnemers nie op band geneem kon word nie, het ek dit in my veldnotas gedokumenteer (Bylaag E: Veldnotas – 13 April tot 14 Augustus 2006, bl 1-5) en oor sommige inhoude in my persoonlike refleksiejoernaal gereflekteer.

Bryman (2004) asook Lincoln en Guba (2003) bespreek die belangrikheid van refleksiwiteit – 'n proses waartydens navorsers hulself krities evalueer as deelnemers aan die navorsingsproses. Ek het van persoonlike **refleksies** (Bylaag D: Refleksiejoernale, bl 8-14) gebruik gemaak om gebeure en prosesse te oordink. Ek het in my persoonlike refleksiejoernaal in die besonder aandag geskenk aan aspekte soos die metodologie wat ek nagevolg het, my waardes en vooroordele, asook die invloed van my kulturele, politiese en sosiale agtergrond op die data-insamelingsproses (Bryman, 2004). Deur myself gedurig deur middel van refleksie te ondervra, is die kredietwaardigheid van my studie waarskynlik verhoog. Verder het ek gebruik gemaak van **reflektiewe joernale** (Bylaag D: Refleksiejoernale, bl 1-7) wat die betrokke gesinslede met verloop van my navorsing saamgestel het. Ek het hierdie data-insamelings- en -vasleggingstegniek geïmplementeer nadat ek spesifieke gesinsrituele wat deur die gesin beoefen is, geïdentifiseer het tydens die opvoedkundige sielkundige



assesserings, onderhoudvoering en gesprekvoering. Die gesinslede het hulle konkrete ervarings gebruik as basis vir hulle refleksies (Hubbs & Brand, 2005), wat beide kognitiewe en emosionele komponente ingesluit het (Wong, Kember, Chung & Yang, 1995). Aangesien die wyse waarop die gesinslede hierdie inligting aangeteken het, vir hulle gemaklik en uitvoerbaar moes wees het ek alternatiewe wyses aanbeveel by die onderskeie gesinslede. Ek het byvoorbeeld 'n kind wat negatief is teenoor skryfaktiwiteite, toegelaat om sy refleksies op band te neem. Die gesinslede is versoek om hulle refleksies te doen direk na die beoefening van die geïdentifiseerde gesinsrituele. Ek het aanvanklik geantisipeer dat die gesin se reflektiewe joernale die hoofbron van data sou wees, maar dit was nie die geval nie. Die data wat deur die reflektiewe joernale gegeneer is, het egter wel gedien ter aanvulling en ondersteuning van die rou data wat deur ander tegnieke ingewin is.

Die aard van die geïdentifiseerde gesinsrituele, tesame met die gesin se toestemming, het dit vir my moontlik gemaak om **ouditiewe** (Bylaag C: Bandopnames – 25 & 29 Junie 2006, bl 1-22) **en visuele data** (Bylaag G: Visuele data, bl 1-5) in te samel (Harper, 2000; Silverman, 2000). Die gesin het foto's geneem onderwyl hulle die gesinsrituele beoefen het. Die foto's het gesprek van gesinsverhoudinge oor die algemeen en ook geslagsverhoudinge in die besonder. Ek het die foto's geanaliseer deur te let op aspekte soos die gesinslede se liggaamstaal en posisionering van die gesinslede teenoor mekaar. Die gesin het ook ingestem om ouditiewe opnames van 'n gesinsritueel tydens geleenthede op band vas te lê. Ek het die bandopnames voorberei vir analise en interpretasie deur dit verbatim te transkribeer (Silverman, 2000). Ek het gevind dat die bandopnames dit vir my moontlik gemaak het om die gesin se interaksie tydens beoefening van die gesinsrituele in diepte en vanuit verskillende invalshoeke te ondersoek. Dit het gelei tot die identifisering van temas waarvan die deelnemers waarskynlik aanvanklik onbewus was.

Kelly (1999) noem dat kommunikasie meer behels as die produksie van woorde. Mense kommunikeer ook deur hulle liggame. **Observasie** het dus 'n integrale deel gevorm van my kwalitatiewe navorsing en het deurlopend plaasgevind. Tydens die data-



insamelingsproses het ek gebruik gemaak van etnometodologiese observasie (Bryman, 2004; Henning *et al.*, 2004). Dié outeurs beskryf hierdie tipe observasie as waarneming van die wyse waarop sosiale orde geskep word deur middel van taal en interaksie. Ek het gelet op aspekte soos die volgorde waarin aktiwiteite plaasgevind het en die posisionering van gesinslede teenoor mekaar. Ek het dit wat direk geobserveer is, maar ook die periferiese konteks waarin die observasie plaasgevind het dan in my veldnotas vervat. Ek het **Veldnotas** (Bylaag E: Veldnotas – 13 April tot 14 Augustus 2006, bl 1-5) gemaak om die rou data vas te lê, wat onderskeidelik beskrywend en analities van aard was (Terre Blanche & Kelly, 2002). Bryman (2004) definieer veldnotas as 'n gedetailleerde weergawe van gebeure, gesprekke, gedrag en die navorsers se aanvanklike refleksies daaroor. Silverman (2000) stel twee praktiese reëls voor vir die aantekening van veldnotas wat ek tydens die proses van data-insameling en -vaslegging nagevolg het. Eerstens het ek gepoog om dit wat ek kon sien en hoor aan te teken. Tweedens het ek my veldnotas uitgebrei tot meer as net 'n blote weergawe van my onmiddellike waarnemings. Alle situasies en interaksies is op 'n beskrywende wyse aangeteken en daaroor gereflekteer. Ek het gevind dat die inligting wat ek in my observasienotas en veldnotas vervat het, veral waardevol was ten opsigte van kontekstuele inligting. Dit het my bewustheid van kontekstuele invloede op die deelnemers se response verskerp en ek kon gevolglik met beter insig daaroor reflekteer.

Die tipe gesinsrituele wat ek geïdentifiseer het, asook die frekwensie waarmee dit beoefen is, het die hoeveelheid kontakgeleenthede met elke deelnemer en die gesin bepaal. Ek het 'n skedule waarvolgens ek die data kon insamel, aan die begin van die proses opgestel en dit met die deelnemers onderhandel. In die skedule het ek aandag geskenk aan die datums waarop die onderskeie data-insamelingsgebeure sou plaasvind, die tyd wat dit ongeveer van die deelnemers sou eis asook 'n beskrywing van dit wat ek van die deelnemers verwag het. Die datums wat in die aanvanklike skedule uiteengesit word, stem egter nie altyd ooreen met die datums wat die leser in die bylae sal aantref nie. Aangesien ek die data-insameling en -vaslegging as 'n buigsame proses benader het, het verskeie veranderinge wat deur omstandighede genoodsaak is, die aanvanklike skedule beïnvloed. Ek sit vervolgens die skedule uiteen in Figuur 3.1.



**Figuur 3.1: Aanvanklike skedule van die data-insamelingsproses**

<i>DATUMS</i>	<i>DATA + TYD</i>	<i>BESKRYWING VAN DATA-INSAMELING EN -VASLEGGING</i>
Naweke van 3 en 17 Junie 2006	Opvoedkundige sielkundige assesserings (2 ure per naweek)	Elke gesinslid doen die volgende: <ul style="list-style-type: none"><li>• Skryf 'n paragraaf waarin die gesinstyd in die week beskryf word wat vir hom/haar spesiaal is. Wat gebeur in daardie tyd? Hoe laat dit hom/haar voel oor homself/haarself en oor die ander lede van die gesin? Wat beteken dit vir hom/haar?</li></ul> Die kinders doen die volgende: <ul style="list-style-type: none"><li>• Maak saam 'n collage van hulle gesin waar hulle besig is om iets lekkers saam te doen. Dit behoort iets te wees wat gereeld saam gedoen word.</li><li>• Teken elk 'n prentjie van hul gesin.</li></ul>
5 en 19 Junie 2006	Semi-gestruktureerde onderhoude (1 uur elk)	Twee geleenthede vir onderhoudvoering is geskep – tydens die aanvang van die data-insamelingsproses en weer aan die einde van die proses. Ek het versoek dat die hele gesin teenwoordig sal wees. Ek het die kinders betrek by die besluitnemingsproses (rondom watter gesinsrituele beoefen sou word as deel van die data-insameling). Ek het beoog om een ritueel wat daaglik plaasvind en een wat weeklik plaasvind te identifiseer.
Onbepaald	Gesprekvoering	Ek het notas gemaak van informele gesprekvoering wat aangeknoop is tydens die verloop van die twee weke.
Elke dag vanaf 6 Junie tot 18 Junie 2006 vir die daaglikse ritueel. Elke keer na 'n weeklikse ritueel.	Reflektiewe joernale (± 6 ure)	Die grootste en belangrikste deel van die data bestaan uit die deelnemers se joernaalinskrywings. Elke deelnemer is van 'n boekie voorsien waarin hulle na afloop van elke ritueel 'n paragraaf (of meer) geskryf het oor hulle belewinge. Die gesinslede is gevra om te skryf oor hulle belewinge van die gesin se ritueelbeoefening vir daardie dag. Wat was lekker? Wat het ander gesinslede gedoen/gesê wat hom/haar opgeval het? Hoe beïnvloed dit die res van sy/haar dag? Wat kom hy/sy agter, ens. Altesaam sewentien inskrywings per gesinslid is beoog: Dertien vir die daaglikse ritueel (beoefen oor twee weke) en vier vir die weeklikse ritueel (beoefen oor vier weke).
6, 11 en 17 Junie 2006 vir die daaglikse ritueel. Per geleentheid vir die weeklikse ritueel.	Visuele en Ouditiewe data	Die gesin is versoek om op twee of drie geleenthede foto's te neem van die rituele terwyl dit plaasvind. Alhoewel voorstelle vir datums waarop die foto's geneem kon word, gemaak is, is die gesin die opsie gegee om self die geskikte tyd daarvoor te bepaal. Die gesin kon ook self besluit wat om af te neem. Daar is aangebied om hulle



		van 'n kamera en film te voorsien, maar die gesin het aangedui dat hulle verkies om hulle eie digitale kamera te gebruik. Daar is aanvanklik oorweeg om 'n addisionele onderhoud te voer tydens die verloop van die data-insamelingsproses. Die besluit is egter geneem om hierdie data te vervang met 'n bandopname van twee geleenthede waartydens 'n gesinsritueel beoefen is. Die gesin het hiertoe ingestem en my bandopnemer gebruik om die opnames te maak.
Deurlopend	Veldnotas, Observasie en my eie Reflektiewe Joernaal	Die gesin was daarvan bewus dat ek deurlopend veldnotas gemaak het, geobserveer het tydens geskeduleerde kontakssessies soos hier bo aangedui en dat ek my eie reflektiewe joernaal gehou het.

### **3.3.2.2 Navorsingsgesitueerdheid**

Die proses van data-insameling- en -vaslegging het plaasgevind by die deelnemers se woning. Ek het dit om die volgende redes as geskikte ligging beskou:

- Dit is die natuurlike omgewing waarbinne die gesin die gesinsrituele beoefen en sou moontlik die verkryging van ware weerspieëlings van gebeure bevorder.
- Weens die gesin se besige skedule was dit prakties en gerieflik vir my om die onderhoude by die gesin se woning te voer.

Volgens die etiese kode van die Raad vir Gesondheidsberoepes in Suid-Afrika (besoek <http://www.hpcsas.co.za/hpcsas/UserFiles/File/ProfessionalGuidelines.doc> vir die volledige dokument), sou aangevoer kon word dat ek die etiese beginsels van grense en respek vir die gesin se privaatheid in gedrang gestel het deur die gesin by hulle privaat woning te besoek. Om hierdie rede het ek voor die aanvang van die data-insameling en -vaslegging die plek van ontmoeting met die gesin onderhandel en hulle toestemming verkry om die data by hulle woning in te samel. By die gesin se huis het ek slegs die woonarea en eetkamer binnegegaan, en sodoende hulle privaatheid gerespekteer.



### **3.3.2.3 Moontlike uitdagings van die data-insamelingsproses**

Volgens Silverman (2000) en Gubrium (1997) word onderhoude meestal gebruik om deelnemers se persepsies te verken. Die outeurs is egter van mening dat mense nie 'n enkele betekenis aan hul ervaringe heg nie, en bevraagteken die gepastheid van die gebruik van onderhoude. Ook Kruger (2003), 'n navorser in die Kliniese Sielkunde, stel voor dat tot vyf onderhoude tydens die proses van data-insameling en -vaslegging met deelnemers gevoer behoort te word aangesien elke onderhoud meer en nuwe data oplewer, wat benut kan word. Ek skaar my hierby deurdat ek besef het dat die semi-gestruktureerde onderhoude wat ek met die deelnemers gevoer het, slegs 'n moment-opname van die gesin se leefwêreld vervat. Weens die beperkte omvang van my studie, het ek besluit om slegs twee onderhoude met die deelnemers te voer. Die ander data-insamelings- en -vasleggingstegnieke het temas, wat vanuit die onderhoude voortgespruit het, aangevul en bevestig. Op hierdie wyse het ek gepoog om die kredietwaardigheid van my studie te verhoog.

Ek was tydens verloop van die data-insameling dikwels genoodsaak om, weens beperkte tyd en 'n druk skedule, vinnig aantekeninge te maak. Silverman (2000) noem die volgende: "*The problem with fieldnotes is that you are stuck with the form in which you made them at the time and your readers will only have access to how you recorded events.*" Ten einde hierdie probleem te oorkom het ek streng beginsels vir die skryf van my veldnotas nagestreef. Wanneer ek nie tyd gehad het om omvattende veldnotas te maak nie, het ek van kernaantekeninge gebruik gemaak en dit dan so spoedig moontlik verander na getikte formaat (Silverman, 2000; Spradley, 1979).

Die gesinslede het hulle konkrete ervaringe gebruik as basis vir refleksies (Hubbs & Brand, 2005), wat beide kognitiewe en emosionele komponente ingesluit het (Wong *et al.*, 1995). Volgens Louw *et al.* (1998) neem die woordeskat van kinders in hulle middelkinderjare toe namate hulle nuwe woorde en hul betekenis aanleer. Begrip van figuurlike uitdrukkings en ironie neem ook toe in hierdie ouderdomsfase. Wat betref kinders se emosionele ontwikkeling wys Louw *et al.* (1998) daarop dat kinders se begrip

van hulle emosies en ervaringe merkbaar verander tussen die ouderdomme ses en elf jaar. Die kinders wat deelgeneem het aan my studie is ontwikkelingsgewys dus nog in die proses om hierdie taal- en emosionele mylpale te bereik. Dit het tot gevolg gehad dat die kinders dit moeilik gevind het om hulself in reflektiewe joernale uit te druk en gevolglik was die data wat ek deur middel van die kinders se reflektiewe joernale ingesamel het, minder ryk en omvattend. Ek kon hierdie leemte gedeeltelik aanspreek met die hulp van die kinders se moeder. Sy het met die kinders gesels en dan hulle gedagtes namens hulle in die joernale neergeskryf.

Bryman (2004) en Henning *et al.* (2004) voer aan dat observasie 'n belangrike deel van die data-insamelingsproses vorm. Daar kan nie bloot op die deelnemers se response staatgemaak word nie. Observasie voorsien aanvullende inligting waar daar gapings in die data mag voorkom (Henning *et al.*, 2004). Tydens data-insameling het ek egter geen direkte waarneming van die gesinsrituele tydens die beoefening daarvan gemaak nie. My afwesigheid het moontlik daartoe gelei dat waardevolle data wat deur middel van observasie ingesamel kon word, verlore gegaan het. Ek het die besluit doelbewus geneem om nie tydens beoefening van die gesinsrituele teenwoordig te wees nie, op grond van my aanname dat my teenwoordigheid moontlik die natuurlike verloop van die situasie kon beïnvloed en die kredietwaardigheid van my studie daardeur kon benadeel. As alternatief vir my teenwoordigheid by die sessies waartydens die gesin die gesinsrituele beoefen het, het die gesin bandopnames gemaak en foto's van die aktiwiteite geneem, wat ek as rou data kon gebruik.

### **3.3.3 Data-analise en interpretasie**

Vir die doeleindes van my studie het ek op die basiese beginsels van tematiese data-analise gesteun. Dié benadering is herhalend, wat beteken dat data-insameling en -analise in tandem verloop en gedurig na mekaar terugverwys. Ek bespreek vervolgens die proses van data-analise soos wat ek dit toegepas het in terme van bepaalde stappe (Cresswell, 2005).

Die eerste stap was die voorbereiding van rou data (Cresswell, 2005). Nadat ek die data ingesamel het, het ek dit voorberei vir ontleding. Ek het die rou data georganiseer en data wat nie in getikte formaat was nie, soos die bandopnames van die onderhoude en sessies waartydens gesinsrituele beoefen is, getranskribeer. Ek het die massa inligting gereduseer deur irrelevante data, soos gesprekke en ander inligting wat nie verband gehou het met dit wat ek nagevors het nie, uit te skakel. Ek het hierdie stap tydens verloop van my navorsing uitgevoer in 'n poging om 'n opeenhoping van data, wat moeilik en tydsaam sou wees om te hanteer, te voorkom. Verder kon ek voorlopige bevindinge op hierdie wyse formuleer en aanspreek. Ek het alle data op hierdie wyse voorberei.

Richardson (2000) maak die volgende stelling: “*Qualitative research has to be read, not scanned; its meaning is in the reading.*” Die tweede stap in my data-analise was dus om deur al die data te lees ten einde 'n algemene gevoel vir die inhoud te ontwikkel (Cresswell, 2005). Die inhoud is soveel keer deurgelees as wat nodig was om begrip te fasiliteer. Ek het dus sommige data, soos die getranskribeerde onderhoude en sessies van die gesinsrituele onderwyl dit beoefen is, meer kere deurgelees as byvoorbeeld my eie refleksies en veldnotas wat ek as voor die hand liggend ervaar het.

Derdens het ek die data (getranskribeerde weergawes van die ouditiewe data, visuele data, onderhoude, gesprekke, observasies en assesserings) gekodeer. Tydens hierdie proses het ek gebruik gemaak van oop kodering (Bryman, 2004; Henning *et al.*, 2004). Ek het die data opgebreek in kleiner konsepte en temas. Daarna het ek die data vergelyk en soortgelyke temas saam gegropeer en benoem. Op hierdie wyse het ek konsepte onthul wat in kategorieë gesorteer kon word (Cresswell, 2005, Henning *et al.*, 2004). Volgens Henning *et al.* (2004) vind kwalitatiewe data-analise deurlopend plaas tydens die data-insamelingsproses deurdat die navorser reflekteer oor die ooreenkomste, verskille, kategorieë, temas, konsepte en idees wat deel vorm van die proses.





Bryman (2004), Shenton (2004), Janesick (2000) en Richardson (2000) verwys in hierdie verband na die kristallisering van data. Kristallisering het ten doel om een verskynsel vanuit verskeie perspektiewe te bestudeer ten einde veelvuldige sieninge of betekenis te bekom. Ek het tydens my navorsing van kristallisering gebruik gemaak deurdat ek 'n verskeidenheid data-insamelings- en -vasleggingstrategieë gebruik en met mekaar vergelyk het. Ek het verder gesteun op teoretiese kristallisering deur die analisering van my data te baseer op verskeie bestaande teorieë en perspektiewe (sien Hoofstuk 2). Analitiese kristallisering is aangewend tydens analise en interpretasie van my data deurdat my supervisors my bygestaan en gemonitor het tydens hierdie proses (Kelly, 2002; Patton, 2002b).

Laastens het ek die data in verband gebring met bestaande literatuur (uiteengesit in Hoofstuk 2), wat die teoretiese raamwerk verskaf waarop my navorsing gegrond is (Cresswell, 2005). Ek sit my resultate en bevindinge uiteen in Hoofstuk 4.

Tydens die proses van data-insameling, -vaslegging en interpretasie van die rou data, moes ek voortdurend bewus wees van my rol as navorser aangesien dit my fokus, werkswyse en die resultate van my studie kon beïnvloed. Vervolgens bespreek ek my beskouing van my rol as navorser.

### **3.4 MY ROL AS NAVORSER**

Aangesien ek ten tye van my navorsing ook my opvoedkundig sielkundige internskap voltooi het en die gebruik van gesinsrituele terapeutiese waarde inhou, moes ek myself deurgaans daaraan herinner dat ek die primêre rol van navorser vervul in interaksie met die deelnemers. Die doel van my navorsing was nie om die terapeutiese waarde van gesinsrituele te ondersoek nie (alhoewel die resultate aanduidings in verband met hierdie onderwerp voorsien), maar om die betekenisgewing deur kinders te begryp. Hierdie doel het my dus voortdurend gerig om as navorser, en nie as terapeut nie, betrokke te wees by die deelnemende gesin. Verwarring tussen my rol as navorser en my moontlike rol as terapeut is verminder deur die data tydens die skoolvakansie in te



samel. Na afloop van die data-insamelings- en -vasleggingsproses het my rol verskuif na dié van die kinders se terapeut. Ek het deurgaans gesteun op die gebruik van my refleksiejoernaal ten einde perspektief te behou in die onderskeid tussen my rol as navorser en my moontlike rol as terapeut tydens my veldwerk.

As opvoedkundige sielkundige in opleiding, was dit nie net vir my 'n uitdaging om afstand te doen van my rol as terapeut nie, maar moes ek myself ook fokus ten opsigte van die omvang van my studie. Ek het ten doel gehad om die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders te eksploreer en te beskryf en moes seker maak dat ek nie afwyk van my navorsingsdoelwit nie. Ek is van mening dat ek hierin geslaag het deur deurgaans my primêre en sekondêre navorsingsvrae waardeur my studie gerig is, in gedagte te hou (Henning *et al.*, 2004; Mertens, 1998).

Kelly (2002) en Patton (2002b) beskryf die rol van 'n navorser in terme van 'n sogenaamde binnestaander en buitestaander perspektief. As interpretivis het die verantwoordelikheid by my berus om 'n goeie balans te handhaaf tussen hierdie twee perspektiewe. Deur 'n binnestaander perspektief na te volg, kon ek my doelwit om die moontlike invloed van gesinsrituele op die deelnemende kinders se betekenisgewing te ondersoek en te begryp, ten beste bereik. Ek het dus gepoog om myself in die skoene van die deelnemers te plaas ten einde die persepsies, sieninge en waardes van die deelnemers binne hulle unieke konteks te verstaan (Kelly, 2002; Babbie & Mouton, 2001). Buiten my poging om te verstaan, het ek ook gepoog om die deelnemers se sieninge te interpreteer. Sodoende het ek ook gesteun op die buitestaander perspektief waardeur ek my geïnterpreteerde sieninge, kategorieë, persepsies en konsepte as 'n buitestaander kon uitdruk (Kelly, 2002; Patton, 2002b).

My rol as navorser het geïmpliseer dat ek verskeie funksies tydens my navorsing verrig het (Henning *et al.*, 2004; Mertens, 1998). Nadat ek besluit het op 'n onderwerp vir my studie, het ek geskikte deelnemers genader en toestemming verkry om my navorsing uit te voer. Ek het struktuur aan die proses van data-insameling en -vaslegging verskaf deur 'n skedule op te stel, afsprake te skeduleer en uiteensettings te bied van wat die



deelnemers te wagte kon wees. As navorser het ek ook die rol van navorsingsinstrument aangeneem deurdat ek as die primêre instrument opgetree het tydens data-insameling, -analise en -interpretasie (Henning *et al.*, 2004; Mertens, 1998). As sulks moes ek voortdurend reflekteer oor aspekte soos my aannames, waardes en vooroordele wat moontlik 'n invloed kon hê op my navorsingsbevindinge.

Verskeie faktore wat verband hou met my rol as navorser, soos die verantwoordelikheid waarmee ek opgetree het as navorsingsinstrument, kon moontlik die wetenskaplikheid van my studie negatief beïnvloed. Vervolgens bespreek ek die wyses waarop ek gepoog het om die wetenskaplikheid van my studie te optimaliseer.

### **3.5 WETENSKAPLIKHEID VAN MY STUDIE**

Kwantitatiewe navorsing berus hoofsaaklik op die kriteria van geldigheid en betroubaarheid. Kwalitatiewe navorsing aan die anderkant, word onderwerp aan die kriteria van kredietwaardigheid, oordraagbaarheid, afhanklikheid, bevestigbaarheid en outentiekheid (Bryman, 2004; Shenton, 2004; Patton, 2002a; Terre Blanche & Durrheim, 2002). Vervolgens bespreek ek elk van hierdie kriteria afsonderlik, asook die wyses waarop ek dit nagestreef het.

#### **3.5.1 Kredietwaardigheid**

Kredietwaardigheid verwys na die mate waarin die navorsingsbevindinge 'n akkurate weerspieëling van die werklikheid is (Shenton, 2004; Durrheim & Wassenaar, 1999). Ten einde die kredietwaardigheid van my studie te verhoog, het ek verskeie strategieë aangewend (Patton, 2002a; Seale, 2000). Eerstens was ek ten nouste betrokke by my navorsing deurdat ek die data-insamelings- en -vasleggingstrategieë, data-analise en -interpretasie noukeurig uitgevoer het. Ek het die data-insamelings- en -vasleggings-tegnieke versigtig geselekteer ten einde 'n outentieke beeld van die gesin se beoefende gesinsrituele te verkry. Die gesin het foto's geneem en bandopnames gemaak van die gesinsrituele terwyl dit plaasgevind het. Hierdie data-insamelings- en -vasleggings-



tegnieke bied waarskynlik 'n meer akkurate weerspieëling van gebeure as byvoorbeeld meedelings deur die gesinslede wat moontlik gekontamineer kon word deur faktore soos subjektiewe vooroordeel of geheue van die gebeure. Ten einde kredietwaardigheid verder te bevorder, het ek onderhoude, gesprekke en ouditiewe data getranskribeer sodat temas meer effektief geïdentifiseer kon word.

Tweedens het ek deurgaans gepoog om bewus te bly van my vooroordele en subjektiwiteit (Patton, 2002a; Seale, 2000). Deur middel van my reflektiewe joernaal het ek insig probeer bekom oor my persoonlike oortuigings en die vooroordele wat my navorsingsbevindinge kon beïnvloed. Ek het myself deurentyd afgevra of daar moontlik iets is wat ek besig is om verkeerd te doen en of daar enige ander faktore is ter verduideliking van die resultate wat ek geantisipeer het. Derdens het ek gebruik gemaak van kristallisatie (Bryman, 2004; Shenton, 2004; Janesick, 2000; Richardson, 2000) wat ek in meer besonderhede bespreek in afdeling 3.3.3.

Vierdens het ek gebruik gemaak van veldnotas waarin ek gebeure, gesprekke, gedrag en my aanvanklike refleksies daaroor weergegee het. In die vyfde plek het ek gepoog om ryk en volledige beskrywings van die geval, die deelnemers en die navorsingsproses te voorsien ten einde die werklikheid so omvattend moontlik te weerspieël. In die sesde plek het my supervisors my tydens my navorsing deurgaans ondersteun deur my werk krities te hersien en daaroor te reflekteer. Laastens is die kredietwaardigheid van my studie verhoog deurdat ek voorbeelde en bewyse van aspekte soos veldnotas, rou data, data-analise en -vaslegging asook interpretasies by my skripsie insluit. Sodoende word bewyse voorsien van die navorsingsproses wat ek gevolg het.

### **3.5.2 Oordraagbaarheid**

Oordraagbaarheid verwys na die mate waarin dit moontlik is om bevindinge van die navorsing te veralgemeen na die wyer samelewing (Bryman, 2004; Shenton, 2004; Durrheim & Wassenaar, 1999). Alhoewel hierdie eienskap dikwels beskou word as 'n tekortkoming van 'n gevallestudie (Cohen *et al.*, 2000), het my navorsing nie ten doel

gehad om die bevindinge te veralgemeen nie, maar is daar eerder gepoog om die spesifieke geval so goed moontlik te begryp. Deur ryk weergawes van die besonderhede van die spesifieke geval weer te gee, het ek 'n databasis geskep van waaruit ander navorsers self die oordraagbaarheid van my bevindinge na ander kontekste kan beoordeel (Bryman, 2004; Patton, 2002a; Seale, 2000).

### **3.5.3 Afhanklikheid**

Afhanklikheid verwys na die mate waarin die resultate van 'n studie herhaalbaar is, met ander woorde of die studie dieselfde resultate sal oplewer indien die navorsing gedupliseer sou word (Bryman, 2004; Shenton, 2004; Durrheim & Wassenaar, 1999; Mertens, 1998). As interpretivis het ek die aanname gemaak dat die eenheid van navorsing nie stabiel en onveranderlik is nie en sou my navorsing gedupliseer word, ek nie herhaaldelik dieselfde resultate sou verkry nie (Babbie & Mouton, 2001; Mertens, 1998). In my navorsing het ek eerder gesteun op die betroubaarheid van bevindinge deurdat inligting op 'n verantwoordbare wyse ingewin, geanaliseer en geïnterpreteer is. Die afhanklikheid van my studie word wel bevorder deurdat ek die prosesse wat tydens my navorsing gevolg is, duidelik uiteensit. Ek het my data en metodes op 'n omvattende wyse gedokumenteer. Sodoende kan navorsers in die toekoms soortgelyke studies onderneem en ook moontlik die resultate daarvan met die resultate van my studie vergelyk (Babbie & Mouton, 2001; Mertens, 1998).

### **3.5.4 Bevestigbaarheid**

Bevestigbaarheid verwys na die mate waarin die navorser voldoende maatreëls navolg om te verseker dat hy/sy objektief bly tydens bestudering van 'n onderwerp (Bryman, 2004; Shenton, 2004; Patton, 2002a). In 'n poging om te verseker dat my eie waardes, voorkeure en vooroordele nie die resultate beïnvloed nie, het ek eerstens die resultate geverifieer vanuit verskillende bronne van data (kristallisatie). Ek het verder deur die loop van my navorsing gereflekteer en myself gedurig bevra in terme van aspekte soos my waardesisteem, voorkeure en moontlike vooroordele wat 'n invloed sou kon hê op

my navorsingsbevindinge. My supervisors het my ook begelei om te verseker dat my interpretasies en gevolgtrekkings deur my data ondersteun word. Redes vir die besluite wat ek geneem het en die metodes wat ek nagevolg het, is telkens uiteengesit en gedetailleerde metodologiese beskrywings maak dit moontlik om die verkreë resultate en bevindinge terug te spoor na die rou data (Shenton, 2004; Babbie & Mouton, 2001; Seale, 2000).

### **3.5.5 Outentiekheid**

Outentiekheid het te make met 'n navorser se bewustheid van sy/haar eie perspektief, waardering vir die perspektiewe van ander en regverdige uitbeelding van die konstruksies en waardes wat dit onderlê (Patton, 2002a). Volgens Lincoln en Guba (2003) asook Seale (2000) behels die kriteria vir outentiekheid regverdigheid (Is die navorsing 'n regverdige verteenwoordiging van die deelnemers se sieninge?). Ek het gepoog om 'n regverdige verteenwoordiging van die deelnemers se sieninge weer te gee deur middel van deeglike data-vaslegging, data-analise en interpretasie van data. Deur middel van my persoonlike refleksies het ek gepoog om te verseker dat my eie sieninge en vooroordele nie die deelnemers se sieninge kontamineer nie.

Ek is van mening dat die deelnemende gesin na afloop van my navorsing tot beter begrip gekom het van hulle sosiale milieu, met spesifieke verwysing na die gesinsmilieu. Vanuit die resultate blyk dit dat die gesinslede bewus geword het van vele gesinsaspekte wat voorheen vir hulle verborge was. Volgens Lincoln en Guba (2003) asook Seale (2000) staan sodanige bewuswording bekend as ontologiese outentiekheid (Help die navorsing deelnemers om tot 'n beter begrip te kom van hulle sosiale milieu?). Dit sluit aan by die kriterium van leersame outentiekheid (Help die navorsing deelnemers om die perspektiewe van ander deelnemers te waardeer?). Aangesien gesinsrituele interaktief van aard is, is ek van mening dat dit wel moontlik bygedra het tot die waardering van gesinslede se onderlinge perspektiewe (Lincoln & Guba, 2003; Seale, 2000).

Laastens word my studie gekenmerk deur katalistiese outentiekheid (Het die navorsing deelnemers aangemoedig om hulle omstandighede te verbeter?) en taktiese outentiekheid (Het die navorsing deelnemers bemagtig om stappe te doen sodat hulle kan oorgaan tot aksie?). My navorsing het die deelnemers wel aangespoor tot aksie en die deelnemers is ook bemagtig om oor te gaan tot aksie (Lincoln & Guba, 2003; Seale, 2000).

Dit is duidelik dat die klem van hierdie kriteria val op praktiese uitkomst (Bryman, 2004). Weens die interpretivistiese aard van my studie was ek eerder geïnteresseerd in die prosesse van die geval as die praktiese uitkomst daarvan. Ek is egter van die oortuiging dat my studie voldoen aan die kriteria van outentiekheid soos blyk vanuit die resultate en bevindinge (bespreking volg in Hoofstuk 4 en Hoofstuk 5).

Ek is van mening dat 'n studie wat voldoen aan die kriterium van wetenskaplikheid bewonderingswaardig is, mits daardie studie op 'n etiese wyse uitgevoer is. Vervolgens bespreek ek die etiese beginsels waarna ek tydens my navorsing gestreef het.

### **3.6 ETIESE OORWEGINGS**

Etiek oorweeg aspekte wat te make het met dit wat goed en sleg, moreel en immoreel, asook reg en verkeerd is (Terre Blanche & Durrheim, 2002). Tydens verloop van my studie is ek gebind deur beide professionele- en navorsingsetiek. Ek het myself deurgaans onderwerp aan die etiese kode van die Raad vir Gesondheidsberoepes in Suid-Afrika (besoek <http://www.hpcsa.co.za/hpcsa/UserFiles/File/ProfessionalGuidelines.doc> vir die volledige dokument), tydens alle interaksies met die deelnemers. Die deelnemers is verder beskerm deur die Etiese Komitee van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria deurdat ek hulle goedkeuring verkry het alvorens ek my studie kon onderneem (Bylaag A: Dokumentasie).

Ek het die nodige navorsingsverwante etiese riglyne gevolg ten einde te verseker dat die deelnemers nie mislei is of enige spanning deur die verloop van my navorsing

veroorzaak is nie. Terre Blanche en Durrheim (2002) bespreek drie etiese beginsels waarvolgens navorsing gerig behoort te word, naamlik outonomie, onskadelikheid en voordeel. Ek bespreek vervolgens elk van hierdie aspekte afsonderlik deur die toepassing daarvan tydens die verloop van my studie uit te lig.

### **3.6.1 Outonomie**

Outonomie verwys na respek vir deelnemers se selfstandigheid. Ek het hierdie etiese riglyn nagekom deurdat die geselekteerde deelnemers op 'n vrywillige basis aan my navorsing deelgeneem het en ingeligte, geskrewe toestemming (Bryman, 2004; Henning *et al.*, 2004; Terre Blanche & Durrheim, 2002) tot deelname verleen het (Bylaag A: Dokumentasie – 3 Junie 2006). Aangesien die kinders wat aan my navorsing deelgeneem het, nie leerders was by een van die skole waar ek my internskap voltooi het nie en ek ook nie my navorsing op die skoolterrein gedoen het nie, was dit nie nodig om die skool se toestemming te verkry nie. Die deelnemers was te alle tye bewus van wat my navorsing behels en kon hulself enige tyd aan my navorsing onttrek. McMillan en Schumacher (2001) asook Christians (2000) verwys in hierdie verband na ingeligte toestemming.

### **3.6.2 Onskadelikheid**

Onskadelikheid is die etiese beginsel wat stel dat navorsing geen skade aan deelnemers mag berokken nie (Terre Blanche & Durrheim, 2002). Ek het gepoog om potensiële gevare en risiko's (in die vorm van fisieke, affektiewe of sosiale skade aan deelnemers) te verminder deurdat ek geen handeling uitgevoer het wat buite die omvang van my opleiding strek nie. Henning *et al.* (2004), McMillan en Schumacher (2001) asook Christians (2000) identifiseer konfidensialiteit en vertroulikheid as etiese kwessies wat tydens navorsing gerespekteer behoort te word. Ek het die deelnemers verder beskerm deur die inligting wat tydens die data-insamelings- en -vasleggingsproses bekom is, as konfidensieel en vertroulik te hanteer. Ek het sorg gedra om geen aspek van die gesin se identiteit bekend te maak nie.





### **3.6.3 Voordeel**

Voordeel (Terre Blanche & Durrheim, 2002) verwys na die aanwending van navorsing tot voordeel van die gemeenskap (insluitend die deelnemers). In die rasionaal van my studie (afdeling 1.3) voer ek aan dat bevordering van gesinsrituele as toeganklike hulpbron 'n moontlike bydrae kan lewer tot gesonder gesinne en samelewings. In Hoofstuk 4, afdeling 4.4.3 en Hoofstuk 5, afdeling 5.3 toon die resultate van my studie dat die beoefening van gesinsrituele wel bategebaseerde uitkomst vir die betrokke gesinslede ingehou het. My studie was dus daarop gerig om voordeel vir die gemeenskap in te hou en het bewys gelever dat dit die deelnemers tot voordeel gestrek het.

## **3.7 SAMEVATTING**

In Hoofstuk 3 het ek 'n oorsig gebied van die navorsingsontwerp en navorsingsverloop waarvolgens ek my empiriese studie gerig het. Ek het my gekose paradigmatiese perspektief bespreek en die gevallestudie verhelder as navorsingsontwerp. Verder het ek die eenheid van my studie uitgelig en die prosesse van data-insameling, data-vaslegging, data-analise en data-interpretasie bespreek. Ten slotte het ek die wetenskaplikheid van my studie en die etiese oorwegings waardeur ek gebind was tydens verloop van my navorsing, gestipuleer.

Vervolgens sit ek die resultate van my kwalitatiewe navorsing in Hoofstuk 4 uiteen. Ek bespreek die resultate in terme van die temas en sub-temas wat ek tydens data-analise geïdentifiseer het. Hierna bring ek die resultate met beskikbare literatuur in verband en bespreek ek die bevindinge van my studie.

-oOo-



## HOOFSTUK 4

### RESULTATE EN BEVINDINGE

Ek begin hierdie hoofstuk deur 'n algemene oriëntering, gevolg deur 'n beskrywing van die gesinsrituele van my deelnemers. Daarna sit ek die resultate van my studie uiteen, gestaaf deur aanhalings vanuit die rou data. Dit geskied aan die hand van die gekategoriseerde temas wat ek deur die proses van data-analise ontbloot het. Ek bespreek verder die bevindinge wat voortspruit vanuit die gekategoriseerde temas en bring dit in verband met bestaande literatuur sodat ek my primêre en sekondêre navorsingsvrae kan beantwoord.

#### 4.1 ALGEMENE ORIËTERING

In die vorige hoofstuk het ek die navorsingsontwerp en navorsingsverloop uiteengesit. Ek het my data volgens die beskrywings in Hoofstuk 3 ingesamel, geanaliseer en geïnterpreteer. In hierdie hoofstuk bespreek ek my resultate soos wat ek dit deur die proses van data-analise ontbloot het. Ten einde beter begrip en insig te fasiliteer ten opsigte van my resultate, bied ek vervolgens eers 'n beskrywing van die onderskeie gesinsrituele wat die gesin beoefen, alvorens ek my resultate bespreek. Tydens my bespreking van my resultate en in aanhalings het ek die gesinslede se name vervang met vader, moeder, seun en dogter ten einde die gesin se identiteit te beskerm en konfidensialiteit te verseker.

#### 4.2 BESKRYWING VAN GEDOKUMENTEERDE GESINSRITUELE

Vanuit my aanvanklike data-insameling en -vaslegging het geblyk dat die deelnemers vier verskillende gesinsrituele beoefen. Die gesin lees saans saam storie; geniet dit om

saam fiets te ry, te swem of te stap; maak vuur in die winter terwyl '7de Laan'<sup>8</sup> gekyk word; en huldig sekere gesinsrituele rondom bad en slaap. Vervolgens omskryf ek elk afsonderlik.

#### **4.2.1 Storielees**

Ek het hierdie gesinsritueel tydens die eerste semi-gestruktureerde onderhoud (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 3) met die gesin geïdentifiseer as een van die fokuspunte van my studie. Dit word reeds vir baie jare deur die gesin beoefen. Elke aand gaan sit die gesin op die ouers se bed en dan lees die ouers vir die kinders 'n storie. Die kinders kry om die beurt geleentheid om die storie te kies. Soms word die storie vervang met die lees van 'n stuk uit die Bybel of met die speel van 'n gesinspeletjie genaamd 'Family Flip Quiz'<sup>9</sup>. Die gesinsritueel sluit af met gebed. Elke gesinslid kry 'n beurt om hardop te bid.

#### **4.2.2 Fietsry, swem en stap**

Op Sondagmiddae ry die gesin met hulle fietse tot by Steers of McDonalds waar hulle 'n roomys geniet en dan weer terugry huis toe. Soms, wanneer daar nie fiets gery word nie, geniet die gesin dit om saam te gaan stap in 'n publieke natuurreservaat. Wanneer die vader van die werk af kom in die middae, gaan stap die gesin soms met die honde of hulle swem saam in die swembad. Die moeder bring dan tee en die gesin gesels saam.

#### **4.2.3 Vuurmaak en '7de Laan'**

Aandete word geniet voor die televisie terwyl '7de Laan' gekyk word. Die seun, bygestaan deur sy vader, is verantwoordelik vir die vuur wat in die kaggel gemaak word. Die dogter is verantwoordelik vir die slaai en moet die skinkborde dek vir ete. Die

---

<sup>8</sup> '7de Laan' is 'n Suid-Afrikaans vervaardigde, Afrikaanse televisieprogram wat Maandae tot Vrydae om 18:30 uitgesaai word.

<sup>9</sup> Die 'Family Flip Quiz' is 'n gesinspeletjie wat daarop gemik is om algemene kennis te bevorder. Die spel bestaan uit verskillende vlakke waarvan die moeilikheidsgraad verskil. Een gesinslid vra die vrae en die res kry die geleentheid om te antwoord.

simboliese waarde verbonde aan hierdie gesinsritueel lê grootliks in die rol wat elke gesinslid vervul ten einde die gesinsritueel moontlik te maak en die gesprekswaarde wat die televisieprogram inhou. Die vuurmaak-aspek van die gesinsritueel is egter seisoengebonde.

#### **4.2.4 Bad en slaap**

Al die gesinslede is by hierdie gesinsrituele betrokke, alhoewel nie almal op dieselfde tyd nie. Die kinders geniet dit om soms vir die moeder tee te maak en dan saam met haar te skuimbad by kerslig. Die gesinslede klim ook graag saans saam met 'n ander gesinslid in die bed, soveel so dat die vader sê (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 3): “*n Mens word elke oggend in 'n ander bed wakker.*”

### **4.3 RESULTATE VAN MY STUDIE<sup>10</sup>**


Na afloop van die data-insameling en -vaslegging het ek gevind dat die semi-gestruktureerde onderhoude, bandopnames van die gesinsrituele terwyl dit beoefen is, die gesin se refleksiejoernale, my veldnotas, die postmoderne assesserings asook die visuele data (foto's van die gesin terwyl gesinsrituele beoefen word), ryk bronne van inligting was. Ek vervat hierdie data in Bylae B tot G. In Hoofstuk 3, afdeling 3.3.2.1 bespreek ek die data-insamelings- en -vasleggingstegnieke. Kodering en kategorisering van die rou data het aanleiding gegee tot die identifisering van die onderskeie temas. Ek sit die temas wat na vore gekom het uiteen in Figuur 4.1, waarna ek dit bespreek.

---

<sup>10</sup> Vir die doel van my studie word die begrippe 'resultate' en 'bevindinge' nie as sinonieme beskou nie. Die resultate blyk vanuit die geanaliseerde rou data. Die bevindinge spruit voort uit die resultate en word in verband gebring met bestaande literatuur.



Figuur 4.1: Uiteensetting van temas en sub-temas wat uit rou data voortgespruit het.





### 4.3.1 Bategebaseerde uitkomst

Analise van die rou data wat ek verkry het deur middel van die onderhoude, bandopnames van die gesinsrituele, die gesin se refleksiejoernale, my veldnotas, postmoderne assesserings en die visuele data, het gelei tot die identifisering van verskeie bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele vir die deelnemers tot gevolg gehad het. Die tema 'bategebaseerde uitkomst' kan verdeel word in drie sub-temas, naamlik bategebaseerde uitkomst (wat verband hou met interaksie tussen gesinslede), die kinders se opvoeding en algemene welstand. Ek bespreek vervolgens elke sub-tema afsonderlik.

#### 4.3.1.1 *Bategebaseerde uitkomst wat verband hou met die interaksie tussen gesinslede*

Dit het geblyk dat die beoefening van gesinsrituele die geleentheid skep vir die gesin om tyd saam te spandeer ten spyte van 'n besige skedule. Tydens die eerste onderhoud wat ek met die gesinslede gevoer het, was dit vir my duidelik dat die gesin onderwerp word aan 'n baie besige skedule. Die moeder het byvoorbeeld genoem: "*Hoe groter die druk in die termyn, hoe meer neem daai goed af, want hulle is moeg en ons moet nog lees en ons moet nog diktee oefen en dan gebeur dit nie*" (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 9). Terwyl ek die verloop van die data-insamelings- en -vasleggingsproses met die gesinslede bespreek het, het die moeder verder gemeld: "*En ek dink ons kan ook iets hieruit leer. Dit bring ons dalk weer tot stilstand*" (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 10). Tydens die tweede onderhoud het ek met die ouers gesels oor die tyd wat aan die beoefening van gesinsrituele afgestaan word te midde van hulle besige skedule. Die vader het genoem dat die beoefening van die gesinsrituele iets is wat outomaties gebeur, waarop die moeder gereageer het: "*As jy nie gefokus is om bietjie tyd met jou kind te spandeer nie, gaan jy dit nooit doen nie, want dit is maar 'n bietjie effort*" (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 22). Tydens verloop van die data-insamelings- en -vasleggingsproses het die vader in sy refleksiejoernaal geskryf: "*Die kinders is gretig om te lees. Ek ervaar die gesinsliefde*



*en spesiale ouer-kind verhouding*” (Bylaag D: Refleksiejoernaal – 26 Junie 2006, bl 1). Ter ondersteuning het die dogter in haar refleksiejoernaal geskryf (Bylaag D: Refleksiejoernaal – 13 Junie 2006, bl 5): “*My gesin is die beste. Ons doen lekker goed saam*”, wat aanduidend kan wees van die tyd wat die gesinslede deur middel van die gesinsrituele, te midde van hulle besige skedule, saam spandeer.

Buiten die gerapporteerde geleentheid wat gesinsrituele aan die gesinslede bied om tyd saam te spandeer, wou dit voorkom asof die beoefening van gesinsrituele moontlik lei tot minder aandagsoekerige gedrag wat deur die kinders geopenbaar word. In die vader se refleksiejoernaal (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 2) noem hy dat dit baie bevredigend voel om te sien dat die kinders hulle ouers se aandag nodig het. So bevestig hy dat daar tydens die beoefening van gesinsrituele aan die kinders aandag geskenk word. Die aandag wat die ouers aan die kinders skenk, is ook duidelik vanuit die foto’s van die gesinsrituele waartydens die kinders styf teen hulle ouers lê en storie lees. Tydens die tweede onderhoud noem die moeder ten opsigte van vakansietye wanneer gesinsrituele meer gereeld beoefen word (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 19): “*Hulle is minder aandagsoekerig.*”

Dit blyk verder dat die beoefening van gesinsrituele geleenthede kan skep waartydens die kinders hulle behoeftes bekend kan maak. In die bandopname van die gesinsritueel waar die gesin Bybel lees en bid, het die seun die verloop van die sessie gestop en die volgende gesprek tussen seun en vader het gevolg (Bylaag C: Bandopnames – 25 Junie 2006, bl 5):

Vader: *Praat maar.*  
Seun: *Ek wil weer gaan kyk hoe lyk ons (naam van dorp<sup>11</sup>) se huis.*  
Vader: *Watter ene?*  
Seun: *Ons ou een.*  
Vader: *Verlang jy na hom?*  
Seun: *Waar (my maatjie<sup>12</sup>) was.*  
Vader: *Is dit? Verlang jy?*  
Seun: *Kan ons asseblief vir my maatjie gaan kuier?*

---

<sup>11</sup> Die naam van die dorp is weerhou ten einde die gesin se identiteit te beskerm.

<sup>12</sup> Die naam van die maat is weerhou ten einde die maat se identiteit te beskerm.

Die seun se behoefte om vir 'n maatjie in 'n vorige tuisdorp te gaan kuier, het waarskynlik nie verband gehou met die Bybelstuk wat die gesin op daardie tydstop besig was om te bespreek nie. Tog het die seun die geleentheid gekry om sy behoefte met sy ouers te bespreek.

Volgens die deelnemende gesin het die beoefening van gesinsrituele die potensiaal om toekomstige probleme te voorkom. Tydens die tweede onderhoud het die moeder die waarde daarvan uitgespreek dat kinders die vrymoedigheid het om hulle ouers te nader met hulle probleme. Sy het gesê: “...ek dink dit maak dat jou kind nie na iemand anders toe gaan vir raad nie. Dat jou kind vrymoedigheid het om na jou toe te kom. Anders ken jy nie daai kind nie en daai kind kry iemand anders om 'n vertrouensverhouding mee op te bou en dan mis jy alles in die lewe, want jou kind gaan dan net stilbly en nooit weer die waarheid vertel nie” (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 26). Dit blyk dus dat dit die moeder se persepsie is dat wanneer kinders hulle ouers genoeg vertrou om probleme met hulle te bespreek, dit die ouers in staat stel om leiding te gee aan die kind en die nodige onderrig en raad te gee ten einde probleme suksesvol te bestuur. Sy was verder van mening dat latere moontlike negatiewe gevolge so uitgeskakel kan word en die kind kan leer om toekomstige probleme te hanteer. Hierdie oortuiging word bevestig deur my veldnotas waarin ek melding maak van die deelnemende kinders se gepaste hantering van 'n huisinbraak by die gesin se woning (Bylaag E: Veldnotas – 13 April 2006, bl 1).

#### **4.3.1.2 Opvoedkundige bategebaseerde uitkomst**

Uit die data-analise het ek afgelei dat gesinsrituele geleenthede kan bied waartydens ouers gewensde gedrag vir hul kinders kan modelleer. Tydens die tweede onderhoud het die moeder genoem (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 29): “Dis baie keer baie naby aan jou eie gesin en jy sien dalk jou dogtertjie tree op 'n sekere manier op waarvan jy nie hou nie en dan kyk jy na jouself en dan sien jy dit in jouself. Of sy tree op op 'n manier wat oulik is, dan is dit ook maar hier baie keer.” In aansluiting hierby lyk dit of die beoefening van gesinsrituele ook as moontlike onderrigmedium kan





dien waardeur kennis van geslag na geslag oorgedra kan word. Tydens die tweede onderhoud het die volgende gesprek met die moeder plaasgevind (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 27):

- Moeder: Jy maak presies dieselfde foute as hulle (jou ouers), want jy het geen ander verwysingsraamwerk nie... Ek dink mense moet baie... en selfs as jy kinders grootmaak moet jy daai goed probeer inbou by hulle...*
- Navorsers: Ek wonder of gesinsrituele 'n medium is waardeur daardie onderrig kan plaasvind.*
- Moeder: Verseker.*

Hierbenewens wou dit voorkom asof die beoefening van gesinsrituele moontlik 'n bydrae gelewer het in die bevordering van hierdie twee kinders se sosiale vaardighede. Vanuit 'n foto (Bylaag G: Visuele data – datum onbekend, bl 4) van die vader waar hy met die kinders in die swembad gespeel het, kon ek aflei hoe die kinders hulle beurt moes afwag om in die swembad gegooi te word. Met verwysing na die 'Family Flip Quiz' speletjie het die vader in sy joernaal gereflekteer (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 2): *“Die familie vasvra help dat almal deelneem. Ons geniet dit baie en dit help dat ons as 'n span saamwerk. Daar is wel 'n element van kompetisie wat ons mooi moet hanteer.”*

Dit blyk egter dat nie net sosiale vaardighede bevorder kan word nie, maar dat gesinsrituele moontlik ook as 'n medium kan dien waardeur Godsdienstige waardes oorgedra word. Uit die postmoderne assesseringsdata (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 5) het ek byvoorbeeld gesien hoe die dogter gekies het om die gesin te teken waar hulle saam Bybel lees. In die bandopname van die gesinsritueel waartydens die gesin Bybel gelees het, die stuk bespreek het en daarna gebid het, het die vader byvoorbeeld ook die volgende gesê: *“So dit is die gemeente wat goeie dinge doen teenoor mekaar en teenoor ander mense wat dalk nie in ons kerk is nie en dit skyn soos die son. Mense sien dit raak en daar is warmte van die liefde”* (Bylaag C: Bandopnames – 25 Junie 2006, bl 3).



Uit my data-analise het ek verder afgelei dat die beoefening van gesinsrituele moontlik hierdie twee kinders blootstel aan ander aktiwiteite as dit wat buitemuurs by die skool beoefen word. Gesinsfoto's dui byvoorbeeld daarop dat die gesin graag saam fietsry (Bylaag G: Visuele data – datum onbekend, bl 3). Ek het ook in my veldnotas aantekeninge gemaak van die kinders se opgewondenheid oor geleenthede waar die gesin saam fietsry (Bylaag E: Veldnotas – 13 April 2006, bl 1). Hierbenewens het die moeder tydens die eerste onderhoud genoem dat die vader besonder toegewyd is daaraan om met die kinders te gaan stap of fiets te ry. Die moeder het die vader gevra wat hom dryf om so te werk met die kinders waarop hy geantwoord het (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 14): “*Ek sou sê dit is om hulle bloot te stel aan iets wat hulle vir die res van hulle lewe kan doen.*”

Die beoefening van gesinsrituele blyk die kinders nie net bloot te stel aan alternatiewe aktiwiteite nie, maar hou oënskynlik die moontlike potensiaal in om die gesinslede se algemene kennis te verbreed. Hierdie moontlikheid het vir my duidelik geword tydens rapportering oor die ‘Family Flip Quiz’ speletjie wat die gesinslede sommige aande speel. Die speletjie sentreer juis om algemene kennis vrae soos die volgende (Bylaag C: Bandopnames – 29 Junie 2006, bl 13):

*Moeder: Dogter, what is the world's biggest ocean?*  
*Seun: (Trek asem hoorbaar in)*  
*Dogter: The Indian Ocean.*

Uit die data-analise het ek verder afgelei dat die beoefening van gesinsrituele moontlik die kinders wat aan my studie deelgeneem het, se skolastiese vaardighede kan bevorder. Tydens die gesinsritueel waar die gesin Bybel gelees het, het elke kind die geleentheid gekry om ‘n gedeelte te lees. Waar die kinders dan met ‘n woord gesukkel het, het die moeder hulle ondersteun, soos duidelik blyk uit die volgende aanhaling (Bylaag C: Bandopnames – 25 Junie 2006, bl 1):

*Seun: Ses en die vrou het na die woestyn (Moeder help met woord) toe gevlug (Moeder help met woord) waar sy ‘n plek het (Moeder help met woord) wat deur God (Moeder help met woord) gereed gemaak (Moeder help met*



woord) *is dat hulle haar daar sou onderhou. Duisend tweehonderd en sestig dae lank* (Moeder help met woord).

#### **4.3.1.3 Bategebaseerde uitkomst wat verband hou met die gesinslede se algemene welstand**

Volgens die deelnemende gesin hou die beoefening van gesinsrituele die potensiaal in om gesondheidsfaktore soos fiksheid aan te spreek. Tydens die eerste onderhoud het ek die aktiwiteite wat die gesin saam beoefen geëksploreer. Die moeder het genoem: *“En wat hulle ook baie doen – wat Vader met hulle doen is hy gaan stap met hulle daar by die teetuin – daardie koppie”*, waarop die vader gereageer het: *“As ons nie gaan fietsry nie dan gaan stap ons daar”* (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 13). Hierdie gedagte is bevestig deur foto’s van die gesin op hulle fietse en van aktiewe speletjies wat in die swembad gespeel word (Bylaag G: Visuele data – datum onbekend, bl 3-4).

Die beoefening van gesinsrituele kan egter waarskynlik nie slegs bydra tot die gesinslede se algemene welstand deur die bevordering van gesondheidsfaktore soos fiksheid nie, maar het moontlik ook die potensiaal om spanning te verlig. Gedurende die postmoderne assesserings het die kinders ‘n collage gemaak van die gesin waar hulle saam tydens vakansies ontspan (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 2-3). Verder het die vader tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie aan die seun gevra: *“What does to lose your nerve mean?”*, waarop die seun geantwoord het: *“I know! Jy verloor jou temperatuur”* (Bylaag C: Bandopnames – 29 Junie 2006, bl 11). Daaropvolgend het die hele gesin lekker saam gelag. In sy reflektiewe joernaal het die vader ‘n opmerking hieroor gemaak (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 2): *“Die vasvra verlig sommer die gemoedere, want dit is pret.”*

#### **4.3.2 Betekenisgewing**

Ek het betekenisgewing as tweede hooftema vanuit die rou data geïdentifiseer. Die relevante sub-temas hou verband met kinders se betekenisgewing aan hulle primêre



opvoedingsgesitueerdheid, die betekenis wat kinders aan gesinsrituele gee en die betekenis wat kinders aan hulself gee weens die beoefening van gesinsrituele.

#### **4.3.2.1 Kinders se betekenisgewing aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid**

Volgens die deelnemende gesin het die beoefening van gesinsrituele moontlik die potensiaal om 'n mate van sekuriteit by kinders te kweek en 'n gevoel van vrede te skep. Na afloop van my gesprek met die deelnemende kinders kort na 'n inbraak by hulle huis het ek die volgende aantekening in my veldnotas gemaak (Bylaag E: Veldnotas – 13 April 2006, bl 1): *“Al twee kinders toon, alhoewel bietjie ontstel deur die gebeure, 'n sin vir sekuriteit en veiligheid in die tuisomgewing ten spyte van die inbraak.”* Tydens die tweede onderhoud het die vader genoem (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20): *“Ek dink dit is vir hulle dalk sekuriteit. Om te weet dit is iets wat vas is en wat gebeur en wat vir hulle lekker is.”* Ter ondersteuning van die vader se opinie het die moeder in haar refleksiejoernaal geskryf: *“Dis asof die kinders weier om te gaan slaap sonder 'n storie. Vir ons eie beswil lees ons dit, dan gaan slaap hulle maklik. As ons 'nee' sê sal hulle langer neem om te slaap – hulle roep ons dan kort-kort om 'n bietjie by hulle te kom sit, of vra water, of vra iets om te eet, ensovoorts”* (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 4). Na afloop van beide gesinsrituele wat die gesin op band geneem het, het die dogter gebid om beskerming van die gesinslede: *“Liewe Here, ek bid dat U U beskerming oor ons sal hou. Liewe Here, hou alle bose mense, geeste en diere van ons af weg, liewe Here. Hou tien duisend miljoen en triljoene saffiere om hierdie huis, liewe Here. Liewe Here, ek bid net dat U vir ons geen nagmerries sal hê nie dat ons net lekker sal slaap en uitgerus sal wees, Here. Ek bid dit in u naamsontwil. Amen”* (Bylaag C: Bandopnames – 29 Junie 2006, bl 21).

Die aandag wat die ouers aan die kinders geskenk het tydens die beoefening van gesinsrituele, het soms die vorm van hulp en raad aangeneem. Die beoefening van gesinsrituele vestig dus moontlik die wete by die kinders dat hulle hul ouers kan nader in hierdie opsig. Die bandopname van die gesinsritueel waartydens die gesin Bybel lees, vervat 'n voorbeeld van die ondersteuning en hulp wat die moeder aan die seun gebied



het tydens 'n leesaktiwiteit (Bylaag C: Bandopnames – 25 Junie 2006, bl 1). Die moeder het verder in die tweede onderhoud gesê (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 25): “*Jy’s op ‘n vlak waar jy nie deur ‘n muur hoef te breek die dag as dit nodig is om hierdie kind te bereik nie.*”

#### **4.3.2.2 Kinders se betekenisgewing aan gesinsrituele**

Dit wou voorkom asof die kinders twee moontlike betekenis aan gesinsrituele gee. Uit my data-analise het ek eerstens afgelei dat die deelnemende kinders gesinsrituele moontlik as iets beteken wat vir hulle voordele kan inhou. Die dogter het byvoorbeeld, na beoefening van die gesinsritueel waartydens die gesin Bybel gelees het, in haar refleksiejoernaal (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 5) genoem dat sy baie geleer het en dat sy die Bybel beter verstaan. Tydens die eerste onderhoud het die dogter die waarde van die speel van speletjies tydens gesinsrituele besef, deurdat dit kan lei tot vermyding van sekere ander aktiwiteite waarvoor sy nie blyk 'n voorkeur te gehad het ten tye van my veldwerk nie (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 4).

'n Tweede betekenis wat die kinders aan gesinsrituele gegee het hou verband daarmee dat dit vir hulle lekker was om die gesinsrituele te beoefen ten tye van my studie. Hierdie sub-tema word effektief geïllustreer deur die kinders se vreugdevolle gesigsuitdrukkinge in die foto's van die gesinsrituele. Verder het die dogter in haar refleksiejoernaal geskryf dat dit vir haar lekker is as die gesin saam lees en dat sy dan lekker en bly voel (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 6). Die seun het die volgende in sy refleksiejoernaal geskryf (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 7): “*Elke aand se lees is vir my lekker. Eerste lekkerste is ‘Family Flip Quiz’. Tweede is my eie storieboek, derde die Bybel. Dit maak my bly.*” Ek beskou ‘lekker’ egter as 'n omvattende term en het daarom nadere ondersoek ingestel na die moontlike betekenis wat hierdie term vir die kinders inhou.

Die kinders se betekenisgewing aan gesinsrituele as ‘lekker’ kan moontlik beteken dat die kinders gesinsrituele as iets beskou wat hulle graag wil doen. Tydens die tweede



onderhoud het die vader genoem dat die kinders “*al te gretig*” is (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20). Tydens die eerste onderhoud het die moeder aan die kinders gevra of dit vir hulle lekker is as die gesin “*goedjies saam doen.*” Die dogter het geantwoord: “*Ja, maar ons doen dit net te min*” (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 9). Verder kan die kinders se betekenisgewing aan gesinsrituele as ‘lekker’ moontlik beteken dat hulle die beoefening van die gesinsrituele mis wanneer dit nie plaasvind nie. Die moeder het hierdie afleiding bevestig in die tweede onderhoud toe sy gesê het: “*Ek dink dan mis hulle dit*” (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 22).

#### **4.3.2.3 Kinders se betekenisgewing aan hulself**

Dit blyk dat die kinders wat deelgeneem het aan my studie deur die beoefening van gesinsrituele, vyf moontlike betekenis aan hulself gee as uitkoms van die deelname aan sodanige rituele. Eerstens het dit voorgekom dat die kinders hulself beteken as spesiaal en geliefd. Tydens beoefening van die gesinsrituele gebruik die ouers gereeld troetelname en verkleiningsvorme van die kinders se name, wat waarskynlik aan die kinders die boodskap oordra dat hulle spesiaal en geliefd is (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 13). Hierdie moontlikheid word bevestig deur die visuele data (Bylaag G: Visuele data – datum onbekend, bl 4) wat toon hoe die ouers die kinders vashou en drukkie gee. Verder het die moeder tydens die tweede onderhoud genoem (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 19): “*Hulle is half – hulle is versadig met altwee se liefde.*”

In aansluiting by die bogenoemde, dui die data daarop dat die kinders hulself in die tweede plek as deel van die gesin beteken. Tydens die eerste onderhoud het die gesinslede uitdrukkings gebruik soos: “*ons koppe raak vol*<sup>13</sup>” (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 10), wat eie is aan die gesin en wat dalk vir buitestaanders moeilik mag wees om te verstaan. Tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie het die seun die woord “*shabee*” uitgeroep (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 20), wat weens die

---

<sup>13</sup> Met hierdie uitdrukking verwys die gesinslede na situasies wat soveel dinkwerk vereis dat hulle gedagtes naderhand deurmekaar raak en dit vir hulle voel dat hulle nie meer verder kan dink nie.

gesin se oorsese ervaringe gedeelde kennis is waarin slegs persone wat lid is van die gesin kan deel.

Derdens beteken die kinders hulself as waardevolle bydraers tot die ander gesinslede se lewe en groei. Tydens die tweede onderhoud getuig die moeder van die wyse waarop die kinders se insig in Bybelse sake haar soms lei tot beantwoording van haar eie Godsdienstverwante vrae. Sy het gesê (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20): “*Ek was verbaas oor die insig wat hulle getoon het en die kennis wat hulle in die kerk vir hulle vat en hulle eie maak sodat ek en Vader daaruit antwoorde kry.*” Hierdie tendens word bevestig deur die moeder se beskrywing van die kinders se bydraes in die huis tydens die eerste onderhoud (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 24), waartydens sy gemeld het dat die kinders sekere verantwoordelikhede, soos tafeldek, op hulle neem wat haar dagtaak vergemaklik.

Die beoefening van gesinsrituele het in die vierde plek geblyk die potensiaal te hê om die deelnemende kinders se selfvertroue en waaghouding op te bou. In die dogter se refleksiejoernaal het sy geskryf: “*Ek voel confident as ons saam lees*” (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 6). Tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 14) het die ouers byvoorbeeld die kinders aangemoedig om te probeer al was hulle nie seker van antwoorde nie. Die ouers het dan die kinders ondersteun om die korrekte antwoord te kon gee. Laastens lyk dit of die beoefening van gesinsrituele op soortgelyke wyse ook ‘n positiewe selfkonsep by die kinders kon bevorder. Tydens die postmoderne assessering (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 5-6) teken die dogter haarself as die middelpunt in haar sketse van die gesinsrituele, wat ek interpreteer as ‘n aanduiding van haar positiewe selfbeleving. Tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie is die kinders se korrekte antwoorde herhaaldelik geprys met woorde soos: “*Wow! Ek’s impressed!*” en “*Good for you*” (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 13 & 17).



#### 4.3.2.4 *Negatiewe betekenisgewing*

Vanuit my data-analise blyk dit dat die beoefening van gesinsrituele nie altyd positiewe betekenisgewing deur die deelnemende kinders tot gevolg het nie en dat dit ook nie altyd bategebaseerde uitkomst ten opsigte van hierdie betekenis oplewer nie. Alhoewel die seun aangedui het dat hy die gesinsrituele geniet en dit graag wou beoefen, het dit met nadere ondersoek geblyk dat hy ook bepaalde negatiewe betekenis aan die gesinsrituele heg wat die betekenis aan homself soms negatief beïnvloed.

Die seun se persoonlike refleksies het die meeste lig hierop gewerp. Meeste inskrywings was enkele woorde soos: “*Bly*”, “*Gelukkig*”, “*Sleg, want ek is naar!!!*”, “*Lekker*”, “*Siek in my kop*” en “*Siek*” (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 7). Die seun word ook tydens die postmoderne assesserings (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 5) deur die dogter geteken as naar, met die ooreenstemmende gesigsuitdrukking. Vanuit informele gesprekvoering met die moeder wat ek deur middel van my veldnotas gedokumenteer het (Bylaag E: Veldnotas – 9 Augustus 2006, bl 4), kon ek aflei dat sy van mening is dat die seun nie werklik naar of siek gevoel het nie, maar dat dit eerder psigosomatiese simptome was. Sy kon nie hierdie optrede van die seun verstaan nie. Hy het ook geensins gemotiveerd voorgekom om oor die gesinsrituele te reflekteer in sy refleksiejoernaal nie, alhoewel hy graag ander, irrelevante inligting in sy refleksiejoernaal aangeteken het.

Op aandrang van die moeder het die seun vir haar gediktee wat hy in sy refleksiejoernaal wou sê. In hierdie refleksie meld die seun dat hy aangeval word wanneer hy stout is. Om aangeval te word, kan beskou word as ‘n intensiewer aksie as om raas te kry en dui moontlik daarop dat hy hierdie aksie as ‘n mate van aggressie teen hom beleef. Dit gebeur egter blykbaar net wanneer die hele gesin bymekaar is. Wanneer hy alleen saam met sy vader is, is dit vir hom “*vreeslik lekker*” en word hy nie aangeval nie (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 7). Vanuit die bandopname van die gesinsritueel waartydens die gesin Bybel lees, werp die volgende gedeelte van





gesprekvoering verdere staving van die seun se beleving dat hy aangeval word (Bylaag C: Bandopname – 25 Junie 2006, bl 1):

Vader: *Kan Seun nou vir ons 'n stukkie lees?*  
Moeder: *Ja. Watter stukkie wil jy hê moet hy lees? Sit regop Seun.*  
Seun: *Ek wil graag kies. Asseblief.*  
Moeder: *Hierso, hier gaan jy aan.*  
Seun: *Nee, ek wil graag kies.*  
Moeder: *Lees daar by vers vyf.*  
Seun: *Waarso is vers negentien, mamma? Want ek moes nog altyd uit daai klein Bybeltjie wat mamma...*  
Vader: *Lees aan waar mamma nou vir jou gewys het.*  
Moeder: *Lees hier by vyf.*

Die seun se versoek om te kies is hier nie toegestaan nie, aangesien die gesin besig was om 'n spesifieke stuk in die Bybel te behandel en die lees van enige ander Bybelvers nie noodwendig sou inpas by die tema van die bespreking nie. Dit word egter nie so aan die seun verduidelik nie. Die situasie eskaleer - die seun het sy versoek die tweede keer minder respektvol gerig en die ouers se geduld het oënskynlik minder geraak. Die situasie het uitgeloop op 'n vermaning en beide ouers het saamgestaan om die seun te dwing om die verwagte gedrag, naamlik gehoorsaamheid, te betoon. In hierdie aanhaling en ook tydens ses ander geleenthede gedurende die bandopnames, is die seun in die rede geval voor hy sy sin kon voltooi of is 'n opmerking wat hy gemaak het deur die res van die gesin geïgnoreer. Een voorbeeld is (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 12):

Vader: *Dogter, wat is 'n iglo?*  
Dogter: *Dis 'n Eskimo huis.*  
Vader: *Waarvan is hy gebou?*  
Seun: *Ek weet! Ys blokke.*  
Vader: *Jy kan wag tot ek jou naam noem dan antwoord jy, ok? (streng stemtoon)  
In watter Amerikaanse stad is Central Park, Mamma?*

Analise van die data toon dus dat die beoefening van gesinsrituele nie altyd bategebaseerde uitkomst blyk te lewer nie, maar dat dit soms ook gepaard kan gaan met negatiewe betekenisgewing aan gesinsrituele, byvoorbeeld dat dit die tyd is wanneer die seun beleef dat hy "aangeval" word. Gevolglik lyk dit of negatiewe

betekenisgewing deur die seun aan homself 'n uitkoms is, byvoorbeeld dat hy stout is of nie waardig is om die gesin se aandag te bekom nie.

### 4.3.3 Die uitwerking van gesinsrituele op gesinsverhoudinge

Die verhoudinge tussen die deelnemende gesinslede, het as derde hooftema uit die rou data voortgespruit. Ek het positiewe verhoudingsaspekte as sub-tema geïdentifiseer, met vyf kategorieë wat daaruit voortspruit. Vervolgens bespreek ek elk afsonderlik.

Eerstens wou dit voorkom dat gesinsrituele die moontlike potensiaal inhou om gesinsverhoudinge te bou. Die moeder het hiervan getuig tydens die tweede onderhoud toe sy vertel het van haar seun se uitlating terwyl haar dogter op 'n skooltoer uitstедig was. Die seun het aan die moeder gesê: “*hy mis haar (sy suster) verskriklik*” (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 17). Nabye gesinsverhoudinge word verder bevestig deur die kinders se collage van die gesinslede waar hulle met vakansie gegaan het. Op die foto's wat die kinders in die collage gebruik het, word die positiewe gesinsverhoudinge tussen die gesinslede pertinent geïllustreer deur hulle liggaamstaal (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 2-3).

Verder lyk dit of gesinsrituele moontlik die geleentheid bied vir gesinslede om mekaar beter te leer ken. Hierdie moontlikheid word aangedui tydens die tweede onderhoud met die moeder waar sy verwys na die Bybellees-gesinsritueel (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20): “*Ek was verbaas oor die insig wat hulle getoon het en die kennis wat hulle in die kerk vir hulle vat en hulle eie maak sodat ek en Vader daaruit antwoorde kry.*” Op soortgelyke wyse het die moeder na oorlewering selfs 'n aspek van haar eggenoot beter leer ken tydens die 'Family Flip Quiz' speletjie (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 13). Nadat die vader 'n antwoord op 'n moeilike vraag verskaf het, het sy gesê: “*How did you know that?*”, opgevolg deur: “*My goodness!*” Die moeder was duidelik nie bewus van hierdie eienskappe van die ander gesinslede voordat dit nie tydens die beoefening van die gesinsritueel na vore gekom het nie.



Geanaliseerde data dui verder daarop dat die beoefening van gesinsrituele moontlik gedeelde herinneringe skep wat die gesinslede kan saambind. Hierdie moontlikheid blyk duidelik uit die collage wat die kinders tydens die postmoderne assessering van die gesinsvakansies gemaak het (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 2-3). Hierbenewens het die moeder tydens die tweede onderhoud verwys na gesinsrituele wat “onthou oomblikke” skep wat “kosbaar” en “goed” is vir die gesin (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20 & 24).

In aansluiting hierby wou dit voorkom dat gesinsrituele moontlik geleenthede bied waartydens die gesinslede wedersydse ondersteuning in die kleinskind kan beoefen en die boodskap aan die gesinslede oorgedra kan word dat hulle vir mekaar omgee. Hierdie moontlikheid was ondermeer duidelik tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 13) toe die seun, wat gewoonlik al die vrae self wil beantwoord, die antwoord op ‘n sekere vraag vir sy vader gefluister het sodat dié nie die vraag verkeerd sou kry nie. Sodanige wedersydse ondersteuning en omgee vir mekaar word verder bevestig deur die moeder se gebed aan die einde van die Bybellees-gesinsritueel (Bylaag C: Bandopname – 25 Junie 2006, bl 8):

*Dankie vir kos en klere en twee pragtige kinders en ‘n pappa. Liewe Jesus, gaan met hulle more waar hulle moet skool toe gaan. Vat al die bang gevoelens uit hulle hartjies uit en Dogtertjie wat bang is vir eksamen skryf, wys vir haar dat as sy haar werkies ken, dat dit glad nie vir haar so erg gaan wees nie. Here, gaan met Seun. Vat sy woeligheid weg dat hy mooi sal luister vir die juffrou en ‘n stroopsoet kind sal wees. Gaan asb. met pappa by die werk dat hy sy werk goed sal doen en dat al sy mense by die werk sal werk kry. Om U naamsontwil.*

#### **4.3.4 Faktore wat die beoefening van gesinsrituele beïnvloed**

Analise van die rou data het getoon dat die tyd van die jaar en die tyd van die dag moontlike faktore kan wees wat die deelnemende gesin se beoefening van gesinsrituele beïnvloed. Wat betref die seisoen het die moeder tydens die eerste onderhoud genoem dat die gesinsritueel waartydens die gesinslede tyd saam by die swembad spandeer, nie in die winter beoefen kan word nie (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 5). Verder meld die moeder tydens die tweede onderhoud dat ‘n kaggelvuur deel vorm van een van



die gesin se rituele. Weens Suid-Afrika se warm somerklimaat word hierdie aspek van die ritueel uiteraard slegs in die winter beoefen (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 24). In terme van die tyd van die dag het die moeder tydens die tweede onderhoud genoem dat sy wens die gesinsrituele vroeër in die dag beoefen kon word “*omdat ‘n mens moeg is*” later in die dag (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 18). Dié wens word bevestig deur ‘n inskrywing wat die vader in sy refleksiejoernaal gemaak het na afloop van ‘n storielees gesinsritueel (Bylaag D: Refleksiejoernaal – 13 Junie 2006, bl 1): “*Miskien is dit te laat, want almal is moeg en effe geïrriteerd.*”

Die beoefening van gesinsrituele is in die geval van die deelnemers moontlik verder beïnvloed deur werkverpligtinge, ‘n besige skoolprogram en daaglikse roetine-aktiwiteite wat aanspraak maak op gesinslede se tyd. Dit wou voorkom asof veral die vader se deelname aan die gesinsrituele beperk word deur die eise van sy werk. Tydens die postmoderne assessering het die dogter die gesin geteken waar hulle saam swem. Die vader is egter nog nie saam met die gesin in die swembad nie omdat hy pas van die werk af teruggekeer het (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 6). Tydens data-insameling en -vaslegging is die beoefening van die gesinsrituele soms vertraag weens die vader se werkverpligtinge waarvoor hy na die buiteland moes reis (Bylaag E: Veldnotas – 5 Junie 2006, bl 3).

Die kinders se besige skoolprogram en daaglikse roetine aktiwiteite is veral deur die moeder beleef as hindernisse tydens die beoefening van gesinsrituele. Volgens haar “*val die gesinsrituele plat as daar huiswerk is*” (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 6) en is die roetine van bad en slaap teen sekere tye in die aand “*baie keer in ‘n ou se pad*” (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20). Sy het die gesin se funksionering op grond van hierdie faktore as “*n konstante aanjaag van ‘n trop beeste*” beskryf (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 19).

‘n Laaste faktor wat moontlik die beoefening van gesinsrituele kan beïnvloed is die gesinslede se persoonlike voorkeure. Tydens die eerste onderhoud het die seun gesê (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 13): “*Tannie, my ma sal verseker nooit nee*

*sê as ons moet gaan stap nie, maar sy sê altyd nee vir die fietsry.*” Ook die vader het tydens die eerste onderhoud genoem dat die moeder dikwels aanmoediging nodig het om saam met die gesin fiets te ry. Die moeder se klaarblyklike onwilligheid kan bevestig word deur ontleding van ‘n foto waar die gesin met hulle fietse gereed staan om te gaan ry. Die hele gesin is gereed om weg te trek, behalwe die moeder wat nog nie op die fiets geklim het nie, maar bloot langs haar fiets staan (Bylaag G: Visuele data – datum onbekend, bl 3).

#### **4.3.5 Dimensies van gesinsrituele**

Ek het moontlike dimensies van gesinsrituele as vyfde hooftema uit die rou data geïdentifiseer. Die twee sub-temas wat met hierdie tema verband hou, is reeds bestaande dimensies van gesinsrituele en alternatiewe dimensies van gesinsrituele (raadpleeg Hoofstuk 2).

##### **4.3.5.1 Bestaande dimensies van gesinsrituele**

Die eerste bestaande dimensie wat blyk vanuit my data-analise (teen die agtergrondkennis van Hoofstuk 2) is die struktuur van gesinsrituele. Tydens die eerste onderhoud het die moeder die fietsry-gesinsritueel se struktuur beskryf (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 14): *“Dan kan hulle kies of is dit by Steers of Montana. Dan ry ons almal op en dan gaan sit ons daar en dan eet ons roomys en dan ry ons die paadjie terug.”* Die struktuur van die gesin se gesinsrituele kan verder afgelei word uit die bandopnames wat die gesin van gesinsrituele gemaak het, waartydens gesinslede beurte gemaak het om vrae te vra (tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie) of uit die Bybel te lees. Die gesin het albei hierdie gesinsrituele afgesluit met gebed (Bylaag C: Bandopname – 25 & 29 Junie 2006, bl 1-22)

Die tweede geïdentifiseerde dimensie hou verband met die moontlike betekenis wat gesinsrituele vir die gesinslede kan inhou. Die dogter se stelling *“Ek voel confident as ons saam lees”* (Bylaag D: Refleksiejoernaal – Geen datum, bl 6) getuig van die



betekenis wat gesinsrituele moontlik vir haar inhou. Die moeder het dié potensiële waarde bevestig tydens die tweede onderhoud (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 23): *“Maar weet jy ‘n mens moet regtig effort insit, want daai oomblikke wat jy skep is baie kosbaar en jy dink dit maak nie ‘n indruk op jou kind nie, maar dit maak ‘n indruk op jou kind.”*

Die derde dimensie wat te voorskyn getree het, het te make met die gesin se volharding en toegewydheid aan gesinsrituele. Hierdie dimensie word bevestig deur ‘n stelling deur die vader tydens die tweede onderhoud: *“Van die grootmense se kant af het ‘n mens nie altyd die energie (om gesinsrituele te beoefen) nie”* (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 16). Ter bevestiging hiervan het hy verder in sy refleksiejoernaal geskryf: *“Die kinders is gretig om te lees”* (Bylaag D: Refleksiejoernaal –26 Junie 2006, bl 1).

Aanpasbaarheid is in die vierde plek as belangrike dimensie van gesinsrituele geïdentifiseer soos dit binne hierdie gesin beoefen word. Dit blyk onder andere vanuit ‘n mededeling deur die vader tydens die tweede onderhoud dat die kinders, toe hulle kleiner was, elkeen sy eie storie kon kies wat dan aan elkeen van hulle voorgelees is. Soos wat die kinders egter ouer geword het, het die gesin se skedule besiger geraak (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 20). Gevolglik het die gesin hierdie gesinsritueel aangepas sodat die kinders beurte maak om stories te kies wat dan voorgelees word. In afdeling 4.3.4 (wat handel oor die faktore wat die beoefening van gesinsrituele beïnvloed) het ek reeds uitgelig hoedat die gesin hulle gesinsrituele aanpas by die seisoen van die jaar, byvoorbeeld deur te swem in die somer (Bylaag B: Onderhoude – 5 Junie 2006, bl 5) en vuur te maak in die winter (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 24).

Laastens het ek geslagsverhoudinge as dimensie van gesinsrituele geïdentifiseer, soos dit geld binne hierdie gesin. Geslagsverhoudinge as dimensie het grootliks geblyk uit die kinders se collage wat foto’s bevat van die gesin waar hulle met vakansie is (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 2-3). Die bestaande geslags-

verhoudinge word uitgelig deurdat die vader op meer foto's saam met die seun verskyn as die moeder. Die moeder verskyn op haar beurt weer op meer foto's saam met die dogter as die seun. Hieruit het ek afgelei dat onderskeid getref kan word tussen verhoudinge van die manlike en vroulike geslagte. Hierbenewens toon beide die vader en die moeder minder fisieke kontak met die seun as met die dogter. Geslagsverhoudinge as dimensie van gesinsrituele word verder bevestig deur die moeder tydens die tweede onderhoud: "*Baie keer dan sê sy (dogter) ag, ek is nou lus vir 'n mamma en dogtertjie dag. Dan wil sy nou bietjie wegkom net met my*" (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 18).

#### **4.3.5.2 Alternatiewe dimensies van gesinsrituele**

Buiten die bestaande dimensies van gesinsrituele het ek ook die ses moontlike alternatiewe dimensies van gesinsrituele geïdentifiseer (aangedui in afdeling 2.2.3.2). Die eerste van hierdie sluit in probleemoplossing en taakvoltooiing. Hierdie dimensie het veral geblyk uit die gesin se beoefening van die 'Family Flip Quiz' speletjie (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 10-22). Deur die loop van hierdie gesinsritueel verloop taakvoltooiing relatief vlot en word dit waarskynlik vergemaklik deur die struktuur wat die speletjie bied. 'n Probleem ontstaan egter soms wanneer besluit moet word wie die volgende vrae gaan vra. Hierdie potensiële steuring word egter gewoonlik opgelos deurdat die moeder beheer neem van die situasie. Dit het na vore getree dat probleemoplossing en taakvoltooiing 'n kenmerkende dimensie was van die betrokke gesinsritueel binne hierdie gesin is soos deur die vader geïllustreer word in sy refleksiejoernaal (Bylaag D: Refleksiejoernaal – geen datum, bl 2): "*Seun en Dogter is albei gretig om hulle eie stories te laat lees. Dit veroorsaak dat hulle stry oor wie se storie gelees moet word. Gewoonlik is albei tevrede na die tyd, maak nie saak wie se storie is gelees nie.*"

Ek het kommunikasie, met verskillende onderliggende aspekte daaraan verbonde, as tweede moontlike dimensie van die beoefende gesinsrituele geïdentifiseer. Een van die vele voorbeelde wat vanuit die data blyk, is te vinde in die 'Family Flip Quiz' speletjie (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 13). Dit was die moeder se beurt om 'n



vraag aan die seun te vra. Sy het egter besluit dat die vraag te moeilik vir die seun sou wees en om dit eerder vir die vader te vra. Die seun roep “Nee!” en so kommunikeer hy sy misnoeë met die feit dat hy sy beurt kwyt is. Kommunikasie as dimensie deur middel van lyftaal blyk ook uit die foto’s van die gesinslede waar hulle gesinsrituele beoefen (Bylaag G: Visuele data – datum onbekend, bl 5).

Vanuit die data-analise het dit verder geblyk dat rolle as ‘n moontlike dimensie van gesinsrituele beskou kan word. In die dogter se skets van ‘n gesinsritueel (Bylaag F: Postmoderne assessering – 3 & 17 Junie 2006, bl 5) waartydens die gesin Bybel lees, word die vader uitgebeeld in ‘n leidende rol. Hy lees Bybel en sit op die bed terwyl die res van die gesinslede op die vloer sit. Hierbenewens het die moeder tydens die tweede onderhoud genoem (Bylaag B: Onderhoude – 9 Augustus 2006, bl 22): “Hy’t (vader) *nou daai ding begin van storie lees en dit het nou so diep ingesink by hulle (die kinders) dat ek voel nogal dit is ‘n pappa se werk, veral met Bybel lees en bid. ‘n Pappa moet sê ons lees Bybel en bid klaar.*” Vanuit hierdie aanhaling blyk dit duidelik dat daar van die vader verwag word om ‘n leidende rol in die beoefening van die gesinsritueel te vertolk.

Affektiewe bestuur en affektiewe betrokkenheid blyk verdere dimensies te wees van gesinsrituele binne hierdie betrokke gesin. Ten opsigte van affektiewe bestuur verwys ek weer na die voorvermelde voorbeeld van die seun wat tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie sy misnoeë laat blyk het omdat sy beurt oorgeslaan is (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 13). Die emosie wat hy getoon het was gepas en kontekstueel relevant. In die dogter se gebed na afloop van die Bybellees-gesinsritueel toon sy dat sy emosioneel betrokke is by die ander gesinslede. Sy weet oënskynlik wat elke gesinslid se behoefte is en bid spesifiek daarvoor (Bylaag C: Bandopname – 25 Junie 2006, bl 7).

Die laaste moontlike dimensie wat ek geïdentifiseer het, is gedragsbeheer. Hierdie dimensie het duidelik geblyk uit die gesinsritueel waartydens die gesin Bybel gelees het. Die gesin was besig om ‘n stukkie uit die Bybel te ondersoek toe die seun die res van die gesinslede in die rede geval het met ‘n saak wat nie relevant was op daardie oomblik





nie. Na 'n herhaling van die seun se optrede het die moeder gesê: “*Seun, asseblief*”, wat 'n moontlike aanduiding daarvan is dat sosiale gedrag binne die beoefening van die gesinsritueel beheer is (Bylaag C: Bandopname – 25 Junie 2006, bl 2). 'n Soortgelyke insident het plaasgevind toe die seun tydens die ‘Family Flip Quiz’ speletjie antwoorde uitgeroep het. Die vader het gedragsbeheer toegepas deur te sê: “*Jy kan wag tot ek jou naam noem dan antwoord jy, ok?*” (Bylaag C: Bandopname – 29 Junie 2006, bl 12).

#### **4.4 BEVINDINGE**

In die volgende afdeling bring ek die resultate van my studie in verband met relevante literatuur om tot bevindinge en die beantwoording van my navorsingsvrae te kom. Ek skenk eerstens aandag aan die sekondêre navorsingsvrae, waaruit beantwoording van die primêre navorsingsvraag voortvloei.

##### **4.4.1 Sekondêre navorsingsvraag 1: Watter tipiese dimensies is in die gesinsrituele van kerngesinne teenwoordig?**

Ek het bevind dat al vyf tipiese dimensies van gesinsrituele soos in Hoofstuk 2 geïdentifiseer, naamlik struktuur (Schuck & Bucy, 1997), betekenis (Schuck & Bucy; 1997; Roberts, 1988), volharding en toewyding (Schuck & Bucy, 1997), aanpasbaarheid asook geslagsverhoudinge (Dubas & Gerris, 2002), binne die konteks van die wyse waarop die deelnemende gesin gesinsrituele beoefen het, teenwoordig was. Ek het verder bevind dat die McMaster model van gesinsfunksionering (Dickstein, 2002) se ses dimensies van gesinsfunksionering, naamlik probleemoplossing en taakvoltooiing, kommunikasie, rolle, affektiewe bestuur, affektiewe betrokkenheid en gedragsbeheer, ook teenwoordig was in die beoefening van gesinsrituele wat vir die doeleindes van my studie bestudeer is. Die vyf dimensies van gesinsrituele kan dus waarskynlik aangevul word met ander dimensies wat nie tans in bestaande literatuur as dimensies van gesinsrituele vervat word nie, naamlik die McMaster model se ses dimensies van gesinsfunksionering. Hierdie moontlikheid lei tot my afleiding dat gesinsrituele waarskynlik die McMaster model van gesinsfunksionering (Dickstein, 2002) se

dimensies van gesinsfunksionering insluit, omdat gesinsrituele 'n vorm van gesinsfunksionering is.

In terme van die dimensie wat volharding en toewyding aanspreek (Schuck & Bucy, 1997), het ek bevind dat die kinders wat deelgeneem het aan my studie waarskynlik meer volhard en meer toegewyd is aan die gesinsrituele as hul ouers. Vanuit die resultate het ek ook verskeie faktore geïdentifiseer wat die volharding en toewyding aan gesinsrituele deur veral die ouers negatief kan beïnvloed. Dit sluit in die seisoen van die jaar, werksverpligtinge, skoolverwante druk wat moegheid veroorsaak, persoonlike voorkeure, daaglikse roetine-aktiwiteite en die tyd van die dag waarop die gesinsrituele beoefen word. In die deelnemers se geval het ek bevind dat veral daaglikse roetine-aktiwiteite die gesin se volharding en toewyding aan die beoefening van gesinsrituele bemoeilik het. Volgens bestaande literatuur het roetine-aktiwiteite egter die potensiaal om omskep te word in 'n gesinsritueel wat simboliese betekenis vir gesinslede inhou sodra dit beweeg vanaf 'n instrumentele na 'n simboliese gebeurtenis (Fiese *et al.*, 2002). Ek lei hieruit af dat dit dus tog nodig is om sekere uitdagings te bestuur ten einde die beoefening van gesinsrituele te optimaliseer.

Ek het verder bevind dat dit nie noodwendig waar is dat televisie die rol oorneem van gesinstyd, soos wat Dubas en Gerris (2002) asook Larson *et al.* (2001) aanvoer nie. Die deelnemende gesin het 'n gesinsritueel gevorm rondom die kyk van 'n televisieprogram wat gesprekvoering en gevolglik ook moontlik gesinsverhoudinge bevorder het. Ek skryf hierdie roetine toe aan die gesin se unieke kontekstuele geskiedenis. Die gesin was in die verlede vir 'n geruime tyd in die buiteland woonagtig waartydens hulle geen Afrikaanse televisieprogramme kon kyk nie en ook nie 'n televisiestel besit het nie. Dit kon moontlik bygedra het tot die ontstaan van die bovermelde gesinsritueel met die gesin se terugkeer na Suid-Afrika.

My bevinding dat werksverpligtinge en kompeterende belange soos skoolverwante druk die beoefening van gesinsrituele verder kon bemoeilik, word bevestig deur die navorsing van Dubas en Gerris (2002). Benewens hierdie faktor het ek egter ander faktore



geïdentifiseer wat ook die beoefening van gesinsrituele kon bemoelijk, wat nie in die literatuur wat ek bestudeer het vervat word nie, soos die seisoen van die jaar en die tyd van die dag waarop die gesinsritueel plaasvind. Ek skryf hierdie oënskynlike variasie van my bevinding op bestaande literatuur toe daaraan dat die gesin wat ek bestudeer het in unieke omstandighede oor unieke lewensuitkyke en waardestelsels beskik wat waarskynlik verskil van die deelnemers wat aan ander studies, dikwels in die buiteland, deelgeneem het.

#### **4.4.2 Sekondêre navorsingsvraag 2: Hoe kan die beoefening van gesinsrituele kinders se betekenisgewing beïnvloed?**

Ek het bevind dat die kinders wat aan my studie deelgeneem het, se betekenisgewing moontlik op drie verskillende vlakke deur die beoefening van gesinsrituele beïnvloed word. Dit sluit in die betekenis wat hierdie twee kinders aan gesinsrituele as sulks gee, die betekenis wat hulle aan hulself gee en die betekenis wat hulle aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid gee. Hierbenewens het ek bevind dat die betekenisgewing deur hierdie kinders ook tot 'n mate negatief beïnvloed word deur die beoefening van gesinsrituele. Ek bespreek vervolgens elk van hierdie aspekte afsonderlik in terme van my bevindinge.

##### ***4.4.2.1 Watter moontlike betekenis gee kinders aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid?***

Die kinders wat aan my studie deelgeneem het, het die volgende moontlike betekenis aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid gegee: Dit kweek 'n sin van sekuriteit by die kinders, dit skep 'n gevoel van vrede by die kinders en dit vestig die wete by die kinders dat hulle hul ouers kan nader vir hulp en raad.

Alhoewel ek, weens die uitkomstgesentreerde aard van vorige navorsing, nie relevante literatuur oor gesinsrituele en betekenisgewing kon vind om hierdie bevinding van my te staaf nie, kan 'n moontlike verband geïdentifiseer word met literatuur wat handel oor



ouerskapstyle en die gevolglike uitwerking daarvan op kinders. Kinders van ouers wat sensitief is en gepas reageer ten opsigte van hulle kinders se behoeftes (demokratiese opvoedingstyl), openbaar gewoonlik 'n sin van sekuriteit en die wete dat hulle ander mense kan vertrou (Wenar & Kerig, 2005; Louw, *et al.*, 1998; Ainsworth, Blehar, Walter & Wall, 1978). Indien die ouers wat aan my studie deelgeneem het hierdie ouerskapstyl openbaar tydens interaksie met hulle kinders wanneer gesinsrituele beoefen word, kan die afleiding gemaak word dat die kinders gevolglik hul opvoedingsgesitueerdheid sal beteken as veilig en beskerm. Voorts kan ek dan die afleiding maak dat die kinders, weens hierdie sin van sekuriteit, ook moontlike vrede sal kan vind en hulle ouers met vrymoedigheid nader om hulp en raad. Bogenoemde is egter bloot 'n hipotese wat verdere ondersoek noodsaak.

#### ***4.4.2.2 Watter moontlike betekenis gee kinders aan gesinsrituele?***

Ek het bevind dat die kinders wat aan my studie deelgeneem het, die volgende betekenis aan gesinsrituele gee: Hulle geniet die gesinsrituele (wat behels dat hulle dit graag wil doen en daarna verlang wanneer dit nie beoefen word nie) en blyk van mening te wees dat die beoefening van gesinsrituele vir hulle bepaalde voordele kan inhou. Ek het tydens die bestudering van relevante literatuur egter geen verwysings gevind wat verband hou met die moontlike betekenis wat kinders aan gesinsrituele gee nie, aangesien vorige navorsing grootliks fokus op die uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele oplewer. Deur literatuur te bestudeer wat handel oor ander (verwante) aspekte as gesinsrituele, kon ek egter sekere afleidings maak en hipoteses formuleer wat verder ondersoek kan word.

My bevindinge hou verband met literatuur vanuit die Positiewe Sielkunde wat betrekking het op die mens se geluk. Volgens Compton (2005) bestaan daar 'n betekenisvolle korrelasie tussen 'n persoon se geluk en die vlak van tevredenheid met aktiwiteite wat daardie persoon in sy/haar vrye tyd beoefen. Indien ek dus aanneem dat die deelnemende gesin se gesinsrituele as sulke (positiewe) aktiwiteite kan dien, kan ek die



afleiding maak dat die kinders wat aan my studie deelgeneem het 'n hoë mate van tevredenheid met die gesinsrituele ondervind aangesien dit hulle gelukkig maak.

Die resultate van my studie dui verder daarop dat die beoefening van gesinsrituele wel vir kinders sekere voordele kan inhou. Die kinders wat aan my studie deelgeneem het se mening dat die beoefening van gesinsrituele vir hulle sekere voordele inhou, soos die vermyding van aktiwiteite wat hulle as onaangenaam beleef, kan in verband gebring word met Piaget se uiteensetting van die stadia van kognitiewe ontwikkeling (Louw *et al.*, 1998). Volgens Piaget se teorie bevind die kinders wat aan my studie deelgeneem het, weens hulle ouderdom, hulself in die konkreet-operasionele periode. Hiertydens redeneer kinders in terme van waarneembare realiteite. Na aanleiding hiervan kan ek die afleiding maak dat die kinders wat aan my studie deelgeneem het, na afloop van die beoefening van gesinsrituele, sekere konkrete voordele beleef het wat daardeur teweeg gebring is en dat hulle betekenisgewing ten aansien van gesinsrituele dienooreenkomstig beïnvloed is.

#### ***4.4.2.3 Hoe kan die beoefening van gesinsrituele kinders se betekenis aan hulself beïnvloed?***

Ek het bevind dat die beoefening van gesinsrituele, met bepaalde uitsonderings, die kinders wat aan my studie deelgeneem het se betekenisgewing aan hulself positief beïnvloed het. Hierdie betekenis sluit die volgende in: Die deelnemende kinders het hulself beteken as spesiaal en geliefd, as deel van die gesin en as rolspelers in die ander gesinslede se lewensverryking en groei. Verdere geïdentifiseerde betekenisgewing wat hiermee verband hou, het te make met die kinders se positiewe selfkonsep asook hulle selfvertroue en waaghouding.

Wat betref kinders se betekenisgewing aan hulself as deel van gesinne het Oswald (2002) bevind dat die persepsie dat 'n persoon aan 'n gesin behoort en deur die gesin ingesluit word, 'n belangrike faktor is wat geassosieer kan word met die impak van gesinsrituele op individuele ontwikkeling en welstand. Bennett *et al.* (1988) ondersteun

sodanige bevinding deur aan te voer dat die gevoel dat 'n individu aan 'n groep behoort kinders gewoonlik help om suksesvol in nuwe omstandighede aan te pas. Kinders se positiewe betekenisgewing aan hulself weens die beoefening van gesinsrituele, kan dus suksesvolle aanpassing in nuwe omstandighede as bategebaseerde uitkoms tot gevolg hê.

Die kinders wat aan my studie deelgeneem het, het hulself ook beteken as waardig van hul ouers se aandag en liefde, as spesiaal en geliefd en as rolspelers in die ander gesinslede se lewensverryking en groei. In dié verband lig Wenar en Kerig (2000) sosiale bevoegdheid uit as een van die faktore wat kan bydra tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep. Ek is van mening dat die bogenoemde betekenisgewing van die deelnemende kinders aan hulself verband hou met die sosiale interaksie tussen die gesinslede. Daarom maak ek die afleiding dat hierdie positiewe betekenisgewing deur die kinders aan hulself moontlik kon bydra tot die kinders se oënskynlike positiewe selfkonsep. Dengel (2000) beklemtoon dan ook die moontlike verbetering van kinders se selfkonsep deur die beoefening van gesinsrituele. Die afleiding kan gevolglik gemaak word dat kinders se positiewe betekenisgewing aan hulself, in 'n positiewe selfkonsep as bategebaseerde uitkoms kan resulteer.

In aansluiting by die bogenoemde bespreking oor selfkonsep, is ek van mening dat selfvertroue, waaghouding en 'n positiewe selfkonsep as bategebaseerde uitkomste op die betekenisgewing deur die kinders wat aan my studie deelgeneem het, moontlik met mekaar verband hou. Louw *et al.* (1998) noem in hulle bespreking van die ontwikkeling van die selfkonsep van kinders in die middel kinderjare, dat selfvertroue, minder selfbewustheid en meer selfgeldende gedrag kenmerkend is van kinders met 'n positiewe selfkonsep. 'n Positiewe selfkonsep as bategebaseerde uitkoms op die betekenisgewing deur kinders word verder bevestig deur Dengel (2000) asook Fiese en Kline (1993) wat bevind het dat gesinsrituele adolessente en kinders se selfbeeld positief kan beïnvloed.



#### **4.4.2.4 Negatiewe betekenisgewing wat met die beoefening van gesinsrituele geassosieer kan word**

Ek het bevind dat die beoefening van gesinsrituele ook soms negatiewe betekenisgewing deur kinders kan oplewer. Imber-Black (2002) stel dat gesinsrituele 'n kragtige lens is wat 'n mens kan bemagtig om emosionele bande en verhoudinge duidelik te sien – ook die negatiewe sy daarvan. Dit blyk waar te wees in hierdie geval. Problematiese interaksie tussen die deelnemende gesinslede, is deur die beoefening van gesinsrituele waarskynlik onder die vergrootglas geplaas. Die gevolg was dat die seun bepaalde negatiewe betekenis aan gesinsrituele toegeken het, dat die seun soms negatiewe betekenis aan homself toegeken het en dat moontlike negatiewe uitkomst weens hierdie betekenisgewing tot stand gekom het. Ek het bevind dat die seun gesinsrituele moontlik beteken het as tye wanneer hy deur die res van die gesinslede aangeval word. Hy het homself ook moontlik beteken as stout weens die negatiewe terugvoer wat hy soms tydens beoefening van gesinsrituele van ander gesinslede ontvang het. Hierdie negatiewe betekenisgewing kan moontlik kulmineer in 'n swak selfbeeld of swak ouer-kind verhoudinge. Ter bevestiging van hierdie stelling het Louw *et al.* (1998) bevind dat die wyse waarop kinders deur volwassenes, veral ouers behandel word, 'n belangrike rol in die ontwikkeling van hulle selfagting kan speel.

#### **4.4.3 Sekondêre navorsingsvraag 3: Watter bategebaseerde uitkomst, indien enige, kan die beoefening van gesinsrituele oplewer?**

Ek het bevind dat die beoefening van gesinsrituele, in die geval van die deelnemers, bategebaseerde uitkomst gelewer het op drie verskillende vlakke van die gesin se funksionering, naamlik op die interaksie tussen die gesinslede, op 'n opvoedkundige vlak en op die algemene welstand van die gesinslede. Wat betref die moontlike bategebaseerde uitkomst wat gesinsrituele kan oplewer op die verhoudinge tussen gesinslede, het ek bevind dat gesinsrituele gesinsverhoudinge kan opbou, gesinslede kan ondersteun om mekaar beter te leer ken en geleentheid kan bied waartydens

wedersydse ondersteuning in die kleine geoeften kan word. Dit kan verder die boodskap oordra dat gesinslede vir mekaar omgee. Ek beskou bogenoemde bevindinge as eienskappe van versterkte gesinverhoudings. Hierdie bevindinge word bevestig deur Fiese *et al.* (2002) se navorsing wat daarop dui dat rituele gesinverhoudinge kan versterk.

Ek het verder bevind dat die beoefening van gesinsrituele geleenthede geskep het vir die gesin wat aan my studie deelgeneem het om tyd saam te spandeer, ten spyte van 'n besige skedule. Hierdie bevinding word ondersteun deur navorsing deur Dubas en Gerris (2002) wat toon dat die hoeveelheid tyd wat ouers en kinders tydens vroeë adolessensie saam spandeer die kwaliteit van verhoudinge in die latere adolessente jare kan bepaal. Ek is daarom van mening dat my bevinding ten opsigte van die tyd wat die gesin saam spandeer, verband hou met sekere van my ander bevindinge, naamlik dat gesinsrituele herinneringe kan skep wat die gesinslede saam bind, dat gesinsrituele kan lei tot minder aandagsoekerige gedrag by die kinders, dat dit toekomstige probleme kan voorkom en dat dit die geleentheid aan die kinders kan bied om hulle behoeftes bekend te maak.

Bogenoemde verband tussen my bevindinge kan ten beste geïllustreer word in die hipotetiese afwesigheid van gesinsrituele. Indien die gesin wat aan my studie deelgeneem het geen gesinsrituele beoefen het nie, sou hulle geen herinneringe daarvan kon deel nie. Hierdie hipotese sluit aan by die navorsing van Pasupathi (2001) wat aandui dat gesinsrituele dikwels enkele geleenthede voorsien vir groepsvorming van outobiografiese geheue wanneer gesinslede saam gesels oor herinneringe. Verder sou die kinders wat aan my studie deelgeneem het in die afwesigheid van gesinsrituele waarskynlik meer aandagsoekerige gedrag geopenbaar het, aangesien hulle die tyd ontnem sou wees waarin die ouers aan hulle aandag skenk. Aangesien die kinders in die afwesigheid van gesinsrituele dalk ook nie die geleentheid sou hê om hulle behoeftes bekend te maak nie, sou die ouers waarskynlik nie die nodige leiding aan die kinders kon gee om sodoende toekomstige probleme te voorkom nie. Mackey en Greif



(1994) beklemtoon die belangrikheid daarvan om gesinskrisisse te antisipeer voor dit plaasvind en te bou op voorkomende gesinsrituele.

Ek het bevind dat beoefening van gesinsrituele in die geval van die deelnemers aan my studie ook op 'n opvoedkundige vlak bategebaseerde uitkomste gelewer het. Eerstens het dit geblyk dat gesinsrituele moontlik as onderrigmedium kan dien waardeur kennis van geslag tot geslag oorgedra word. Tweedens kan kinders se sosiale vaardighede moontlik deur die beoefening van gesinsrituele bevorder word. Schuck en Bucy (1997) bevestig dat gesinsrituele as sosialiseringmiddel kan dien aangesien gesinne se waardes en oortuigings deur gesinsrituele oorgedra kan word. Derdens het dit geblyk dat godsdienstige waardes moontlik deur die beoefening van gesinsrituele oorgedra kan word en vierdens kon gesinsrituele geleenthede bied waartydens ouers gewenste gedrag vir hul kinders modelleer. Ek is van mening dat bogenoemde vier bevindinge moontlik met mekaar verband hou deurdat die ouers se kennis oor gepaste gedragsnorme in sosiale situasies of godsdienstige waardes, onder andere deur middel van modellering aan hulle kinders oorgedra kon word.

Verdere bategebaseerde uitkomste wat die beoefening van gesinsrituele op 'n opvoedkundige vlak kan oplewer sluit in dat, afhangende van die aard van die gesinsritueel, dit die potensiaal het om gesinslede se algemene kennis te verbreed en skolasiese vaardighede te bevorder. Ek is van mening dat die verbetering van 'n persoon se algemene kennis kan lei tot 'n verbetering in sy/haar akademiese rekords. Ek het dan ook bevind dat gesinsrituele 'n positiewe uitwerking kan hê op gesinslede se akademiese rekords. Hierdie bevinding word bevestig deur die bevindinge van Brock (2000) wat verband hou met akademiese prestasie in die algemeen en van Serpell *et al.* (2002) ten opsigte van kinders se leesvaardighede spesifiek. Ek het verder bevind dat gesinsrituele die potensiaal inhou om kinders bloot te stel aan ander aktiwiteite as wat tradisioneel in skole beoefen word.

Ten opsigte van algemene welstand, het ek gevind dat die bategebaseerde uitkomste wat die beoefening van gesinsrituele vir die gesin wat aan my studie deelgeneem het



inhou, grootliks deur bestaande literatuur bevestig word. Brock (2000) bevestig my bevinding dat gesinsrituele 'n positiewe uitwerking op gesinslede se fisieke gesondheid kan uitoefen, terwyl Schuck en Bucy (1997), in ooreenstemming met my bevinding dat die beoefening van gesinsrituele spanning kan verlig, aanvoer dat gesinsrituele die hantering van stres vergemaklik. Volgens Oswald (2002) asook Cohen en Wills (1985) vestig gesinsrituele 'n sterk weerstand by gesinslede teen stresvolle gebeure.

Dit is duidelik dat sommige van my bevindinge, weens die unieke eienskappe van die gesin wat aan my navorsing deelgeneem het, nie deur bestaande literatuur wat verband hou met moontlike positiewe uitkomst van gesinsrituele gestaaf word nie, byvoorbeeld my bevinding dat gesinsrituele die potensiaal inhou om kinders bloot te stel aan ander aktiwiteite as wat tradisioneel in skole beoefen word. Hierdie bevindinge hou egter wel dikwels verband met ander uitkomst wat wel deur bestaande literatuur gestaaf word. Hieruit kan ek aflei dat die beoefening van gesinsrituele 'n verskeidenheid bategebaseerde uitkomst vir gesinne inhou en dat dit nie beperk is tot die tipiese uitkomst wat in bestaande literatuur voorgehou word nie.

#### **4.5 BEANTWOORDING VAN DIE PRIMÊRE NAVORSINGSVRAAG**

My studie is gerig deur die volgende primêre navorsingsvraag: ***“Wat is die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders?”*** Vanuit my bespreking van die sekondêre vrae kan die volgende antwoord op hierdie vraag geformuleer word:

Eerstens blyk kinders oor die algemeen positiewe betekenis aan gesinsrituele te heg weens die positiewe gevoelens wat hulle daarmee assosieer. Kinders beleef gesinsrituele as 'lekker', wat beteken dat hulle dit graag wil doen en daarna verlang wanneer dit nie beoefen word nie. Kinders blyk verder van mening te wees dat die beoefening van gesinsrituele vir hulle bepaalde voordele kan inhou, soos die vermyding van ander aktiwiteite wat hulle as minder aangenaam beleef.

Tweedens assosieer ek die beoefening van gesinsrituele met moontlike positiewe betekenisgewing deur kinders aan hulself, naamlik dat hulle deel is van 'n gesin; 'n waardevolle bydrae lewer tot ander gesinslede se lewe en groei; en dat hulle spesiaal en geliefd is. Hierdie positiewe betekenisgewing hou verband met die ontwikkeling van kinders se positiewe selfkonsep, selfvertroue en waaghouding. Derdens het die beoefening van gesinsrituele moontlik die potensiaal om kinders te lei om soms ook negatiewe betekenis aan gesinsrituele en aan hulself toe te ken, wat moontlik negatiewe uitkomst tot gevolg kan hê.

Laastens lyk dit of kinders verskeie betekenis kan gee aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid weens die gesinsrituele wat hulle binne die gesinskonteks beoefen. Die beoefening van gesinsrituele kan op dié wyse moontlik 'n sin van sekuriteit en vrede by kinders kweek en geleenthede bied waartydens ouers aan kinders hulp en raad kan voorsien.

#### **4.6 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk het ek die resultate van my studie uiteengesit en bespreek. Daarna het ek die resultate van my studie met relevante literatuur in verband gebring sodat ek die primêre en sekondêre navorsingsvrae deur middel van die bevindinge van my studie kon beantwoord. Nadat ek die dimensies wat in gesinsrituele aangetref word, bespreek het, het ek gefokus op die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders. Positiewe sowel as negatiewe invloede is uitgelig. Samevattend het ek verduidelik hoe ek bevind het dat die beoefening van gesinsrituele as bate moontlik die betekenisgewing deur kinders positief kan beïnvloed.

Hoofstuk 5 behels 'n terugblik, samevatting, asook enkele gevolgtrekkings wat uit my studie voortgevloei het. Verder sal ek uitsonderings, tekortkominge en afwykings in die

data identifiseer en die relevansie en die moontlike waarde van my resultate uitlig. Ek sluit die hoofstuk af deur aanbevelings te maak vir opleiding, praktyk en verdere navorsing.

-oOo-



## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKINGS, UITDAGINGS EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk bied ek 'n oorsig van die vorige hoofstukke, waarna ek die hoofbevindinge en gevolgtrekkings van my studie opsom. Ek sit verder die beperkinge en moontlike bydrae van my studie uiteen. Ek sluit die hoofstuk af deur aanbevelings vir opleiding, praktyk en verdere navorsing.

#### 5.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 het ek verslag gedoen oor die resultate van my studie. Ten einde die nodige agtergrond te skep, het ek eers 'n beskrywing van die gedokumenteerde gesinsrituele aangebied. Ek het die resultate uiteengesit volgens die temas en subtemas wat gespruit het uit my data-analise en my bespreking gestaaf met aanhalings vanuit die rou data. Daarna het ek die bevindinge van my studie aan die hand van die primêre en sekondêre navorsingsvrae bespreek wat gesentreer het rondom die dimensies van gesinsrituele, die moontlike invloed van gesinsrituele op betekenisgewing deur kinders en die bategebaseerde uitkomst wat daarmee geassosieer kan word. Ek het ook my bevindinge in verband gebring met relevante literatuur. Vervolgens bied ek 'n oorsig van die vorige hoofstukke, waarna ek tot finale gevolgtrekkings kom.

#### 5.2 OORSIG OOR VORIGE HOOFSTUKKE

In Hoofstuk 1 het ek die doelstelling, agtergrond en rasionaal as inleiding tot my studie omskryf. Ek het die probleemstelling geformuleer in terme van 'n primêre en 'n aantal sekondêre navorsingsvrae wat verband hou met die dimensies van gesinsrituele, die moontlike invloed van gesinsrituele op kinders se betekenisgewing asook die



bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele tot gevolg kan hê. Ek het die konsepte wat my studie onderlê gedefinieer, naamlik bate, betekenisgewing, gesin, ritueel, roetine, gesinsritueel en kinders. Ek het Interpretivisme as my paradigmatische perspektief aan die leser bekendgestel en die instrumentele gevallestudie as my navorsingsontwerp voorgedra. Daarna het ek my data-insamelings- en -vasleggingstegnieke, naamlik opvoedkundige sielkundige assesserings, semi-gestruktureerde onderhouds, gesprekvoering, refleksies, reflektiewe joernale, visuele data, observasie en veldnotas bekendgestel en my proses van data-analise en interpretasie kortliks verduidelik. Ek het ook die eenheid van my studie (twee kinders binne 'n gesin wat gesinsrituele beoefen tesame met hulle ouers), die basiese aannames van my studie asook die beperkinge van my studie uiteengesit. Ek het Hoofstuk 1 afgesluit met 'n oorsig van wat die leser te wagte kan wees in Hoofstukke 2 tot 5.

In Hoofstuk 2 het ek 'n uiteensetting gebied van die relevante literatuur wat ek geraadpleeg het wat betref die kernkonsepte in my studie. Ek het eerstens aandag geskenk aan 'n moontlike definisie en die aard van gesinsrituele en onderskeid getref tussen die konsepte 'roetine', 'gesinsroetine', 'ritueel' en 'gesinsritueel.' Ek het ondersoek ingestel na die dimensies wat tipies in gesinsrituele aangetref word en kon vanuit die literatuur vyf verskillende dimensies identifiseer, naamlik struktuur, betekenis, volharding en toewyding, aanpasbaarheid en geslag. Hierbenewens het ek die McMaster model van gesinsfunksionering ondersoek, wat sekere dimensies van gesinsfunksionering uitlig. Ek het gesinsrituele verder geëksploreer in terme van die positiewe uitkomst wat dikwels daarmee geassosieer word, soos byvoorbeeld beter akademiese prestasie en fisieke gesondheid, asook problematiek rondom die beoefening van gesinsrituele. Ek het ook die verband tussen gesinsrituele en die ontwikkelingsfasies van die individuele gesinslede wat aan my studie deelgeneem het bespreek.

Tydens my bespreking van gesinsrituele as intervensiemoontlikheid het ek aandag geskenk aan intervensie vanuit die sisteemteoretiese perspektief, asook voorkoming en



behandeling van emosionele labiliteit. As teoretiese agtergrond tot my studie het ek die opvoedkundige sielkundige teorie van betekenisgewing, die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde ondersoek. Ek het Hoofstuk 2 afgesluit met 'n uiteensetting van my konseptuele raamwerk. Ek het kortliks my konseptuele raamwerk verduidelik in terme van die betekenisgewende kind, gesinsrituele, positiewe uitkomst, die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde.

In Hoofstuk 3 het ek verduidelik hoe ek my empiriese studie beplan en onderneem het. Nadat ek die hoofstuk ingelei het met 'n algemene oriëntering het ek Interpretivisme as die paradigmatische perspektief bespreek wat my studie onderlê. Tydens bespreking van my navorsingsmetodologie het ek die instrumentele gevallestudie as my navorsingsontwerp uiteengesit en na die voordele en nadele daarvan verwys. Vir die doel van my studie het ek gebruik gemaak van doelgerigte seleksie van deelnemers. Die gesin moes Afrikaanssprekend wees en bestaan uit ten minste een kind en albei ouers. Die gesin moes in Pretoria woonagtig wees en gesinsrituele beoefen.

Opvoedkundige sielkundige assesserings, semi-gestruktureerde onderhoude, gesprekvoering, refleksies, reflektiewe joernale, visuele data, observasie en veldnotas het deel uitgemaak van my data-insamelings- en -vasleggingstegnieke. Nadat ek hierdie tegnieke binne die konteks van my studie verduidelik het, het ek die data-analise- en interpretasie-strategieë wat ek toegepas het bespreek in terme van die voorbereiding en kodering van rou data, opgevolg deur kategorisering in temas en sub-temas. Ek het verder die navorsingsgesitueerdheid en moontlike uitdagings van die data-insamelings- en -vasleggingsproses uitgelig. In my bespreking van my rol as navorser tydens onderneming van my studie het ek onder andere onderskei tussen my rol as navorser en my rol as terapeut. Ek het my pogings om die wetenskaplikheid van my studie te bevorder uiteengesit, met verwysing na kredietwaardigheid, oordraagbaarheid, afhanklikheid, bevestigbaarheid en outentiekheid. Ek het Hoofstuk 3 afgesluit met 'n bespreking van die etiese beginsels wat ek nagevolg het in die beplanning en onderneming van my studie.

In Hoofstuk 4 het ek verslag gedoen van die resultate en bevindinge van my studie. Ek het aan die leser die nodige agtergrondinligting verskaf deur eerstens 'n beskrywing te bied van die gedokumenteerde gesinsrituele wat die deelnemende gesin op gereelde basis beoefen. Daarna het ek die resultate van my studie bespreek aan die hand van die temas en sub-temas wat vanuit die data-analise voortgespruit het. Die temas wat ek bespreek het, het verband gehou met die dimensies wat in gesinsrituele aangetref word, die moontlike invloed van gesinsrituele op betekenisgewing deur kinders en potensiële bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele tot gevolg het. Ek het my bevindinge uitgelig aan die hand van die primêre en sekondêre navorsingsvrae en my resultate sodoende in verband gebring met relevante literatuur.

### **5.3 OPSOMMING VAN DIE HOOFBEVINDINGE**

Die doel van my studie was om die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders te eksploreer en te beskryf. Ten einde hierdie doel te bereik was ek tydens die navorsingsproses geïnteresseerd in die dimensies van die deelnemende gesin se gesinsrituele, die invloed van die gesinsrituele op die kinders se betekenisgewing en die bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele kan oplewer.

Ek het bevind dat al vyf dimensies van gesinsrituele wat ek in bestaande literatuur geïdentifiseer het, teenwoordig was in die deelnemende gesin se gesinsrituele. Die McMaster model van gesinsfunksionering se ses dimensies van gesinsfunksionering was ook teenwoordig in die gesinsrituele wat ek bestudeer het. Dit blyk dus vanuit die resultate van my studie dat die dimensies van gesinsrituele, soos in bestaande literatuur vervat, waarskynlik aangevul kan word met ander dimensies, soos probleemoplossing en taakvoltooiing, kommunikasie, rolle, affektiewe bestuur, affektiewe betrokkenheid en gedragsbeheer.

Ek het volharding en toewyding as een van die dimensies van gesinsrituele geïdentifiseer en bevind dat die kinders wat aan my studie deelgeneem het waarskynlik





meer volhard het en meer toegewyd was in die beoefening van die gesinsrituele as hulle ouers. Ek het die seisoen van die jaar, werksverpligtinge, skoolverwante druk wat moegheid veroorsaak, persoonlike voorkeure, daaglikse roetine-aktiwiteite en die tyd van die dag geïdentifiseer as moontlike faktore wat uitdagings kan bied aan 'n gesin se volharding en toewyding aan gesinsrituele. Dit het verder duidelik geword dat dit soms nuttig kan wees om sommige uitdagings effektief aan te spreek en te bestuur. Alhoewel die gesin daaglikse roetine-aktiwiteite beskou het as 'n faktor wat toegewyde beoefening van hulle gesinsrituele kan belemmer, het vorige navorsers bevind dat roetine-aktiwiteite in gesinsrituele omskep kan word wanneer dit beweeg vanaf 'n instrumentele na 'n simboliese gebeurtenis.

My bevinding dat televisie nie noodwendig die plek van gesinsrituele oorneem nie, weerspreek bevindinge in bestaande literatuur, terwyl my bevinding dat werksverpligtinge en kompeterende belange soos skoolverwante druk die beoefening van gesinsrituele kan bemoeilik, bevestig word deur vorige studies. Ek kon sommige ander faktore wat die beoefening van gesinsrituele kan bemoeilik, soos die seisoen van die jaar en die tyd van die dag waarop die gesinsritueel plaasvind, ook nie in bestaande literatuur vind nie.

Ten opsigte van die kinders se betekenisgewing het ek bevind dat die deelnemende kinders se betekenisgewing aan die gesinsrituele as sulks, hul betekenisgewing aan hulself en die bategebaseerde uitkomst op die betekenisgewing deur hulle, waarskynlik deur die beoefening van gesinsrituele beïnvloed word. In terme van die kinders se betekenisgewing aan gesinsrituele toon my bevindinge dat die deelnemende kinders gesinsrituele waarskynlik geniet, dat gesinsrituele moontlik iets is wat hulle graag wil doen, dat hulle moontlik daarna hunker as die gesinsrituele nie plaasvind nie en dat hulle van mening is dat beoefening van gesinsrituele vir hulle bepaalde voordele kan inhou. Dit was egter ook duidelik dat reeds bestaande problematiese gesinsdinamiek kan lei tot negatiewe betekenisgewing aan gesinsrituele deur kinders. Een van die deelnemers het byvoorbeeld gesinsrituele beteken as tye wanneer hy "aangeval" word deur die res van die gesinslede.



Ten opsigte van die kinders se betekenisgewing aan hulself, het ek bevind dat dit, met uitsondering, positief beïnvloed kan word deur die beoefening van gesinsrituele. Dit het geblyk dat die deelnemende kinders hulself beteken het as deel van die gesin, as spesiaal en geliefd en as rolspelers in die ander gesinslede se lewensverryking en groei, met gepaardgaande selfvertroue, waaghouding en positiewe selfkonsep. Soos in die geval van die kinders se betekenisgewing aan die gesinsrituele, het ek bevind dat hulle betekenisgewing aan hulself egter ook negatief beïnvloed kan word deur die beoefening van gesinsrituele weens moontlike problematiese gesinsdinamiek. Een van die deelnemers het homself byvoorbeeld beteken as stout.

My navorsing het bevestig, soos bevind in verwante studies, dat die deelnemende kinders se betekenisgewing aan hulself as deel van die gesin geassosieer kan word met die impak van gesinsrituele op individuele ontwikkeling en welstand asook suksesvolle aanpassing in nuwe omstandighede. Verder ondersteun my navorsing vorige studies wat toon dat kinders se selfbetekening as spesiaal en geliefd en as rolspelers in ander gesinslede se lewensverryking en groei kan bydra tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep. Literatuur stel dit duidelik dat selfvertroue, waaghouding en 'n positiewe selfkonsep as bategebaseerde uitkomst op die betekenisgewing deur kinders moontlik aan mekaar verwant is, aangesien selfvertroue, laer vlakke van selfbewustheid en meer selfgeldende gedrag kenmerke is van kinders met 'n positiewe selfkonsep.

Vanuit my navorsing het ek bevind dat die beoefening van gesinsrituele ook verskeie betekenis deur kinders aan hulle primêre opvoedingsgesitueerdheid kan oplewer, naamlik dat dit 'n sin van sekuriteit by kinders kan kweek, dat dit 'n gevoel van vrede kan skep by kinders en dat dit die wete by kinders kan vestig dat hulle hul ouers kan nader vir hulp en raad. My laaste bevinding hou verband met die wyse waarop gesinsrituele as moontlike bate in gesinne kan dien. Ek het bevind dat die beoefening van gesinsrituele die geleentheid kan skep vir gesinne om tyd saam te spandeer ten spyte van 'n besige skedule en sodoende die verhoudinge tussen gesinslede kan bevorder, wat daartoe kan lei dat kinders minder aandagsoekerige gedrag openbaar. Gesinsrituele hou verder die potensiaal in om gesondheidsfaktore soos algemene



fiksheid aan te moedig, wat weer kan bydra tot die verligting van spanning. Dit stel kinders moontlik bloot aan alternatiewe aktiwiteite as wat skole tradisioneel aanbied. Die beoefening van gesinsrituele hou ook die potensiaal in om sosiale vaardighede te bevorder en toekomstige probleme te voorkom. Gesinsrituele kan verder dien as onderrigmedium, aangesien dit geleenthede bied waartydens ouers gewenste gedrag vir hul kinders kan modelleer. Afhangende van die aard van die gesinsritueel het dit die potensiaal om gesinslede se algemene kennis te verbreed en skolastiese vaardighede te bevorder.

Die invloed van gesinsrituele op gesinsverhoudinge het as moontlike bategebaseerde uitkoms vanuit die resultate geblyk. Gesinsrituele kan positiewe gesinsverhoudinge bou deurdat gesinslede mekaar moontlik daardeur kan leer ken en wedersydse ondersteuning sodoende in die klein beoefen kan word. Dit kan verder die boodskap oordra dat gesinslede vir mekaar omgee. Die beoefening van gesinsrituele skep moontlik ook gedeelde herinneringe wat 'n gesin kan saambind.

My bevindinge ten opsigte van moontlike bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van gesinsrituele vir gesinne inhou, word grootliks deur bestaande literatuur bevestig. My bevindinge dat gesinsrituele kinders kan blootstel aan alternatiewe aktiwiteite as wat tradisioneel in skole beoefen word en dat gesinsrituele geleentheid kan skep vir gesinne om kwaliteit tyd saam te spandeer ten spyte van 'n besige skedule, het ek egter nêrens in die bestudeerde literatuur gevind nie. Gevolglik het ek afgelei dat die beoefening van gesinsrituele 'n verskeidenheid bategebaseerde uitkomst vir gesinne kan inhou en nie beperk is tot die uitkomst wat uit bestaande literatuur blyk nie.

#### **5.4 GEVOLGTREKKINGS**

Vanuit die bevindinge van my studie kan ek die gevolgtrekking maak dat gesinsrituele wel as bate kan dien tydens betekenisgewing deur kinders. Die beoefening van gesinsrituele het nie slegs positiewe betekenisgewing deur die deelnemende kinders aan gesinsrituele en aan hulself tot gevolg gehad nie, maar het ook gelei tot

bategebaseerde uitkomst wat betrekking het op die kinders se betekenisgewing. Die beoefening van gesinsrituele het verder geblyk die potensiaal in te hou om bategebaseerde uitkomst in die bestudeerde gesin op te lewer. Hierdie bevindinge dui op die moontlike terapeutiese waarde van gesinsrituele, wat aangewend kan word om die bovermelde bategebaseerde uitkomst te fasiliteer. Alhoewel my navorsing nie ten doel gehad het om die terapeutiese waarde van gesinsrituele te ondersoek nie, kan sekere gevolgtrekkings vanuit die bevindinge gemaak word, wat verband hou met terapiees waardevolle elemente wat dikwels gepaard gaan met die beoefening van gesinsrituele.

In terme van die dimensies waarvanuit gesinsrituele bestudeer kan word, het ek die gevolgtrekking gemaak dat die geïdentifiseerde dimensies wat in relevante literatuur vervat word, moontlik beperk in omvang is. Toevoegings tot die bestaande vyf dimensies van gesinsrituele kan gemaak word, soos byvoorbeeld die ses dimensies van die McMaster model van gesinsfunksionering. Problematiese gesinsfunksionering wat verband hou met aspekte soos probleemoplossing en taakvoltooing, kommunikasie, rolle, affektiewe bestuur, affektiewe betrokkenheid en gedragsbeheer, sou dus moontlik meer effektief deur middel van gesinsrituele aangespreek kon word indien dit teoreties as dimensies van gesinsrituele geïdentifiseer was. Dit bied die grondslag vanwaar verdere navorsing oor gesinsrituele kan geskied.

Alhoewel die beoefening van gesinsrituele as 'n natuurlike verskynsel verwerklik is by die deelnemende gesin, het ek bevind dat sekere faktore die gesinslede se volharding en toegewydheid aan die beoefening van die gesinsrituele negatief kan beïnvloed. Ek het dus tot die gevolgtrekking gekom dat wanneer beoog word om gesinsrituele in 'n terapeutiese hoedanigheid te gebruik, intervensie tog benodig mag word ten einde hierdie faktore te bestuur sodat gesinne beter kan volhard en meer toegewyd sal wees. 'n Belangrike aspek wat hiermee verband hou en wat in die resultate na vore gekom het, is dat die deelnemende kinders die gesinsrituele geniet het en hulle genot geverbaliseer het (daarom was hulle moontlik ook meer toegewyd aan die gesinsrituele as hulle ouers). Hierdie resultate kan moontlik terapiees aangewend word, deurdat dit as

riglyn kan dien vir 'n terapeut indien hy/sy gesinsrituele in samewerking met gesinne wil fasiliteer vir terapeutiese doeleindes. Gesinsrituele wat kinders byvoorbeeld vervelig vind of wat elemente insluit wat vir hulle onaangenaam is, sal waarskynlik nie die nodige aanklank by kinders vind sodat hulle daardeur bereik kan word nie. Hierdie gedagtes reflekteer egter 'n blote hipotese, wat verdere navorsing noodsaak.

Ek is van mening dat hedendaagse gesinne dit uitdagend vind om gesinsverhoudinge te bou en in stand te hou teen die realiteit van besige skedules. Die resultate van my studie het egter daarop gedui dat versterking van gesinsverhoudinge moontlik kan geskied deur gesinsrituele te beoefen. Indien versterkte gesinsverhoudinge nagestreef word, kan gesinsrituele dus moontlik as middel aangewend word om sodanige uitkoms te bereik. Verder skep die beoefening van gesinsrituele gedeelde herinneringe wat toekomstige interaksies tussen gesinslede positief kan beïnvloed. Ek maak dus die gevolgtrekking dat toekomstige interaksies tussen gesinslede moontlik beïnvloed kan word deur die manipulering van gesinsrituele wat herinneringe bou.

Die resultate wat verband gehou het met moontlike negatiewe uitkomste wat met die beoefening van gesinsrituele geassosieer kan word, is reeds bespreek. Ten opsigte hiervan maak ek die gevolgtrekking dat die beoefening van gesinsrituele moontlik reeds bestaande problematiese dinamiek tussen gesinslede onder die vergrootglas kan plaas en daarom aanleiding kan gee tot gevolglike negatiewe betekenisgewing deur kinders. Die problematiese dinamiek waarna verwys word, word nie noodwendig deur die beoefening van gesinsrituele geskep nie. Gesinsrituele belig slegs problematiese dinamiek in gesinne en kan moontlik as instrument aangewend word tydens diagnostiese assessering asook tydens intervensie om sodanige dinamiek aan te spreek.

## **5.5 MOONTLIKE BYDRAE VAN MY STUDIE**

My studie blyk potensieel waardevol te wees om verskeie redes. Eerstens dra die resultate van my studie by tot bevestiging van bestaande literatuur oor gesinsrituele en

die moontlike invloed wat dit as bate kan uitoefen op betekenisgewing deur kinders. Ek beskou die inligting wat uit my studie verkry is, as waardevol aangesien bestaande navorsing, veral wat verband hou met die bategebaseerde benadering en die Positiewe Sielkunde, beperk is ten opsigte van studies in die Suid-Afrikaanse konteks. Ek is verder van mening dat my studie 'n positiewe bydrae kan lewer ter uitbouing van die teoretiese kennisbasis in die Opvoedkundige Sielkunde, aangesien hierdie veld relatief onlangs eers begin aandag skenk het aan oplossingsgesentreerde benaderings en daar 'n leemte in verwante navorsing bestaan (sien die rasonaal van my studie, Hoofstuk 1).

Ek kan met sekerheid sê dat my studie bygedra het tot die deelnemende gesinslede se algemene emosionele welstand, die versterking van gesinsverhoudinge en hulle persoonlike groei. Dit het duidelik geblyk vanuit die vele bategebaseerde uitkomst wat die beoefening van die gesinsrituele tot gevolg gehad het – nie net op die kinders se betekenisgewing nie, maar ook binne die gesin as geheel.

Ek het die gesin se bestaande gesinsrituele bestudeer en aangewend vir die doeleindes van my studie. Ek het dus nie die gesinsrituele voor aanvang van die data-insamelings- en -vasleggingsproses in samewerking met die gesinslede gegeneer nie. Indien dit waar is van die deelnemende gesin dat gesinsrituele as natuurlike verskynsel deur die gesinslede beoefen word, kan dit moontlik wees dat gesinsrituele ook 'n natuurlike verskynsel in ander Suid-Afrikaanse gesinne is. Sodanige gesinne kan moontlik ook voordeel trek uit die beoefening van gesinsrituele soos die deelnemende gesin. Hierdie hipotese behoort egter verder ondersoek te word, alvorens 'n uitspraak hieroor gemaak kan word.

Laastens dui die moontlike bategebaseerde uitkomst en positiewe betekenisgewing wat as resultate uit my studie geblyk het, op praktiese moontlikhede vir terapeutiese intervensie. Die Opvoedkundige Sielkundige praktyk kan moontlik deur die resultate van my studie uitgebrei word indien dit in verband gebring word met terapeutiese moontlikhede wat die beoefening van gesinsrituele inhou.



## 5.6 BEPERKINGE VAN MY STUDIE

Ek het verskeie leemtes in my studie geïdentifiseer. Eerstens kan ek nie op volledigheid aanspraak maak nie, aangesien my studie van beperkte omvang is en net een gesin betrek het. Die geval wat ek betrek het, is nie noodwendig verteenwoordigend van die groter populasie gesinne wat gesinsrituele beoefen nie. 'n Studie van groter omvang, wat meer gesinne by die navorsing betrek het, sou waarskynlik die wetenskaplikheid van my studie kon verhoog. Die resultate is verder slegs kredietwaardig vir die kinders in een Afrikaanssprekende kerngesin en ek kan nie sonder meer aanvaar dat die bevindinge kredietwaardig sal wees in die wyer Suid-Afrikaanse konteks, ander bevolkingsgroepe, kulture of ouderdomsgroepe nie. Verder is elke gesin uniek. Indien ek ander gesinne met hulle eie unieke gesinsrituele sou bestudeer, sou my studie moontlik ander resultate opgelewer het. Vanuit die interpretivistiese paradigma waardeur my studie gerig is, het ek egter nie ten doel gehad om die bevindinge te veralgemeen nie, maar wou ek eerder die relevante geval so goed moontlik verstaan en begryp.

Tydens die navorsingsproses het ek staatgemaak op my eie persepsies, wat moontlik van dié van die deelnemers kon verskil. My leefwêreld verskil van dié van die gesinslede in terme van verskeie aspekte soos ouderdom en lewenservaring. Dit kon moontlik die objektiwiteit waarmee ek my studie onderneem het, negatief beïnvloed. Die interpretivistiese paradigma wat ek nagevolg het, streef egter nie na 'n objektiewe weergawe van resultate nie, maar eerder na 'n in diepte begrip van die unieke belewinge van die deelnemers. Ek was egter voortdurend bewus daarvan dat my subjektiewe lewenservaring my interpretasie van gebeure kon beïnvloed.

Alhoewel ek maatreëls, soos voortdurende selfrefleksie en sorgvuldige uitvoering van die data-insamelings- en -vasleggingstegnieke, in plek gestel het om die moontlike invloed van eksterne faktore op die resultate te beperk, bestaan die moontlikheid steeds dat faktore soos my voorafbestaande verhouding met die gesin of die gesin se gewilligheid om my in hul persoonlike ruimte toe te laat, die kredietwaardigheid van my

studie negatief kon beïnvloed. Ek het egter gepoog om die invloed van hierdie faktore sover moontlik te bekamp deur sorgvuldige selektering van die data-insamelings- en -vasleggingstegnieke. Ek het myself ook dikwels deur die verloop van my navorsing bevra of die resultate moontlik toegeskryf kan word aan eksterne faktore soos die bogenoemde. Ten spyte van die geïdentifiseerde leemtes is ek van mening dat die doel van my studie, naamlik om die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders in 'n Afrikaanssprekende kerngesin te eksploreer en te beskryf, bereik is.

## **5.7 AANBEVELINGS**

Die bevindinge van my studie lei my om sekere aanbevelings te maak wat andere moontlik in die toekoms kan oorweeg ten einde hulle opleiding, praktyk en verdere navorsing te verryk. Ek bespreek vervolgens my aanbevelings vir opleiding, praktyk en verdere navorsing elk afsonderlik.

### **5.7.1 Aanbevelings vir opleiding**

Ek beveel aan dat opvoedkundige sielkundiges en ander hulpverleners soos maatskaplike werksters en beraders tydens opleiding ingelig word van die moontlike voordele wat die beoefening van gesinsrituele (veral in die konteks van gesinsterapie) kan inhou. Ek beveel verder aan dat gesinsrituele aangewend kan word tydens die praktiese opleiding van hulpverleners. Dit is veral geskik vir studente in die vroeë stadiums van opleiding aangesien gesinsrituele 'n nie-bedreigende wyse is waarop studente hulle eerste kontak met kliënte in die praktyk kan maak. Laastens beveel ek aan dat gesinsrituele ingesluit kan word in modules wat fokus op beide individuele- en groepwerk (gesinsterapie), aangesien gesinsrituele voordelig kan wees vir individuele gesinslede asook gesinne as geheel.





### **5.7.2 Aanbevelings vir praktyk**

Ek beveel aan dat opvoedkundige sielkundiges en ander hulpverleners gesinsrituele as intervensiemedium kan aanwend tydens praktykvoering. Dit is 'n natuurlike verskynsel wat na gelang van 'n gesin se behoeftes en hulpbronne aangepas kan word. Ek beveel egter aan dat, indien hulpverleners op hierdie wyse met gesinne werk, sorg gedra sal word om die uniekheid van elke gesin se omstandighede en die gesinsrituele wat in die gesin beoefen word, te respekteer. Vir suksesvolle implementering van gesinsrituele as intervensiemedium behoort faktore wat die beoefening daarvan kan belemmer, bestuur te word en behoort die gesinsritueel aangepas te word ten einde die gewenste uitkomst te bereik.

Ek beveel die beoefening van gesinsrituele aan vir enige persoon wat deel vorm van 'n gesin. Dit is toeganklik vir enigiemand en die voordele daaraan verbonde kan deur enige gesin geniet word. Gesinne kan gesinsrituele derhalwe beoefen vir hulle eie plesier en welstand sonder dat dit noodwendig 'n terapeutiese uitkoms ten doel het.

### **5.7.3 Aanbevelings vir verdere navorsing**

Soos wat ek in die rasionaal (Hoofstuk 1, afdeling 1.3) en doelstelling van my studie (Hoofstuk 1, afdeling 1.1) geantisipeer het, het my studie wel terapeuties waardevolle elemente ontbloom. Ek het hierdie elemente ontbloom deur afleidings te maak vanuit die resultate en nie op grond daarvan dat ek dit noodwendig nagevors het nie. Moontlikhede vir verdere navorsing ten opsigte van die volgende temas wat voortspruit uit die resultate wat ek verkry het, kan moontlik die gebruik van gesinsrituele as terapeutiese middel uitbrei en bevorder:

- Die beskikbaarheid van gesinsrituele as terapeutiese middel en tot watter mate, indien enige, die terapeutiese proses daardeur vergemaklik of versnel kan word.
- Die uitbreiding van terapeutiese moontlikhede danksy die verskeidenheid gesinsrituele wat in een gesin aangetref kan word.



- Die verband tussen die dimensies van gesinsrituele en die gebruik van gesinsrituele as intervensiemoontlikheid.
- Die verband tussen die mate waarin kinders gesinsrituele geniet en die bereiking van terapeutiese uitkomst.
- Die gebruik van gesinsrituele wat positiewe betekenisgewing en bategebaseerde uitkomst kan fasiliteer as terapeutiese middel vir die bereiking van terapeutiese uitkomst.
- Die gebruik van gesinsrituele tydens diagnostiese assessering.
- Versterkte gesinsverhoudinge as moontlike uitkoms deur die beoefening van gesinsrituele.
- Die moontlike beïnvloeding van toekomstige interaksies tussen gesinslede deur die manipulering van gesinsrituele wat herinneringe bou.
- Die aanwending van gesinsrituele ten einde bategebaseerde uitkomst te verkry.

Indien enige van die bovermelde temas in toekomstige navorsing aangespreek sou word, beveel ek aan dat die beperkinge van my studie, soos uiteengesit in afdeling 5.6, in ag geneem sal word ten einde resultate uit te brei, te verbeter en te verfyn.

## 5.8 SLOTOPMERKING

Vanuit die titel van my studie, naamlik “GESINSRITUELE AS MOONTLIKE BATE TYDENS BETEKENISGEWING DEUR KINDERS” het die volgende primêre navorsingsvraag voortgevloei: ***“Wat is die moontlike invloed van gesinsrituele as bate tydens betekenisgewing deur kinders?”***

Die bevindinge van my studie dui daarop dat die kinders wat aan my studie deelgeneem het, oor die algemeen positiewe betekenis aan gesinsrituele heg as gevolg van die positiewe gevoelens wat hulle daarmee assosieer. Die beoefening van gesinsrituele kan, met bepaalde uitsonderings, geassosieer word met positiewe betekenisgewing deur die kinders aan hulself. Waar uitsonderings egter voorgekom het, het die beoefening van gesinsrituele wel die potensiaal openbaar om kinders te lei om



negatiewe betekenis aan die gesinsritueel en aan hulself toe te ken wat moontlik negatiewe uitkomst tot gevolg kan hê. Oor die algemeen het dit egter geblyk dat die beoefening van gesinsrituele verskeie bategebaseerde uitkomst tot gevolg kan hê.

Ouerskap bly egter 'n verantwoordelikheid waarvoor ouers nie noodwendig oor die nodige kennis rakende beskikbare hulpbronne, soos gesinsrituele, wat aangewend kan word ten einde psigies gesonde gesinne en kinders te bevorder beskik nie, soos tereg deur die moeder opgesom:

*Moeder: ...ons het ook maar oueropleiding gekry in wat is belangrik en wat is nie belangrik nie, waarna moet 'n mens oplet, so dit kom nie vanself nie. Iewers moet jy dit hoor en iewers moet iemand dit vir jou sê. Daar is 'n paar goed wat vanself gekom het, wat van ouma en oupa af oorgeërf is en wat hy (vader) graag doen soos in die veld loop met hulle en sulke klas van goed, maar ander goed moet 'n mens maar... dis moeilik om 'n ouer te wees. Dis nie 'n maklike ding nie.*

Die opvoedkundige sielkundige is in die ideale posisie om hierdie kennis aan ouers oor te dra sodat, vanuit die perspektief van die Positiewe Sielkunde (Martin Seligman, 2002), bates soos gesondheid, tevredenheid, geluk, blydschap, optimisme, hoop, geloof, kapasiteit vir liefde, moed, deursettingsvermoë, vergifnis, oorspronklikheid, wysheid, verantwoordelikheid, vertroeteling en altruïsme deel kan vorm van ons kinders, gesinne en gemeenskappe se lewenswyse.

-oOo-



## BRONVERWYSINGS

Ainsworth, M.D.S., Blehar, M.C., Walter, E. & Wall, S. (1978). *Patterns of attachment*. Hillside, HJ: Lawrence Erlbaum.

Ammerman, A. & Parks, C. (1998). Preparing students for more effective community interventions: assets assessment. *Family and Community Health*, **21**, p32.

Babbie, E. & Mouton, J. (2001). *The practice of Social Research*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Babbie, E. & Mouton, J. (2004). *The practice of Social Research*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.

Baxter, L.A. & Clark, C.L. (1996). Perceptions of family communication patterns and the enactment of family rituals. *Western Journal of Communication*, **60**(3), 254-269.

Becker, H. (1970). Sociological Work. In: Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. *Research Methods in Education (5<sup>th</sup> ed)*. London: Routledge Falmer.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. (2003). *Family Therapy: A Systemic Integration*. Boston: Allyn and Bacon.

Bennett, L. A., Wolin, S. J. & McAvity, K. J. (1988). Family identity, ritual and myth: A cultural perspective on life cycle transition. In: Falicov, C. J. (Ed), *Family transitions*. New York: Guilford Press.

Blumer, H. (2000). Symbolic Interactionism. In: Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. *Research Methods in Education (5<sup>th</sup> ed)*. London: Routledge Falmer.

Bossard, J. & Boll, E. (1950). *Ritual in family living: A contemporary study*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Bossard, J.H.S. & Boll, E. S. (1949). Ritual in family living. *American Sociological Review*, **14**, 463-469.

Bower, C. (2005). Identification and assessment of barriers to learning. In Landsberg, E., Kruger, D. & Nel, N. (Eds.), *Addressing barriers to learning: A South African perspective*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Boyce, W., Jensen, E., Cassel, J., Collier, A., Smith, A. & Ramey, C. (1977). Influences of life events and family routines on childhood respiratory illness. *Pediatrics*, **17**, 609-615.



Brock, B.J. (2000). *TV Free Families: Are they Lola Granolas, Normal Joes or High and Holy Snots?* Retrieved September 13, 2005, from the World Wide Web: <http://www.tvturnoff.org/brocksumm.htm>.

Bryman, A. (2004). *Social Research Methods*. New York: Oxford University Press.

Calvert, S.L., Jordan, A.B. & Cocking, R.R. (2002). *Children in the digital age: Influences of electronic media on development*. Westport, Conn: Praeger.

Christians, C.G. (2000). Ethics and politics in qualitative research. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. *Handbook of qualitative research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publishers.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2000). *Research Methods in Education (5<sup>th</sup> ed)*. London: RoutledgeFalmer.

Cohen, S. & Wills, T.A. (1985). Stress, social support, and the buffering hypothesis. *Psychological Bulletin*, **98**, 310-357.

Colman, A.M. (2003). *Oxford Dictionary of Psychology*. New York: Oxford University Press.

Compton, W.C. (2005). *An Introduction to Positive Psychology*. Belmont: Thomson Wadsworth.

Cresswell, J.W. (2005). *Educational Research: Planning, Conducting, and Evaluating Quantitative and Qualitative Research*. California: Sage Publications.

Dengel, J. (2000). *Family Rituals and Traditions – now more important than ever*. Retrieved September 13, 2005, from the World Wide Web: <http://preschoolerstoday.com/resources/articles/traditions.htm>.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). (2003). *The landscape of qualitative research: Theories and issues (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publishers.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.W. (2000). *Handbook of Qualitative Research*. California: Sage Publishers.

Dickstein, S. (2002). Family Routines and Rituals – The importance of Family Functioning: Comment on the Special Section. *Journal of Family Psychology*, **16**(4), 441-444.

*Die Bybel*. Nuwe Afrikaanse Vertaling (9de uitgawe). (1990). Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dubas, J.S. & Gerris, J.R.M. (2002). Longitudinal changes in the time parents spend in activities with their adolescent children as a function of child age, pubertal status, and gender. *Journal of Family Psychology*, **16**, 415-427.



Duncan, S.C., Duncan, T.E. & Strycker, L.A. (2002). Risk and protective factors influencing adolescent problem behavior: A multivariate latent growth curve analysis. *Annals of Behavioral Medicine*, **22**, 103-109.

Durrheim, K. & Wassenaar, D. (1999). Putting design into practice: writing and evaluating research proposals. In: Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Eaker, D.G. & Walters, L.H. (2002). Adolescent satisfaction in family rituals and psychosocial development: A developmental systems theory perspective. *Journal of Family Psychology*, **16**, 406-414.

Ebersöhn, L. (2006). A theoretical framework for life skills in guidance and counselling. In: Ebersöhn, L. & Eloff, I. *Life Skills & Assets*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Ebersöhn, L. & Eloff, I. (2006). Linking Life Skills and the asset-based approach conceptually and contextually. In: Ebersöhn, L. & Eloff, I. *Life Skills & Assets (2<sup>nd</sup> ed)*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Ellis, S., Rogoff, B. & Cromer, C. (1981). Age segregation in children's social interactions. *Developmental Psychology*, **17**, 399-407.

Eloff, I. (2006a). Introduction to the asset-based approach. In: Ebersöhn, L. & Eloff, I. (Eds.), *Life Skills & Assets*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Eloff, I. (2006b). Understanding the asset-based approach. In: Ebersöhn, L. & Eloff, I. (Eds.), *Life Skills & Assets*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Eloff, I. & Ebersöhn, L. (2001). The implications of an asset-based approach to early intervention. *Perspectives in Education*, **19**, 147-157.

Ferreira, G.V. (1992). Kind en Taal. In: Ferreira, G.V. (Ed). *Temas in die Psigopedagogiek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Ferreira, G.V. (1994). Die psigopedagogiek as wetenskap. In: Ferreira, G.V. (Ed). *Temas in die Psigopedagogiek*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en – Boekhandelaars.

Fiese, B.H. & Kline, C.A. (1993). Development of the Family Ritual Questionnaire: Initial reliability and validation studies. *Journal of Family Psychology*, **6**, 290-299.

Fiese, B.H. & Marjinsky, K.A.T. (1999). Dinnertime stories: Connecting family practice with relationship beliefs and child adjustment. *Monographs of the Society for Research in Child Development*, **64**(2), 52-69.



Fiese, B.H., Tomcho, T.J., Douglas, M., Josephs, K., Poltrock, S. & Baker, T. (2002). A Review of 50 Years of Research on Naturally Occurring Family Routines and Rituals: Cause for Celebration. *Journal of Family Psychology*, **16**(4), 381-390.

Gubrium, J. (1997). *Living and Dying in Murray Manor, Charlottesville*. VA: University Press of Virginia.

Harper, D. (2000). Reimagining Visual methods: Galileo to Neuromancer. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of Qualitative Research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publications.

Haugland, B.S.M. (2005). Recurrent Disruptions of Rituals And Routines in Families With Paternal Alcohol abuse. *Family Relations*, **54**(2), 225-241.

Hawley, D.R. (2000). Clinical implications of family resilience. *American Journal of Family Therapy*, **28**(2), 232-251.

Henning, E., Van Rensburg, W. & Smit, B. (2004). *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Hitchcock, G. & Hughes, D. (1995). Research and the teacher. In: Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. *Research Methods in Education (5<sup>th</sup> ed)*. London: Routledge Falmer.

Howe, G.W. (2002). Integrating Family Routines and Rituals With Other Family Research Paradigms: Comment on the Special Section. *Journal of Family Psychology*, **16**(4), 437-440.

Hubbs, D.L. & Brand, C.F. (2005). The Paper Mirror: Understanding Reflective Journaling. *Journal of Experiential Education*, **28**(1), 60-71.

Imber-Black, E. (2002). Family Rituals – From Research to the Consulting Room and Back Again: Comment on the Special Section. *Journal of Family Psychology*, **16**(4), 445-446.

Janesick, V.J. (2000). The choreography of qualitative research design: Minuets, improvisations, and crystallization. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of Qualitative Research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publications.

Keitner, G.I., Miller, I.W. & Ryan, C.E. (1993). The role of the family in major depressive illness. *Psychiatric Annals*, **23**, 500-507.

Keitner, G.I. & Miller, I.W. (1990). Family functioning and major depression: An overview. *American Journal of Psychiatry*, **147**, 1128-1137.

Kelly, K. (2002). Hermeneutics in action: empathy and interpretation in qualitative research. In: Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.



Kelly, K. (1999). From encounter to text: Collecting qualitative data for interpretive research. In: Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Kiser, L.J., Bennett, L., Heston, J. & Paavola, M. (2005). Family Ritual and Routine: Comparison of Clinical and Non-Clinical Families. *Journal of Child and Family Studies*, **14**(3), 357–372.

Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. (1993). *Building communities from the inside out. A path toward finding and mobilizing a community's assets*. Chicago: ACTA Publications.

Kruger, L. (2003). *The well-intended researcher: is she full of design? Reflections on a long-term qualitative research project*. Keynote address at the annual conference on Qualitative Research in Education, 7-9 July. Rand Afrikaans University. Johannesburg.

Lang, S. (1999). *Rituals and traditions keep families together, says extension expert*. Retrieved September 13, 2005, from the World Wide Web. <http://www.news.cornell.edu/Cronicle/99/9.9.99/strong.families.html>.

Larson, R., Richards, M.H., Sims, B. & Dworkin, J. (2001). How urban African American young adolescents spend their time: Time budgets for locations, activities, and companionship. *American Journal of Community Psychology*, **29**, 565-597.

Le Roux, J. (1992). Sosiopedagogiese begripsverklaringe. In: Le Roux, J. (Ed). *Temas in die sosiopedagogiek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Leedy, P.D., Newby, T.J. & Ertmer, P.A. (1997). *Practical Research: Planning and Design*. New Jersey: MacMillan Publishing Company.

Leon, K. & Jacobvitz, D.B. (2003). Relationships between adult attachment representations and family ritual quality: A prospective, longitudinal study. *Family Process*, **42**(3), 419-432.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. (2003). Paradigmatic Controversies, Contradictions and Emerging Confluences. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *The Landscape of Qualitative Research: Theories and Issues (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publications.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1998). *Menslike ontwikkeling (3de uitgawe)*. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Lubbe, C. (2004). Educational Psychological Assessment. In: Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to Educational Psychology*. Cape Town: UCT Press.

Mackey, J. & Greif, G. (1994). Using rituals to help parents in the school setting: Lessons from Family Therapy. *Social Work in Education*, **16**(3), 171-178.





- MacKinnon, L. (2003). Contrasting strategic and Milan therapies . In: Becvar, D.S. & Becvar, R.J. *Family Therapy: A Systemic Integration*. Boston: Allyn and Bacon
- McGraw, P. (2005). *Family First: Your step-by-step plan for creating a phenomenal family*. Great Britain: Simon & Schuster.
- McMillan, J.H. & Schumacher, S. (2001). *Research in Education. A conceptual introduction*. U.S.A: Longman.
- Mertens, D.M. (1998). *Research methods in Education and Psychology*. London: Sage Publications.
- Miller, W.L. & Crabtree, B.F. (2000). Clinical Research. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.W. (Eds). *Handbook of Qualitative Research*. California: Sage Publishers.
- Miller, I.W., Kabacoff, R.I., Epstein, N.B., Bishop, D.S., Keitner, G.I., Baldwin, L.M. & Van der Spuy, H.I.J. (1994). The Development of a Clinical Rating Scale the McMaster Model of Family Functioning. *Family Process*, **33**(1), 1-53.
- Miller, I.W., Ryan, C.F., Keitner, G.I., Bishop, D.S. & Epstein, N.B. (2000). The McMaster Approach to Families: theory, assessment, treatment and research. *Journal of Family Therapy*, **22**(2).
- Mokwena, K. (1997). Empowerment as a tool for community health development. *CHASA Journal of Comprehensive Health*, **8**(2), 66-70.
- Mouton, J. (2001). *How to Succeed in your Master's and Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Neuman, W.L. (2000). *Social research methods: Qualitative and quantitative approaches (4<sup>th</sup> ed)*. Boston: Allyn and Bacon.
- Nichols, M. & Schwartz, R. (2000). *Family therapy: Concepts and methods (5<sup>th</sup> ed)*. Needham Heights: Allyn & Bacon.
- Nisbet, J. & Watt, J. (1984). Case Study. In: Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. *Research Methods in Education (5<sup>th</sup> ed)*. London: RoutledgeFalmer.
- Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booyesen, C.M. (1994). *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor Uitgewery.
- Oswald, R.F. (2002). Inclusion and belonging in the family rituals of gay and lesbian people. *Journal of Family Psychology*, **16**, 428-436.
- Pasupathi, M. (2001). The social construction of the personal past and its implications for adult development. *Psychological Bulletin*, **127**, 651-672.

Patton, M.Q. (2002a). Two Decades of Developments in Qualitative Inquiry: A Personal, Experiential Perspective. *Qualitative Social Work*, **1**(3), 261-283.

Patton, M.Q. (2002b). *Qualitative research & evaluation methods (3<sup>rd</sup> ed)*. Thousand Oaks: Sage Publications.

Popenoe, D., Cunningham, P. & Boulton, B. (1998). *Sociology: First South African Edition*. South Africa: Pearson Education.

Pretorius, J.W.M. (1998). A sociopedagogical perspective on the family. In: Pretorius, J.W.M (Ed). *Sociopedagogs 2000*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

Raad vir Gesondheidswetenskappe in Suid-Afrika. Etiese riglyne, <http://www.hpcsa.co.za/hpcsa/UserFiles/File/ProfessionalGuidelines.doc>.

Repetti, R.L. & Wood, J. (1997). Effects of daily stress at work on mothers' interactions with preschoolers. *Journal of Family Psychology*, **11**, 90-108.

Richardson, L. (2000). Writing: A method of Inquiry. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of Qualitative Research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publications.

Roberts, J. (1988). Setting the frame: Definition, functions, and typology of rituals. In: Imber-Black, E., Roberts, J. & Whiting, R. (Eds). *Rituals in families and family therapy*. New York: W.W. Norton.

Schuck, L.A. & Bucy, J.E. (1997). Family Rituals: Implications for early intervention. *Topics in Early Childhood Special Education*, **17**(4), 447-494.

Schwandt, T.A. (2000). Three epistemological stances for qualitative inquiry: Interpretivism, Hermeneutics, and Social Constructionism. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of Qualitative Research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publications.

Seale, C. (2000). *The quality of qualitative research*. London: Sage Publications.

Segrin, C. (2006). Family Interactions and Well-Being: Integrative Perspectives. *The Journal of Family Communication*, **6**(1), 3-21.

Seligman, M.E.P. (2002). Positive Psychology, Positive Prevention, and Positive Therapy. In: Snyder, C.R. & Lopez, S.J. (Eds). *Handbook of Positive Psychology*. Oxford: Oxford University Press.

Seligman, M.E.P. & Csikszentmihalyi, M. (2000). Positive psychology: An introduction. *American Psychologist*, **55**(1), 5-14.

Selvini Palazzoli, M. (1994). A ritualized prescription in family therapy: Odd days and even days. In: Mackey, J. & Greif, G. Using rituals to help parents in the school setting: Lessons from Family Therapy. *Social Work in Education*, **16**(3), 171-178.



September, R. (2004). Building strong families and communities to safeguard children. *South African Professional Society on the Abuse of Children*, **6**(4), 1-2.

Serpell, R., Sonnenschein, S., Baker, L. & Ganapathy, H. (2002). Intimate Culture of Families in the Early Socialization of Literacy. *Journal of Family Psychology*, **16**(4), 391-405.

Sheldon, K.M., Frederickson, B., Rathunde, K., Csikszentmihalyi, M. & Haidt, J. (2000). *A positive psychology manifesto*. Retrieved February 2, 2006, from <http://www.positivepsychology.org/akumalmanifesto.htm>.

Sheldon, K.M. & King, L. (2001). Why positive psychology is necessary. *American Psychologist*, **54**(3), 216-217.

Shenton, A.K. (2004). Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, **22**, 63-75.

Silverman, D. (2000). Analyzing Talk and Text. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of qualitative research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publishers.

Silverman, D. (2000). *Doing Qualitative Research: A Practical Handbook*. London: Sage Publications.

Snyder, C.R. & Lopez, S.J. (Eds). (2002). *Handbook of Positive Psychology*. Oxford: Oxford University Press.

Spradley, J.P. (1979). *The Ethnographic Interview*. New York: Holt, Rinehart and Winston.

Sprunger, L.W., Boyce, W.T. & Gaines, J.A. (1985). Family-infant congruence: Routines and rhythmicity in family adaptations to a young child. *Child Development*, **56**, 564-572.

St. Clair, M. (2004). *Object relations and self psychology: An introduction*. Belmont: Thompson/Brooks/Cole.

Stake, R.E. (2000). Case studies. In: Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of qualitative research (2<sup>nd</sup> ed)*. California: Sage Publishers.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). (2002). *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

Terre Blanche, M. & Kelly, K. (2002). Interpretive methods. In: Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.



Van Niekerk, P.A. (1986). *Die Opvoedkundige Sielkundige: 'n Handleiding in die Opvoedkundige-Sielkunde*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en –Boekhandelaars.

Van Rensburg, E. & Simpson, N. (2003). *Die kuns van familiewees*. Vereeniging: Cristelike Uitgewersmaatskappy.

Walsh, F. (2002). A Family resilience framework: Innovative practice applications. *Family Relations*, **51**(2), 130-148.

Wenar, C. & Kerig, P. (2005). *Developmental Psychopathology: From Infancy through Adolescence*. Singapore: McGraw-Hill Higher Education.

Wolin, S.J. & Bennett, L.A. (1984). Family rituals. *Family Process*, **23**, 401-420.

Wong, F.K.Y., Kember, D., Chung, L.Y.F. & Yan, L. (1995). Assessing the level of student reflection from reflective journals. *Journal of Advanced Nursing*, **22**, 48-57.



## BRONNE GERAADPLEEG MAAR NIE NA VERWYS IN DIE TEKS

Augé, M. (1979). *The anthropological circle: Symbol, function, history*. New York: Cambridge University Press.

Barnard, M. & Post, P. (Eds.). (2001). *Ritueel bestek: Antropologiese kernwoorde van de liturgie*. Zoetermeer: Meinema.

Cheal, D. (1992). Ritual: Communication in action. *Sociological Analysis*, **53**, 363-374.

Clair, V.W., Hocking, C., Bunrayong, W., Vittayakorn, S. & Rattakorn, P. (2005). Older New Zealand women doing the work of Christmas: a recipe for identity formation. *Sociological Review*, **53**(2), 332-351.

De Wet, D.C. (2003). *'n Gemeenskapsgerigte Model vir Geloofsvorming van Tieners in die Verbondsgesin deur middel van simbole en Rituele*. PhD aan die Universiteit van Pretoria.

Denham, S.A. (2002). Family Routines: A Structural Perspective for Viewing Family Health. *Advances in Nursing science*, **24**(4), 60-74.

Denham, S.A. (1995). Family routines: A construct for considering family health. *Holistic Nursing Practice*, **9**(4), 11-23.

Durkheim, E. (1915). *The elementary forms of religious life: A study in religious sociology*. London: Allen & Unwin.

Eaker, D.G. & Walters, L.H. (2002). Adolescent Satisfaction in Family Rituals and Psychosocial Development: A Developmental Systems Theory Perspective. *Journal of Family Psychology*, **16**(4), 406-414.

Friedman, S.R. & Weissbrod, C.S. (2004). Attitudes toward the continuation of family rituals among emerging adults. *Sex Roles: A Journal of Research*, **50**(3-4), 227-285.

Joubert, S.J. (1994). Rituele en seremonies: Van toe tot nou. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, **9**, 72-82.

Masten, A.S. & Reed, M.J. (2002). Resilience in Development. In: Snyder, C.R. & Lopez, S.J. (Eds). *Handbook of Positive Psychology*. Oxford: Oxford University Press.

Menken-Bekius, C. (1998). *Rituelen in het individuele pastoraat: Een praktisch-theologisch onderzoek*. Kampen: Kok

Minuchin, P. (1985). Families and individual development: Provocations from the field of family therapy. *Child Development*, **56**, 289-302.



Moran, G. & Pederson, D. (1992). *The role of attachment theory in the analysis of early mother-infant interaction*. Paper presented at the Quebec Symposium on Childhood and the Family.

Müller, J.C. (1993). Die gebruik van rituele in die pastoraat. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, **8**(1), 1-13.

Pargament, K.I. & Mahoney, A. (2002). Spirituality: Discovering and conserving the sacred. In: Snyder, C.R. & Lopez, S.J. (Eds). *Handbook of Positive Psychology*. Oxford: Oxford University Press.

Pleck, E.H. (2000). *Celebrating the family: Ethnicity, Consumer Culture, and Family Rituals*. USA: Harvard University Press.

Rappaport, R.A. (1971). Ritual, sanctity, and cybernetics. *American Anthropologist*, **73**, 59-76.

Roberts, M.C., Brown, K.J., Johnson, R.J. & Reinke, J. (2002). Positive Psychology for Children: Development, prevention, and Promotion. In: Snyder, C.R. & Lopez, S.J. (Eds). *Handbook of Positive Psychology*. Oxford: Oxford University Press.

Segal, R. (2004). Family routines and rituals: a context for occupational therapy interventions. *American Journal of Occupational Therapy*, **58**(5), 499-508.

Turner, V.W. (1967). *The forest of symbols: Aspects of Ndembo ritual*. Ithaca: Cornell University.

Van der Westhuizen, P. (1993). Rituele in maatskaplike werkhulpverlening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, **8**(1), 14-28.

Wakefield, A. (2004). Hand washing rituals and regimes in practice. *Nursing New Zealand*, **9**(11), 16-17.

Wegman, H.A.J. (1991). *Riten en mythen: Liturgien in de geschiedenis van het christendom*. Kampen: Kok



# **BYLAAG A**

## **DOKUMENTASIE: TOESTEMMING TOT DIE NAVORSING**



# **BYLAAG B**

## **SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE**





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**EERSTE ONDERHOUD**

**5 Junie 2006**



- EMMIE: Eerstens wil ek net sê baie... dit klink nou so formeel! (Lag) Duisende, duisende dankies uit die diepte van my hart. Ek kan nie genoeg vir julle dankie sê dat julle my help hiermee nie. Ek is baie opgewonde om die resultate te sien en die data te ontleed – dit is nou 'n baie wetenskaplike proses (spottenderwys), maar ek dink dit gaan regtig interessant wees wat ons hieruit kry en ek vertrou dat dit vir julle ook van waarde gaan wees. Ek glo dit regtig en dit is hoekom ek so bly was toe julle sê 'ja'.
- MOEDER: Ons is ook dankbaar.
- EMMIE: Ek dink regtig dit gaan vir julle en vir die kinders baie beteken. Basies die doel van vandag is om net 'n bietjie te gesels oor presies wat dit is waarna ons gaan kyk... Wat pas in by julle skedule? Wat is daar klaar in julle roetine wat ons kan gebruik vir die volgende twee weke.
- DOGTER: Tannie, wat moet ons nou eintlik in hierdie boekie skryf?
- EMMIE: Kom ek vertel vir jou. Ons gaan nou 'n bietjie gesels oor gesinsrituele. Dit is 'n groot woord wat eintlik maar net beteken dis ietsie wat gesinne saam doen.
- DOGTER: Soos Kersfees?
- EMMIE: Dis soos Kersfees. Kersfees is 'n gesinsritueel en julle vier Kersfees elke jaar dieselfde manier.
- DOGTER: Ons gaan elke jaar na my oupa toe.
- EMMIE: Ja, en julle eet min of meer altyd lekker kos en maak persente oop altyd op dieselfde tyd en daai tipe van ding. So dit is een van die tipes gesinsrituele wat ons kry. Nou wat ons nou oor gaan besluit is watter gesinsritueel kan ons vir julle kry wat julle elke dag kan doen en dan na elke dag wat julle dit klaar gedoen het dan gaan julle elkeen stil sit op 'n plekkie en in julle boekie dagboek hou vir my. Jy moet vir my skryf hoe was dit vir julle om dit te doen, wat was lekker, wat was nie so lekker nie, wat het dit jou aan laat dink – sommer enigiets wat in jou kop in kom oor daai gesinsritueel.
- MOEDER: Dit is soos jou hart voel en so aan.
- EMMIE: Ja, en niemand mag dit sien behalwe jy nie. En as julle klaar is gaan julle dit vir my gee en dan gaan ek so dik boek skryf daaroor (lag). En voor in die boek gaan ek erkenning gee aan julle (lag).



- MOEDER: Oe, ons gaan voor in Tannie Emmie se boek kom!
- EMMIE: Verstaan almal mooi wat is 'n gesinsritueel – het ons die konsep onder die knie. Miskien moet ek net...
- VADER: Miskien moet jy net gou vir ons verduidelik wat dit behels.
- EMMIE: ...sê presies wat dit behels. Dit is 'n roetine. Dit is niks anders as 'n roetine soos kos maak en tafel dek en daai tipe van ding nie. Wat 'n gesinsritueel onderskei van 'n roetine is die simboliese waarde agter dit. Die oomblik wat daardie roetine 'n simboliese waarde kry, dan is dit nie meer net 'n roetine nie, dan is dit 'n gesinsritueel. So dit is 'n roetine met 'n dieper betekenis. Tafel dek is 'n roetine, maar die oomblik wat dit 'n saam-tyd word vir ma en dogter om te gesels oor 'vroumens-goed' of sekere goed wat belangrik is vir daardie gesin op daardie stadium, dan is dit nie meer net 'n roetine nie, dan is dit 'n gesinsritueel. Ons dek saam tafel en wanneer ons saam tafel dek is dit 'n 'bonding'-tyd vir ma en dogter. Dit is nou maar net 'n voorbeeld.
- MOEDER: Maar jy wil die hele gesin betrek?
- EMMIE: Ja. Ons wil graag kyk na iets wat die hele gesin saam doen en dan in die besonder hoe dit die kinders... hoe dit julle twee laat voel en wat dit vir julle twee beteken. So, ek weet nie, miskien is daar al klaar iets wat opkom in die gedagtes. Julle het laas gepraat van 'n TV program wat julle saam kyk...
- MOEDER: Ja, ag wel ons maak elke aand vuur en dan sorg ons dat ons elke aand 7de Laan saam kyk. Dit is al wat ons saam kyk. En ons het op 'n stadium saam radio geluister een keer 'n week. Wat is daar wat ons doen wat vir julle lekker is as 'n gesin?
- SEUN: Ummm, gaan uiteet.
- VADER: By die huis.
- DOGTER: As mamma met ons speel en as ons saam bad.
- MOEDER: Ons bad graag saam en dan is dit nou kerse... Maar dan is dit nou net 'n mamma en dogtertjie of 'n pappa en seuntjie...
- EMMIE: Kyk, ons struktureer dit soos wat ons wil. Ons kan dit so maak dat dit 'n ma-dogter, pa-seun ding is. Ons besluit nou wat gaan in julle skedule inpas, wat doen julle al klaar en dan kan ons net 'n bietjie gesels oor hoe ons dit kan "modify" om in te pas by julle skedule.



- MOEDER: Wat sê jy?
- VADER: Kyk, die ding wat eintlik die langste aan die gang is al is dat ons vir die kinders stories lees. Dit kom nou al van kleintyd af en dit is nie noodwendig iets wat ons saam doen nie. Hy kom met sy boek as hy 'n storie wil hoor en sy kom as sy 'n storie wil hoor.
- EMMIE: En wie lees dan gewoonlik...
- VADER: Ag dit wissel.
- EMMIE: Wie ookal daar is.
- DOGTER: En ook partykeer maak ons beurte om by mekaar te slaap. Een aand my ma en my pa. Een aand my ma en ek.
- EMMIE: Dit is wonderlik. Sien julle hoeveel is daar al eintlik. 'n Mens doen hierdie goed...
- VADER: 'n Mens word elke oggend in 'n ander bed wakker (lag).
- MOEDER: Ja, hulle ouma sê altyd: "Joe, hierso gaan slaap die ouens en dan more oggend staan hulle in 'n ander bed op. Dit wissel so in die nag (lag).
- EMMIE: Ag jitte, so daar is eintlik so baie goed wat julle klaar doen.
- MOEDER: Wat van 'n speletjie speel? Wat van daai Bybel-speletjie speel wat ek het? Dan speel ons dit so bietjie in die aande? Of moet ons maar by die storie lees bly?
- VADER: Ja, ek dink die storie lees is iets wat al 'n lang pad kom.
- EMMIE: Wat ek hou van die storie lees is die feit dat julle dit al 'n hele ruk doen. Die betekenis wat geheg word daaraan is reeds gevestig, so dit gaan makliker wees om te reflekteer daaroor en om te skryf daaroor as ietsie wat nog nie lekker gewortel is nie. So ek dink ons moet eerder kyk na ietsie wat al 'n rukkjie aan die gang is. Dit sal 'n goeie idee wees.
- MOEDER: En dan moet ons kyk na die storietjies en die reageer op die storie... of is dit nie so belangrik nie?
- EMMIE: Die storie self is 'n middel tot 'n doel. Dit is nie regtig van soveel belang nie. Wat van belang is, is die saam-tyd en die geselsies wat aangeknoop word rondom dit en ja, dit gaan eintlik oor die intimiteit, die alleen-tyd en die saamwees eerder as die storie en dit gaan oor die simboliek agter die saamwees-tyd.



- MOEDER: Wat sê julle van lekker op die groot bed bymekaar kom in die aande en dan lekker stories lees.
- SEUN: 'n Speletjie speel.
- MOEDER: 'n Speletjie speel?
- DOGTER: Ja, daai Bybel-speletjie. Dan hoef ons nie meer Bybel te lees nie.
- SEUN: Dan hoef ons nie meer Bybel te lees nie (volwassenes lag).
- EMMIE: Nog 'n middel tot 'n doel! (lag)
- MOEDER: Ons sal sien hoeveel tyd is daar, maar ons gaan eers vir tannie Emmie die storie lees ding doen.
- EMMIE: Ja, tannie wil graag hê julle moet lees omdat julle al so lank lees, want dit is wat 'n gesinsritueel is.
- MOEDER: Is storie lees vir julle lekker.
- SEUN: Nee, nie die storie lees nie.
- EMMIE: Ok, dan moet ons kyk na 'n alternatief...
- VADER: Nee, tannie Emmie. Hy staan eerste in die ry met sy boek.
- SEUN: Is nie!
- EMMIE: O jitte, so julle sal vir my kan sê of dit sal werk of nie.
- VADER: (Knik sy kop)
- MOEDER: Ek sal julle maar 'n bietjie bederf en dan kan ons bietjie speletjie speel. Maar jy wil nou nie hê ons moet dit net party aande doen nie. Dit moet nou elke aand gebeur – die speletjie speel saam met die storie lees.
- EMMIE: Nee, as daar ietsie bykom dan maak dit nie saak nie.
- MOEDER: Dan skryf ons dit net vir jou neer.
- EMMIE: Ja. Nee, dit maak nie saak as daar ietsie voor die tyd gebeur of na die tyd gebeur nie. Dit is 'n kwalitatiewe studie so dit hoef nie so klinies te wees nie en dit is hoekom ek ook nie vir julle te veel leiding wil gee oor wat julle moet skryf nie. Ek wil kyk wat gee julle vir my. Dit is die tipe navorsing wat dit is.
- MOEDER: Weet jy Emmie, die seisoen maak ook nou nogal 'n verskil. Want toe ons in die buiteland was het hy van die werk af gekom vieruur – hulle het nou sewe uur gaan werk – en dan het die hele kompleks se mense by die swem area bymekaar gekom en dan het die pappas met die kinders geswem.
- SEUN: En die mammas het aan die kant gesit en tee drink.



- MOEDER: En dit was 'n hoogtepunt. Maar nou in die winter kan 'n mens dit nou nie doen nie. Maar die storie lees gaan ons vir jou doen.
- EMMIE: Ag ek sal so bly wees.
- MOEDER: Ek noem dit nou maar net vir jou as jy dalk daarvoor wil skryf. Dit maak 'n verskil.
- DOGTER: Elke Woensdag het die hele kompleks se mense by Darma (dit was nou die kok by die restaurant daar). Elke Woensdag was daar 'n braai dan gaan almal soontoe en dan kuier almal.
- MOEDER: Die kompleks waar ons gebly het het 'n restaurant gehad en dan kan jy nou daar gaan eet, maar op 'n Woensdag aand – dis nou naweek...
- SEUN: Dan's dit Friday.
- MOEDER: Ja, dit was hulle Vrydag. Saterdag was Maandag!
- VADER: Donderdag en Vrydag was hulle naweek.
- EMMIE: Kan 'n mens jou dit indink! Dit voel so teen 'n mens se aard!
- SEUN: En dan word 'n mens elke keer deurmekaar. Dan skryf ek die heeltyd Maandag in plaas van Saterdag.
- VADER: Ek dink ons sal probeer om die storie lees... kom ons gebruik dit maar as die kern en dan as jy nou 'n speletjie wil bysit dan kan ons dit maar doen. Ek gaan net... dis net so moeilik hierdie tyd van die jaar. Ek gaan volgende Donderdag weer weg vir die naweek. So ek weet nie of jy dit nou in plaas van om dit die twee kalender weke te laat loop dit dalk 'n week langer...
- MOEDER: Kyk, ons het dit nou al 'n week uitgeskuif.
- EMMIE: Dit is gladnie 'n probleem nie. Solank ek die res van die gesin se refleksies het vir daai tydperk. Dit sal dalk interessant wees om te sien hoe dit verander as een van die gesinslede onttrek vir 'n paar dae en weer terugkom en aangaan. So kom ons los dit so, maar die twee kinders se refleksies is die belangrikste.
- MOEDER: Ons kan altyd miskien 'n week bysit as ons sien...
- VADER: Ja, maar dit is wat ek bedoel. Want kyk, dit is vandag Dinsdag en ek is hier tot volgende week Dinsdag, want ek ry Woensdag en dan kom ek eers die Sondag weer terug. So Dinsdag is die laaste aand.
- EMMIE: O, so dit is nogal 'n hele rukkie. Ek het gedink dit gaan 'n probleem wees om dit uit te skuif omdat ek gedink het julle gaan weg met



vakansie. As julle dit dan 'n week verder wil aanskuif dan het ek gladnie 'n probleem daarmee nie.

VADER: Ja, so in plaas daarvan om dit nou net twee weke te maak – twee weke is nou inelkgeval tot net die Dinsdag daarna kan ons dit... Kyk, dis skoolvakansie, so daar gaan ook nie so baie huiswerk en dinge wees nie.

SEUN: Ek het nie huiswerk vandag nie!

MOEDER: Ja, dit sal dalk beter wees so, want die gesinsrituele val plat as daar huiswerk is.

EMMIE: Ok, dit is dan 'n goeie ding. Kom ons doen dit so dan is daar 'n bietjie minder druk op julle ook in die vakansie. O, dan wil ek julle ook net herinner aan daardie eerste puntjie op die tabelletjie het ek gevra dat hulle vir my 'n collage moet maak en 'n prentjie teken. Net of julle dit ook vir my sal doen.

MOEDER: Op watter stadium? Wil jy hê ons moet nou vir jou 'n prentjie teken en later. Sal dit miskien vir jou iets kan sê?

EMMIE: Ja, ek dink kom ons doen dit nou en dan...

MOEDER: Is dit nou vir jou 'n familie foto teken?

EMMIE: 'n Prentjie van my gesin waar hulle almal iets lekker saamdoen.

MOEDER: Ok, so dit is julle huiswerk vir vanaand. Dan skryf ons die datum...

SEUN: Ag, as jy te moeg is dan kan jy dit maar môre doen.

DOGTER: Ek gaan myne nou doen.

SEUN: Ek wil net vir tien minute my oë toemaak.

VADER: Nou maak maar toe jou oë vir tien minute.

DOGTER: Wat moet ek bo aan skryf?

MOEDER: My familie.

DOGTER: Het dit nie iets te doen met my gesin nie?

MOEDER: Of my gesin is ook reg.

EMMIE: Ok, so dit is dan ons daaglikse ritueel. Ons gaan gaan met die storie lees. Um, kom ek sê net gou vir julle waarop ek gaan fokus. Dit gaan nou natuurlik nie oor die inhoud van die storie nie, maar ek gaan bietjie fokus op die interaksie tussen julle as gesinslede terwyl hierdie ritueel besig is om plaas te vind en julle belewenis daarvan. Dit gaan eintlik oor die betekenisgewing. Watter betekenis heg die kinders daaraan.



Watter storie ook al – dit maak nie saak nie. En dan sou ek ook net graag wil hê... kyk ek het genoem van die weeklikse ritueel. Seun het eendag vir my genoem hoe lekker dit vir hom is met die fietsry saam. Klink my op Sondag word daar gewoonlik fietsgery en dan roomys geëet na die tyd en dit het my ook nogal getref as een van julle gesinsrituele wat na ietsie lekkers klink. Ek wonder of julle bereid sal wees om dit ook vir my te dokumenteer.

VADER: Ja, as ons net die vroulike lede van die gesin so ver kan kry (lag).

MOEDER: Die ma-deel van die gesin.

EMMIE: Maar ma sorg vir die warm samesyn en die eetgoed (lag). So ek sal bly wees as julle ook net vir my so vier rondtes van dit sal dokumenteer – net vir my die refleksietjie skryf na die tyd. En dan die foto – ek het toe nie my kamera gebring nie. Ek sal bly wees as daar so nou en dan 'n fototjie geneem word – ek sal enige kostes dra wat daar verbonde is.

MOEDER: 'n Foto van elkeen?

EMMIE: Van die ritueel.

MOEDER: O, van die aktiwiteit.

VADER: Wil jy dit gebruik in jou tesis?

EMMIE: Ja, dit is deel van my data. So, ek gaan kyk na liggaamstaal, is dit 'n ontspanne atmosfeer wat oorgedra word, wie sit langs wie en daai tipe van ding.

MOEDER: Ons sal die kamera bietjie opstel daar in die kamer.

VADER: In watter formaat wil jy dit hê? 'n Regte foto, 'n papier foto of digitaal...

EMMIE: Ons kan dit oorsit op my flashdisk.

VADER: Ek kan vir jou 'n foto ook maak.

EMMIE: Ja, ek was nou nie seker watter tipe kamera julle het nie. As julle 'n film-kamera gehad het dan sou ek die film betaal het, maar met die digitale kamera kan ons dit net oorskakel op my flashdisk.

VADER: Ek kan vir jou 'n foto maak of dit net op papier uitdruk.

EMMIE: Ag dis 100%. Ek sal dit hanteer. Ek sal vir julle kopieë gee sodat julle ook iets het om te onthou.

MOEDER: Ons wil net daai boek sien as hy klaar is.

EMMIE: Natuurlik – ek gaan hom raam (lag). Ag en dan... Is daar enige vrae van julle kant af? Wat wonder julle nou nog?





- MOEDER: Ek wonder partykeer wat... ek is nou net bang ons sê dalk nie vir jou wat jy... genoeg inligting nie.
- EMMIE: Wat ek wil hoor nie?
- MOEDER: Ja, maar ek weet jy wil nie hê ons moet weet wat jy wil hoor dat ons dit vir jou gee nie – ek is nou net bang ons gee nie vir jou wat jy na soek nie.
- VADER: Ek dink dit is juis die doel van die navorsing.
- EMMIE: Dis die doel. Ek mag nie gaan met vooropgestelde idees en sê oe, ek hoop hierdie navorsing wys gesinsrituele is 'n goeie terapeutiese middel of gesinsrituele bou gesinsverhoudinge of...
- MOEDER: Dit bou! Ek kan dit vir jou sê (lag).
- EMMIE: As navorser mag ek dit nie doen nie. Ek moet heeltemal objektief bly en ek moet kyk wat kom uit. En as daar niks uitkom nie dan is dit die resultate.
- MOEDER: Dis die hipotese – jy moet hom reg of verkeerd bewys.
- EMMIE: Nie eers nie. In die kwalitatiewe navorsing wat ek doen is daar 'n navorsingsvraag, maar ek het nie 'n hipotese wat ek moet reg of verkeerd bewys nie. My navorsingsvraag is iets in die lyn van hoe beïnvloed gesinsrituele die betekenisgewing deur kinders? En dan is daar 'n klomp sub-vrae, soos hoe beïnvloed dit sibbe se verhoudinge? Hoe beïnvloed dit die kind se belewing van homself?
- MOEDER: Weet jy, 'n ander ding wat nogal groot is in ons gesin is wanneer ons op 'n Vrydag aand 'n video uitneem en hamburgers van die kafee af bestel.
- EMMIE: Dit kan net lekker wees.
- SEUN: Kan ons vanaand?
- MOEDER: Jy kan dan nie eers jou ogies oophou nie.
- VADER: Ek dink jy moet nou bed toe gaan.
- DOGTER: Tannie, moet ek die prentjie met 'n potlood of met 'n pen teken?
- EMMIE: Hoe meer kleur daar is hoe beter – dis al wat ek sê.
- MOEDER: Doen jou beste prentjie vir die tannie.
- EMMIE: Jy hoef dit nie in die boekie te doen nie. Jy kan as jy wil, of jy kan dit op 'n aparte stuk papier doen.
- MOEDER: Wat van 'n lekker groot stuk teken-papier. Mamma het 'n boek waar...



- DOGTER: Maar ek het nou klaar hier geskryf.
- MOEDER: Dis ok. Skryf net die datum daarby dan weet ons dis wanneer jy die prentjie geteken het.
- SEUN: Teken dit en dan plak jy dit in jou boek.
- VADER: Dit is 'n groot bladsy.
- SEUN: Sny dit uit!
- EMMIE: Daar is eintlik so baie – dit is so ryk, maar ek dink nie 'n mens is bewus van... 'n mens doen dit net. 'n Mens doen dit tot 'n mate sonder om die waarde daarvan te besef. Dit is nou waarin ek belang stel – ons moet dit bietjie op papier kry. Enigiets anders? Enigiets wat julle kinders wil vra?
- MOEDER: Is dit vir julle lekker as ons as gesin goedjies so saam doen?
- DOGTER: Ja, maar ons doen dit net te min.
- SEUN: Ja, soos om hamburgers te eet. Ek's baie maer mamma, ek moet bietjie vetter word.
- MOEDER: Hoe groter die druk in die termyn, hoe meer neem daai goed af, want hulle is moeg en ons moet nog lees en ons moet nog diktee oefen en dan gebeur dit nie. Dis baie sleg.
- EMMIE: Ek dink ons gaan lekker oor hierdie tipe goed gesels in ons volgende onderhoud. Um, wat het gewerk? Wat maak dit moeilik om hierdie goeters te doen, want dit is 'n faktor. Daar is 'n rede hoekom hierdie goed soms platval en baie van die literatuur hieroor fokus op die positiewe effekte – al die pluspunte daaraan verbonde, maar daar is sommige gevalle waar dit ook negatiewe effekte het, bv. Hersaamgestelde gesinne waar die een gesin... pa met sy kinders het hulle rituele en ma met haar kinders het hulle rituele en waar die twee nie lekker aansluiting vind nie kan dit konflik veroorsaak of 'n man en 'n vrou wat uit verskillende godsdienstige agtergronde kom, um, en dan hulle rituele saam met hulle bring in die huwelik in en dan op die ou einde lei dit tot konflik, want dit bots – daar is nie 'n gemeenskaplike belang in die ritueel nie. Dit kan negatief ook wees. Ek gaan regtig hier in met 'n oop kop en kyk wat kry ons hier uit.
- MOEDER: lets wat die kinders mal is oor is as ma kraletjies doen, dan wil hulle ook – en teken en verf.



- SEUN: Mamma laat nie toe dat ons ook kraletjies doen nie.
- MOEDER: Maar dit is omdat as mamma besig is daar, dan wil julle my help en dan kan ek nie meer dink nie.
- EMMIE: So daar is 'n tyd vir alles.
- VADER: Ons koppe raak vol.
- EMMIE: Ag, as daar so tussendeur ietsie gebeur – dit hoef nou nie so gestruktureerd te wees nie. Die beste tyd om te reflekteer oor die ritueel is net na dit plaasgevind het, maar mense verskil. Party mense het nodig om 'n bietjie te herkou daarvoor, maar dan is 'n mens geneig om dit nie te doen op die ou einde nie (lag). Ag, as daar ietsie... enige tyd van die dag as daar 'n gedagte opkom, skryf dit maar neer. 'n Mens dink dalk nie dadelik aan iets nie, maar dalk later as ietsie opkom, skryf dit maar neer – dit hoef nou nie so presies gestruktureer te wees nie. Dit is 'n baie buigsame proses – dit hoef nou nie elke aand presies op dieselfde tyd en daai tipe van ding te wees nie. Ek is baie tevrede. Ek hoop julle is ook (lag).
- VADER: Ons is.
- EMMIE: Baie, baie dankie.
- MOEDER: En ek dink ons kan ook iets hieruit leer. Dit bring ons dalk weer tot stilstand.
- EMMIE: Ek dink alles is daar. Alles is in plek. 'n Mens het dit reeds, maar dit kry eers sy waarde wanneer 'n mens bewus word daarvan. Dan begin 'n mens eintlik eers te besef hoeveel waarde dit eintlik het as 'n mens bietjie daarvoor dink – anders doen 'n mens dit en dit gaan by jou verby en 'n mens kom nie regtig agter wat dit beteken nie.
- MOEDER: Emmie, wat is ons volgende stap? Wanneer sien ons jou weer?
- EMMIE: Ek sal bly wees as ons nog 'n afspraak kan maak. Ek het mos gesê aan die begin, soos nou is ons eerste ontmoeting en dan sal ek graag net vinnig weer wil inkom so oor 'n week se tyd net om te kom hoor hoe gaan dit. Is julle nog reg, is daar enige vrae, waarmee sukkel julle – dat ons net die proses monitor.
- MOEDER: Is ons nog op die regte pad.
- EMMIE: Ja, waarmee sukkel julle? Wat pla? Sukkel julle om te hou daarby? Daai tipe van ding, want as dit nie mooi inpas by julle skedule en by



julle daaglikse roetine nie gaan dit platval. As julle nie daarby uitkom nie, dan moet ons ietsie anders probeer wat werk. Wat meer 'blend' in julle skedule en dat dit nie so baie tyd vat – as dit julle probleem is... of wat ookal. So miskien so oor 'n week se tyd sal ek bly wees as ons weer kan gesels. Dan aan die einde as ons alles afgehandel het dan sal ek bly wees as ons 'n stewige gesprek kan hê oor julle belewinge en julle samevatting van hoe dit vir julle was. Wat julle daaruit gekry het.

MOEDER: Wat van volgende week presies dieselfde tyd? Dinsdag. Is dit moontlik?

VADER: Ja, ek dink dit sal werk.

MOEDER: Wat is die datum? Dit moet die twintigste wees.

EMMIE: Ja, dis die twintigste.

DOGTER: En nog 'n ding van my ma is sy krap aan haar vingers.

SEUN: Ja!

DOGTER: En my pa en my boetjie presies dieselfde.

SEUN: Bly stil!

EMMIE: Oe – hulle gaan van jou geheime ook uitlap ek is seker (lag).

VADER: Ek gaan jou in die swembad gooi.

DOGTER: Maar dis waar!

MOEDER: Tannie Emmie, hy vra vir my: "Mamma, as jy geweet het pappa grou in sy neus – sou jy nogsteeds met hom getrou het?"

SEUN: Nee, kyk nou!

MOEDER: Tannie Emmie wil die mooi goed en die lelike goed weet.

EMMIE: Ok, so ek het nou hier in my dagboek Dinsdag die 20 ste – vieruur. Hierso, of...

MOEDER: Ja, maar weer hier. Vader, wil jy vir Emmie verduidelik waar werk jy – sê nou die venue verander.

VADER: Ja, dit mag dalk nodig wees.

EMMIE: Dit is gladnie 'n probleem nie.

VADER: (Gee aanwysings na sy werk). Ons sal voor die tyd inelkgeval reel as dit daar moet wees.

EMMIE: Goed, dis doodreg. Ek het gladnie 'n probleem nie – wat ookal vir julle die maklikste is.



- MOEDER: Dis darem nie heeltemal uit jou pad nie.
- EMMIE: Nee, gladnie. En hiernatoe ook – dit is regtig nie so ver van my koers af nie. Ek ry 10 minute dan is ek hier.
- SEUN: Maar Tannie record ons nie.
- EMMIE: Ek doen. Kyk daar brand die liggies. Ok, miskien... kan ek nou net saamvat dat ek mooi verstaan: Ons gaan nou die storie lees in die aande doen en hoe gaan dit werk? Beskryf net gou vir my die ritueel. Wat gaan julle doen?
- MOEDER: Ek dink liefie, moet ons daai boeke wat so lessie by het?
- VADER: Ja, ons kan maar bly by wat ons nou doen. Hulle gaan gewoonlik teen slaapyd... um, normaalweg bring hulle sommer elkeen self 'n boek of roep vir pappa of mamma en sê kom lees vir my. Maar ek dink wat ons nou sal doen is as dit nou daai tyd word sal ons sê “bring jou boek, Seun” en “bring jou boek, Dogter” en dan gaan sit ons op die bed en dan lees ons vir elkeen 'n storie en ons bid inelkgeval vir hulle net daarna.
- MOEDER: Dit is nogal belangrik. Dis ook nogal deel van die ritueel om te bid. Weet jy, as sy by 'n ander plek gaan slaap dan bel sy in die aand. Dan sê sy mamma vertel gou vir my 'n kort storietjie en bid gou vir my. Roep vir pappa dat hy vir my kom bid. Dan moet jy gou 'n baie kort storietjie vertel. Wimpers het ses babatjies en hulle name is dit en dit en dan is sy tevrede. En dan kom pappa en dan bid hy en dan is sy tevrede. Dan slaap sy waar sy ookal is in die land. Daai goed is op hierdie stadium nogal vasgelê.
- EMMIE: Ja, dit klink so spesiaal. En dan is dit slapenstyd.
- MOEDER: Ja.
- EMMIE: En die fietsry? Hoe werk dit? Gaan julle dit vir my aanteken vir so vier rondtes?
- VADER: Ja, ons kan dit so hou.
- MOEDER: Weet jy, hy het so fietsry club begin. Vieruur bring al die kinders wat ons ken se mammas hulle met hulle fietse en dan, tot op 'n stadium was ons tien in die groep.
- (Draai kasset om)
- MOEDER: Kan hulle vir jou gedagtes sê van wat reeds gebeur het by die fietsry?



- EMMIE: Ja.
- MOEDER: Dan kan ons dit vir jou neerskryf en dan kan dit tel vir 'n keer?
- EMMIE: Ja, verseker.
- MOEDER: Hulle gevoelens daarvoor en wat, wat, wat...
- EMMIE: Ja, verserker.
- MOEDER: En wat hulle ook baie doen – wat Vader met hulle doen is hy gaan stap met hulle daar by die teetuin – daardie koppie.
- EMMIE: O, ja. Ek was nog nooit daar gewees nie.
- DOGTER: As ons nie gaan fietsry nie dan gaan stap ons daar.
- SEUN: Of my pa sê ons moet gaan slaap.
- VADER: Op 'n Sondag.
- MOEDER: Dis nou op 'n Sondag middag tannie Emmie, en as hy klaar is dan sê hy: “Oe, dit was so lekker”.
- EMMIE: Wat aan die fietsry maak dit nou 'n gesin-ding, want as die hele buurt se gesinne nou betrokke is, wat maak dit spesiaal vir julle gesin?
- SEUN: Tannie, my ma sal verseker nooit nee sê as ons moet gaan stap nie, maar sy sê altyd nee vir die fietsry.
- EMMIE: Party mense hou van fietsry en ander is nie so lief daarvoor nie.
- MOEDER: Wat is vir julle lekker van die fietsry?
- SEUN: Um als.
- VADER: Is dit om buite te wees, of om vinnig te ry of is dit lekker om saam met die gesin uit te wees?
- SEUN: Dit is lekker om buite te wees.
- VADER: Daai enetjie is soos haar ma. Dis 'n gesukkel om haar op die fiets te kry, maar as sy dit eers gedoen het dan is dit vir haar lekker.
- SEUN: Ja, dis soos as ek moet slaap.
- EMMIE: Ek moet sê ek verkies ook eerder die slaap voor die oefening. In daardie opsig is ek baie sleg.
- MOEDER: Tannie Emmie, ons sien net die roomys voor ons as ons daai bult opkom.
- EMMIE: So die roomys gebeur na die tyd.
- DOGTER: Pappa, maar pappa skuld ons nog 'n Kentucky ete.
- MOEDER: Dan kan hulle kies of is dit by Steers of Montana. Dan ry ons almal op en dan gaan sit ons daar en dan eet ons roomys en dan ry ons die



paadjie terug. Maar hy moes eintlik die huisvrou gewees het. Hy geniet dit om met die kinders te werk en dis vir hom lekker. Dis nie vir hom 'n werk nie. Wat sou jy sê wat dryf jou om so te werk met die kinders.

VADER: Ek sou sê dit is om hulle bloot te stel aan iets wat hulle vir die res van hulle lewe kan doen. Seun speel rugby en Dogter speel hokkie, maar op 'n stadium in 'n mens se lewe loop dit dood. Jy moet in 'n span wees en jy moet by 'n club wees om dit te kan doen. En iets anderster – selfs hardloop kan jy nie jou hele lewe lank doen nie. Jy het te veel infrastruktuur en toerusting nodig om dit te doen.

EMMIE: Ja, dit is iets lekkers wat die gesin saam kan doen.

VADER: As ons sommige mense net so ver kan kry.

MOEDER: Dit is nou net ek wat elke keer die swartskaap is hier in die verhaal.

DOGTER: My oupa het geval toe hy saam met my pa fiets gery het.

EMMIE: Oe jitte! Het hy baie seergekry?

DOGTER: Sy ken was oop.

MOEDER: Hy was tot in die intensief, tannie Emmie.

VADER: Dit is darem nou al lank terug.

EMMIE: Is hy darem nou weer beter?

DOGTER : Ja.

SEUN: (Sug).

EMMIE: Ek dink daai sug is nou die teken dat ons klaar is (lag).

MOEDER: Ek hoor jou.

EMMIE: Ag baie dankie. Is daar enigiets anders?

VADER: Ek wil net graag hoor – daai dokument wat jy vir ons gebring het... dit het nou baie punte op gehad en ek kan nou nie alles onthou wat daar gestaan het nie, maar dit was maar basies wat jy nou gesê het?

EMMIE: Ja, dit is basies wat ek nou gesê het. Ek sal net bly wees as... ag Moeder, kyk net weer daardeur asb. Ek het nou nie my dokument by my nie... wat daai teken van die prentjie en alles, maar hierdie dagboekie hou is die kern van my data. Dit gaan die grootste deel van my data uitmaak. En um, dan net die fototjie so nou en dan – sal ek bly wees en dit is dit.

MOEDER: (Skryf neer). Goed, dis die dagboek, foto en teken.



EMMIE: Ja, ek kan nie nou nog aan enigiets anders dink nie, maar bel my asb. as daar nog vrae is of as julle wonder oor iets of... Ag, baie dankie vir julle tyd – ek weet dit is vir julle baie kosbaar. Ek waardeer dit baie, baie, baie.

VADER: Ek hoop jy gaan genoeg materiaal kry.

EMMIE: Ek glo so.

VADER: Anders het jy net so 5 bladsye (lag).

MOEDER: Ja, dan's ons koppe vol (lag).

Onderhoud verdaag.





## TWEEDE ONDERHOUD

9 Augustus 2006

- EMMIE: Goed, hoeveel sessies het julle al gedoen? Waar trek julle?
- MOEDER: Ons het seker nou al twee weke se sessies gedoen.
- VADER: Ja.
- MOEDER: Dit was net nie agtereenvolgend nie.
- VADER: Van die goed is ook nie alles opgeteken nie, soos wat Seun geskryf het byvoorbeeld, want hy skryf maar dieselfde goed weer. Of hy raak verveeld en hy skryf heeltemal iets anders
- EMMIE: Ja, ja. Maar dis ok, as dit sy gevoel is daaroor, dan is dit so.
- VADER: Ja.
- EMMIE: Wat was julle beleving – sonder dat ek nou teveel rig. Wat is julle gedagtes.
- MOEDER: Weet jy, gisteraand byvoorbeeld. Hulle het nou vanoggend 'n fietsryresies gaan ry en Seun het geweier om te gaan slaap voor Pappa 'n storie gelees het. So hy moes maar 'n storie gelees het en toe hy klaar gelees het toe slaap almal rustig.
- VADER: Dis vir my asof die kinders daarby hou. Hulle soek dit en dis asof hulle vrede ervaar as 'n mens vir hulle 'n storie lees, maar van die grootmense se kant af het 'n mens nie altyd die energie.
- EMMIE: Ek glo dit.
- VADER: In die aand is jy moeg en dan moet jy nog storie lees – veral ek raak ongeduldig en dan sê ek nou bed toe, want ek dink aan môre oggend se opstaan.
- EMMIE: Dit is so. Wat het dit vir julle moeilik gemaak as ouers? Wat is die goed wat dit moeilik maak om daarby te hou?
- MOEDER: Weet jy, die huiswerk in die skool moet 'n ou nou klaar... want jy het sport en dan doen jy huiswerk, dan's dit eet en dan wil 'n mens nog daai bymekaar tyd hê. Nou in 'n vakansie werk dit baie lekker, maar in 'n skooltermyn is dit baie, baie erg. Dan is dit – jy ry van hier af soontoe en omdat ons so ver van die skool af bly spandeer jy baie tyd op die pad. Dan kry jy lekker tyd om met hulle te gesels en hulle uit te vra oor hulle dag, maar dan is hulle weer moeg na die skooldag. Jy sukkel dan 'n bietjie om dit uit hulle uit te trek want dit is asof hulle dan



net 'n bietjie wil afkoeltyd hê. Maar omdat die afstand so lank is is dit nogal lekker. Daar kom nogal baie goed uit as mens... jy kan niks anders doen as met mekaar praat nie. Ag, en die fietsry is iets wat hulle altyd baie geniet en die stap geniet ons altyd baie.

EMMIE: Maar self in die vakansie was daar ook maar dinge aan die gang...

VADER: Ja dit is so.

EMMIE: Hoe was die buiteland? (Lag)

VADER: Ag dit was maar werk.

MOEDER: Vra liever hoe was Hartenbos.

EMMIE: O, moet ek liever vra hoe was Hartenbos.

VADER: Ja, ag dit was werk. Sewe uur in die oggend kom haal die taxi jou en jy werk tot sesuur en dan moet jy saam met kliente uitgaan, so effektief werk jy van sewe uur tot tienuur elfuur in die aand.

EMMIE: Jy kom nie regtig agter jy is oorsee nie.

VADER: Nee, ek het basies 'n uur gehad waarin ek vir die kinders kon gaan geskenke soek.

MOEDER: Hoor hier Emmie, nee. Dogter-hulle het toe die ATKV gewen landswyd ne.

EMMIE: O, ja. Ek dink laas keer toe ek hier was het sy gesê.

MOEDER: Ja, ja. O, hulle was so opgewonde en toe het hierdie ouma en oupa van (pleknaam) af gekom en daar gebly by hulle en dit was vir hulle baie lekker. Die alleentyd hier met Seun was toe vir my lekker – net ek en hy. En Vader het net vir Dogtertjie gehad en dit was nogal lekker. Toe sê hy eendag vir my hy's nogal bietjie spyt hy baklei so baie met Dogter.

EMMIE: O, sê hy toe so.

MOEDER: Ja, hy sê want hy mis haar verskriklik.

EMMIE: Ag jitte, toe sy nou weg is toe kom hy agter hoeveel hy verlang.

MOEDER: Maar andersins gee hy haar maar net 'n harde tyd – tipies seuntjie.

EMMIE: Jy het nou gesê jy het tyd gehad saam met Seun en Vader het tyd gehad saam met Dogter. In julle gesinsrituele – die storie of enige ander, kom julle agter dat julle skakel met 'n spesifieke... ek dink nou in terme van die geslagte – pa en seuntjie meer, of ma en dogter meer, of maak dit nie regtig 'n verskil nie.



- VADER: Weet jy, dit kom en gaan. Partykeer is dit asof Seun my meer soek en ander kere soek hy my gladnie, dan soek hy net sy ma. Ek sou sê Dogter is miskien meer consistent, maar daar is nie spesifieke voorkeur nie, wat dink jy?
- MOEDER: Nee, ek dink in die verlede toe jy in Amerika gewerk het was dit anders.
- VADER: Nee, toe wou Seun niks van my weet nie.
- MOEDER: Maar ek dink in 'n normale gesinsituasie dan is dit maar eweredig versprei, behalwe as jy 'n bietjie jaloesie kry, want Seun sal bo-op my kom sit as Dogter langs my sit om aandag te kry en dan sal Dogter by haar pa gaan sit. Sy sal maar tweede viool speel.
- EMMIE: Sy is maar tevrede met enige ouer.
- MOEDER: Wat vir my sleg is, want dan sien 'n mens jy skeep haar partykeer 'n bietjie af en omdat Seun die meeste lawaai maak, kry hy die meeste aandag. En Dogter is eintlik effens volwasse, so sy kan dit...
- EMMIE: Sy kan dit insien.
- MOEDER: Sy kan dit insien, maar dit is nie vir haar lekker nie. Jy weet, sy... jy kan sien sy vat dit nie lekker nie. Baie keer dan sê sy ag, ek is nou lus vir 'n mamma en dogtertjie dag. Dan wil sy nou bietjie wegkom net met my.
- EMMIE: En ma en dogter bad saam.
- MOEDER: Ja, ja.
- EMMIE: So dit is ook dan nou natuurlik...
- MOEDER: As hulle sien ek is baie moeg word daar kerse opgesteek en dan roep hulle my en hulle sal vir my tee maak en Seun doen dit ook – hy bad ook saam met my (lag). En wat die lekkerste is is as hy dan conditioner aan my hare sit en met my hare speel in die bad. Dit is vir hom baie lekker.
- EMMIE: Wat sal julle anders doen. As julle nou dink aan hoe dinge gegaan het hierdie veertien plus minus sessies wat julle nou gedoen het. Wat sal julle anders doen?
- MOEDER: Ek wens daar was tyd in die dag om dit vroeër te doen.
- EMMIE: Hoe so?
- MOEDER: Omdat 'n mens moeg is.



- VADER: Net om dit rustiger te hê.
- MOEDER: Ja, maar weet jy omdat pa laat werk en sê nou hy werk in Johannesburg, dan kom hy laat by die huis. Jy eet eers. Die kinders is gebad en so aan en dan kom jy eers half agt, aguur tot ruste en dan is die kinders moeg, maar op vakansie is daar nie skool druk nie en hulle pa is nie weg nie. Hulle is half – hulle is versadig met altwee se liefde. Hulle ding nie mee vir aandag van ma en pa nie.
- EMMIE: So die tyd is maar 'n groot faktor... en die skedule.
- MOEDER: Tyd en as dit eksamentyd is of toetse tyd, dan is daar nie eers tyd vir storielees nie en dan val dit heeltemal plat.
- EMMIE: Hoe beleef julle die kinders se gedrag in die twee tye. Hoe verskil hulle in die tye wat dit rustig is en wanneer julle tyd het om saam met hulle te spandeer teenoor die besige tye wat daar nie regtig tyd is vir dit nie. Is daar 'n verskil?
- VADER: Ek dink Dogter kan jy agter kom en Seun ook, as dit skooltyd is is hulle meer gespanne. Dis soos hierdie skool ding. Hulle moet dit nou doen en hulle wil nie altyd opstaan nie, maar gedrag in terme van dissipline?
- EMMIE: Ja, enigiets wat by julle opkom.
- MOEDER: Hulle is minder aandagsoekerig.
- VADER: In die vakansie?
- MOEDER: Ja.
- VADER: Wel, ek dink dan kry hulle bietjie meer tyd om hulle eie ding te doen. Dan hoef jy nie heeltyd ok nou moet ons dit doen, nou moet ons dit doen. Hulle is nie so gedissiplineerd dat hulle uit hulle eie uit gaan sit en huiswerk doen nie. Jy moet heeltyd dryf. Jy weet in die vakansie is dit bietjie...
- EMMIE: Bietjie meer ontspanne. Daar is nie so baie dinge wat moet gebeur nie. Kom nou...
- MOEDER: Ja. Dis heeltyd amper 'n konstante aanjaag van 'n trop beeste. Seun wil nou bietjie afdwaal en 'n bietjie ontspan. Hy wil nou krieketballe slaan. Nou die ideaal is om alles waarmee jy besig is te los en saam met hom te gaan krieketballe slaan, maar jy kan dit nie doen nie. Dan is dit donker en dan moet hulle bad en hulle moet so laat in die bed



wees. Daai roetine, dit is baie in 'n ou se pad. In die skool en in die week.

EMMIE: As julle dink aan die storie lees self, um, het julle min of meer elke keer dieselfde roetinetjie gevolg, het dit natuurlik gekom, um en het dinge dan maar gebeur soos wat dit gebeur het, of was dit 'n bietjie gevorseerd. Moes julle dit half dwing of het dit meer natuurlik gekom?

VADER: Nee, die kinders... van hulle kant af?

EMMIE: Ja.

VADER: Nee, hulle is maar al te gretig.

MOEDER: Hulle sal net scatter in 'n rigting en dan kom hulle elkeen terug met 'n boek.

EMMIE: En dan, wat het dan gebeur? Het julle op die bed gaan sit of hoe het dit dan geloop?

VADER: Um, toe hulle nog kleiner was het ons vir hulle elkeen hulle eie storie gelees. Dit vat ook net te veel tyd, so ons gee nou vir elkeen kans om 'n boek te bring. Dogter het op 'n stadium 'n boek gehad waaruit ek nou vir haar storetjies gelees het. Seun moet dan maar sit en luister na haar storie en môre aand moet sy weer luister na sy storie. Maar Dogter stel baie meer belang in Seun se stories as wat hy in haar stories belangstel.

MOEDER: Maar as ons Bybel lees dan sit ons almal bymekaar. En hulle sê verskriklike insiggewende goed. Jy sal nie glo wat dink hulle aan nie. Goed wat jy hulle... ek weet nie, ek kan nie sê wat jy hulle leer nie. Hulle het soveel insig. Ek was verbaas oor die insig wat hulle getoon het en die kennis wat hulle in die kerk vir hulle vat en hulle eie maak sodat ek en Vader daaruit antwoorde kry.

EMMIE: Dis ongelooflik. Glo soos 'n kind! Is daar enigiets anders waaraan julle kan dink in terme van die kinders. Wat dink julle as ouers het die kinders hieruit gekry, of kry hulle uit byvoorbeeld iets soos die storie lees?

VADER: Ek dink dit is vir hulle dalk sekuriteit. Om te weet dit is iets wat vas is en wat gebeur en wat vir hulle lekker is.

MOEDER: Weet jy, Emmie. So klein dingetjie soos mamma, kom sit by my. Pappa kom bid vir my. Daai goed is vir hulle kosbaar. Weet jy, as



Dogter uitslaap dan bel sy huistoe in die aand dan sê sy hy moet net gou vir haar kom bid. Dan bid hy vir haar oor die telefoon en dan sê sy vir hom gaan roep gou vir mamma. Mamma vertel net gou vir my 'n kort storiëttjie. Dan moet ek 'n kort storiëttjie vertel. Net daai, dis soos Vader sê die sekuriteit en dan sal sy gaan slaap.

EMMIE: Dis wonderlik.

MOEDER: En net 'n bietjie sit. Jy hoef nie lank te sit nie. Sy sê vryf my ruggie. Maak net vir 'n rukkie so en dan is sy orraait. Jy dink altyd jy moet... jy voel jy's...

EMMIE: Jy moet hierdie wonderwerke verrig.

MOEDER: Ja, jy moet hierdie massage gee.

EMMIE: Jy moet hierdie super ma wees.

MOEDER: Ek voel baie keer skuldig dat ek dit nie is nie, maar hulle wil dit nie altyd hê nie.

EMMIE: So julle het nie die beoefening van die gesinsrituele self frustrerend ervaar nie. Dit is meer die omstandighede rondom dit wat frustrerend was. Die tyd van die dag, die logistiek.

MOEDER: Die tyd, ja.

VADER: Dis eintlik iets wat ons graag wil doen. Vyf jaar van nou af gaan ek waarskynlik sê ek is spyt ek het nie tyd gemaak daarvoor nie, maar dit is maar soos met enige ander ding. As jy in die situasie is ervaar 'n mens dit anders as wanneer jy terugkyk.

EMMIE: Dit is so, ja. Is daar enigiets wat julle opgeval het? Wat vir julle interessant was? Ek dink nou nie aan iets spesifieks nie. Wat vir julle opgemerk het die afgelope ruk.

VADER: Nee, dit was net vir my - omdat 'n mens nou half met hierdie program van jou in 'n formele – ek wil nie sê gevorseer was nie, maar as jy nou weet jy moet nou...

EMMIE: Jy moet dit nou doen.

VADER: Jy moet dit nou doen, dan is dit half asof dit moeiliker is. Ek weet nie. Ek weet nie hoe voel jy daaroor nie.

MOEDER: Definintief.

VADER: Dan dink 'n mens ons het nou nie Emmie se goed gedoen nie.

EMMIE: So dit plaas bietjie druk op die gesin.



- VADER: Ja. Andersins, gewoonlik gebeur dit maar net.
- MOEDER: Maar ek dink ook dit gaan van mens tot mens afhang. As jy nie gefokus is om bietjie tyd met jou kind te spandeer nie, gaan jy dit nooit doen nie, want dit is maar 'n bietjie effort.
- EMMIE: Ja.
- MOEDER: Maar waar ek nou swak is, is hy weer sterk. En omgekeerd. Hy't nou daai ding begin van storie lees en dit het nou so diep ingesink by hulle dat ek voel nogal dit is 'n pappa se werk, veral met Bybel lees en bid. 'n Pappa moet sê ons lees Bybel en bid klaar. En uit daai geforseerdheid is jy vry. Net soos hierdie ding van tussen die reëls of tussen die lyne is die vissie vry. Jy weet daai tipe van ding. So iewers moet 'n pa bewus wees daarvan en hy moet die reëls neerlê. As jy begin – lateraan is dit vir die kinders baie baie lekker. Ek dink dan mis hulle dit.
- VADER: Mmm.
- EMMIE: So julle het dit nog altyd gedoen. Die feit dat ek julle gevra het om dit te doen het nie daartoe gelei dat julle dit meer doen as gewoonlik nie.
- MOEDER: Mmm mmm.
- EMMIE: So dit het min of meer dieselfde gebly as nog altyd.
- MOEDER: Ja, ja.
- VADER: Ja.
- EMMIE: So julle het net nou beleef daar was bietjie druk omdat dit nou aangeteken moes word.
- MOEDER: Dis nou vir twee weke en as een aand nou nie in plek val nie is jy gespanne, want jy weet nou mis ons 'n dag, daai tipe van ding.
- EMMIE: Dink julle dit het 'n invloed gehad op hoe julle die rituele doen?
- MOEDER: Nee. Ons het nog eintlik maar heeltyd... ons het meer kreatief gedink.
- VADER: Ja.
- MOEDER: Nee. Ons wou dit beter doen, maar dit hoe ons dit gedoen het, is hoe dit eintlik altyd gebeur. As jy verstaan wat ek bedoel.
- EMMIE: Ek verstaan, ja.
- MOEDER: Toe ons nou bevoorbeeld met dit besig is toe het ek nou aan die idee gedink om die kinders te masseer. Ek bedoel ons het nooit daarby uitgekom nie, maar ek weet hulle sal mal wees daaroor.



- EMMIE: So julle was meer bewus van wat julle besig is om te doen.
- VADER: Mmm
- MOEDER: Ja.
- VADER: Miskien is dit 'n beter woord as om te sê daar was nou noodwendig druk om dit te doen. Bewustheid is dalk 'n beter beskrywing.
- EMMIE: Sou julle sê hierdie bewustheid het vir julle ook meer insig gegee in wat besig is om te gebeur of wat die gesinsrituele vir julle beteken of nie noodwendig nie? Was dit nog altyd daar? Het julle nog altyd geweet wat...
- VADER: Ek het nie geweet wat altyd... ek het geweet die kinders hou daarvan, maar ek het nie gedink altyd... gekyk vanuit 'n oogpunt hoe dit die gesin se verhoudings sal – of die kinders se ervarings sal beïnvloed nie. So dit het vir my – ek het meer bewus geword daarvan. Wat beteken dit vir die kinders. Wat beteken dit vir die kinders as 'n mens dit nou nie doen nie, want partykeer, veral in die skoolvakansie as hulle nou na 'n televisie storie kyk dan kom hulle nou en sê lees 'n storie dan sê ek, maar ek werk môre, ek gaan nie nou storie lees nie. Julle het tot laat gesit en storie kyk, ek gaan nie nou ook nog 'n storie lees nie. Dan wonder 'n mens maar 'n bietjie, hoe ervaar hulle dit nou.
- EMMIE: 'n Mens is bietjie meer bewus van die voor- en nadele en die aksies rondom dit. Wat is julle slotsom? As julle nou alles moet saamvat. Dink julle julle het iets gekry hieruit? Of dink julle al hierdie dinge het julle nog altyd gedoen en geweet en dit was eintlik maar net 'n voortsetting van wat julle nog altyd geweet het.
- VADER: Ons het nie noodwendig iets nuut gedoen nie, maar ek dink wat anderster is is dat 'n mens eweskielik begin dink het daaroor. Dis nie dat dit nou...
- EMMIE: 'n Meganiëse aksie.
- VADER: Ja.
- MOEDER: Maar weet jy 'n mens moet regtig effort insit, want daai oomblikke wat jy skep is baie kosbaar en jy dink dit maak nie 'n indruk op jou kind nie, maar dit maak 'n indruk op jou kind. Hoe die kinders hulle posisioneer op die bed, jy weet – daai een se plekkie is daar, daai een se plekkie is daar en ag hulle onthou goedjies. Onthou mamma dit. Onthou





mamma dat. Ek dink daai herhinneringe, dit skep onthou oomblikke en dit is vir 'n gesin goed. Want met die vuurmaak ook. As dit nou nader aan half sewe is – ons het altyd aan tafel gesit en toe't dit nou bietjie verflou want toe het ons begin 7de Laan kyk toe ons uit die buiteland uit kom.

EMMIE: O ja, die 7de Laan euwel (lag)!

MOEDER: Ja, maar dit is goed, want hulle mag... alles moet klaar wees, jy weet. Die vuurtjie moet gemaak word en Seun hardloop vir die hout jy weet, en hy pak die vuur.

EMMIE: O, dis 'n motivering.

MOEDER: En Dogter weet as daar nie slaai is nie, kom 7de Laan nie aan nie en sy maak die slaai. En as die skinkbordjies nie reg gepak is nie met die messe en vurke nie dan's dit verby. So hulle hardloop.

EMMIE: So elkeen het sy rol.

MOEDER: Elkeen het sy rol en elkeen doen sy rol en aan die begin wou pappa niks weet van 7de Laan nie, maar op die ou end toe kyk hy ook maar saam met ons 7de Laan.

VADER: Ja, ek wil al die mooi girls sien (lag).

EMMIE: Ek spot altyd Vader. Die wat sê hulle kyk nie 7de Laan nie, jok (lag).

VADER: Ek sê hulle is closet kykers.

EMMIE: Ja (lag)

MOEDER: Weet jy ons is so uitgehonger vir Afrikaans. Dit kan nou goed of sleg wees, maar dit is 'n Afrikaanse ding. En tog bind dit... die kinders by die skool wet nou wie het die masjiene afgeskakel. Wat dink mamma? Wat dink Pappa? Dit het tog 'n mate van jy weet... bring 'n mens bymekaar. As 'n mens dit nie gehad het nie... alhoewel, ek dink nogsteeds dis beter om aan tafel te sit en eet en te bid en so. Toe het ons nog nie 'n TV gehad nie, maar toe die TV nou kom toe doen ons dit nou saam met 7de Laan en daarna is dit tande borsel, piepie en storie. Maar dit was vir ons baie lekker Emmie, hoor. Dit het ons regtig bewus gemaak, maar weet jy ons was baie dom ouers. Met Seun se sogenaamde ADHD né, het ons al 'n lang pad gestap en ons het ook maar oueropleiding gekry in wat is belangrik en wat is nie belangrik nie, waarna moet 'n mens oplet, so dit kom nie vanself nie.



lewers moet jy dit hoor en iewers moet iemand dit vir jou sê. Daar is 'n paar goed wat vanself gekom het, wat van ouma en oupa af oorgeerf is en wat hy graag doen soos in die veld loop met hulle en sulke klas van goed, maar ander goed moet 'n mens maar... dis moeilik om 'n ouer te wees. Dis nie 'n maklike ding nie.

EMMIE: So julle voel julle baat by leiding?

VADER: Ja.

MOEDER: Verseker. Ek dink as dit nie vir dit was nie...

VADER: Daar is 'n paar goed, soos huweliksopleiding en kinders grootmaak opleiding. Ek dink daar's goed wat mense eintlik behoort te weet voor hulle trou. Net om te sê hoor hier, jy moet bewus wees van hierdie goed, want niemand leer jou daarvan nie en as jy nou in aanraking kom daarmee dan beseef jy nou hoor hier, watse impak het hierdie persoon nou op my lewe. Uitgaan is een ding. Maar, jy sal weet, om nou dag en nag saam te wees – dis anders. En dieselfde met kinders.

EMMIE: Ja. Nee, ek kan dink dit is lewensveranderend.

MOEDER: Ja.

EMMIE: En dis vir altyd (lag).

MOEDER: Ja, en dis vir altyd. En dis 'n groot verantwoordelikheid, want jy lê 'n belofte af as daai kind gedoop word dat jy hierdie kind in die regte weë sal grootmaak en dis 'n groot ding, want daar is baie invloede, maatjies, TV, speletjies.

EMMIE: Julle gesinsrituele as julle nou daaraan dink soos wat julle dit doen, sou julle dit vir ander ouers aanbeveel?

MOEDER: Verseker.

VADER: Ja, definitief.

EMMIE: Hoekom?

VADER: Ek dink net dit maak jou verhouding met jou kind soveel meer gebonde.

MOEDER: Ek dink ook jy leer jou kind ken. Jy's op 'n vlak waar jy nie deur 'n muur hoef te breek die dag as dit nodig is om hierdie kind te bereik nie.

EMMIE: Ek verstaan, ja.

MOEDER: Jy weet, jy is naby aan jou kind en weet jy, Dogter is so gemaklik met haar pa en die verhouding wat sy met haar pa het. Sy sal met hom



kêrel goed en ontwikkel goed – lyfie goed bespreek. En dan hoor ek eers na die tyd daarvan, wat vir my kosbaar is. Weet jy ek sou nog graag die een wou gewees het wat eerste daarvan hoor, maar dit maak my gelukkig en bly oor die feit dat sy so ‘n verhouding met haar pa het en die vrymoedigheid het om dit met hom te bespreek. Jy weet, ag en die respek waarmee hy haar behandel en vir haar raad gee is ook vir my kosbaar.

EMMIE: Jy het netnou gesê jou en Seun se persoonlikhede is baie dieselfde. Is pa en dogter se persoonlikhede nou weer meer dieselfde?

MOEDER: Wat sou jy sê?

VADER: Ek weet nie.

EMMIE: Is Dogter maar ‘n goeie mix.

MOEDER: Ja ek dink Dogter is ‘n goeie mix. Dink jy ons kan dit sê.

VADER: Ja.

MOEDER: Seun, alhoewel, Seun is ook ‘n goeie mix. Hy’t baie emosies van my kant af, maar hy is ook ‘n analitiese brein.

VADER: Ek weet nie, dis baie moeilik om te sê.

MOEDER: Hy’s ‘n seuntjie Emmie (lag).

EMMIE: Hy’s daai spesie (lag).

MOEDER: Hy’s daai spesie (lag). Nee, ag, ek dink dit maak dat jou kind nie na iemand anders toe gaan vir raad nie. Dat jou kind vrymoedigheid het om na jou toe te kom. Ons het altwee nie dieselfde verhouding met die kinders nie. Dit is op ander vlakke. Waar Dogter sal sekere goed met my bespreek – maatjie probleme, byvoorbeeld en sekere goed met hom bespreek en dan sal pa nou vir my kom sê. Anders ken jy nie daai kind nie en daai kind kry iemand anders om ‘n vertrouensverhouding mee op te bou en dan mis jy alles in die lewe, want jou kind gaan dan net stilbly en nooit weer die waarheid vertel nie.

EMMIE: Dit is so belangrik, veral in vandag se lewe met al die elemente wat so in die skole rondsluip. ‘n Mens wil graag weet en op hoogte wees.

MOEDER: Maar nou moet ek sê, ‘n mens het leiding nodig. Ouers het leiding nodig, want jy weet nie altyd waarna om te kyk... tegnieke soos hierdie speelbeeld, jy weet as jy nou net vir ‘n kind sou vra, o hoe was jou dag



in plaas om te sê mamma sien jy is ongelukkig vandag. Jy weet, dan kry jy meer uit hulle uit. As ek dit nie geweet het nie, sou ek nie met my kind kon gepraat het nie. Sou ek die reguit vrae gevra het wat obvious is. En hulle sou toegeslaan het. Maar dan sal ek sê: “Oe, jou juffrou het jou kwaad gemaak vandag, ne?”. Dan is dit sommer ‘n wilde skoot in die donker dan sal hy sê ja! Dan sê ek: “Joe, jy is nou baie kwaad”. Dan sê hy ja! Jy weet, en so ontdooi hy so bietjie en hy vertel vir jou. Maar as ek nie die tegniek geken het nie, sou ek nie met hom kon kommunikeer nie, so daarvoor is ek baie dankbaar dat dit op ons pad gekom het en dit is seker hoekom ou Seun daar moes wees dat ons daai pad stap, want dis nie goed wat jy leer nie. As jy nie sielkunde swot nie, weet jy nie van daai goed nie. As jy BSc swot of jy swot iets anders is jy maar toe en baie emosieloos – jy weet, jy kyk nie na emosies nie.

EMMIE: Dit is vir my wonderlik dat julle so bewus is en oop is daarvoor en nie probeer ontken as daar ietsie is wat krap of ietsie is wat nie lekker is nie, maar dat julle bereid is om te leer hoe om dit te hanteer. Dis nie alle ouers wat...

MOEDER: Maar Emmie, oueropleiding. Dis soos Vader sê, ‘n mens moet dit hê, want dit kom nie vanself nie. Weet jy, daar’s baie leemtes in ‘n ou se grootword. Jou ma en pa het nie altyd geweet wat is die regte manier nie.

EMMIE: En dit is waarop ‘n mens terugval, né.

MOEDER: Ja.

VADER: Mmm.

MOEDER: Jy maak presies dieselfde foute as hulle, want jy het geen ander verwysingsraamwerk nie en as jy nie regtig ‘n punt daarvan maak om anders op te tree nie, gaan jy net soos jou ma optree en net soos jou pa optree. So ouerleiding is baie crucial. Huweliksopleiding ook. Trou en babatjies kry en kinders grootmaak. Ek dink mense moet baie... en selfs as jy kinders grootmaak moet jy daai goed probeer inbou by hulle, maar as die ouer dit nie weet nie kan jy dit nie inbou in ‘n kind nie en die meeste ouers weet nie. Eers as jy begin slimmer raak in die



ding, dan is die kind nie meer beïnvloedbaar nie. Dan's die kind te groot. Want jy het self nie daarvan geweet nie.

EMMIE: 'n Gedagte wat nou by my opkom is ek wonder of gesinsrituele 'n medium is waardeur daai onderrig kan plaasvind.

MOEDER: Verseker.

EMMIE: Om jou kinders hierdie dinge te leer.

VADER: Maar weet jy waar het daardie lees ding begin. Ons het lank terug in (pleknaam) – dit was toe Dogter nog in (naam) Kleuterskool was – die ou wat saam met... wat was daai vrou wat saam met ons in (naam van plek) gebly het op die punt met die drie kinders?

MOEDER: O, um.

VADER: (Naam van persoon)?

MOEDER: Mmm.

VADER: Hulle het by die onderwysdepartement gewerk as sielkundiges wat kinders help met dinge soos leesprobleme en daai ou, hy het so donker vel, hy het een aand gepraat by Kosmos Kleuterskool en toe gesê hoe belangrik dit is om net vir jou kinders 'n storie te lees. (PA VERTEL VAN DINGE WAT HUL OUERS GEDOEN HET EN WAT NOU DEUR DIE KINDERS VOORTGESIT WORD TERWYL DIE KASSET OMRUIL) Ek sal dit nou nie probeer nie, maar ons ouers het nou weer altyd vir ons gesing.

MOEDER: Maar Emmie, weet jy wat. Hierdie tyd-kwessie is 'n belangrike ding. Ouers het nie meer tyd om geduldig met kinders 'n speletjie te speel nie. Partykeer is ouers so ongeduldig.

EMMIE: Hulle speel om klaar te kry.

VADER: Mmm.

MOEDER: Ja, nie om... en wat jy ook doen, wat ek nou geleer het in hierdie oueropleiding is jy moet eendag 'n dag vat en dan moet jy sê vandag doen ons wat jy wil, want mamma is altyd die een wat sê jy moet dit en jy moet dat. So 'n mens vergeet hoe om te speel en jy het nie die geduld om bietjie tyd af te knyp en te doen wat die kind wil hê nie. Jy wil altyd doen wat jy as ouer wil hê. Tyd.

EMMIE: Maar dit is nou interessant, want dit is nou die tweede keer in ons gesprek waar die oordrag van geslag tot geslag inkom. Dit wat in die



ouerhuis gebeur het, gebeur nou en is dit wat jy aan jou kind oordra. So daar is 'n sterk element van...

MOEDER: Dis baie sterk. En jy gaan nooit wegkom daarvan nie. Jy gaan probeer om dit daadwerklik te verander en jy gaan baie hard moet probeer om dit heeltemal te verander, want dit is so deel van jou. Dit is asof dit in jou boustene vasgevang is. Dan dink ek aan ouens wat soos uit mishandelde huise kom, alkoholiste. Weet jy dit is so... Weet jy, daai kind kan een van twee dinge doen. Of hy kan ook 'n alkoholis word of hy gaan niks daarmee te doen wil he nie. Dit is eintlik scary om te dink jy moet 'n kind grootmaak. Dit is 'n verskriklike verantwoordelike werk. Want almal wil maar 'n sukses maak.

EMMIE: Ek dink nie 'n mens besef dit voor jy nie 'n kind het nie.

MOEDER: Ja, kinders is soos... jy trou en jy het kinders want almal voor jou het dit gedoen.

EMMIE: Ja.

MOEDER: Maar dit is vir my... dit is nie 'n ligitige besluit vir my nie... gewees om... en ek is bekommerd... dit is vir my lekker om – dit wat jy insit kry jy uit. Want as jou kind 'n vloekwoord gee. Jy hoef dit nie ver te soek nie. Dis baie keer baie naby aan jou eie gesin en jy sien dalk jou dogtertjie tree op 'n sekere manier op waarvan jy nie hou nie en dan kyk jy na jouself en dan sien jy dit in jouself. Of sy tree op op 'n manier wat oulik is, dan is dit ook maar hier baie keer.

EMMIE: So die goeie en die slegte is...

MOEDER: Ja, ja.

EMMIE: Maar ek wil net sê baie dankie.

MOEDER: Dit is 'n groot plesier.

VADER: Ja, ons het nie uitgekome by hoe jy dit graag wou gehad het nie.

EMMIE: Nee, dit was nie die plan laat dit so rigiede skedule moet wees nie. As dit so oorgekom het, vra ek om verskoning, want die feit dat daar goedjies tussenin gebeur het wat veroorsaak het dat dit eers uitgestel moes word na later, verryk ook my data, want dit sê die lewe gebeur.

MOEDER: O, ok. Ja, ja.

EMMIE: So dit maak dit eintlik meer outentiek.

MOEDER: Meer werklik.



- EMMIE: Ja, want dit is hoe die lewe is, so ek gebruik dit net soos wat julle dit vir my gee. Ag, baie baie dankie.
- MOEDER: Ons hoop dit was positief vir jou.
- EMMIE: Verseker.
- MOEDER: Hoeveel hoofstukke is daar?
- EMMIE: Vyf.
- MOEDER: Ok, en die data gaan jy nou begin verwerk?
- EMMIE: Ja. Ek moet nou alles oor tik en dit kodeer en interpreteer en dan in hoofstuk 4 word nou die hele proses beskryf en wat ons nou gekry het en hoofstuk 5 is 'n samevatting. Die eerste drie hoofstukke is meer teoretiese navorsing en daai tipe van ding.
- MOEDER: Maar Emmie, ons gaan vir jou hierdie alles regkry en as ons jou Maandag sien dan gee ek alles vir jou.
- EMMIE: Ag wonderlik.

Onderhoud verdaag.



# **BYLAAG C**

## **BANDOPNAMES VAN GESINSRITUELE**





## BYBELSESSIE

25 Junie 2006

VADER: Gaan jy vir ons begin lees, Dogter?

DOGTER: Die vrou en die draak. En 'n groot teken het in die hemel verskyn. 'n Vrou wat met die son bekleed was en die maan was onder haar voete en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre. En sy was swanger en het uitgeskree van die pyn, want die geboortepyne was daar. Daar het ook 'n ander teken in die hemel verkskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone. Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring.

VADER: Kan Seun nou vir ons 'n stukkie lees?

MOEDER: Ja. Watter stukkie wil jy hê moet hy lees? Sit regop Seun.

SEUN: Ek wil graag kies. Asseblief.

MOEDER: Hierso, hier gaan jy aan.

SEUN: Nee, ek wil graag kies.

MOEDER: Lees daar by vers vyf.

SEUN: Waarso is vers negentien, mamma? Want ek moes nog altyd uit daai klein Bybeltjie wat mamma...

VADER: Lees aan waar mamma nou vir jou gewys het.

MOEDER: Lees hier by vyf.

SEUN: Vyf en sy het 'n manlike kind gebaar wat al die nasies met 'n ystersepter (moeder help met woord) sou (moeder help met woord) regeer.

MOEDER: En haar kind is weggeruk na God en sy troon. Hierdie stukkie... dis nou ses.

SEUN: Ses en die vroulik.

MOEDER: Nee, en die vrou.

SEUN: Ses en die vrou het na die woestyn (moeder help met woord) toe gevlug (moeder help met woord) waar sy 'n plek het (moeder help met woord)



wat deur God (moeder help met woord) gereed gemaak (moeder help met woord) is dat hulle haar daar sou onderhou. Duisend tweehonderd en sestig dae lank (moeder help met woord).

MOEDER: Wat beteken duisend tweehonderd en sestig dae?

VADER: Ek weet nie, in die ou vertaling staan dit anderster geskryf.

MOEDER: Hier is 'n ou vertaling. Dit is...

VADER: Wat sê Dogter se vertaling?

MOEDER: Dit is ses.

DOGTER: Ons sal nou luister.

MOEDER: Dit is versie ses.

VADER: Lees gou versie ses Dogter.

DOGTER: En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is dat hulle haar daar sou onderhou duisend tweehonderd en sestig dae lank.

VADER: Dis dieselfde.

SEUN: Pappa, kyk hier.

VADER: Ek weet nie wat beteken dit nie.

SEUN: So, kyk hier pappa.

MOEDER: Seun, asseblief.

VADER: Ok, wil julle begin gesels oor die stukkie.

MOEDER: Ja.

SEUN: Nee, nog nie pappa. Ek moet die hele ding ken. Aa ie, hier gaan dit aan, mamma. Hier gaan dit aan.

VADER: Seun, dis nie dieselfde plek nie.

MOEDER: Weet jy...

SEUN: Daarso.

VADER: Daarso.

MOEDER: En daar het oorlog in die hemel gekom: Migaël en sy engele moes oorlog voer teen die draak.

SEUN: En die draak en sy engele het oorlog (Vader help met woord) gevoer.

VADER: Ok, kom ons begin praat oor die stuk wat ons gelees het.



- SEUN: Pappa, die hele ding is nog nie klaar nie.
- VADER: Dis OK Seun. Ons gaan eers net praat oor die stuk wat ons gelees het, anders vergeet 'n mens alles. Dogter, daar aan die begin praat hulle van 'n vrou wat met die son bekleed is. Wie is daai vrou?
- DOGTER: Um, dis die gemeente.
- VADER: Ja, dis die gemeente. En Seun, die son waarmee die vrou bekleed is? Hoekom sê hulle die vrou is met die son bekleed?
- SEUN: Ek weet nie.
- VADER: Wat is die son? Dit is die... Wil jy probeer Dogter?
- DOGTER: Asseblief pappa. Dit is die goeie dade wat die vrou gedoen het.
- VADER: Ja, as jy werke doen is dit asof daar warmte uitstraal van liefde en dit is waarmee die vrou bekleed was. So dit is die gemeente wat goeie dinge doen teenoor mekaar en teenoor ander mense wat dalk nie in ons kerk is nie en dit skyn soos die son. Mense sien dit raak en daar is warmte van die liefde. Nou...
- MOEDER: Is die son nie Christus nie?
- VADER: Ja, dit is die dade. Christus is die dade – die dinge wat jy doen. So die feit dat sy aangetrek is daarmee, beteken dat dit die goeie dade is wat gedoen word. Seun, op wat het die vrou gestaan?
- SEUN: Um.
- VADER: Hoe lyk die maan?
- SEUN: Wit.
- VADER: Hoekom is hy wit?
- SEUN: Want daar groei niks.
- MOEDER: Hoekom staan die vrou op die maan?
- SEUN: Want dis vastigheid.
- VADER: Dis vastigheid onder haar voete. Nou as die maan wit is... skyn die maan?
- SEUN: Ja.
- VADER: Praat 'n bietjie harder.
- SEUN: Ja.



- VADER: Nou hoekom skyn die maan.
- SEUN: Want die son skyn op dit.
- VADER: Dis reg ja. Nou as ons sê daai son is Jesus Christus en hy skyn op dit waarop die vrou staan – die vrou wat die gemeente is staan op die vastigheid van die kerk – die verbond van die kerk om God te dien met al die dinge wat ons moet doen. Nou Seun, in watter toestand was hierdie vrou?
- SEUN: Sy was bly.
- MOEDER: Ja, maar sy was op die punt om wat te doen? Hulle sê hier...
- VADER: Dogter?
- DOGTER: Sy moes...
- MOEDER: Sy was swanger. Wat beteken dit Seun?
- SEUN: Dit beteken sy gaan 'n babatjie kry.
- DOGTER: Sy was op die punt van baring.
- VADER: Ja, nou as die vrou die gemeente is en die gemeente is nou swanger, wat beteken dit as die gemeente swanger is en daar gaan 'n babatjie uit die gemeente uit kom? Seun, wil jy probeer? Dogter?
- DOGTER: Dit is iemand nuut wat in die kerk in kom.
- VADER: Ja, dit is 'n nuwe siel wat in die kerk in kom dan vind daar 'n geboorte plaas of dit kan ook iemand in die kerk wees wat nie baie aktief was nie wat deur hierdie dade van mense wat vir hom kom kuier en wat vir hom omgee, dan word... hy getuig en hy word weer aktief in die kerk. Hy begin ook dade doen. Dan word daar 'n geboorte gegee.
- MOEDER: Hulle sê hier in vers vyf: en sy het 'n manlike kind gebaar. Wat is die verskil tussen 'n manlike en 'n vroulike kind?
- VADER: 'n Manlike kind is die gawe, so dit is die broer of die suster of die onderdiaken of die priester. Dis die gawe. Die vroulike gedeelte is die siel. So die manlike gedeelte is die gawe – dit is die een wat moet werk en sorg. Elkeen van ons het 'n manlike en 'n vroulike gedeelte as jy kyk na die gees in die Bybel. Die manlike deel is dit wat moet sorg vir jou siel so die feit dat jy moet werk vir sielsaligheid – jy moet kerk toe gaan en jy moet



goeie dinge doen, dis die manlike gawe en dit wat jy goed doen, beskerm en koester – dis die siel, dis die vroulike gedeelte.

- SEUN: Pappa.
- MOEDER: Hoor hier, toe vlug die vrou...
- SEUN: Stop net gou.
- MOEDER: Nee, ons gaan hom nie stop nie.
- VADER: Praat maar.
- SEUN: Ek wil weer gaan kyk hoe lyk ons (naam van dorp) se huis.
- VADER: Watter ene?
- SEUN: Ons ou een.
- VADER: Verlang jy na hom?
- SEUN: Waar (naam van maatjie) was.
- VADER: Is dit. Verlang jy?
- SEUN: Kan ons asseblief vir (naam van maatjie) gaan kuier?
- MOEDER: Weet jy, ek het nie meer (naam van maatjie) se adres nie.
- SEUN: Wat het van hom geword?
- MOEDER: Ek het hom verloor met die trek.
- SEUN: Watter trek?
- MOEDER: Toe ons hiernatoe getrek het. Hoor hier, sê gou vir mamma waarheen het hierdie vrou toe gevlug?
- DOGTER: Woestyn toe.
- VADER: Seun, watse ander ding was daar? Daar was 'n vrou, en wat was daar nog? Dit is twee tekens wat in die hemel was waarvan hulle praat. Een was die vrou wat op die maan staan...
- SEUN: En die een was die draak wat...
- VADER: Ja, dit was die draak. En wie was die draak?
- SEUN: Die duiwel.
- VADER: Ja, en wat het daai draak gemaak?
- SEUN: Hy maak mense dood.
- MOEDER: Hy het gereed gestaan om die...
- SEUN: Oorlog...



- DOGTER: Kind te verslind.
- MOEDER: Om die kind te verslind sodra die kind gebore sou word. Dis net soos in die regte lewe vandag. Die ou duiwel is altyd op die uitkyk waar hy jou kan verlei.
- VADER: Seun, wat sê hulle het die draak gedoen?
- SEUN: Die draak gedoen?
- VADER: Ja.
- SEUN: Hy het alles gedestrooi en hy...
- VADER: Wat het sy stert gedoen? Lees gou-gou hierso. Kom, kom. Lees gou-gou hierso.
- SEUN: Wag gou-gou. Ek wil gou-gou dink.
- VADER: Kom lees hier.
- SEUN: Ek dink.
- (FLUISTERSTEM WAT NIE OP BAND HOORBAAR IS NIE)
- SEUN: Mmmm?
- VADER: Kom lees hier. Daar.
- SEUN: Sy en sy stert 'n derde van die sterre van die hemel saam gesleep en hulle op die aarde gegooi.
- VADER: Ok, wie's daai sterre waarvan hulle praat?
- SEUN: Die engele.
- VADER: Ja, wat het die draak gemaak?
- SEUN: Hy het die engele op die aarde gegooi.
- VADER: 'n Derde van hulle. Nou die engele, dit is mense in die kerk wat goeie dinge doen en hierdie draak is die duiwel of die negatiewe gees wat in die kerk is. Hy het so groot geword dat hy daardie mense wat soos sterre was – wat soos sterre was in die kerk, het hy uit die hemel uitgewerp op die aarde. So hy het 'n baie negatiewe effek gehad. Dogter, dink jy dit gebeur vandag nog?
- DOGTER: Ja.
- VADER: Nou hoe gebeur dit?



- DOGTER: Dit is as iemand in die kerk negatief word en nie meer kerk toe gaan nie en hy bid nie meer nie en hy glo nie meer in God nie.
- VADER: Ja. Ok, moet ons nog aangaan?
- DOGTER: Pappa, kan ons by die priester uitvind hoekom het die vrou woestyn toe gegaan?
- VADER: Ja, ons kan.
- DOGTER: En 'n duisend tweehonderd en sestig dae lank?
- VADER: Ja, ons kan.
- DOGTER: Dalk was die die dag toe haar kind gebore was. Een – twaalf – sestion.
- MOEDER: Kyk, hulle sê daar: En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy plek het wat deur God gereed gemaak is dat hulle haar daar sou onderhou duisend tweehonderd en sestig dae lank.
- SEUN: Lees agter... Moenie krap nie mamma!
- MOEDER: Hierso. Kan ons dan maar bid?
- VADER: Ja.
- SEUN: Kom ons sluit af.
- VADER: Ok. Julle gaan elkeen 'n kansie kry om te bid, hoor. In die naam van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Amen. Dogtertjie. Dogter.
- DOGTER: Liewe Here, ek bid dat u u hand van beskerming oor ons sal hou vanaand. Liewe Here, hou alle bese geeste, diere en mense van hierdie huis af weg dat ons 'n rustige nagrus sal hê, liewe Here. En liewe Here gaan more saam met ons waar pappa werk toe moet gaan en waar dit weer ons eerste dag van skool is. Liewe Here, gaan saam met ons sodat ons kan verstaan. Liewe Here, gaan asb. saam met mamma waar sy weer daardie twee stoute seuns gaan kry vir home school. Liewe Here, gee haar krag dat sy dit kan hanteer lat hulle vir haar sal luister. Liewe Here, ek bid net dat u u beskermende hand oor ons sal hou. Here en nogeens hou alle bese geeste, diere en mense van ons af weg en gee ons mooi drome Here dat ons nie nagmerries sal kry nie, maar drome oor weivelde



en bokkies en meerminne en sulke dinge Here. Ons vra dit nie omdat ons dit verdien nie, maar enkel en alleen uit genade.

**MOEDER:** Jesus, baie dankie vir alles wat ons het. Dankie vir kos en klere en twee pragtige kinders en 'n pappa. Liewe Jesus, gaan met hulle môre waar hulle moet skool toe gaan. Vat al die bang gevoelens uit hulle hartjies uit en Dogter wat bang is vir eksamen skryf, wys vir haar dat as sy haar werkies ken, dat dit gladnie vir haar so erg gaan wees nie. Here, gaan met Seun. Vat sy woeligheid weg dat hy mooi sal luister vir die juffrou en 'n stroopsoet kind sal wees. Gaan asb. met Pappa by die werk dat hy sy werk goed sal doen en dat al sy mense by die werk sal werk kry. Om u naam's ontwil.

**SEUN:** Liewe Jesus, asb. help die mense langs die pad wat nie huise het nie, wat onder kartonne moet slaap. Liewe Jesus, en help ons by die skool, liewe Jesus waar ons almal eksamen deur die jaar gaan skryf. En help asb. vir mamma met daai twee stoute kinders en vir Pappa dat hy goed sal doen en dat hy weer bonus sal kry. Ek bid dit om u naam's ontwil. Amen.

**VADER:** Onse Vader, baie dankie dat ons as 'n gesin hier bymekaar is en dat ons ook die vryheid het om uit u woord te kan lees en u brood te kan breek daarvoor, o Vader. Dankie dat u vir ons die leiding gee in ons lewe oor wat ons moet doen. Vader, wil u ook vir ons help as 'n gesin om ons verhoudings te bou en vir mekaar lief te kan wees, o Vader en verdraagsaam te kan wees. Gee vir ons 'n goeie nagrus in die nag wat voorlê sodat ons môre oggend kan opstaan – lekker uitgerus gereed vir ons dagtaak wat vir ons voorlê. Vader, maak ons dan ook veilig op die paaie, daar waar daar baie gevare op die pad is. Wil u gee dat ons veilig by ons bestemming sal kom en bring ons môre aand weer veilig as 'n gesin hier by die huis terug. Dankie vir lewe en gesondheid. Dankie vir ouma wat hier by ons kom kuier. Seën ook vir oupa X en ouma X daar by hulle huis en gee hulle die krag om alles te doen wat hulle moet. En gaan met oupa Y, met die herstel van sy voet wat die operasie gehad het. Ons





vra hierdie dinge nie omdat ons dit verdien nie, maar enkel en alleen uit genade, Amen.



## FAMILY FLIP QUIZ SESSIE

29 Junie 2006

- VADER: Ok, vanaand gaan ons hierdie, wat noem jy hierdie ding, Liefie?
- MOEDER: So Family Quiz.
- VADER: Family Flip Quiz. Ok. Nou, ek vra al die vrae en die een wat verkeerd antwoord slaap buite.
- DOGTER: Sies!
- VADER: Wat is die grootste land dier wat 'n mens kry?
- DOGTER: 'n Eland.
- VADER: Ja, ma?
- MOEDER: 'n Walvis.
- VADER: Die grootste land dier?
- (ALMAL LAG)
- MOEDER: O, 'n olifant.
- SEUN: Mmmm! Mmmm! (Opgewonde om die antwoord te sê)
- VADER: Ja, die Afrika Olifant.
- DOGTER: Ja.
- VADER: Want 'n mens kry in Indië ook olifante.
- SEUN: Ek wou gesê het die eland.
- VADER: Wat is die teenoorgestelde van above?
- SEUN: Wat?
- VADER: Above.
- SEUN: Wat's above?
- MOEDER: Bo.
- DOGTER: Mmmm! Mmmm! (Opgewonde om die antwoord te sê)
- SEUN: Ummm. Upside down.
- VADER: Mamma?
- MOEDER: Below.
- SEUN: Aag.
- VADER: Ja, dis below. Dogter, waar is Antarktika?
- SEUN: Ek weet.



DOGTER: Dit is aan die noordelike kant van die aarde.  
SEUN: Dis die noordpool.  
VADER: Nee, Nee.  
DOGTER: Suidelike kant.  
MOEDER: Suid...  
VADER: Suid-pool. Dogter, is die son 'n ster?  
DOGTER: Ja.  
SEUN: Ja.  
VADER: Seun, wie was Cleopatra?  
SEUN: 'n Koningin van Egipte.  
VADER: Dis reg:  
SEUN: En sy het 'n man se naam... 'n man gehad wat se naam Arthur was.  
VADER: Nee, ek dink nie sy naam was Arthur nie.  
SEUN: Is, King Arthur en Cleopatra. Dis die DVD.  
VADER: Ja, maar King Arthur is nie 'n Egiptenaar nie.  
SEUN: Ja, hy is.  
DOGTER: Mmm mmm. Hy was 'n Romeiner.  
VADER: King Arthur was 'n Engelsman. What does to loose your nerve mean?  
SEUN: I know, jy verloor jou temperatuur.  
(ALMAL LAG)  
DOGTER: You are losing your temper.  
VADER: No, to loose your nerve.  
MOEDER: Jy is senuweeagtig.  
VADER: Nee.  
MOEDER: Wat dan?  
DOGTER: You're scared.  
VADER: Yes, you are scared. To become afraid.  
SEUN: Soos wat ek was.  
VADER: Seun, wat is 'n igloo.  
SEUN: Dis maklik, maar ek het nou vergeet. Dis 'n...  
DOGTER: I know, I know.



SEUN: Ek dink dis die middel van die aarde.  
VADER: Mamma?  
MOEDER: Ek het geen idee nie.  
VADER: Dogter, wat is 'n igloo?  
DOGTER: Dis 'n Eskimo huis.  
VADER: Waarvan is hy gebou?  
SEUN: Ek weet ! Ysblokke.  
VADER: Jy kan wag tot ek jou naam noem dan antwoord jy, ok? (streng) In watter Amerikaanse stad is Central Park, mamma?  
MOEDER: Washington.  
VADER: Nee, Dogter?  
DOGTER: Londen.  
VADER: Seun?  
SEUN: New York.  
VADER: Wat?  
SEUN: New York.  
VADER: Praat mooi.  
SEUN: New Yorrkk!  
VADER: Ja, dis reg. Watse vorm het drie kante? Seun?  
SEUN: 'n Driehoek.  
VADER: Ok, ja.  
DOGTER: Ek weet, 'n vierkant.  
SEUN: Aag!  
VADER: Ok, dit was die eerste quiz.  
MOEDER: Die tweede quiz vra mamma.  
SEUN: Dan vra ek die derde quiz en jy die vierde.  
VADER: Ok, kom sit hier by my, Seun, dat jy nie kan afkyk nie. Dogter, kom...  
MOEDER: Nou gaan sit julle by pappa.  
SEUN: Oehoehoe!  
MOEDER: Sit gou-gou af dan neem ons 'n foto waar hulle by pappa sit.  
SEUN: Nee!



(BAND IS GESTOP VIR DIE NEEM VAN 'N FOTO)

MOEDER: Ok, ons is nou by quiz 2, level 1. Are all snakes poisonous?

SEUN: No.

MOEDER: Good for you. Vader, what is an iceberg?

VADER: It's a large block of ice.

(SEUN FLUISTER DIE ANTWOORD BYNA ONHOORBAAR)

SEUN: That's floating on the sea.

VADER: That's floating on the sea.

MOEDER: That floats in the sea. (troetelnaam vir Dogter), what is in the nick of time?

VADER: What does it mean? In the nick of time?

DOGTER: That you need to do it quickly.

MOEDER: At the last possible moment.

VADER: Just in time.

MOEDER: Just in time. Ok, Seun. Nee, ek gaan hierdie ene vir Vader vra.

SEUN: Nee!

MOEDER: Wich came first? The stone age or the bronze age?

VADER: The stone age.

MOEDER: Well done. Seun, wich black and white striped animal looks like the horse?

SEUN: Zebra.

MOEDER: Good for you. (Troetelnaam vir Dogter), what is the world's biggest ocean?

SEUN: (Trek asem hoorbaar in)

DOGTER: The Indian Ocean.

MOEDER: Pacific. Vader...

SEUN: Seun!

MOEDER: Who were the first people in Australia.

VADER: The Aboriginies.

MOEDER: How did you know that?

SEUN: Hy het dit uitgewerk.

VADER: How did I know that?



MOEDER: My goodness.

SEUN EN VADER TEGELYK: My goodness gracious.

MOEDER: (Troetelnaam vir Seun), what do we call the U-shaped plate nailed to a horse's hoof?

(IEMAND FLUISTER 'N ANTWOORD VIR SEUN)

SEUN: Nee, dis 'n... bly stil! Dit is 'n sool wat aan 'n perd kom wat yster is.

VADER: Maar wat noem jy dit.

MOEDER: Dis 'n horse...

SEUN: Shoe.

MOEDER: Mooi.

VADER: Mooi. 'n Perdeskoen.

MOEDER: Does the earth travel around the sun, Dogter?

DOGTER: Yes.

SEUN: Aaag.

MOEDER: How many times?

DOGTER: Once a year.

MOEDER: Excellent. Wich Bear has a white coat, Seun?

SEUN: Ice bear.

MOEDER: Polar bear.

VADER: Polar bear.

MOEDER: Polar bear. Ok, nou het julle gevorder tot by quiz 3.

DOGTER: Ek wil hom doen!

SEUN: Ek sal, ek sal, ek ek...

MOEDER: Nee, ek sal hom vra.

SEUN: Ag, komaan!

MOEDER: How many hours are there in a day, Seun?

SEUN: Four... Aaa, twenty four.

MOEDER: Excellent. Vader, what is meant by the saying: Look before you leap.

VADER: Think before you do something.

MOEDER: Excellent. Wich joint lets you bend your arm, Dogter?

DOGTER: Your elbow.



- MOEDER: Excellent: Wich precious stone is red?
- SEUN: The diamond.
- MOEDER: The ruby. 'n Robyn.
- VADER: Jy moet dalk vir hom die volgende ene vra as hy nie weet nie.
- MOEDER: Wich bird pecks holes in trees?
- SEUN: Pick me, aag pick me. The woodpecker!
- MOEDER: Excellent. (Troetelnaam vir Dogter), what is the capital of the United Kingdom?
- DOGTER: Um...
- SEUN: (Giggel)
- DOGTER: Holland.
- MOEDER: London. My goodness.
- VADER: Holland is a country.
- MOEDER: Vader.
- VADER: Weet jy wat beteken capital?
- SEUN: Nee, dit is nou my beurt mamma.
- DOGTER: Dit is...
- VADER: 'n Hoofstad.
- MOEDER: Maar liefie, verduidelik net gou vir hulle wat is die United Kingdom.
- VADER: Die United Kingdom...
- DOGTER: Die USA.
- VADER: Nee.
- MOEDER: USA is Amerika.
- VADER: Dis die United States. United Kingdom is Ireland, Scotland, Whales en England saam.
- MOEDER: Dis die UK. Pappa sê mos baie keer hy moet UK toe gaan. Dan is dit eintlik Engeland. Maar USA is Amerika.
- VADER: En die USA het vyftig state.
- MOEDER: Who was the first woman prime minister of Great Britain? Vader?
- VADER: Margaret Thatcher.
- MOEDER: What is the opposite of lazy, Seun?



SEUN: Mmmm. Hard working. Pa kyk af!

MOEDER: Hard working. (Troetelnaam vir Dogter), Sneezy, Dog, Grumpy, Happy, Bashfull, Dopey. Who else. The little dwarfs.

VADER: That's the presidents of the United States.

SEUN: Aag!

VADER: Ok, sê gou-gou weer wie's daar?

MOEDER: Sneezy, Dog, Grumpy, Happy, Bashfull, Dopey and...

DOGTER: Sleepy.

MOEDER: Does the moon have any air, Vader?

SEUN: No.

MOEDER: Mooi Seun. Dit is no. Hoekom nie?

SEUN: Want hy het nie 'n atmosfeer om hom nie.

VADER: Hoekom het hy nie 'n atmosfeer nie?

SEUN: Want hy's uit, want hy... um...

VADER: Nee, sy gravity is nie sterk genoeg nie. Weet jy wat is gravity? Dit is die krag wat maak dat jy na die aarde toe aangetrek word.

MOEDER: Daar, daar... hierdie vragie...

SEUN: Die aarde het eintlik 'n magneet onder hom, dan trek hy jou af.

MOEDER: Die vragie vra eintlik of daar enige wind is. Air. It has no wind or weather either. Now... level...

VADER: Nou moet ek weer vra.

DOGTER: Nee, dis eers quiz 4.

SEUN: Kan ek asseblief quiz 4 doen?

MOEDER: Nee, dis nou pappa.

SEUN: (sug)

MOEDER: Oe, lekker. Nou raak dit al hoe moeiliker.

SEUN: Aag, kom.

VADER: Ok.

DOGTER: Ek gaan aan die een kant van mamma sit.

MOEDER: Ons luister.

VADER: Ons maak sommer klaar met hierdie een.





SEUN: Dan gaan ons aan met die ander ook.

VADER: Nee. Liefie.

MOEDER: Ja.

VADER: Jy het seker klaar afgekyk. Who is the German leader during world war two?

MOEDER: Adolf Hitler.

SEUN: Ek ken dit! Ek het die storie gekyk van dit.

VADER: Is dit?

SEUN: Hy was die burgermeester en toe gaan hy dood van drugs.

VADER: Nee, dit is nie waar nie.

SEUN: Is.

VADER: Hy was nie 'n burgermeester nie.

MOEDER: Hy is in 'n...

SEUN: Is. Hy was 'n army man.

VADER: Ja.

MOEDER: Wat is 'n army man?

SEUN: En pappa, hy't hulle gelei en hy't vir hulle gesê wanneer is die oorlog en so aan.

MOEDER: Ok, next one Vader?

VADER: Dogter, wich is the world's highest mountain?

DOGTER: Everest.

VADER: Mount Everest. Seun, hoe hoog is Mount Everest?

SEUN: Mmmm. Nege duisend meter.

VADER: As jy nie weet nie, dan sê jy jy weet nie, maar jy raai nie.

SEUN: Maar ons het dit op 'n toets gekry.

VADER: Dis amper 9000 meter. Dis 8800 meter.

MOEDER: Wow! Eks impressed!

VADER: Seun, wich is the largest bird? Wat is die grootste voël wat jy kry?

SEUN: Ostrich.

VADER: Ostrich. Het julle geweet 'n mens kry... die swartes is volstruise en die gryses is leestruise.



DOGTER: Want die...

SEUN: Want die swart... die grys is females en die males is swart.

MOEDER: (Lag). Jy praat nonsens, Vader.

VADER: Julle vang dit nie eers nie.

SEUN: Is!

MOEDER: Volstruise en leestruise, aag! Komaan, Dogter!

VADER: Julle vang dit nie een nie. Julle is vas aan die slaap.

MOEDER: Julle het geval vir dit.

VADER: Dogter, what is the capital of France? Wat is die hoofstad van Frankryk?  
Ja Seun?

DOGTER: Pass.

VADER: Ja, Pass.

SEUN: You stole my word.

VADER: Seun, what is meant by the saying: Many hands make light work.

SEUN: Laat ek gou dink.

MOEDER: Baie hande, minder werk. Wat beteken dit?

SEUN: Baie hande, minder werk. Dit is makliker, want dit vat minder tyd, want daar is baie meer mense wat help.

VADER: Dis reg. Baie reg. Baie mooi.

MOEDER: Ja.

VADER: Dogter, where are your taste buds?

DOGTER: On your tongue.

VADER: Seuntjie.

SEUN: Ja pappa.

VADER: Sit.

SEUN: Ek...

VADER: Liefie.

MOEDER: Ja.

VADER: Heads of the United States' presidents are carved into which mountains?

MOEDER: I have not a cooking clue.

SEUN: (Snorkgeluid)



(KINDERS GIGGEL)

MOEDER: Arizona?

VADER: Mount Rushmore.

(KINDERS LAG)

VADER: Arizona is 'n state.

MOEDER: No, I don't know.

VADER: Which. Dogter, which...

SEUN: Nee!

VADER: Which saint is Santa Claus called after?

DOGTER: Which what?

VADER: Which saint.

SEUN: Santa Claus.

DOGTER: What's a saint.

MOEDER: Oh, we don't know that one.

VADER: A saint is a holy man. Saint Nicolas. Seun, what is the rough outside of a tree called? Die growwe buitekant van 'n boom. Wat noem ons dit?

SEUN: Sssht.

VADER: Sê vir my.

SEUN: Bas.

VADER: Ja. In engels is dit?

SEUN: Dogter...

MOEDER: Bark.

VADER: Dogter, hierdie ene gaan jy verseker nie weet nie. What was Cinderella's coach made of?

DOGTER: A pumpkin.

VADER: Ok, finish.

SEUN: Ag, kan ek asseblief een vra.

VADER: Dogter, vra ene.

DOGTER: Gee asb. die boek.

SEUN: Ek wil ook enetjie vra.

VADER: Dis fun hierdie né?



SEUN: Mmm.

VADER: Hoe voel dit vir julle as ons as gesin so saam is.

MOEDER: Eerste jy. Hoe voel dit vir jou, Seun?

SEUN: Baie lekker.

MOEDER: Hoe voel dit vir jou (troetelnaam vir Dogter)?

DOGTER: Lekker. Ek vra vraag ses.

MOEDER: Hoe voel dit vir jou om saam met Seun dit te doen?

DOGTER: Mmm. Lekker.

MOEDER: En saam met pappa en mamma?

DOGTER: Lekker.

VADER: Lekker, lekker, lekker. Alles is lekker.

MOEDER: Seun, hoe voel dit vir jou om dit saam met Dogter te doen? Ekskuus.

VADER: Mamma vra vir jou iets.

SEUN: Shabee!

VADER: Wat beteken dit?

SEUN: Dit beteken fine.

VADER: Fine. O, ok. Nou toe, vra jou vraag.

SEUN: What grows in paides. P-A-D-D-E.

VADER: Padde.

SEUN: Padde... e... in padde fields?

VADER: Vir wie vra jy dit?

SEUN: Vir enigiemand.

VADER: Rice.

SEUN: Ja.

MOEDER: Hoor hier Seun...

SEUN: Ok, nou's dit vir mamma.

MOEDER: Hoe sal dit nou vir jou voel as ons nie so bietjie in die aande lees nie.

SEUN: Sleg.

MOEDER: Voel dit vir jou sleg? Nou hoekom voel dit vir jou sleg?

SEUN: Dit voel nie lekker nie.

MOEDER: Hoekom nie?



- SEUN: Oe! Ons was al hierso! Dis snaaks.
- MOEDER: Seun, hoekom nie?
- SEUN: Want dis nie rêrig lekker as ons nie stories kan lees nie.
- VADER: Ok, Seun, maak nou klaar.
- SEUN: Ok.
- MOEDER: Dogter, hoe sal dit vir jou voel as ons vir jou moet ophou stories lees.
- DOGTER: Sleg.
- MOEDER: Hoekom?
- DOGTER: Want ek hou daarvan as julle in die aande bietjie by my kom sit.
- MOEDER: Hoekom is dit vir jou lekker?
- DOGTER: Want dit laat my comfy voel.
- MOEDER: Laat dit jou comfy voel? Ok.
- SEUN: Wich children's stories tell of a wooden p-u-p-p-e-t.
- VADER: Puppet.
- MOEDER: Pinoccio. Ok, kom ons bid gou-gou.
- SEUN: Nee, eks nog nie klaar nie!
- VADER: Seun, jy het gesê een vragie.
- MOEDER: Seun, jy begin vir ons te bid asseblief. Dankie Seun.
- SEUN: Here Jesus, asseblief dat ons vannag lekker slaap, Liewe Jesus. Dat ons gladnie nagmerries sal hê nie liewe Jesus en liewe Jesus ek bid net by U dat U kan help deur hierdie nag liewe Jesus. Dat ons ook nie nagmerries sal hê nie liewe Jesus. Om u naams ontwil. Amen.
- MOEDER: (Troetelnaam vir Dogter).
- DOGTER: Liewe Here, ek bid dat U U beskerming oor ons sal hou. Liewe Here, hou alle bose mense, geeste en diere van ons af weg, liewe Here. Hou tien duisend miljoen en triljoene safiere om hierdie huis, liewe Here. Liewe Here, ek bid net dat U vir ons geen nagmerries sal hê nie dat ons net lekker sal slaap en uitgerus sal wees, Here. Ek bid dit in u naamsontwil. Amen.
- MOEDER: Liewe Here, baie dankie vir 'n nuwe dag. Dankie vir nuwe insigte en ag, Here hou ons positief en gaan met Pappa daar by die werk dat hy sy werk



goed sal kan doen. Here, gaan met Seun en Dogter by die skool. Gee dat hulle grootmense sal respekteer en mooi met hulle maatjies sal praat. Amen.

VADER: Onse Vader, baie dankie dat u ons as 'n gesin hier bymekaar gebring het. Dankie dat ons lief kan wees vir mekaar en dat ons tyd bymekaar kan spandeer. Vader, wil U vir ons seën dat ons altyd tyd sal hê vir mekaar, Here en dat ons altyd lief sal wees vir mekaar. Seën ook vir ouma en oupa-hulle daar waar hulle by oom X-hulle kuier. Maak hulle reis ook voorspoedig na hulle huis toe. Seën ook vir ouma Y daar waar sy is, o Here. Wil U haar help dat sy nie so alleen is nie, Here en wil u vir ons seën in hierdie nag sodat ons 'n goeie nagrus sal hê sodat ons môre oggend kan opstaan lekker uitgerus vir die dag en dat ons ons dagtake ook vars en met lus sal kan aanpak. Onse Vader, ons vra dit nie omdat ons dit verdien nie, maar enkel en alleen uit U genade. Amen.

DOGTER: Amen.

SEUN: (Gaap).

MOEDER: Amen.



# **BYLAAG D**

## **REFLEKSIEJOERNALE**



## **REFLEKSIEJOERNAAL – VADER**

### **13 Junie 2006**

Dit was lekker om die gesin saam op die bed te hê. Die kinders se lyfies voel warm en knus.

Seun vra vragies terwyl ek sy reptiel storie lees. Dis lekker om hom te antwoord.

Miskien is dit te laat, want almal is moeg en effe geïrriteerd.

Om die kinders so by ons te hê voor ons gaan slaap skep 'n samehorende gevoel.

### **26 Junie 2006**

Die kinders is gretig om te lees. Ek ervaar die gesinsliefde en spesiale ouer-kind verhouding.

### **16 Julie 2006**

Om so saam as gesin te wees is baie bevredigend. Seun is moeilik en dit ontwrig my. Dit lyk of hy gespanne is voor môre se eerste dag van skool.

### **Geen datum**

Die gereelde saam lees help om ons gesin se verhoudings te versterk.





Oor die algemeen help dit ook om die konflik tussen ouers en kinders te versag: as 'n kind raas gekry het, is die saam tyd 'n geleentheid om weer die verhouding te bou.

### **Geen datum**

Seun en Dogter is albei gretig om hulle eie stories te laat lees. Dit veroorsaak dat hulle stry oor wie se storie gelees moet word. Gewoonlik is albei tevrede na die tyd, maak nie saak wie se storie is gelees nie.

Dit voel baie bevredigend om te sien hulle het hulle ouers se aandag nodig.

### **Geen datum**

Die familie vasvra help dat almal deelneem. Ons geniet dit baie en dit help dat ons as 'n span saamwerk.

Daar is wel 'n element van kompetisie wat ons mooi moet hanteer.

Die vasvra verlig somer die gemoedere, want dit is pret.

### **Geen datum**

Wanneer ons lees verkies die kinders om styf teen ons te lê. Dit laat my voel dat hulle ons liefde en direkte kontak soek. Ek kry 'n gevoel van tevredenheid as ek en Moeder met die kinders tussen ons lê.



## REFLEKSIEJOERNAAL – MOEDER

**13 Junie 2006**

Om so saam te wees gee 'n gevoel van eenheid.

**Geen datum**

Dis laat, ek's moeg en moet hard probeer om saam te werk.

Ek wens ons het meer tyd om rustig saam te spandeer – die dag was lank, die kinders is moeg. Ek is baie verras met die kinders se insig. lewers lyk dit vir my, steek iets vas.

**Geen datum**

Ek weet dis vir die kinders lekker om so as gesin saam te wees. Hulle teken 'n tweede prentjie van hoe ons gesigte lyk wanneer ons so saam tyd spandeer. (Gevoel).

**Geen datum**

Dis vir ons lekker om so bymekaar te wees. Goed wat deur die dag met die kinders gebeur het kom dan uit.



### **Geen datum**

Ons wil die sessie los, want dis laat. Al twee kinders sê in 'n kla stemmetjie “Neee!”, “Ag, asb. net 'n kort storie”. Hulle kry toe maar hulle storie en gaan rustig bed toe.

Seun is gespanne voor die eerste skooldag. Hy is moeilik, maar wil tog graag sy storie hoor.

### **Geen datum**

Dis asof die kinders weier om te gaan slaap sonder 'n storie. Vir ons eie beswil lees ons dit dan gaan slaap hulle maklik. As ons “nee” sê sal hulle langer neem om te slaap – hulle roep ons dan kort-kort om 'n bietjie by hulle te kom sit, of vra water, of vra iets om te eet, ens.

### **Geen datum**

Dis lekker om die kinders in 'n mens se arm te laat lê – hul lyfies is so warm en lê styf teen ons. Ons is egter almal baie moeg.

### **Geen datum**

“Family flip quiz” – Almal kry 'n beurt om deel te neem. Kinders is opgewonde. Dis vir hulle lekker as hulle 'n antwoord reg het. Dis moeilik vir hulle om te wag vir hul beurt, maar kry dit tog reg.



## REFLEKSIEJOERNAAL – DOGTER

**13 Junie 2006**

My gesin is die beste. Ons doen lekker goed saam.

**Geen datum**

Ek het baie bly gevoel en dit was lekker om by my ma en pa en boetie te wees en iets saam te doen.

**Geen datum**

Ek het baie geleer uit hierdie aand en ek dink ek verstaan amper die Bybel meer.

**Geen datum**

Ek hoop dat my pa en ma meer stories vir my sal lees, maar ek het baie lekker geles.

**Geen datum**

Dis vir my lekker om so uit die Bybel uit te kan lees. Ek is baie lief vir my ma, pa en boetie.



## Geen datum

Ons lees elke aand. Dis vir my lekker as ons saam lees. Ek voel lekker en bly. Ek voel “confident” as ons saam lees. Dit maak dat ek lekker slaap. Goed wat ons een keer ‘n week doen is bv. ry saam fiets op ‘n Sondag 4 uur. Van ons maats ry partykeer saam. Ons ry altyd verby McDonalds of Steers en kry dan ‘n “cone”. Ons sit almal rustig en eet en ry dan huistoe. Soms speel ons baie lekker saam met pappa in die swembad. Mamma bring tee en ons gesels net. Ons as gesin stap saam met die honde in die veld naby die huis as pappa van die werk af kom. Partykeer is ons te besig met hokkie, swem of rugby dan kry ons nie tyd nie. Vakansietye stap en speel ons baie – dis die lekkerste van alles.



## REFLEKSIEJOERNAAL – SEUN

### Ongestruktureerde inskrywings – Geen datum

Bly

Gelukkig

Sleg, want ek is naar!!!

Lekker

Bly en naar!!! .... ??????”

Siek

Bly

Gelukkig

Naar gevoel.

Naar in my kop.

### Inskrywing deur moeder – Geen datum

Seun sê dis vir hom lekker as ons stories lees, maar dit moet 'n lang stories wees!

### Geen datum

Elke aand se lees is vir my lekker. Eerste lekkerste is “Family Flip Quiz”. Tweede is my eie storieboek, derde die Bybel. Dit maak my bly. Partykeer val hulle my aan as ek stout is. Dit is vir my vreeslik lekker as pappa alleen vir my in my bed lees, dan raas niemand met my nie. Partykeer lê ek in pappa se arm as hy vir my lees.



## REFLEKSIEJOERNAAL - NAVORSER

### Rol van terapeut

#### Voorafgaande terapeutiese verhoudinge

Ek het die gesin ontmoet in 2005 tydens praktiese werk by die kliniek op kampus. Sedertdien is ek by die gesin betrokke deurdat ek vir Seun sien vir Kognitiewe Beheer Terapie. Ons verbintenis strek dus nou al oor 'n tydperk van sowat 'n jaar waartydens ek die rol van terapeut vervul het. Die vraag ontstaan nou of die gesin my tydens verloop van die navorsing nogsteeds as terapeut in plaas van navorser beskou het en of dit die resultate van die studie sal beïnvloed.

Ek het aan die gesin verduidelik dat dit nie 'n terapeutiese situasie is nie. Ek kom egter agter dat hulle my steeds beskou as die kundige. Moeder het al 'n paar keer vir my raad gevra oor Seun se gedrag en hoe sy dit moet hanteer. Dit het dan niks te make met die gesinsrituele nie, maar wys tog vir my dat hulle my beskou in 'n terapeutiese hoedanigheid.

Ek kan nie insien hoe die gesin se beskouing van my (navorser teenoor terapeut) die data sal beïnvloed nie. Ek dink die verhouding tussen my en die gesinslede is van groter belang en sal 'n groter invloed uitoefen op die navorsing. Die feit dat ek die gesin alreeds so lank ken, het die voordeel dat daar met die aanvang van die data-insamelingsproses, reeds 'n vertrouensverhouding bestaan het. Dit kan moontlik daartoe lei dat die gesin meer met my deel as wat hulle andersins sou.

Alhoewel ek nie glo dat die gesin se beskouing van my as terapeut die studie sal beïnvloed nie, dink ek tog dat dit baie belangrik is vir myself om my rol as navorser/terapeut uit te klaar. Ek glo ek het die vermoë om hierdie twee rolle te onderskei. Vir die verloop van die navorsing word enige terapeutiese sessies gestaak en vervul ek nie meer die rol van terapeut nie. Ek is dan navorser. Ek glo dat indien ek

die rol van navorser vervul soos wat dit gedoen behoort te word, die gesin my daarin sal volg.

### Subjektiviteit

Die kwessie van subjektiviteit is altyd ter sprake. Die ou wat die frase “objektief in jou subjektiviteit” uitgedink het, het die spyker op die kop geslaan. Ek glo nie dat ek as navorser so betrokke geraak het by die gesin dat dit my perspektief en vermoë om objektief te wees negatief beïnvloed nie. Deur die loop van die afgelope jaar sou ek nie sê dat ek emosioneel by die gesin betrokke geraak het nie. Die aard van die terapie wat ek met Seun gedoen het, was inelkgeval kognitief van aard en baie onpersoonlik. Ek weet wel meer van die gesin as wat ek andersins sou en dit beïnvloed natuurlik die wyse waarop ek na sekere dinge kyk. Ek beskou hierdie kennis egter as ‘n voordeel eerder as ‘n nadeel deurdat dit my data verryk en insigte bevorder.

Ek is baie bly dat die studie nie ten doel het om die terapeutiese waarde van gesinsrituele te ondersoek nie. Ek dink dit sou in daardie geval moeiliker gewees het om objektief te bly.

### Funksionele rol

Ek besou my rol as navorser as funksioneel. Daarmee bedoel ek dat dit baie aksie-gebonde is en dat ek daar is om te verseker dat dinge gebeur. Ek sit die bal aan die rol, rig die gesin ten opsigte van die data-insameling, sorteer, kodeer, interpreteer, skryf, skryf, skryf. Dit is doen-take wat sonder my nie gaan plaasvind nie. Ek het voor die aanvang van die navorsing die idee gehad dat navorsing iets abstrak is, maar het intussen tot die insig gekom dat dit baie konkreet is. Dit behels fisiese aksies en is nie bloot filosofiese argumente nie. Dit is seker waar die wetenskaplikheid inkom. Kwalitatiewe navorsing is harde werk, fisiese aksies en genereer konkrete bewyse. Ek beskou myself as instrument waardeur die navorsing geskied. Verder beskou ek die navorsing as groter as myself. Soms voel dit vir my asof die navorsing met my gebeur.





## Gesin se houding en samewerking

### Identifisering van 'n gesin

Dit was eerlikwaar vir my baie moeilik om 'n gesin te kry wat ek kon vra om deel te wees van my navorsing. My suster en haar gesin sou ideaal gewees het, maar dit is te na aan die huis en sou beslis my objektiwiteit en die resultate beïnvloed het. Die gekose gesin was regtig eintlik die enigste ander gesin wat ek gevoel het ek kon die vrymoedigheid neem om hulle te nader.

Hoe dit ookal sy, ek dink die gesin het nie tot deelname ingestem omdat hulle 'n belangstelling in die onderwerp het nie, maar eerder omdat ek reeds 'n geruime tyd die seun sien vir terapie. Dit beïnvloed moontlik die ywer en erns waarmee die gesin die take wat aan hulle opgedra is, uitgevoer het. Meer hieroor onder "volledigheid van data".

### Volledigheid van data

Met die aanvang van die data-insamelingsproses is 'n skriftelike uiteensetting (in my opinie baie volledig) aan die gesin voorsien wat duidelik stipuleer wat van hulle verwag word. Dit het vir my duidelik geword dat hierdie uiteensetting nie die uitwerking gehad het waarop ek gehoop het nie. Die skriftelike uiteensetting het verlore geraak en ek moes die proses weer verduidelik tydens die eerste onderhoud.

Gevolglik is baie van die data wat ek gehoop het om in te samel onvolledig of nie beskikbaar nie. Die rede hiervoor is moontlik dat die gesin 'n baie besige skedule het. Tydens die onderhoude het ek egter nooit die gevoel gekry dat die data-insameling vir hulle 'n las was nie.

Alhoewel ek gedink het dat die skriftelike uiteensetting en beskrywing van die data-insameling genoegsame struktuur sou voorsien, wonder ek nou of ek nie dalk meer

spesifiek moes wees nie. Ek het byvoorbeeld aan elke gesinslid 'n blanko boekie voorsien waarin hulle hulle refleksies kon skryf. Ingeplakte vorms met reeds aangeduide datums en vragies wat die refleksies rig, sou dalk 'n beter opsie gewees het en sou moontlik gelei het tot meer data in kwantiteit. Indien ek dit sou doen, bevraagteken ek egter die outentiekheid van die data en sou 'n mens dalk kon dink dat ek die proses te veel rig en lei. Ek wou immers die gesin se eie gedagtes hê. Ek wou juis nie hê die proses moet te rigied verloop nie omdat ek die natuurlike situasie wou ondersoek.

Nog 'n bydraende faktor wat verband hou met die volledigheid van die gesin se reflekerende joernale is 'n afkeur aan skryf-aktiwiteite. Die gesin is die opsie gebied om eerder hulle refleksies op band te neem indien hulle (veral die kinders) dit uitdagend sou vind om hulle gedagtes neer te skryf. Die gesin het verkies om te skryf. Aanvanklik was ek teleurgesteld oor die min data wat ek vanuit die joernale gekry het – ek het immers gedink dat dit my grootste bron van data sou wees. Nou besef ek dat dit vir die kinders baie moeilik is om hulself uit te druk in terme van hulle gedagtes en gevoelens. Eers het ek gedink dit is weens die skryf-aktiwiteit, maar na gesprekvoering met die kinders besef ek dat hierdie vermoë oor die algemeen nog nie tot op so 'n vlak ontwikkel het dat dit volledig tot uiting kan kom nie. Hulle beskik ook nog nie oor die insig en abstrakte denke om oorsaak-gevolg verbande te trek en gebeure emosioneel in diepte te beskryf nie. Daarom is ek baie bly dat ek besluit het dat die gesin vir my sessies op band moet neem. Dit tesame met die foto's, glo ek, sal hierdie leemtes in die reflektiewe joernale aanvul.

Die grootste faktor wat egter daartoe bygedra het dat ek nie al die data ingesamel het wat ek graag wou nie, glo ek is tyd. Hieroor word afsonderlik gereflekteer.

### **Tyd en invloed van eksterne faktore op die insamelingsproses**

'n Groot faktor wat die data-insameling beïnvloed het was tyd. Hierdie gesin se skedule is so vol geprop dat gesinsrituele gewoonlik laaste prioriteit geniet. Na 'n lang dag is die



gesin dikwels moeg en as hulle dit nie vir my moes doen nie, twyfel ek of hulle die gesinsrituele gereeld sou beoefen. Die tyd van die dag waarop die gesinsritueel beoefen is, het ook klaarblyklik 'n rol gespeel in die gesin se ywer en beoefening van die rituele.

Carl het gesê ek moet reflekteer oor tyd as konsep in my studie. Ek dink tyd deurdrenk alles in ons almal se lewens, nie noodwendig net die gesin se skedule of die beoefening van gesinsrituele nie. Tyd gaan 'n faktor wees in 'n ou se studie wat navors hoe mense tande borsel, want alles vat tyd! Die beoefening van gesinsrituele impliseer tydsverbruik – tyd wat deur gesinslede saam spandeer word. Vorige navorsing wat onderneem is om die invloed te bestudeer van die hoeveelheid tyd wat gesinne saam spandeer, het dus betrekking, maar die verband tussen die hoeveelheid tyd saam spandeer en gesinsrituele of die invloed van verskillende tipes aktiwiteite wat daardie tyd aan spandeer word, is 'n hele studie op sy eie. Die hoeveelheid tyd wat aan gesinsrituele spandeer word, sal moontlik die kinders se betekenisgewing beïnvloed, maar dit is 'n hele nuwe studie op sy eie. Alhoewel ek dus kies om nie tyd as 'n veranderlike in die studie te beklemtoon nie, is ek bewus van die invloed daarvan en sal dit moontlik in die resultate blyk.

Eksterne faktore waarmee die gesin gekonfronteer is (en wat ook aanspraak maak op die gesin se beskikbare tyd vir die beoefening van gesinsrituele) is faktore soos die kinders se sport, werk en buitemuurse aktiwiteite. Dit was vir die gesin onmoontlik om vir twee agtereenvolgende weke elke aand die gesinsritueel te beoefen – selfs in die skoolvakansie! Seun het 'n rugby-toer gehad, Dogter was in die Kaap met die koor toer en Vader moes oorsee reis vir werk. Nou praat ek nog nie eers van die alledaagse verpligtinge en take nie. Ek dink hierdie onvoorsienighede het die data besonder verryk. Ek sal 'n afdeling moet insit oor wat dit vir die gesin moeilik gemaak het om die gesinsrituele te beoefen. Die lewe gebeur en net in 'n perfekte wêreld word gesinsrituele dag na dag sonder inmenging beoefen. Geen wonder toewyding word as 'n dimensie van gesinsrituele beskou nie. As 'n gesin nie toegewyd is tot die ritueel nie, sal dit onmoontlik beoefen word.



## Die gesin se agtergrond

Iets wat aan die begin nie regtig by my opgekom het nie, maar wat later wel duidelik geword het, is die rol wat die gesin se agtergrond en individuele persoonlikhede speel.

Moeder sal uit haar pad uit gaan vir ander. Tydens interpretasie van die data sal ek moet let op response deur haar wat suggereer dat sy sê wat sy dink ek wil hoor. Dogter is baie stil. Dit gaan moontlik nie so maklik wees om afleidings te maak oor haar betekenisgewing nie, maar sy is tog ouer en beter daartoe instaat om haarself uit te druk. Ek sukkel om Vader te peil en hy loop soos Dogter nie met sy hart op sy mou nie. Daarom is ek so dankbaar vir ou Seun. Hy “rock the boat” en is die een gesinslid wie se response outentiek is (waarskynlik danksy die ADHD en impulsiwiteit). Hy dwing die res van die gesinslede om uit hulle gemaksones te klim en te reageer. Ek dink Seun se bydrae tot hierdie navorsing is baie belangrik, want in hom lê die gesin se interaksie vevat. Hy bepaal baie keer die verloop van omstandighede en die gesinsverhoudinge word beslis deur sy ADHD beïnvloed. Die gesin moet gevolglik konflik hanteer en situasies bestuur waarin hulle hulself andersins nie sou bevind nie.

Die gesin het vir twee jaar oorsee gebly en daarna terug verhuis na Suid-Afrika. Dit het verseker ‘n invloed op die gesinsdinamika. Die ritueel om saans saam *7de Laan* te kyk (uitgehonger vir Afrikaans) spruit hieruit. Hierdie gedeelde ervaring bind ook die gesin deurdat hulle oor kennis beskik wat vir buitestaanders verborge is. Die invloed van al hierdie bogenoemde faktore behoort ek in ag te neem tydens interpretasie van die data.

## Verband tussen data wat gekry is en die navorsingsvrae

Ek het nou nog nie die data gekodeer of geïnterpreteer nie, maar ek wonder of dit wat ek gaan kry die navorsingsvrae gaan beantwoord. Moes ek die verloop van die data-insameling meer gerig het en meer spesifieke vrae gerig het tydens die onderhoudvoering? My gevoel sê vir my nee. Dit wat ek uit die data kry is dit wat ek veronderstel is om te kry. As ek die data-insameling nog meer gestruktureer het, sou ek



netsowel 'n vraelys kon opstel dat hulle dit invul. Ek dink hierin lê ook my objektiwiteit – die feit dat ek werk met dit wat die gesin vir my gee.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**BYLAAG E**

**VELDNOTAS**



## VELDNOTAS

### 13 April 2006

Ek sien beide die kinders vir terapie – Seun vir KBT en Dogter vir 'n bietjie emosionele terapie – ek glo nie sy het dit regtig nodig nie, maar die mamma is bang sy mis iets.

Die kinders praat met ywer oor dinge wat die gesin graag saam doen. Die weeklikse fietsry geleenthede saam as gesin was tydens die gesprek gereeld op die voorgrond.

Die kinders noem dat daar by hulle huis ingebreek is. Seun vertel baie van die honde wat hulle huis beskerm. Al twee kinders toon, alhoewel bietjie ontstel deur die gebeure, 'n sin vir sekuriteit en veiligheid in die tuisomgewing ten spyte van die inbraak.

Seun praat baie en is geneig om die gesprek te domineer. Dogter kom volwasse voor en is nogal ernstig vir haar ouderdom.

### 24 Mei 2006

Die moeder kom laai die kinders op na terapie en tydens informele gesprekvoering vra ek of hulle sou belangstel om aan die navorsing deel te neem. Die moeder weet nie wat gesinsrituele is nie en ek verduidelik dit aan haar. Sy stem daarna in en sê dat hulle dit graag vir my sal doen. Die kinders is in die vertrek teenwoordig, maar luister nie wat ek en die moeder bespreek nie. Ons kom ooreen om die besonderhede op 'n latere stadium uit te sorteer.

### 1 Junie 2006

Tydens informele gesprekvoering word die moeder gevra of hulle nog belangstel om



deel te wees van die navorsing. Sy sê ja. Ek onderneem om 'n skedule op te stel waarvolgens die data ingesamel sal word en sal dit vir hulle bring sodat ons daarvoor kan onderhandel. Die Moeder blyk positief te wees oor die vooruitsig.

### **3 Junie 2006**

Ek lê die skedule aan die moeder voor. Dit is so uitgewerk dat die data-insameling voor aanvang van die skoolvakansie afgehandel word, aangesien ek onder die indruk verkeer dat die gesin met vakansie gaan. Moeder noem dat die datums nie gepas is nie en vra of ons dit alles met 'n week kan aanskuif – Seun het 'n rugbytoer in daardie twee weke en die gesin gaan nie meer met vakansie nie, weens Dogter se koortoe. Ek stem in. Moeder lyk moeg, maar is baie bereidwillig. Ek kan sien dat sy die navorsing ernstig opneem en my graag tegemoed wil kom hierin.

### **5 Junie 2006**

Die eerste onderhoud het plaasgevind. Onderwerp moet weer aan die gesin verduidelik word. Dit blyk dat die kinders nie veel gepla is deur watter gesinsrituele geskies word vir die navorsing nie. Elkeen wat deur die ouers voorgestel word, word met groot ywer en entoesiasme deur die kinders beskryf.

Die data wat van hulle vereis word, word weer oorsigtelik deurgegaan en dit blyk dat die gesin nie die beskrywings wat in die skedule wat ek aan hulle voorgehou het, gelees het nie.

Tydens die onderhoud sit ek alleen op 'n stoel in die sitkamer. Oorkant my sit Seun tussen sy ma en pa op die bank. Aan my regterkant sit Dogter alleen op haar eie bank. Dogter lewer sinvolle insette en is ywerig om te weet wat sy moet doen. Seun se gedagtes hardloop maklik in 'n ander rigting en hy fokus graag die aandag op hom deur opmerkings uit te roep. Dit is dan die vader wat hom berispe.





Die ouers vra of hulle die sessies kan doen sonder die vader se teenwoordigheid. Die vader moet oorsee reis vir sy werk en sal daarom vir 'n week nie tuis wees nie. Ek dui aan dat dit gewens is dat al die gesinslede teenwoordig sal wees ter wille van konsekwentheid en stabiliteit in die data. Die ouers vra of hulle 'n week se sessies kan doen, dan 'n week oorslaan en dan die res kan doen. Ek stem in.

#### **4 Julie 2006**

Na refleksie het ek besluit om in plaas van drie onderhoude, eerder net twee te voer en dan die middelste onderhoud te vervang met bandopnames van sessies waartydens die gesinsrituele beoefen word. In 'n telefoniese gesprek met die moeder stem sy in en ek onderneem om die bandopnemer aan hulle te besorg. Op die vraag of daar enige probleme is met die data-insameling, noem die moeder dat alles nog vlot verloop.

#### **19 Julie 2006**

Die gesin vra dat die tweede onderhoud uitgestel word omdat hulle nog nie die kwota sessies gedoen het nie. Met Dogter se koortoe was die dogter en vader uitstendig vir sowat 'n week. 'n Volgende datum word vasgestel. Ek versoek dat die hele gesin teenwoordig sal wees.

#### **9 Augustus 2006**

Die moeder skakel die oggend van die onderhoud en vra of dit moontlik is om die onderhoud sonder die kinders te doen. Dit is 'n publieke vakansiedag en hulle het ander planne – andersins moet die onderhoud weer uitgestel word. Vanuit die aard van die insette wat die kinders gelewer het tydens die eerste onderhoud, en om verdere uitstel te vermy, word ingestem dat die onderhoud sonder die kinders plaasvind.



Ek en die ouers sit by die eetkamertafel. Dit is duidelik dat die ouers gedink het oor die navorsing en besliste opinies en gedagtes gevorm het deur die loop van die navorsing. Dit is ook duidelik dat die ouers nou 'n baie beter begrip toon vir wat gesinsrituele behels.

Ek is op hierdie dag baie siek – my neus loop en ek sukkel om te praat. 'n Mens kom agter dat die gesin aan die hardloop is – ten spyte daarvan dat dit 'n vakansiedag is. Hulle was bietjie laat vir ons afspraak en was nie rustig met die aanvang van die onderhoud nie. Tydens die onderhoud is ons gesprek onderbreek deur ek wat my neus moes blaas, die telefoon en Seun wat kort-kort iets kom sê of vra. Hy was moontlik nuuskierig en wou graag deel wees van die gesprek wat wel vir hom hoorbaar was. Dogter was nie tuis nie.

Die data is nog nie gereed soos versoek is nie. Die foto's wat die gesin geneem het, het weggeraak en hulle wil graag 'n nuwe bandopname maak, want op die een wat hulle reeds opgeneem het kla Seun heeldyd dat hy naar is. Die moeder kan die seun se naarheid nie verklaar nie. Sy dink nie hy voel regtig sleg nie, maar sy kan ook nie werklik agterkom wat die probleem is nie. Sy is van mening dat hy of aandag soek of die situasie probeer vermy om die een of ander rede. Die moeder vra of hulle twee sessies kan opneem om vir my 'n beter idee te gee.

### **14 Augustus 2006**

Die data word by die gesin afgehaal. Die kinders lyk trots op hulle werk en ek maak van die geleentheid gebruik om bietjie met hulle te gesels aangesien hulle nie by die tweede onderhoud teenwoordig was nie.

Dogter sê dat sy die meeste daarvan gehou het dat hulle storie lees, want sy hou daarvan dat hulle almal saam iets doen. As hulle dit nie doen nie, kan sy nie lekker slaap nie.

Seun het die meeste van die “Family Flip Quiz” gehou. Beide kinders noem dat dit harde werk was om in die boekies te skryf. Die moeder bevestig dat dit vir haar as ouer baie beteken het om deel te wees van die navorsing, aangesien dit haar meer bewus gemaak het van die belangrikheid van gesinsrituele.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# **BYLAAG F**

## **POSTMODERNE ASSESSERING**



## COLLAGE

3 & 17 Junie 2006

Dogter en Seun loop saam en staan hand om die lyf

Individuele foto's van kinders

'n Maatjie ook by

Vader en Seun – hou hande, maar geen oogkontak

Vader en Dogter – neuse teen mekaar

Vader/Seun met Moeder/Dogter

Vader, kinders en maat (Vader se hand op Dogter se skouer)

Dogter-Moeder-Vader-Seun (Fisieke kontak tussen almal)

Moeder en Dogter (Fisieke kontak)

Moeder en Dogter (Fisieke kontak)

Moeder en Seun (Fisieke kontak)

Vader/Seun (Fisieke kontak) en Moeder/Dogter (Fisieke kontak)

Moeder en Vader (Fisieke kontak)

Vader en kinders (Fisiek met altwee)

Moeder en Seun (Min kontak)

Vader en Moeder (Fisieke kontak)

Moeder, Dogter en Maatjie

Vakansie Collage

## OPSOMMING

Dogter en Seun	=	twee foto's	=	positiewe lyftaal
Vader en Seun	=	vier foto's	=	minder positiewe lyftaal
Vader en Dogter	=	twee foto's	=	lyftaal meer positief
Moeder en Seun	=	twee foto's	=	lyftaal minder positief
Moeder en Dogter	=	ses foto's	=	lyftaal meer positief
Vader en Moeder	=	twee foto's	=	lyftaal meer positief



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## SKETSE

3 & 17 Junie 2006

### DOGTER SE SKETS VAN DIE BYBELSESSIE

Dogter maak 'n skets van die Bybel-sessie  
Pa sit op die bed en die res sit op die vloer  
Bandopnemer staan op die stoel  
Dogter is die middelpunt van die skets  
Seun voel naar

### DOGTER SE SKETS VAN DIE GESIN WAT SWEM

Pappa kom van die werk af  
Pa en Seun swem naby mekaar  
Seun het groot ore  
Dogter is min of meer in die middel  
Dogter is ewe ver van ma en pa af

### SEUN SE SKETSE GEKOMBINEERD

Teken Dogter of groter as die res of langs hom  
Pa en ma saam  
Die twee kinders tussen pa en ma  
Seun tussen ma en pa  
Ma en dogter saam, pa en seun saam  
Tegniese kwaliteit van tekening kan verbeter





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## VERLOOP VAN DIE POSTMODERNE ASSESSERINGS

3 & 17 Junie 2006

Op 3 Junie het ek die gesin by hulle woning besoek. Slegs die moeder en die twee kinders was tuis aangesien die vader nog by sy werk was. Die moeder het my verwelkom en ons het saam met die kinders by die eetkamertafel gaan sit. Na 'n kort tydperk van algemene gesprekvoering het ek aan die moeder en kinders verduidelik wat die postmoderne assessering behels. Ek het eerstens versoek dat elke gesinslid 'n paragraaf skryf waarin die gesinstyd in die week beskryf word wat vir hom/haar spesiaal is. Dit kon beskrywings insluit van wat byvoorbeeld in daardie tyd gebeur, hoe dit die gesinslede laat voel oor homself/haarself en oor die ander lede van die gesin of wat dit vir hom/haar beteken. Tweedens het ek versoek dat die kinders 'n collage maak van hulle gesin waar hulle besig is om iets lekkers saam te doen. Dit moes iets wees wat gereeld saam gedoen word. Derdens het ek die kinders gevra om elk 'n prentjie van hul gesin te teken. Die kinders en hulle moeder het die geleentheid gekry om vrae te vra oor dit wat ek van hulle verwag het en enige onduidelikheid is uit die weg geruim. Weens die gesin se besige skedule het ek met hulle ooreengekom dat hulle die opdragte op hulle eie tyd sou uitvoer en dat hulle my sou skakel indien daar enige struikelblokke opduik. Die moeder het onderneem om die nodige materiale en skryfbehoeftes aan die kinders te voorsien sodat hulle die opdragte kon uitvoer.

My tweede besoek aan die gesin het plaasgevind op 17 Junie 2006. In my beplanning het ek beoog om die opdragte wat die gesinslede op 3 Junie 2006 ontvang het, te versamel en die proses te herhaal ten einde my data te verreek. Soos met die eerste besoek was slegs die moeder en die twee kinders teenwoordig. Na algemene gesprekvoering het die moeder my meegedeel dat die opdragte nog nie heeltemal voltooi was nie, maar dat hulle dit binnekort aan my sou voorsien. Dit het my laat besluit om die opvolg postmoderne assessering wat ek beplan het, te laat vaar en die gesin eerder toe te laat om die opdragte wat hulle reeds ontvang het, te voltooi. Die gesin het die werk wat hulle reeds verrig het aan my voorgelê, wat die geleentheid gebied het vir gesprekvoering en verdere uitklaring van onduidelikhede.



Op 9 Augustus 2006, tydens die besoek waarin ek die tweede semi-gestruktureerde onderhoud met die gesin gevoer het, het die gesin hulle postmoderne assesseringsdata aan my oorhandig. Die gesin het die eerste opdrag, naamlik dat elke gesinslid 'n paragraaf moes skryf waarin die gesinstyd in die week beskryf word wat vir hom/haar spesiaal is, beskou as deel van die inskrywings wat hulle in die refleksiejoernale gemaak het. Die kinders het saam 'n collage gemaak wat bestaan het uit foto's van die gesin. Ek het verder twee gesinstekeninge deur die dogter en drie gesinstekeninge deur die seun ontvang.

Die postmoderne assesseringsdata is op kwalitatiewe wyse geanaliseer. Aangesien slegs die data van een assesseringsgeleentheid beskikbaar was, het ek al die data vir analise betrek. Daarna het ek die collage en sketse deur middel van opvoedkundige sielkundige strategieë geanaliseer deur op te let na verskeie elemente van die data, soos byvoorbeeld die posisionering van die gesinslede teenoor mekaar, gesigsuitdrukkings, fisieke eienskappe van die gesinslede asook kontekstuele inhoud in die kinders se tekeninge. Ek het die analise van my data uitgetik (sien bladsy 1 en 4 van hierdie bylaag) waarna ek van kodering gebruik gemaak het om sekere temas vanuit die data te identifiseer. Die temas het, in kombinasie met die temas wat vanuit ander bronne van data gespruit het, bygedra tot die bevindinge van my navorsing.



# **BYLAAG G**

## **VISUELE DATA (FOTO'S)**





## FOTO'S

Datums onbekend

## FIETSRY

Pa, Dogter, Seun, Ma

Pa lyk of hy al reg is om weg te trek

Dogter nie reg geklee vir fietsry

Dogter lê op fiets se handvatsels en glimlag sonder tande

Seun lyk entosiasies/opgewonde

Ma staan langs fiets met bene styf teen mekaar

## LEES

Dogter en ma, Seun en pa – fisieke nabyheid

Pa lees

Twee kinders lê weerskante van pa

Dogter leun oor om te sien

## FAMILY FLIP QUIZ

Ma sit met kinders weerskante

Pa sit met kinders weerskante

Die hele gesin sit op die grond

Seun se hand is in die lug en hy lag

Moeder glimlag

Gesigsuitdrukking is meestal ernstig

## SWEM

Pa gooi Dogter in – Seun klim uit vir sy beurt



## SLAAP

Foto's van Moeder met Seun (Ma hou seun vas)

Foto's van Moeder met Dogter (Ma hou dogter vas)

Foto's van Vader met Seun (Pa hou seun vas)

Foto's van Vader met Dogter (Pa hou dogter vas)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# **BYLAAG H**

## **TEORETIESE BEGRONDING**



## TEORETIESE BEGRONDING VAN NAVORSING OOR GESINSRITUELE IN VERSKEIE DISSIPLINES

<i>Dissipline</i>	<i>Navorsers</i>
Sielkunde	Haugland (2005); Friedman en Weissbrod (2004); Leon en Jacobvitz (2003); Eaker en Walters (2002); Howe (2002); Imber-Black (2002); Oswald (2002); Serpell, Sonnenschein, Baker en Ganapathy (2002); Fiese en Marjinsky (1999); Schuck en Bucy (1997).
Positiewe Sielkunde	Masten en Reed (2002); Pargament en Mahoney (2002); Roberts, Brown, Johnson en Reinke (2002).
Maatskaplike Werk	Mackey en Greif (1994).
Geskiedenis	Pleck (2000).
Medies	Segal (2004); Wakefield (2004); Denham (2002); Denham (1995).
Teologie	De Wet (2003); Van Rensburg en Simpson (2003); Menken-Bekius (1998); Joubert (1994); Müller (1993); Van der Westhuizen (1993); Wegman (1991).
Antropologie	Barnard en Post (2001); Augé (1979); Rappaport (1971); Turner (1967).
Sosiologie	Clair, Hocking, Bunrayong, Vittayakorn en Rattakorn (2005), Cheal (1992); Bossard en Boll (1949); Durkheim (1915).